# BOERE-REAKSIE
# TEEN DIE
# ANNEKSASIE VAN DIE TRANSVAAL,
# 1877 - 1880

deur

C.S. HEYNEKE, B.A. Honneurs (RAND)

---

Voorgelê ter vervulling van

die vereistes vir die graad

MAGISTER ARTIUM

in die

FAKULTEIT LETTERE EN WYSBEGEERTE

---

PROMOTOR: PROF. J.S. MARAIS

Universiteit van die Witwatersrand,
Johannesburg.

Augustus 1961.

Thesis

# I N H O U D S O P G A W E


| Hoofstuk | | Bladsy |
|---|---|---|
| | Inleiding ... ... ... ... ... ... ... | 1 |
| 1 | Optrede van die Boere ten tye van die anneksasie | 9 |
| 2 | Was die meerderheid van die Boere ten gunste van die anneksasie? ... ... ... ... ... ... | 33 |
| 3 | Deputasies na Engeland ... ... ... ... | 48 |
| 4 | Volksvergaderings van die jaar 1879 | |
| | (a) Wonderfontein, Januarie 1879 ... ... | 63 |
| | (b) Kleinfontein, Maart - April 1879 ... | 65 |
| | (c) Wonderfontein, Desember 1879 ... ... | 74 |
| 5 | Die invloed van die algemene verkiesing in Engeland op die Boere-versetbeweging ... ... | 80 |
| 6 | Afsydigheid van die Boere ... ... ... ... | 90 |
| 7 | Ammunisie- en Belastingsake ... ... ... | 96 |
| 8 | Herstel van die Republiek ... ... ... ... | 106 |
| 9 | Waarom die Boere die wapens opgeneem het ... | 120 |
| 10 | Skynbare Engelse onvermoë om die ware toestand in Transvaal te peil ... ... ... ... | 134 |
| 11 | Sou die Boere hulle aan 'n simpatieke Engelse bewind onderwerp het?... ... ... ... ... | 157 |
| | Geraadpleegde bronne ... ... ... ... ... | 181 |


## W A A R B O R G

Ondergetekende verklaar hiermee dat hierdie verhandeling sy eie werk is en nie aan 'n ander universiteit vir 'n graad voorgelê is nie.

C.S. Heyneke

C.S. HEYNEKE.

# INLEIDING

Die begeerte om die gesag van Groot-Brittanje oor Transvaal uit te brei, het reeds in 1874 veral op aandrang van Barkly, die Kaapse Goewerneur, en Southey, Luitenant-Goewerneur van Grikwaland-Wes, in Engelse kringe begin posvat. In 1875 het Wolseley as Natalse Administrateur twee agente, nl. Butler en Colley, na die Vrystaat en Transvaal respektiewelik gestuur met die doel om te spioneer. Colley het in sy rapport gemeld dat die Engelse element wat baie sterk in die dorpe gestaan het, pro-Brits en anti-Republikeinsgesind was en dat hierdie groep tesame met die "Engelssprekende Afrikaners" ongeveer twee-vyfdes van die bevolking uitgemaak het.[1] Volgens Wolseley het die Britse konneksie reeds in 1875 die goedkeuring van twee-derdes van die Transvaalse bevolking weggedra, en slegs 'n klein minderheid, gelei deur invloedryke Hollanders, was teen die Britse vlag gekant.[2] Ook Southey se sienswyse was dat twee-derdes van die Transvaalse bevolking die Britse regering goedgesind is en die Britse vlag sou verwelkom.[3]

Moeilikhede met die Zoeloes en die Langalibalele-opstand het Carnarvon, die Britse Koloniale Sekretaris, daarvan oortuig dat die toepassing van 'n uniforme naturellebeleid in Suid-Afrika 'n dringende noodsaaklikheid geword het,[4] en op dié manier het die federasiegedagte ontstaan. Dit was egter nie die enigste oorweging nie. Volgens 'n artikel van Sir Bartle Frere in "The Nineteenth Century" (Februarie 1881 uitgawe) was die federasieplan ook daarop bereken om Duitse invloed in Suid-Afrika uit te skakel en te voorkom dat 'n groot deel van die handel in Duitse hande val.[5] Reeds op 10 Januarie 1876 het Froude gewaarsku dat die tyd vir federasie nog nie ryp was nie, en ook dat die Boere onwillig was om onder die Britse vlag te staan. President Burgers het hom dan ook in 1876 sterk teen federasie uitgelaat, en hierin het hy die steun van die Boere geniet.[6] Om federasie te laat slaag, sou die Transvaal dus geannekseer moes word.

---

1) Engelbrecht pp. 168 - 173
2) De Kiewiet p. 106
3) Ibid. pp. 25 - 26
4) S.C. van 11 Oktober 1876, Carnarvon aan Barkly, 12 Julie 1876
5) Van Oordt p. 167a
6) Ibid. p. 167

Die berig dat die Boere teen Sekoekoeni en sy Bapedi's die onderspit gedelf het, het, volgens Carnarvon, genoegsame rede verskaf om in Transvaalse sake in te meng. As die Boere Sekoekoeni nie kon onderwerp nie, hoe sou hulle die aanslag van die magtige Zoeloes kon weerstaan? Hy was egter onbewus daarvan dat persone soos Shepstone, Sekretaris van Naturellesake in Natal, moeilikheid tussen die Boere en die Zoeloes aangeblaas het wat hulle dan die rol van bemiddelaar kon laat speel met gevolglike anneksasie.[1] Die Transvaal is daarvan beskuldig dat hy sy grense wou uitbrei, dog volgens die beskikbare getuienis is dit Groot-Brittanje wat uitbreiding verlang het,[2] hoewel sekere skrywers, soos bv. Martinaeu, probeer aantoon het dat die anneksasie van Transvaal 'n daad van grootmoedige opoffering aan die kant van Engeland was.[3]

Aan aanhitsing tot anneksasie het dit nie ontbreek nie. Wodehouse Kaapse Goewerneur voor Barkly, het die idee gehuldig dat federasie die ondergang van die naturelle in Suid-Afrika sou beteken,[4] moontlik omdat die verskillende state dan vry sou wees om sonder Britse inmenging hulle naturellesake te reël en die Transvaal nie vertrou sou kon word om die "wreedhede" teenoor die naturelle uit te skakel nie. Southey was ook nie 'n baie sterk voorstander van federasie nie.[5] Die Lydenburgse delwers het egter op die anneksasie van Transvaal aangedring, en persone soos Livingstone, Moffat, Inglis, Edwards, Ludorff, Keate, e.a. het dit by Carnarvon bepleit.[6] Ten spyte van sy vrees het Wodehouse ook tot die geledere van die aanstigters tot anneksasie toegetree. Barkly het die Transvaal se ammunisievoorrade teruggehou en talle berigte oor die wreedheid van die Boere teenoor die naturelle aan Carnarvon gestuur. Hy en andere het ook die Cape Commercial Bank oorreed om geen verdere lenings aan die Republiek toe te staan nie, selfs nie teen 12% rente nie, "om die skaal in die guns van Britse bestuur te laat swaai."[7] Net na die anneksasie skryf Lanyon uit Griekwaland-Wes: "It was a standing menace to out power here having a weak and aggressive republic on our confines."[8]

---

1) Engellbrecht p. 166
2) Ibid. pp. 176 - 177
3) Martineau p. 22
4) Wilmot: Life of Southey, p. 309
5) Ibid. p. 308
6) L.V. 4 p. 31; Roorda Smit p. 90
7) De Kiewiet p. 105
8) L.V. 12 p. 108, Lanyon aan Sir Charles Lanyon, 16 April 1877

Die ontdekking van goud in die Transvaal by Barberton en Kaapse Hoop vroeg in die sewentigerjare het die groot moontlikhede wat die land ingehou het, op die voorgrond gestel. Natalse en Kaapse handelaars het gou besef watter finansiële verlies Burgers se Delagoabaai-spoorlyn vir hulle sou beteken, en gevolglik het hulle, o.a. Paterson, op anneksasie begin aandring.[1] Die anneksasie was meer die gevolg van Transvaal se potensiële krag as sy swakheid. Sy minerale rykdom en die vrees dat hy sou uitbrei deur 'n eie hawe te bekom wat hom buite die bereik van federasie sou plaas - nie sy swakheid en armoede nie - het die anneksasiegedagte aangemoedig. Teen Augustus 1876, toe die komplot in Engeland gesmee is, het die Britse regering immers niks van die dreigende bankrotskap van Transvaal geweet nie.[2] Die Boere het aangevoer dat die euwels wat anneksasie noodsaaklik sou gemaak het, die direkte uitvloeisel van die optrede van Britse amptenare in Suid-Afrika was.[3] Die anneksasie sou nie in die Britse Parlement verdedig kon word op grond van die feit dat die Boere verhinder moes word om 'n eie spoorlyn te bou en 'n eie hawe te bekom nie, maar toe die Transvaal oorlog maak teen Sekoekoeni, kon Britse humanitêre gevoelens as regverdiging vir anneksasie uitgebuit word.[4]

Shepstone het dan ook die humanitêre gevoelens van die Koloniale Kantoor aangewakker. Barkly se telegram van 14 September 1876, waarin hy gemeld het dat die Boere deur Sekoekoeni oorrompel is en dat die publieke opinie in Transvaal besig is om ten gunste van oorgawe aan Groot-Brittanje oor te swaai, het Carnarvon laat besluit dat die tyd ryp is om in te gryp.[5] Van verskillende kante het Shepstone hom die beskuldiging op die hals gehaal dat hy, deur toestande in Transvaal so donker as moontlik te skilder, Carnarvon d.m.v. bedrog gunstig vir anneksasie gestem het.[6]

Een van die eerste briewe wat Shepstone as Spesiale Kommissaris na sy aankoms in Transvaal ontvang het, het gekom van Fred Jeppe, voormalige Posmeester-Generaal van die Republiek, wat inligting oor Transvaalse sake aan hom verstrek het en hom aangehits het om die gebied te annekseer.[7]

---

1) Kotze pp. 296 - 298
2) De Kiewiet p. 107
3) Theal 1 p. 289
4) De Kiewiet p. 108
5) Ibid. p. 109
6) Roorda Smit p. 90
7) Uys p. 226

Wolseley se aanmoediging was ook vir Shepstone van groot betekenis. Op 2 Oktober 1876 skryf hy aan Shepstone dat die probleme van Transvaal hom 'n gunstige geleentheid tot inlywing bied. "I should not content myself with following events, I should try to lead them into that desired channel."[1] Hy het hom verder van die steun van die Engelse pers verseker, "and with that mighty power behind you, what is there within the range of human possibility that you could not accomplish?"[2]

Om Shepstone te help was Barkly bereid om die anneksasie met wapengeweld deur te voer. Hy het by President Burgers protes aangeteken teen die voortsetting van die oorlog teen Sokoekoeni en teenoor Shepstone die hoop uitgespreek om kort na sy aankoms in Engeland die nuus van die anneksasie in die "London Times" te lees.[3] Namate die Bapedi-probleem sy oplossing genader het, het Shepstone noodgedwonge ander voorwendsels vir anneksasie moes soek. Hy skryf op 12 Desember 1876 aan Barkly: "The war proceedings are scarcely worth noticing, but the condition of the country financially and politically is daily growing worse."[4]

Aldus aangemoedig en verseker van die ondersteuning van sy meerderes in Engeland, is Shepstone slegs daarvan weerhou om die Republiek onmiddellik met wapengeweld te annekseer omdat so 'n stap, om Wolseley se woorde te gebruik, "too drastic a measure for John Bull's stomach" sou wees.[5]

Lanyon het die vertroue uitgespreek dat publieke opinie Carnarvon m.b.t. sy moedige beleid t.o.v. die Transvaal sou steun.[6] Hy het min te vrese gehad, want daarvoor was die Britse publiek te goed voorberei. Die man wat die taak op hom geneem het, was Broome wat die saak teen die Republiek in sy artikels vir die "Times" baie sterk gestel het deur onder meer van "haas onbetaamlike voorwendsels" gebruik te maak.[7] So deeglik het hy die Britse publiek die noodsaaklikheid van die anneksasie op die hart gedruk dat Shepstone as 'n lafaard en bedrieër bekend sou gestaan het, as hy nie die plan deurgevoer het nie.[8] So geslaagd was die persveldtog dat die

---

1) Uys p. 172, uit "Shepstone's Private Papers"
2) Ibid. pp. 264 - 265, Wolseley aan Shepstone, 11 Oktober 1876
3) Ibid. p. 295
4) Ibid. p. 229
5) Ibid. p. 297
6) L. V. 12 p. 10[illegible]
7) Uys p. 298
8) Ibid. p. 302

Britse publiek selfs 'n gewelddadige anneksasie sou aanvaar het.[1] Ook die "Daily Telegraph" het sy deel bygedra deur die Britse publiek diep onder die indruk van die swakheid van die Transvaalse regering en die gevare van 'n algemene naturelle-oorlog te bring. Op 10 April 1877 is verkondig dat die chaotiese toestand van die Republikeinse regering die omliggende naturellestamme in die geleentheid stel om soos aasvoëls op hulle prooi te vergader, en dat dit besonder gelukkig is dat Shepstone hom op dié oomblik waarop die Suid-Afrikaanse Republiek se hulpeloosheid 'n hoogtepunt bereik het, in Pretoria bevind.[2]

'n Artikel in "Macmillans Magazine" van Mei 1877 het dit weer gehad oor die Engelse te Pelgrimsrust wat hulle tussen die hamer in die vorm van die Republiek en die aambeeld in die vorm van Sekoekoeni bevind het. Voorts: "We cannot give the reins to a people who rejoice in slavery and brutality of every kind and who consider the enlightenment of a 'black creature' as something little short of a crime..... It is our mission to conquer and hold in subjection, not from thirst of conquest, but for the sake of law, justice, and order."[3] Verhale van 'n uitdelgingsoorlog[4] en 'n "algemene rasse-oorlog"[5] wat sou volg tensy Transvaal geannekseer word, is deur verskillende Engelse amptenare, o.a. Shepstone en Lanyon, verkondig. Sowel in Engeland as in Natal is geglo dat die Zoeloes Transvaal sou binneval,[6] en sodanig is hierdie "naturelle-onrus-spook" uitgebuit dat Sir Benjamin Pine, Luitenant-Goewerneur van Natal vanaf 1850 tot 1855, selfs verklaar het dat die noodsaaklikheid om Transvaal te annekseer groter was as die rede wat Groot-Brittanje geregverdig het om Natal oor te neem.[7] Durnford was daarvan oortuig dat slegs die anneksasie verhoed het dat die Zoeloes Transvaal oorrompel. Sir Arthur Cuninghame het dieselfde opinie daarop nagehou met dié verskil dat die Bapedi's volgens hom die vernietigingswerk sou doen.[8] Wolseley was so bekommerd oor die lot van die Transvalers dat hy Britse troepe die Transvaal wou laat binnegaan om huid en haard teen naturelle-invalle te beskerm,[9] terwyl Shepstone die mening gehuldig het dat

---

1) Uys p. 304
2) Ibid. p. 305
3) Engelbrecht pp. 292 - 293
4) L.V. 12 p. 65
5) Ibid. pp. 116 - 117
6) Theal 1 p. 267
7) Wilmot: History of the Zulu War, p. 37
8) Martineau p. 21
9) Engelbrecht p. 201, Wolseley aan Shepstone, 2 Oktober 1876

oorlog sou uitbreek indien hy die Transvaal sou verlaat.[1]

Van Britse owerheidsweë is dan ook groot bekommernis uitgespreek oor die verwikkelinge wat voortgespruit het uit die in- en uitwendige beleid van die Republiek.[2] Carnarvon het dit nl. aan Barkly opgedra om die spyt en verontwaardiging waarmee die Britse regering die Transvaal se optrede teen oor die Bapedi's betrag, uit te spreek en te meld dat sodanige optrede verdere vriendskaplike betrekkinge tussen Groot-Brittanje en Transvaal onmoontlik maak.[3]

Aan napraters van bogenoemde verwikkelinge het dit nie ontbreek nie. Nixon noem die uitwendige beleid van die Republiek as oorsaak van die anneksasie,[4] terwyl Wilmot beweer dat Shepstone weens die inherente swakheid van Transvaal en die algemene naturelle-onrus wat daaruit voortgevloei het, genoodsaak was om tot anneksasie oor te gaan.[5] Statham wys egter daarop dat 'n algemene naturelle-opstand op hierdie stadium prakties onmoontlik was - dit was slegs die "favourite official bugbear."[6] Volgens hom steek daar ook geen waarheid in die teorie dat Transvaal deur die Zoeloes oorweldig sou word, indien die gebied nie geannekseer sou gewees het nie.[7] In die Kaapkolonie het die Galeka's in 1877 met die Fingo's oorhoop gelê. Die Negende Kafferoorlog het uitgebreek en die Galeka's is deur die Britse regering met die hulp van die Fingo's en die Temboes oor die Bashee teruggedryf. Hierdie oorlog het in geen mate sy oorsprong in Transvaal gehad nie. Op geen manier het Sekookoeni ander naturellestamme tot oorlog aangehits nie. Hy kon nie eers by sy bure hulp teen die Boere verkry nie.[8] Aylward beskuldig die Engelse daarvan dat hulle die Zoeloes teen die Boere aangehits het ten einde Transvaal in die verleentheid te bring tydens die anneksasie.[9] 'n Brief van Barlow, die Swazi-Kommissaris, het die skrywer se begeerte uitgespreek om die naturelle teen die Boere in aksie te bring.[10] Shepstone het ook 'n stryd tussen die Zoeloes en die Swazi's verwelkom, want, as vasale van die Boere, sou die Swazi's ook die Republiek daarby betrek, en dit sou

1) Martineau p. 20, Shepstone aan Frere, 3 April 1877
2) Heyns p. 6
3) L.V. 4 pp. 30 - 31
4) Nixon p. 53
5) Wilmot: History of the Zulu War, p. 36
6) Statham: South Africa as it is, p. 17
7) Ibid. p. 19
8) Aylward p. 350
9) Ibid.
10) Carter p. 194

Shepstone die geleentheid tot anneksasie bied ten einde die Transvaal uit die hande van die Zoeloes te red.[1] Of die Zoeloes ooit uit eie beweging 'n inval in Transvaal sou maak, is onseker. Die Boere was egter nie daarvoor bang nie.

Shepstone se verwysing na naturelle-onluste in die Republiek het op die stryd teen die Bapedi's gedui, want daar was geen ander nie.[2] Die berig van die ondertekening van die vrede met Sekoekoeni is deur die Boere met eweveel vreugde as deur Shepstone met leedwese verneem, daar dit vir lg. die voorwendsel tot anneksasie die nek ingeslaan het.[3] Reeds in Januarie 1877 het Sekoekoeni om vrede gesmeek,[4] dog daarna hits Shepstone hom aan tot verdere opstand.[5] Hy raai Sekoekoeni o.a. aan om die vredesverdrag te repudieer. Voor die anneksasie het Shepstone ontken dat Sekoekoeni 'n Transvaalse onderdaan was, dog na die anneksasie word hy een, en hy word aangesê om die bepalings van die vredesverdrag wat hy met die Boere gesluit het, na te kom. Hierdie skielike ommeswaai laat Colenso uitroep: "It became apparent at this point what an empty sham was our proposed protection of Sekukuni, and how little the oppression under which he and his people suffered had really called forth our interference."[6] Deur Sekoekoeni teen die Boere uit te speel, het Shepstone 'n tydelike voordeel behaal, dog hy het, soos in die geval van die Zoeloes, voorbrand vir oorlog gemaak.[7] Of die Boere teen Sekoekoeni die onderspit gedelf het of hom verpletter het, die voorwendsel tot anneksasie sou bly staan het, nl. óf om die prestige van die blanke in Suid-Afrika te herstel, óf om die naturelle van algehele uitwissing te red.[8]

Hoe was die saak enkele jare later gesteld? Toe Shepstone na Engeland teruggeroep is, het Frere aanbeveel dat hy nog 'n paar maande moes aanbly, nie vanweë moeilikhede met die Boere nie, dog weens naturelle-onluste in Natal,[9] en met die uitbreek van die Basoeto-oorlog in 1880 het Lanyon die mening uitgespreek dat hierdie stryd 'n algemene uitbarsting onder die

---

1) Van der Walt, Wiid en Geyer 1 p. 405
2) Nathan p. 112
3) Tromp p. 108
4) Aylward p. 377
5) Noorda Smit p. 94
6) Colenso en Durnford p. 102
7) Engelbrecht p. 252
8) Botha p. 99
9) C. 2260 p. 70, Frere aan Beach, 10 Februarie 1879

naturellestamme in Suid-Afrika ten gevolg mag hê.[1]

Die algemene goedkeuring van die anneksasie in Engeland moet gewyt word aan Shepstone se diplomatieke optrede en die voorbereiding van die wêreld daarop. Die mees skeptiese beoordelaar moes toegee dat die stap noodsaaklik was.[2] Daarom het die Koningin dan ook nie geaarsel om haar goedkeuring daaraan te heg nie. Na die geloofwaardigheid van segsmanne is nie gevra nie en na diegene wat tot vereigtigheid gemaan het, is nie geluister nie.[3] Een van die weinige Engelse amptenare in Suid-Afrika wat nie goedsmoeds deur die anneksasiegedagte meegesleur is nie, was Sir Henry Bulwer, Luitenant-Goewerneur van Natal. Dwarsdeur die hele stryd het hy koel en nugter sy sienswyse verkondig, nl. dat daar nie sonder tasbare bewyse aanvaar moes word dat die Boere anneksasie gesluk het nie. Waar andere Shepstone op bykans roekelose wyse aangemoedig het, het Bulwer hom tot groter versigtigheid gemaan[4] en veral daarop aangedring dat hy ten minste van die regering van die Republiek 'n verklaring erlang wat sy optrede goedkeur.

Van heinde en verre, sowel uit Engeland as uit alle dele van Suid-Afrika, het Shepstone na die anneksasie boodskappe van gelukwense ontvang - van Carnarvon selfs twee. Die Britse pers het die daad goedgepraat, hoewel die Sandrivier-Konvensie 'n moeilike struikelblok was om weg te redeneer. Daar is egter ontdek dat die Transvaal se onafhanklikheid deur hierdie traktaat "voorwaardelik" erken is, en daar is bevind dat die Republikeinse regering alle verwagtings wat van hom gekoester is, teleurgestel het met die gevolg dat die land onder die Britse vlag geplaas moes word.[5] Slegs die "Saturday Review" het gewaarsku dat die aanwending van geweld die teenstanders van die anneksasie 'n sterk wapen in die hand gestop het.[6]

---

1) L.V. 15 p. 164, Lanyon aan Sir Charles Lanyon, 8 November 1880
2) Uys p. 41?
3) Van der Walt, Wiid en Geyer 1 p. 402
4) Uys p. 376
5) Ibid. p. 409
6) Ibid. p. 410

# HOOFSTUK 1

## OPTREDE VAN DIE BOERE TEN TYE VAN DIE ANNEKSASIE

Op 4 Januarie 1877 het Sir Theophilus Shepstone as Spesiale Kommissaris die grenslyn van die Suid-Afrikaanse Republiek vanuit Natal oorgesteek met die doel "om 'n spesiale ondersoek in te stel na die oorsprong, aard en omstandighede van die onluste in die Republiek, en van verskillende kwessies, die bestaan waarvan 'n bron van groot gevaar was, ten einde die probleme op te los en 'n herhaling daarvan te voorkom."[1] Hoewel die President deur Biskop Colenso per brief gedateer 27 Desember 1876 gewaarsku is om op sy hoede teen Shepstone te wees, was niemand in die Republiek op daardie stadium daarvan bewus dat Shepstone enige planne in die skild voer om die Transvaal van sy onafhanklikheid te beroof nie.

Die vraag ontstaan: Waarom het die Boere nie ten tye van die anneksasie tot aktiewe verset oorgegaan nie? In hierdie verband kan eerstens gelet word op die redes waarom Shepstone nie toegang tot die Republiek geweier is nie.

In sy genoemde brief aan Burgers het Shepstone ook gemeld dat hy van 25 berede polisie en 8 amptenare vergesel word en dat hy aanneem dat die President geen beswaar daarteen sou hê nie.[2] Bulwer se mening was egter soos volg: "Dit is 'n ongewone prosedure dat 'n gewapende mag in diens van een regering selfs as eskort die gebied van 'n ander regering betree. Maar ek twyfel nie daaraan nie dat jy die nodige stappe sal doen om verlof daartoe van die regering te verkry wat jy van plan is om te besoek."[3] Soos reeds vermeld het Shepstone hierdie advies in die wind geslaan. Hy het nie alleen homself genooi nie, maar ook gestipuleer dat hy dit as onnodig beskou om Burgers se antwoord af te wag voor hy uit Natal vertrek.[4] N.a.v. 'n latere ondersoek het Shepstone beweer dat hy Burgers genoeg tyd gegee het om beswaar aan te teken, dog dat hy geen objeksie ontvang het nie.[5] Sy brief

---

1) C. 1776 p. 40, Shepstone aan Burgers, 20 Desember 1876
2) Ibid.
3) Ibid. p. 45, Bulwer aan Shepstone, 30 November 1876
4) Ibid. p. 41, Shepstone aan Burgers, 20 Desember 1876
5) C. 2482 p. 47, Shepstone aan Herbert, 12 Augustus 1879

van 20 Desember 1876 het egter die indruk gewek dat hy so haastig is om sy reis te begin dat Burgers se antwoord hom nie voor sy vertrek sou bereik nie.

Aangesien Shepstone as gesant van die Koningin gekom het, moes die regering hom in 'n goeie gesindheid ontvang,[1] veral daar hy voorgegee het dat hy slegs kom raad gee.[2] Sy klein eskort dui ook daarop dat hy geen gewapende verset wou uitlok nie, en daarom is sy sending as een van vrede beskou. Die Boere het hom gesien as 'n gas en "as 'n vriend, ..... die verteenwoordiger van 'n mag waarmee die Republiek op vriendskaplike voet verkeer het."[3] Shepstone was ook daarvan bewus dat hy as Britse gesant onder die gasvrye Boere hoflik ontvang sou word en dat sy belangstelling in hulle sake hoog op prys gestel sou word. Sy omgang met die Boere in hulle eie taal sou ook groter vertroue inboesem. Die Kleinfontein Memorie meld dat Shepstone die land binnegekom het as verteenwoordiger van die Britse regering om "als een vriend tot vrienden" die griewe uit die weg te ruim.[4] Kruger en Joubert se brief aan Beach bevestig bogenoemde sienswyse van die Boere: "Hij kwam, om zijn eigen woorden te gebruiken, 'als een vriend' en hij werd als zoodanig ontvangen, en met den eerbied verschuldigd aan Hare Majesteits Vertegenwoordiger."[5] Bogenoemde verklaar waarom Shepstone nie toegang tot die land geweier is nie.

Vervolgens, waarom is Shepstone en sy gevolg nie versoek om die land te verlaat tussen 22 Januarie 1877, die datum van sy aankoms in Pretoria, en die begin van Maart 1877 nie? Shepstone het die Transvalers om die bos gelei m.b.t. sy werklike voornemens ten einde hulle onvoorbereid te oorrompel.[6] Hy was versigtig om sy ware kleure nie te gou te wys nie. "Wij hadden destijds meer doorzicht moeten getoond," skryf Jorissen, "en eenvoudig 'den kalmen geweldenaar' de deur gewezen hebben."[7] Hoewel Shepstone voor die einde van Februarie laat blyk het dat hy tot anneksasie mag oorgaan, het hy op 1 Maart beslis verklaar "The Queen intervenes as a friend. There exists positively no desire to add to her possessions."[8]

Enkele dae na sy aankoms in Pretoria is Shepstone deur die Presi-

---

1) Engelbrecht p. 207
2) Colenso en Durnford p. 97
3) Leyds p. 208
4) C. 2367 p. 98, Memorie aan die Koningin, 15 April 1879
5) C. 2220 p. 363, Kruger en Joubert aan Beach, 23 Augustus 1878
6) Tromp p. 231
7) Jorissen p. 27
8) Engelbrecht p. 243

dent en die Uitvoerende Raad te woord gestaan. Shepstone het by hierdie geleentheid nadere besonderhede oor sy opdrag gegee en gemeld dat "die swakheid van die Republiek 'n bron van gevaar vir homself en sy bure geword het en dat die doel van my sending is om met die regering en volk van die Transvaal te onderhandel ten einde 'n toedrag van sake te skep wat sekerheid vir die toekoms sou gee."[1] Beide kante sou kommissies benoem wat saam die probleme moes uitpluis. Kruger en Jorissen het die Republiek verteenwoordig, terwyl Osborn en Henderson, Shepstone se assistente, die Engelse saak behartig het. Drie vergaderings is gehou waarop 'n geweldige soektog na griewe deur Kruger en Jorissen onderneem is sonder dat iets spesifieks opgelewer is. Osborn en Henderson was ook nie by magte om die vinger op ernstige griewe te lê nie.[2] Van Engelse kant is talle vrae oor naturelle, die veiligheid van vreemdelinge, ens. gestel, dog toe daar in suiwer huishoudelike sake ingemeng is, is die samesprekings beëindig.[3] Kruger was beslis gekant teen die bespreking van enige aangeleentheid wat op enige manier die onafhanklikheid van die Republiek in die gedrang sou bring.[4]

Hierna het Shepstone hom by vae gemeenplase bepaal en verder die swye bewaar totdat die regte omstandighede volgens hom vir verdere optrede geskep kon word. Sy stilswye het onsekerheid en verwarring onder die burgers veroorsaak, terwyl die optrede van die Uitvoerende Raad daardeur verlam is. Sy stilswye was op hierdie stadium sy beste wapen teen die Republiek.[5] Niemand het geweet wat hy in die skild voer nie, en gevolglik kon die President nie Aylward se aanbod om Shepstone en sy gevolg te verdryf,[6] aanvaar nie. Eweneens het die Uitvoerende Raad F. Wolmarans wat met 400 man in Pretoria opgedaag het om die indringers oor die grens te sit, beweeg om van sy plan af te sien.[7] Wolmarans was blykbaar onder die indruk dat Shepstone oor federasie kom gesels het, want, toe aan hom en sy gevolg verduidelik is dat enige voorstel tot federasie eers aan die volk voorgelê sou word en dat Shepstone slegs sekere griewe kom bespreek het wat met gerustheid aan die regering oorgelaat kon word, was hy tevrede.[8]

---

1) C. 1776 p. 88, Shepstone aan Carnarvon, 26 Januarie 1877
2) Engelbrecht p. 216
3) Jorissen p. 29
4) Leyds pp. 206 - 207
5) Ibid. p. 208
6) Tromp p. 268
7) Van der Walt, Wiid en Geyer 1 p. 410
8) Kotze p. 359

Wat betref die tydperk begin Maart tot 11 April kan verskillende faktore genoem word waarom die Boere nie tot wapengeweld oorgegaan het om anneksasie te voorkom nie. Eerstens kan die belangeloosheid van die burgers genoem word. Piet Joubert, wat 'n leidende rol in die Boere se verset na die anneksasie gespeel het, het in hierdie tydperk op sy plaas vertoef en die regering om plase gepetisioneer.[1] Hy het reeds in April 1876 as Volksraadslid vir Wakkerstroom bedank, en in die krisisuur van die Republiek was hy alegs 'n toeskouer.[2] Dit was die algemene houding in die betrokke tydperk. Joubert het hom wel op 5 April 1877 die benoeming tot Lid Uitvoerende Raad laat welgeval, dog hy het as gevolg van 'n ongeluk eers na die anneksasie in Pretoria aangekom. Toe hy op 5 April sy seun in Pretoria kom haal het, het Burgers hom versoek om met Shepstone te gaan gesels. In sy onderhoud met lg. het Joubert daarop gewys dat hy nie die Boere se onafhanklikheid moet aantas nie, en as daar bloed vloei, sal hy (Shepstone) die verantwoordelikheid daarvoor moet dra.[3]

Tweedens moet in gedagte gehou word dat militêre versterkings uit Engeland aangevoer is wat teen die einde van Maart hulle bestemming, Newcastle, bereik het.[4] Haggard wou voorgee dat die troepe Transvaal van "skielike verdelging" moes red, dog daar kan aanvaar word dat hulle aanwesigheid moes dien om die Republiek met geweld te annekseer indien diplomasie sou misluk het.[5] Terselfdertyd moes hulle aanwesigheid gewig voeg by Shepstone se woorde,[6] of dien as "ballasting weight."[7] Aan Barkly verduidelik Shepstone dat die troepe nodig is om te verhoed dat die Zoeloes en die Swazi's die Republiek inval om die Engelse te help indien die Boere op die anneksSeerders vuur.[8] Aan Bulwer verduidelik hy dat die troepe benodig word om die Transvaal na die anneksasie binne te kom "to steady the cranky ship and enable a fresh start to be made under steadier sail."[9] Daar is reeds aangetoon dat die Swazi's as vasale van die Republiek geen aanval op die Boere sou maak nie en dat die Zoeloegevaar nie so dreigend was as wat Shepstone wou voorgee nie. Ketawayo se versoek aan Bulwer dat

---

1) Heyns p. 12
2) Mouton p. 34
3) J.V. 27/2590
4) C. 1776 p. 104, Bulwer aan Shepstone, 27 Februarie 1877
5) Uys p. 176
6) Roorda Smit p. 95
7) Uys p. 243
8) Ibid. p. 368, Shepstone aan Barkly, 20 Maart 1877
9) Ibid. p. 368

hy toegelaat moet word om aan Engelse kant te veg ingeval daar oorlog tussen die Boere en die Engelse uitbreek,[1] bewys dat die Zoeloes nie sonder uitnodiging tot die aanval sou oorgaan nie. Die aanwesigheid van 'n gewapende troepemag op die Transvaalse grens het gewapende verset van die kant van die Boere dus bemoeilik, veral daar die Republiek uitgeput was deur die stryd teen Sekoekoeni en geheel-en-al onvoorbereid vir oorlog was.[2]

Vervolgens moet die rede vir die gebrek aan gewelddadige verset gesoek word in die onderlinge verdeeldheid van die burgers en die stryd tussen die leiers. Heelhartige samewerking was onder hierdie omstandighede noodsaaklik, dog dit het ontbreek, en die bestaande tweedrag het die weerstand verswak. Boonop was daar 'n algehele gemis aan vaderlandsliefde wat eendragtige optrede uitgeskakel het.[3] Ook Tromp noem die demoralisasie en verdeeldheid van die volk as oorsaak van die val van die Republiek.[4] Lojaliteit teenoor die regering het ontbreek. Op 3 Februarie 1877 bepleit "De Volksstem" dan ook federasie in die plek van anargie, tensy die burgers op lojale wyse hulle verpligtinge teenoor die Staat nakom.

Daar was ook nog geen sprake van 'n nasionale bewussyn in Transvaal nie. As gevolg van Britse bedreiging is die sg. "Vereenigde Band" in 1849 gestig, dog na die erkenning van die onafhanklikheid van Transvaal is die bedreiging uitgeskakel en het twis, tweedrag, onenigheid en eiebelang begin hoogty vier.[5] Tussen 1845 en 1864 het die Transvalers minstens tien keer gewapend teenoor mekaar gestaan, en, hoewel daar nie elke keer geveg is nie, het hierdie toestand tog verdere verdeeldheid in die hand gewerk. Na 1864 het die tweespalt bly voortbestaan en hom laat voel in 1877. Die idee van onafhanklikheid alleen kon nie die nodige eenheid bewerkstellig nie. Boonop het 'n groot persentasie van die Boere onafhanklikheid gesien as algehele vryheid.[6]

So lank daar 'n vyand in Transvaal ontbreek het wat hulle hoogste goed, onafhanklikheid, bedreig het, het die ontbindende elemente sterker as die bindkragte ingewerk. 'n Positiewe wil tot onafhanklikheid het wel be-

---

1) Uys p. 377, Bulwer aan Shepstone, 11 April 1877
2) Van der Walt, Wiid en Geyer 1 p. 411
3) Jorissen p. 21
4) Tromp p. 282
5) Van Jaarsveld p. 46
6) Ibid. p. 47

staan, maar dit was nog geen wil tot samelewing en nasieskap nie. 'Daar was nog te weinig van die besef aanwesig dat hulle die vryheid eenmaal verwerf het, op straf van die verlies daarvan, onder dwang gestel is om die wil tot samelewing en samewerking te ontwikkel." 1)

'n Groot persentasie Boere was konings op hulle eie terrein en hulle belangstelling het nie verder as hulle plaasgrense gestrek nie. 2) Hulle oordrewe vryheidsin het hulle dan ook moeilik toegelaat om hulle aan die tug van die wet te onderwerp. Indien 'n burger opgeroep is vir krygsverrigtinge, het hy gewoonlik self besluit of sy eie belange hom toelaat om te gaan. Soos in die stryd teen Sekoekoeni bewys is, het die Boere op kommando ook self besluit wanneer dit tyd is om huis toe te gaan. Landsbelang het min getel omdat daar nog geen nasie was nie, maar slegs 'n versameling van families wat elkeen sy eie belange probeer bevorder het. 3) Die onpopulêre Burgers-bewind was nie by magte om eenheid en samehorigheid te bewerkstellig nie, en in die lig hiervan was gesamentlike en kragdadige optrede teen die annekseerders onmoontlik. Die minder ortodokse dorpsbewoners het dan ook vir Kruger verantwoordelik vir die swak toestande in die Republiek gehou, en, liewer as sy kandidatuur vir die Presidentskap te sien slaag, wou hulle geannekseer word. 4)

Enkele gedagtes oor die opkoms van Kruger sal op hierdie stadium nie onvanpas wees nie. As jong seun het hy op die jagveld goeie bewyse van dapperheid gelewer. Op 25-jarige leeftyd was hy reeds Onder-Veldkornet, 5) en in 1852 het hy Pretorius na Sandrivier vergesel waar die onafhanklikheidstraktaat gesluit is. 6) Tussen 1852 en 1868 het hy 'n leidende rol in verskeie ekspedisies teen opstandige naturellestamme gespeel, nl. teen Sechiel, Makapan, Montsioa, Gasibone en die naturelle in Soutpansberg, en hy het die Vrystaat tweekeer teen die Basoeto's gaan help. Toe hy nog skaars 30 jaar oud was, het hy alreeds 'n groot reputasie as krygsman selfs buite die grense van Transvaal opgebou. 7) Na die besondere dapperheid wat hy in die ekspedisie teen Sechiel aan die dag gelê het, is hy bevorder tot "luitenant,"

---

1) Van Jaarsveld p. 48
2) Ibid. p. 124
3) Ibid.
4) Heyns p. 4
5) Kruger p. 37
6) Bredell en Grobler p. 19; Kruger p. 39
7) Kruger p. 42

'n posisie tussen Veldkornet en Kommandant.[1] In 1854 was hy reeds Kommandant van Rustenburg[2] en in 1863 is hy verkies tot Kommandant-Generaal.[3] Lg. pos het hom volgens grondwet 'n setel op die Uitvoerende Raad besorg. In 1857 het hy d.m.v. sy diplomatieke optrede gehelp om die botsing tussen die burgers van Transvaal en die Vrystaat te voorkom, en in 1861 het hy oorlog verklaar teen Schoeman nadat lg. die grondwet geskend het. Ten spyte van sy vinnige opgang was hy aan die begin van die sewentigerjare nog te jonk om die politieke lugleegte wat deur die dood van die Trekleiers ontstaan het, te vul.[4] Boonop het hy nog baie vyande gehad, nie alleen op kerklike gebied nie, maar ook diegene wat hom persoonlik blameer het vir die dood van etlike burgers tydens die burgeroorlog. In 1873 het hy die pos Kommandant-Generaal neergelê,[5] dog op 4 November 1874 het hy weer sy volk begin dien toe hy as nie-amptelike Lid Uitvoerende Raad ingesweer is.[6] In Maart 1877 is hy deur die Volksraad tot Vise-President verkies.[7] Ten tye van die anneksasie het Kruger dus groot aansien geniet. Hy was ook van plan om hom in die Presidentsverkiesing van Mei 1877 verkiesbaar te stel, dog ook op hierdie stadium het hy nog baie vyande gehad veral onder die uitlanders en die meer progressiewe gedeelte van die volk.

Tydens die samesprekings wat hy en Jorissen met Osborn en Henderson gevoer het, het Kruger lg. twee here dikwels d.m.v. sy skerpsinnigheid en insig in sake in die verleentheid gebring. Op die tweede byeenkoms het hy vir Henderson 'n gerieflike hoofpyn laat ontwikkel sodat die vergadering verdaag is, en op die volgende dag was Osborn genoodsaak om 'n verdaging voor te stel toe hy nie Kruger se vraag oor wat sou gebeur indien daar bewys kon word dat die Republiek nie te swak is om sy burgers te beskerm nie, kon beantwoord nie.[8] Hy het op twee deputasies na Engeland gedien om Transvaal se onafhanklikheid te herwin, en hierna het hy d.m.v. sy onvermoeide pogings om die Republiek te herstel groter vertroue en steun gewen sodat hy teen 1881 as die aangewese leier beskou is. Sy geduld, takt en kalmte, dog terselfdertyd ook sy vasberadenheid, het vriend en vyand

---

1) Kruger p. 41
2) Ibid.
3) Ibid. p. 68
4) Ibid. p. 72
5) Ibid. p. 104
6) Ibid. p. 108
7) E.V.R. 12 p. 619
8) Uys p. 340

beïndruk.[1] Hy was sonder twyfel die sterk man in die Volkskomitee en het wat betref die aard en vorm van die verset leiding gegee. Hy was van die begin af sterk gekant teen die anneksasie. Sy realisme, sy onbuigsame wil, sy vurige patriotisme en sy groot vertroue in homself het van hom 'n leier gemaak. Reeds op 6 April 1877 het Lord Beaconsfield hom as "an ugly customer" beskryf.[2]

'n Verdere faktor wat sake vir Shepstone baie vergemaklik het, was die hewige politieke stryd waarin die Transvaal hom op die vooraand van die Presidentsverkiesing bevind het, en die verdeeldheid wat tussen die leiers geheers het. Die verhouding tussen Kruger en Burgers was dan ook nie bevorderlik vir harmoniese samewerking nie. Hulle vyandskap het in die eerste plek uit godsdiensverskille gespruit. Kruger het as nougesette "Dopper" die godsdienstige liberalisme van die President veroordeel, omdat hy gevrees het dat dit die ondergang van die Christendom kon beteken.[3] Die Doppers onder leiding van Kruger was konserwatief, godsdienstig en begerig om volgens eie volkskarakter op politieke, ekonomiese en sosiale gebied te ontwikkel, en as sodanig was hulle sterk anti-Britsgesind.[4] Die ander groep waaronder Burgers hom bevind het, het geredeneer dat die Republiek onmoontlik kon ontwikkel sonder om grootliks deur die omliggende Engelse gebiede beïnvloed te word.[5] President Burgers het baie meer as enige vorige leier gedoen om die vormloosheid van die politieke lewe in die Transvaal te oorbrug. Die Voortrekkers wou nie 'n nuwe orde in die lewe roep nie maar slegs die oue handhaaf. Burgers was verlig en wou Transvaal uit sy politieke en ekonomiese agterlikheid verhef, dog hierin het hy juis vir hom die onmin van 'n groot gedeelte van die Boere op die hals gehaal.[6]

Kruger se afsydige houding tydens die Bapedi-oorlog moet ook aan sy vyandskap teenoor Burgers toegeskryf word. Hy is driekeer deur Burgers genader om die verantwoordelikheid van die ekspedisie op hom te neem, dog tevergeefs.[7] Uys beweer dat Kruger tydens die oorlog siek was aan maagkoors

---

1) Kotze p. 589
2) Ibid. p. 497n
3) Engelbrecht p. 192, Kruger aan Joubert, 7 November 1876
4) Uys p. 283
5) Ibid.
6) De Kiewiet p. 94; Theal 1 p. 272
7) D.V. 18 November 1876, brief van S.J.P. Kruger gedateer 6 November 1876

en dat hy selfs nadat die Boerskommando al sy eerste neerlae gely het nog steeds siek was.[1] Bredell en Grobler noem egter geen siekte nie. Die opmars teen die Bapedi het teen die middel van Junie begin en op 5 Julie het Mathebiskop in die Boere se hande geval. Op 31 Julie is die mislukte aanval op Sekoekoeni se vesting gemaak. Dit mag wees dat Kruger tydens die oorlog siek was. Hy het nl. op 12, 13, 20, 21 en 23 Junie nie sy verskyning in die Uitvoerende Raadsvergaderings gemaak nie.[2] Uys se bewering dat Kruger slegs drie sittings van die Volksraad in September op grond van siekte bygewoon het,[3] is ongegrond. Kruger was geen Volksraadslid nie, dog hy het as Lid Uitvoerende Raad sittings van die Volksraad bygewoon wanneer dit nodig was. Sy naam is ook nie op die aanwesigheidslys aangeteken nie. Boonop het Kruger in September agt uit die nege Uitvoerende Raadsvergaderings bygewoon.[4] Hy was egter afwesig op 18 en 19 April, dog op 4, 12 en 16 Mei en 6, 7, en 9 Junie was hy aanwesig.[5] Reeds op 8 Mei het die Volksraad besluit om die optrede teen Sekoekoeni in die regering se hande te laat, en op 16 Mei het beide die Volksraad en die Uitvoerende Raad besluit om Sekoekoeni te onderwerp,[6] 'n besluit wat Kruger as Lid Uitvoerende Raad help neem het. Burgers se beroep op Kruger moes dus vanaf 16 Mei gedoen gewees het. Verder val dit te betwyfel of die President 'n man wat siek was (soos Burgers weens sy intieme omgang met hom sou geweet het) driekeer sou gevra het om te help.

Die antwoord op die strydvraag blyk in nou verband met die nuwe Krygsdienswet te staan. Bredell en Grobler beweer: "Dit was President Burgers se wens om persoonlik die kommando te vergesel ... iets wat Kruger erg teen die bors gestuit het omdat hy dit sy plig geag het as Kommandant-Generaal om die leiding van die ekspedisie op hom te neem."[7] Soos vermeld, is Kruger reeds in 1873 op eie versoek eervol ontslaan \\ as Kommandant-Generaal. In hierdie tyd was enige van sy gesinslede siek en sy volgehoue aktiwiteite in belang van die Staat het daartoe gelei dat sy boerdery baie verwaarloos is. Die amp Kommandant-Generaal is dan ook kort nadat hy dit neergelê het op voorstel van Burgers in vredestyd afgeskaf.[8] Wat betref

---

1) Uys: Paul Kruger, p. 50
2) U.R. 5, Junie Sittings
3) Uys p. 215 en p. 215n
4) U.R. 5, September Sittings
5) U.R. 5, April, Mei en Junie Sittings
6) Volksraadsbesluit: E.V.R. 12 p. 292; Uitvoerende Raadsbesluit: U.R. 5, (p. 468
7) Bredell en Grobler p. 58
8) Kruger p. 104

Burgers se "wens" om persoonlik die kommando te vergesel, moet daar in gedagte gehou word dat die nuwe Krygsdienswet wat op 2 Junie 1876 deur die Volksraad aanvaar is, die opperbevel van die gewapende magte aan die Staatspresident opgedra het. Die President en die Uitvoerende Raad sou oorlog verklaar of vrede sluit en kommando's oproep. Die offisiere insluitende die Kommandant-Generaal sou deur die hele leër gekies word op 'n plek en tyd wat die President sou bepaal.[1] Die doel van die wet was om die metode van opkommandering op te knap en die hele oorlogsmasjien op 'n beter grondslag te plaas. M.W. Pretorius is eenparig tot Kommandant-Generaal verkies en Gen. N.J. Smit tot Luitenant-Generaal.[2] Die President sou kort na die verkiesing na die front vertrek.

Kruger het ook 'n aandeel in hierdie wet gehad. Op 13 Mei is die wetsontwerp deur die Volksraad na 'n kommissie verwys wat "in oorleg met" Kruger enige wysigings aan die Raad op 29 Mei voorgestel het.[3] Die President het ook in sy openingsrede voor die Volksraad aan die begin van Mei gemeld dat hy so 'n wet beoog. Lank voor die veldtog was Kruger dus reeds bewus van die betrokke wet en sy bepalings. Gevolglik moes die President ingevolge 'n wet van die Volksraad die verantwoordelikheid van die ekspedisie op hom neem, en sy poging om 'n bekwame Kommandant-Generaal te laat verkies in die persoon van Kruger het [illegible]luk.

Bredell en Grobler meld wat betref Kruger se beswaar teen die aanwesigheid van Burgers op die ekspedisie dat, indien die President allerlei vermaaklikhede in die laer hou en op Sondae danspartye gee, die vyand hom (Kruger) selfs agter 'n muur sou kon doodskiet, omdat God se seën nie op die werk sal rus nie.[4] Die Sondagdanse-argument is 'n oordrewe verdigsel. Burgers se vermaak was hoofsaaklik tot musiekaande beperk waaraan hy en sy gesin tydens besoeke van vriende deelgeneem het.[5] Kruger se beswaar teen Burgers se aanwesigheid in die laer kan egter aanvaar word, nie omdat dit die president in die algemeen was wat die opperbevel gehou het nie, maar omdat dit in hierdie geval Burgers spesifiek was. Kruger het self, in antwoord op 'n bewering van Cachet as sou die President hom beledig het deur

---

1) S.C., 7 Junie 1876
2) D.V., 17 Junie 1876
3) E.V.R. 12 p. 337
4) Bredell en Grobler p. 58
5) Kotze p. 322n

hom verby te gaan as Kommandant-Generaal van die ekspedisie teen die Bapedi verklaar: "Zulks is onwaar, want de Staatspresident heeft mij bepaald gevraag om de zware verantwoordelijkheid op mij te nemen vóór enig ander, maar ik weigerde zulks tot drie malen toe om voor mij bekende redenen."[1] Sy afkeer in Burgers se liberalistiese godsdiensbeskouing was die deurslaggewende faktor. Indien Burgers saamgaan, sou die Here nie saamgaan nie, het hy gemeen. Hy kon ook nie sonder Burgers gaan nie, omdat die Krygsdienswet nog die President, aanwesig of afwesig, as die opperbevelhebber erken het, en dit sou ondenkbaar vir Kruger wees om op die slagveld onder 'n vrysinnige, soos hy hom beskou het, te staan of van hom bevele te ontvang. Die gedagte aan die mislukte ekspedisie teen die Soutpansbergse naturelle en die ontruiming van Schoemansdal in 1867, toe die burgers maar swak op die opkommanderingsbevel reageer het, die tekort aan ammunisie en die gretigheid van die Boere op kommando om die "huis toe"-kreet aan te hef, was moontlik ook nog vars in sy geheue - vandaar sy verwysing na "de zware verantwoordelijkheid."[2]

Voortvloeiende uit die Bapedi-oorlog was die spesiale oorlogsbelasting 'n verdere strydpunt tussen Kruger en Burgers. Plaaseienaars moes £10 betaal, eienaars van erwe en klein plase £5, manlike burgers bo 21 jaar sonder eiendom £2, amptenare 2% van hulle salarisse en eienaars van meer as een plaas asook eiendomsbesitters wat buite die grense van die Republiek gewoon het, £15.[3] Die heffing van hierdie belasting het heftige teenkanting van die kant van die burgers uitgelok en 'n groot persentasie het dan ook geweier om te betaal. Kruger het laasgenoemdes verdedig. Hy kon hulle nie as "versetplegers teen die regering" soos hulle deur die President genoem is, beskou nie, daar die belasting "sonder volmag" opgelê is.[4] Hierdie belasting is wel deur die Volksraad op 22 September 1876 gewettig en in drie uitgawes van die Staatskoerant gepubliseer.[5] As Lid Uitvoerende Raad moes Kruger daarvan kennis gedra het, omdat hy al die sittings van die Uitvoerende Raad in September en Oktober bygewoon het behalwe een.[6] Die President het egter 'n proklamasie uitgevaardig waarin die weiering om gewone en spesiale belastings te betaal, strafbaar gemaak is op aanklag van hoogverraad. Kotze wys egter daarop dat hierdie oortreders slegs siviel vervolg kon word, daar

---

1) D.V. 18 November 1876, brief van S.J.P. Kruger gedateer 6 November 1876
2) Sien Kruger pp. 90 - 91 oor Soutpansberg en Schoemansdal
3) Uys p. 217; S.C. 27 September 1876
4) Bredell en Grobler p. 59
5) S.C. 27.9.76, 4.10.76, 11.10.76, Goewermentskennisgewing Nr. 277
6) U.R. 5, September en Oktober Sittings

die weiering om belastings te betaal nie gelykstaande aan hoogverraad of sedisie is nie.[1] Die proklamasie het sy doel gemis en die regering weens die leë skatkis in 'n moeilike posisie geplaas waarvan sy vyande nie geskroom het om gebruik te maak nie.

Kruger se openlike vyandigheid teenoor die President op hierdie kritieke tydstip het dus enige sterk optrede van sy kant onmoontlik gemaak weens die gebrek aan heelhartige samewerking. Kruger het ook luid verkondig dat Burgers 'n diktator word.[2] Die nuwe konsep-grondwet sou die President absolute magte gee. Hy sou ses staatsministers aanstel, terwyl die Volksraad die sewende sou kies. Hy sou ook die vetoreg t.o.v. enige wet van die Volksraad hê; indien geveto, sou die wetsontwerp in die volgende sitting aan die Volksraad voorgelê word waar dit slegs met 'n twee-derde meerderheid aangeneem sou kon word. Verder sou die President die Volksraad na goeddunke kon ontbind.[3]

Behalwe bogenoemde strydpunte het Kruger boonop ingewillig om hom vir die Presidentskap verkiesbaar te stel, ten spyte van 'n beroep op hom deur Burgers om dit nie te doen nie; volgens die President moes albei van hulle terugstaan ten gunste van 'n derde persoon. Reitz se naam is in hierdie verband genoem en hy is versoek om hom verkiesbaar te stel. Die voorstanders van anneksasie asook die "Pretoria Political Association" was streng gekant teen die kandidatuur van Reitz, want, indien hy sou aanneem, sou die volk 'n verenigde front toon, maar met Kruger en Burgers of Kruger en Joubert as kandidate kon die voorstanders van anneksasie die politieke onenigheid egter uitbuit.[4] Na Reitz se weiering is 'n tweede beroep egter op hom gedoen. Dit was n.l. seker dat hy nie sou aanneem nie, dog die onsekerheid sou intussen ander kandidate uit die veld hou sodat Burgers uiteindelik ongeopponeerd sou instap wat die politieke warboel sou vergroot.[5]

Op 25 Desember 1876 het Burgers verneem dat Kruger, ten spyte van sy belofte om hom nie verkiesbaar te stel nie, tog sou staan as kandidaat. Die aanstigters was ds. J.P. Jooste, een van Shepstone se medewerkers en 'n voorstander van anneksasie, en ds. F. Lion Cachet. Kruger se besluit het

---

1) Kotze p. 320
2) Ibid. p. 345
3) D.V. 3 Maart 1877
4) Uys p. 230
5) Ibid.

dus groter verdeeldheid in die krisisuur van die Republiek gesaai. Volgens Shepstone was die moontlikheid groot dat Burgers met hom sou saamwerk, veral as hy Kruger se kanse in die verkiesing belemmer.[1] Sowel Burgers as Shepstone wou 'n presidentsverkiesing vermy, dog om verskillende redes. Burgers wou Kruger dwarsboom ten einde sy eie ampstermyn te verleng, terwyl Shepstone sy plan wou deurvoer met Burgers in die saal, veral daar hy van mening was dat Kruger 'n moeiliker man op hierdie stadium sou wees.[2] Shepstone is ook deur sy informante verseker dat die verkiesing van óf Kruger óf Burgers op burgeroorlog sou uitloop, 'n bewering waarvoor daar geen bewyse bestaan nie. Inteendeel, Kruger het beloof om, indien hy sou verloor, sy volgelinge te oorreed om Burgers te steun.[3] Die presidentsverkiesing is egter uitgestel tot Mei 1877, maar die verkiesingstryd met sy gevolglike verdeling van die volk het onverpoosd voortgeduur. Jorissen sien die uitstel as "'n ongelukkige sameloop van omstandighede," want wie ookal verkies is, Kruger of Burgers, sou as gevolg van die pasverkrygde steun van die volk sterker in die krisis kon optree.[4]

Dat die burgers van Transvaal op hierdie stadium persoonlike verskille hoër as die vryheid van hulle land geag het, kan nie betwis word nie. Die bewering is ook gemaak dat, indien Kruger aan die bewind was, die anneksasie nie sou plaasgevind het nie. Dit is 'n veronderstelling wat op geen gronde berus nie. Kruger het wel aanvanklik gewelddadige verset voorgestaan, dog hy is tot lydelike verset deur Burgers oorgehaal.[5] Indien hy President was, sou dieselfde oorwegings nog gegeld het, nl. interne verdeeldheid, gebrek aan ammunisie en die neiging tot vreedsame skikking.

Verskillende persone het in hulle pogings om die anneksasie van Transvaal sonder die gewelddadige teenstand van die Boere te verklaar, die maklike uitweg gevolg deur die President van verraad te beskuldig. De Kiewiet meld 'n "geheime verstandhouding" wat daar tussen Shepstone en Burgers sou bestaan het,[6] dog Shepstone is die enigste getuie wat hy kwoteer. Shepstone self het verklaar: "Every step I have taken towards the accomplishment of my object was taken with the knowledge of the Presi-

---

1) Uys pp. 232 - 233, Shepstone aan Barkly, 18 Januarie 1877
2) Ibid. p. 255
3) Bredell en Grobler p. 60
4) Jorissen p. 30
5) Kotze p. 24n
6) De Kiewiet p. 116

dent."[1] Volgens 'n skrywe van Shepstone aan die Koloniale Kantoor op 23 Januarie 1877 sou die President 'n dinee ter ere van hom gegee het. Dit was slegs die helfte van die waarheid en was bedoel om die indruk te verwek dat hy "vorder met Burgers." Die dinee is gegee ter ere van sowel Shepstone as die nuwe Belgiese Konsul.[2] Nêrens in sy briewe noem Shepstone die werklike verraaier nie, nl. N.J. Swart, dog hy probeer deurgaans die skyn verwek dat Burgers, en in 'n mindere mate Jorissen en Kruger, met hom saamwerk teen die Republiek met die oog op 'n latere pensioen of betrekking.[3] Indien dit sou rugbaar word dat die Transvaal teen die wense van die meerderheid geannekseer is, kon die Liberale Party dit as een van hulle argumente gebruik om Disraeli se Konserwatiewe Party tot 'n val te bring, soos wel later deur Gladstone gedoen is. Die vrees dat Shepstone vir Burgers te moeilik sou vind om te hanteer, het Barkly genoop om hom dood te wens, netsoos Carnarvon en Southey tevore gedoen het.[4] Lanyon het ook die mening gehuldig dat Burgers "saamwerk."[5]

Cachet en De Kiewiet hou die sg. pensioen wat die President sou getrek het, voor as bewys van sy skuld.[6] Hierdie aanklag is egter ongegrond. Burgers het tydens sy ampstermyn vir £25,000 in belang van die Republikeinse regering borg gestaan, en hiervan is slegs £22,000 aan hom terugbetaal. Sy verlies was dus £3,000. Shepstone se eerste belofte van 'n pensioen van £1,000 p.j. aan Burgers is, soos baie van sy annexasiebeloftes, nie uitgevoer nie. Vroeg in 1878 het Burgers by Frere aansoek gedoen om die herstel van sy verlies waarop daar in 'n brief van Shepstone gedateer 26 Augustus 1878 aan hom 'n toelae van £500 p.j. uit Transvaalse fondse toegeken is vir die verlies van sy amp en ander verliese wat hy t.o.v. die Staat gely het.[7] Hierdie bedrag het skaars vergoed vir wat hy in belang van die Republiek uit sy eie sak uitbetaal het.[8] Daar dien ook op gelet te word dat hierdie bedrag as toelae (nie as pensioen nie) betaalbaar was slegs solank Burgers geen ander inkomste gehad het nie, en dat die toelae teruggetrek sou word indien Burgers 'n betrekking sou weier wat hom aangebied mog word en wat die Britse regering nie as benede sy waardigheid

1) C. 1776 p. 153, Shepstone aan Carnarvon. 17 April 1877
2) Tromp p. 204; Engelbrecht p. 212
3) Engelbrecht p. 217
4) Ibid. p. 201
5) L.V. 12 p. 64
6) Cachet pp. 482 - 483; De Kiewiet p. 117
7) Carter pp. 573 - 57[illegible]
8) C.H.B.E. 8 p. 466

beskou het om te aanvaar nie. As Kruger kon aanbly as Lid Uitvoerende Raad na die anneksasie en salaris daarvoor ontvang sonder om die agterdog van sy mede-burgers gaande te maak, was dit tog seker regverdig dat Burgers vir die verlies van sy amp en ander verliese vergoed word.

Shepstone het, soos reeds vermeld, aanvanklik die doel van sy sending geheim gehou. I.p.v. sy offisiële opdrag aan Burgers te oorhandig het hy 'n "getuigskrif" wat deur Barkly geskryf is en die werklike doel van sy koms verswyg het, aangebied.[1] Op 16 Februarie het Burgers reeds die Volksraad gewaarsku dat Shepstone moontlik anneksasiegedagtes koester, dog hy is daarvan beskuldig dat hy die saak te donker sien. Tien dae later verneem Bodenstein, Voorsitter van die Volksraad, persoonlik van Shepstone dat hy van plan is om die Republiek te annekseer waarop hy die Volksraad waarsku.[2] Volgens Shepstone was die Transvaal nie by magte om homself te bestuur nie met die gevolg dat Engeland verplig was om die leisels oor te neem.[3] Hierdie nuus het die Volksraad uit sy sluimerslaap wakker geskud en die lede gunstig gestem om die President se program van hervormings goed te keur ten einde anneksasie te verhoed. Die griewe wat Shepstone teen die bewind van die Republiek gekoester het, is dan ook hierdeur grootliks uitgeskakel.[4]

Op versoek van die President om sy planne bloot te lê, het Shepstone op 1 Maart in 'n onderhoud met die Uitvoerende Raad verklaar dat die anneksasie weens die inherente swakheid van die Staat onvermydelik is.[5] Op 'n vraag van die President of hy die anneksasie sal laat vaar indien die swakhede waarteen Groot-Brittanje beswaar maak, uitgeskakel word, het Shepstone geantwoord dat dit nie vir die Volksraad moontlik is om dit te doen nie.[6] Op versoek van Kruger dat die swakhede uiteengesit word, was sy antwoord: "No great hope can be accepted by me as a guaranty. The President had strong hope, and what is his position now?"[7]

Op 7 Maart het die President daarin geslaag om die Volksraad te beweeg om gedeeltes 1 en 5 van sy konsep-grondwet te aanvaar. Die President

---

1) Engelbrecht p. 213
2) Ibid. p. 241
3) Leyds pp. 208 - 209
4) D.V. 4 April 1877
5) Uys p. 353
6) Kotz[illegible] p. 313
7) Ibid.

wat vir vyf jaar deur die burgers verkies sou word, sou verantwoordelik wees aan die Volksraad en hy sou in samewerking met die Uitvoerende Raad optree. Lg. sou bestaan uit die Departementshoofde van Finansies, Justisie, Naturellesake, Polisie en Verdediging, Publieke Werke en Buitelandse Sake. Drie lede sou tot die Uitvoerende Raad deur die Volksraad genomineer word, en een van hulle sou, indien nodig, optree as Vise-President. Vir administratiewe doeleindes is die Republiek verdeel in distrikte wat elkeen op sy beurt in veldkornetskappe verdeel is. Die veldkornette van elke distrik sou saam met die landdros die distriksraad uitmaak. Verder is 'n staatspolisiekorps en 'n -artilleriekorps in die vooruitsig gestel. Die regterlike gesag is opgedra aan 'n Hooggeregshof bestaande uit drie regters, 'n rondgaande hof (een regter) en landdroshowe in die distrikte.[1] Die opstel van hierdie grondwet was die werk van Burgers en Jorissen[2] - 'n desperate poging van die President om anneksasie te verhoed.

Shepstone se antwoord hierop was dat die Republiek te bankrot was en gevolglik nie by magte sou wees om die hervormings uit te voer nie. Bankrotskap was die gevolg van die weiering van die burgers om hulle belastings te betaal. Shepstone het dit egter duidelik gestel dat hy by niemand die indruk wil laat posvat dat die betaling van belastings anneksasie sal verhoed nie.[3] Shepstone se bontspringery bewys duidelik dat die Republiek geannekseer sou word ten spyte van enige maatreëls van Republikeinse kant om sake op 'n gesonde grondslag te plaas; daarom het daar vir die President slegs een uitweg oorgebly, nl. - die beste voorwaardes te verkry.

Op 12 Maart het die laaste ontmoeting tussen Shepstone en die Uitvoerende Raad plaasgevind. Shepstone het by herhaling die onvermydelike van die anneksasie beklemtoon, die goeie bedoelings en pogings tot hervorming van die President ten spyt. Kruger het Shepstone probeer beweeg om die anneksasie tot na die Volksraadsitting in Mei uit te stel sodat die volk intussen die kwessie kon oorweeg en 'n opinie daaroor uitspreek.[4] Hy het ook voorgestel dat die presidentsverkiesing vir 'n jaar uitgestel word, dog Shepstone was nie vir uitstel te vinde nie.

---

1) E.V.R. 12 pp. 608 - 618; C. 1776 pp. 112 - 116; Kotze pp. 308 - 309
2) Engelbrecht p. 205
3) Uys p. 366
4) Kotze p. 314

Die verdigsel dat Burgers vir Shepstone gehelp het om sy Anneksasie-Proklamasie op te stel, het sy oorsprong in die President se teenstand teen die Kommissarie se voorneme om die privaat besittings van diegene wat die anneksasie teenstaan, te konfiskeer.[1] Shepstone het wel Burgers se protes voor die publikasie daarvan gesien, en Burgers het eweneens insae in die Anneksasie-Proklamasie voor 12 April gehad, dog van Burgers se kant was die bedoeling om die beste voorwaardes vir Transvaal te verkry. 'n Studie van die Proklamasie bring aan die lig dat bogenoemde stipulasie waarteen die President beswaar aangeteken het, weggelaat is, terwyl Shepstone se beswaar dat die protes die mense bind om met verloop van tyd weerstand te bied, geen wysiging van die protes ten gevolg gehad het nie. Die feit dat Burgers teen slegs een klousule in die Proklamasie geprotesteer het, kon by Shepstone die gedagte verwek het dat hy al die ander verwelkom, en dat die geheel algemene tevredenheid verskaf.[2] Vandaar Shepstone se bewering dat Burgers saamgewerk het. Die volgende aanhaling bewys dat die President slegs kon poog om die beste voorwaardes te verkry, daar anneksasie 'n voldonge feit was: "Zijne Excellentie (Shepstone) sprak als vriend en kwam als vriend steunende op het gesond verstand der Intellectueele meerderheid - alleen nu stond het nog aan het volk en aan de Regeering de beste schikkingen te maken."[3] Deur 'n reeks van tien vrae op skrif te stel waarop Shepstone spesifieke antwoorde moes verskaf,[4] het Burgers verdere waarborge in belang van die burgere verkry.

Uys beweer dat Shepstone tog vir Burgers aanvanklik as instrument gebruik het, dog dat lg. kort voor die anneksasie skielik 'n "volte face" ondergaan het.[5] Hierdie bewering is onaanneemlik. Shepstone het op 24 Januarie 1877 aangeteken dat Burgers belowe het om met hom saam te werk.[6] Sou dit nodig gewees het om so omslagtig te werk te gaan as hy die President aan sy kant gehad het? Samewerking kon hier nie bedoel gewees het t.o.v. anneksasie nie, maar wel om die griewe wat volgens Shepstone bestaan het, uit te skakel. Burgers was boonop nog nie op 24 Januarie bewus van die feit dat Shepstone anneksasieplanne gekoester het nie. Lg. was toe slegs

---

1) Engelbrecht p. 282
2) Heyns p. 12
3) Ibid. p. 7, Osborn aan Swart
4) Kotze pp. 325 - 326
5) Uys p. 381
6) Ibid. p. 253

twee dae in Pretoria. Indien Burgers begerig was om anneksasie te bevorder, sou hy nie reeds op 16 Februarie die Volksraad daarteen gewaarsku het nie. Ook sou hy nie die een vurige toespraak na die ander gehou het om die Volksraadslede die erns van die posisie te laat besef nie. Nog minder sou hy so ernstig van vroeg af op hervorming aangedring het. Te oordeel na die ydele geklets van die Volksraadslede en hulle aanvanklike weiering om enige deurtastende maatreëls goed te keur, kan eerder aangeneem word dat hulle medewerkers van Shepstone was as hulle nie op 22 Februarie 'n mosie teen anneksasie aangeneem het nie. Deur te verklaar dat Burgers met hom saamwerk het Shepstone maar net nog 'n onjuistheid verkondig. As hy die staatshoof self onder sy ondersteuners kon tel, sou sy saak by sy meerderes in Engeland gewonne wees. Shepstone het geweet wie hy kon waag om te mislei. Hy skryf bv. op 3 April 1877 aan Frere dat burgeroorlog sou uitbreek en dat die narelle Transvaal sou vertrap indien hy op daardie oomblik die land sou verlaat.[1] Sy brief aan Bulwer op 4 April meld egter niks van hierdie vrees nie, omdat hy daarvan bewus was dat Bulwer hom sou uitlag.

Die Volksraad is op 8 Maart en die Uitvoerende Raad op 13 Maart verdaag. Die lede het hulle skrede huiswaarts gewend en Burgers en Jorissen alleen agtergelaat om die annekeasie te verhoed. Lg. was toe skaars 'n jaar in die land. Op 5 April het Burgers Joubert verwyt dat hulle almal op hulle gemak op hulle plase sit en hom alleen die stryd om onafhanklikheid laat voer.[2] Oortuig dat die anneksasie nie verhoed kon word nie, het Burgers 'n vergeefse poging aangewend om die Republiek te red deur hom ten gunste van federasie uit te spreek,[3] dog hiermee het hy aan sy vyande nog 'n rede verskaf om hom as 'n verraaier te brandmerk. Die volksleiers het na die anneksasie almal hulle bereid verklaar om federasie te aanvaar as dit die Republiek kon red, en hulle verklarings is nooit as verraad beskou nie.[4]

Watter keuse het daar dan vir die President bestaan? Hy kon, soos

---

1) Uys p. 381
2) J.V. 27/2590 p. 7
3) Engelbrecht p. 276
4) Vergelyk (a) die Kleinfontein Memorie waarin die Volkskomitee onderneem om toetrede tot federasie gunstig te oorweeg indien hulle vryheid herstel word (D.V. 22 April 1879, Memorie aan die Koningin, 16 April 1879);
(b) die Paardekraal Proklamasie van 16 Desember 1880: dieselfde onderneming (C. 2794 p. 8); en dieselfde in
(c) Kruger en Joubert aan Sprigg en Upington in Mei 1880: "Vernietig die anneksasie net vir een dag ...." (Jorissen p 58)

uiteengesit, weens die swakheid van die Staat nie die wapens opneem nie. Nóg kon hy bedank, want dit sou nie die anneksasie verhoed het nie maar wel sy teenstanders die geleentheid gegee het om hom as 'n lafaard te bestempel. Nóg kon hy met Shepstone saamwerk, omdat hy teen die anneksasie gekant was. Gevolglik kon hy slegs swig voor die oorwig en protesteer.[1] In hierdie opsig het hy dan ook lojaal opgetree.

Van deurslaggewende aard in die vraag of Burgers verraad gepleeg het, is die Hoogverraadwet. Dit is moeilik om te glo dat die President die sogenaamde "Hou-jou-smoel-wet" sou deurloods waardeur swaar strawwe toegepas sou word op diegene wat met vreemde moondhede of agente ten koste van die land se onafhanklikheid saamwerk, as hy self die eerste slagoffer daarvan kon wees. Barkly het na aanleiding van hierdie wet getwyfel of Burgers met Shepstone saamwerk. Volgens hom sou die President nie so 'n struikelblok in Shepstone se weg geplaas het as hy anneksasie wou bevorder nie.[2] In April 1878 het Joubert vir Burgers per brief versoek om as derde lid van die tweede deputasie na Engeland saam te gaan om teen die anneksasie te protesteer.[3] In 1879 het Jorissen hom tweekeer genader om die Boere te help om hulle onafhanklikheid te herwin[4] - versoeke wat Burgers op grond van swak gesondheid moes weier. Ook Kruger het Burgers vertrou om die vryheid en onafhanklikheid van die Staat te handhaaf.[5] Hierdie drie persone was in 'n goeie posisie om die ware gevoelens van Burgers te peil, en hulle sou hom nie genader het om te help indien hulle hom enigsins van samewerking met Shepstone verdink het nie.

Toe die verraadpraatjies t.o.v. die President voor en na die anneksasie ter sprake gekom het, het Burgers gevra dat diegene wat hom van verraad wil beskuldig, na vore moet kom. Daar was niemand nie.[6] Burgers self het as rede vir die verlies van die onafhanklikheid van Transvaal aangevoer die swakheid van sy mense en die komplotte van sy teenstanders.[7] Na die anneksasie skryf hy: "Geweld en onregverdigheid het geseëvier, maar nie vir altyd nie. Uit die graf van die Republiek sal 'n geslag opstaan

---

1) Kotze p. 324
2) Uys p. 371, Barkly aan Shepstone, 20 Maart 1877
3) Mouton p. 37
4) Kotze p. 392n
5) Engelbrecht p. 192 en Nathan p. 111, Kruger aan Joubert, 7 November 1876
6) D.V. 3 September 1878, brief van M.W. Vorster, een van die leiers in die versetbeweging.
7) Engelbrecht p. 267

wat wraak sal neem vir hierdie onreg."[1]

Op 12 April 1877 het Shepstone tot die anneksasie van die Republiek oorgegaan. Daar bestaan geen twyfel dat hy, uit 'n militêre oogpunt beskou, 'n baie geleë oomblik vir hierdie daad gekies het nie, en dit is nog 'n rede waarom gewapende verset baie bemoeilik is. Hy sou nl. die anneksasie uitstel tot na die Nagmaal (1 April) om 'n moontlike Boere-magsvertoon uit te skakel,[2] maar hy sal optree voor die Boere se jaarlikse trek met hulle vee na die warmer bosveldgedeeltes teen die einde van April begin. Indien hulle dan besluit op gewapende teenstand, sal hulle huishoudelike reëlings omvergegooi word. "I think they will be glad of the excuse, the domestic call will prevail and no opposition will be offered."[3] Die trek na die Laeveld het gewoonlik algemene afmetings aangeneem. Toe die Britse troepe die Transvaal binnekom, was daar dan ook min weerbare manne in die Hoëveldstreke oor wat nie vir die duur van die winter getrek het nie. Die troepe het dus 'n vry deurgang genie' en dit sou lank duur voordat die Boere weens hulle verspreidheid selfs 'n geringe weerstand kon opbou.[4] Intussen kon die Britse garnisoen hom ingrawe in Pretoria. Boonop het Bulwer sy belofte aan Shepstone gestand gedoen om ernstige struikelblokke in die weg van die toevoer van wapens en ammunisie na Transvaal te plaas.[5]

Afgesien van Wolmarans en sy 400 man wat in Februarie na Pretoria opgeruk het om Shepstone te verdryf, was daar geen gewelddadige poging van die kant van die Boere om die anneksasie te verhoed nie. Verskillende dreigemente is egter teenoor Shepstone en sy aanhangers geuit. In Februarie het 'n groepie Boere gedreig om die vlag voor die Kommissaris se kamp af te skeur,[6] terwyl ander Shepstone persoonlik het geweld bedreig het.[7] So erg was die dreigemente teenoor die indringers kort voor anneksasie dat Shepstone se aanhangers op 7 April in Pretoria oorgegaan het tot die stigting van 'n "Defence Committee" van bykans 150 man onder Kolonel Weatherley.[8] Verder as dreigemente het sake nie ontwikkel nie, en die Britse vlag kon sonder teenstand in die hoofstad van die Republiek gehys word.

---

1) Engelbrecht p. 287
2) L.V. 4 p. 41
3) Uys p. 369
4) Ibid. 370
5) Ibid. p. 373, Bulwer aan Shepstone, 21 Maart 1877
6) Ibid. p. 313
7) Ibid. p. 315
8) Tromp p. 265

Die rede waarom daar op anneksasiedag geen bloed gevloei het nie, lê opgesluit in die Protesbesluit van die Uitvoerende Raad gedateer 9 April 1877, die Protes van President Burgers van 11 April 1877 en Burgers se Proklamasie van 12 April 1877.

In die Protesbesluit van die Uitvoerende Raad word onder meer gewag gemaak van die erkenning van die onafhanklikheid van die burgers noord van die Vaal in 1852. Verder: die Suid-Afrikaanse Republiek het nooit doelbewus vyandig teenoor Engeland opgetree nie en is bereid om enige oorsaak tot ontevredenheid uit die weg te ruim; die volk van die Republiek is "tegen zijn zin" gedwing om die gesag van Brittanje te aanvaar; "en nademaal de Regering overtuigd is niet in staat te zijn tegenover de overmagt van Groot-Britannie de regten en onafhankelijkheid des volks met het zwaard te handhaven, en bovendien in geener deele een stap wenscht te nemen, waardoor de blanke inwoners van Zuid-Afrika in het aangesicht van den gemeenschappelijken vyand tegenover elkander zouden worden verdeeld of in vijandelijke aanraking met elkander komen, tot groot onheil van de gansche Christelijke bevolking van Zuid-Afrika, vóór dat allereerst tot het laaste middel is beproefd om langs vreedsamen weg en vriendschappelijke bemiddeling de regten des volks te verzekeren, zoo protesteert de Regering ten sterkste tegen deze handelwijse van Harer Majesteits Specialen Commissaris, en besluit tevens eene commissie van afgevaardigden naar Europa en Amerika te zenden ..... ten einde te beproeven aldaar in de eerste plaats de belangen en wenschen des volks voor Harer Majesteits Regering te leggen, en, zoo dit geen gewenscht gevolg moge hebben, hetgeen de Regering diep zou betreuren, en alsnog niet kan gelooven, dan te trachten de vriendschappelijke hulp en bemiddeling van andere mogendheden in te roepen .... Tot leden van die commissie worden benoemd, de WelEd. Gestr. heeren Dr. E.J.P. Jorissen, Staatsprocureur, en S.J.P. Kruger, Vice-President van de Zuid-Afrikaansche Republiek."[1)]

Die Protes van President Burgers lui soos volg: "Nademaal ik, Thomas Francois Burgers, Staatspresident der Zuid-Afrikaansche Republiek, een brief heb ontvangen, dd. 9 dezer, van Harer Britsche Majesteits Specialen Commissaris, Sir Theophilus Shepstone, mij kennis gevende dat Zijne Excellentie besloten heeft, de Zuid-Afrikaansche Republiek uit naam van Harer Majesteits Regeering, door annexatie te brengen onder het gezag van de

---

1) U.R. 5 pr. 584 - 586, D.V. 18.4.77; T.G.G. 14.4.77

Britsche Kroon; en nademaal ik niet de macht heb om met goed gevolg ter verdediging der onafhankelijkheid van dezen Staat het zwaard te trekken tegen ene overmacht, als die van Engeland, en bovendien met het oog op het welzijn van geheel Zuid-Afrika, ganach ongenegen ben, deszelfs bewoners door enige vijandige handeling van mijnen kant in eene rampspoedige oorlogsverwikkeling te brengen, zonder allereerst alle middelen te hebben beproeft om langs vreedzamen weg de rechten des volks te verzekeren, zoo is het, dat ik uit naam en op gezag van de Regering en het Volk der Zuid-Afrikaansch Republiek bij deze mijn plechtig protest leg tegen de voorgenomene annexatie.[1]

Voorgenoemde Proklamasie van die President bevat die volgende advies aan die burgers: "...... nademaal de Regering besloten heeft voorlopig onder protest te berusten, ten einde intusschen eer gezantschap naar Europa en Amerika te zenden .... ten einde daar de rechten des volks te verdedigen en te trachten langs vreedzamen weg de zaak op te lossen; Zoo is het dat ik, Thomas Francois Burgers, Staatspresident der Zuid-Afrikaansche Republiek, bij dezen uit naam en op advies van den Uitvoerende Raad alle ambtenaren, burgers en ingezetenen gelast om zicht te onthouden van eenig woord of eenige daad van geweld waardoor de zending vruchteloos zou kunnen gemaakt worden. En ik vermaan alle burgers en ingezetenen het besluit de Regering te help handhaven en bij te staan tot de bewaring van orde en het voorkomen van bloedvergieten."[2]

Met "list, bedrog en bedreiging"[3] is Transvaal van sy onafhanklikheid beroof. Die meerderheid van die ingesetenes was diep getref deur die verlies van hulle vryheid,[4] dog hulle het gehoor gegee aan die Proklamasie van die President "en hulle word tevrede gestel en teruggehou deur die Protes van die Regering en die Proklamasie van die President solank as die regverdigheid en geregtigheid van Brittanje hulle as rede om die uitslag van die protes af te wag, voorgehou word."[5] Aan Beach verklaar Kruger en Joubert dat die vreedsame gedrag tydens hierdie buitengewone gebeurtenisse alleen toegeskryf moet word aan die Proklamasie van die President, en wel sy versoek om rustig die uitslag van die formele protes af te wag, en sy waar-

---

1) B.V. 36 p. 1; D.V. 18.4.77; T.G.G. 14.4.77
2) D.V. 18.4.77; C. 2220 p. 365; C. 1776 pp. 156 - 157
3) C. 2367 p. 98, Memorie aan die Koningin, 16 April 1879
4) Leyds p. 274
5) C. 2144 pp. 128 - 129, Kruger en Joubert aan Shepstone, 14 Mei 1878

skuwing teen die verbreking van die orde wat die protes sy krag mag ontneem.[1] Kruger het gesê dat daar seer sekerlik bloedvergieting sou gewees het as die proteste nie uitgereik is nie.[2] Vir hom was die proteste heilige dokumente, veral dié van die Uitvoerende Raad waarin die Regering namens die volk protesteer teen 'n daad van geweld en waardeur die volk dan ook [illegible]gtig verklaar dat hy geen af[illegible] sal doen van sy vryheid, onafhanklikheid en regte nie.[3]

Shepstone het die Proteste probeer verkleineer deur te beweer dat hulle gemaak is "om die skyn te bewaar."[4] Bulwer het daarop gewys dat die formele proteste van die Regering en die President nie verontagsaam kon word nie. Shepstone sou die Britse regering en publiek daarvan moes oortuig dat die volk van Transvaal die anneksasie goedkeur.[5] Shepstone het egter volgehou dat die proteste daarop bereken was om die "lawaaierige deel" van die bevolking stil te hou. Verder [illegible] hulle dien om plaaslike gevoelens te kalmeer en die bevolking te oorreed om kalm te aanvaar wat hulle as die enigste redding vir hulleself en die land beskou.[6]

Shepstone se eerste indruk van die President se Protes was egter: "I thought it too strong ..... pledging the people to resist by-and-by."[7] In sy [illegible]nderhandeling met Shepstone het Burgers nooit die waarde van sy Protes beklemtoon nie sodat Shepstone moontlik onder die indruk gekom het dat dit slegs 'n blote formaliteit sou wees.[8] Burgers se Protes was egter 'n magtige wapen in die hande van die Boere. Uit Engelse oogpunt beskou, was dit 'n taktiese flater van Shepstone om dit deur te laat, wat hom dan ook die onmin van die Britse regering op die hals gehaal het. Vandaar sy pogings om die waarde daarvan te probeer verkleineer. Die Protes van die President het egter die wetlike grondslag daargestel vir al die maatreëls teen die anneksasie tussen 1877 en 1880 wat uiteindelik op die herstel van die Republiek uitgeloop het.[9] Die Protesbesluit van die Uitvoerende Raad het dieselfde wetlike krag gehad. Die "Petisie van die Regte van die Boere"

---

1) Leyds p. 288, Kruger en Joubert aan Beach, 23 Augustus 1878
2) Heyns p. 16
3) Van Oordt p. 181
4) Uys p. 386, Shepstone aan Herbert, 11 April 1877
5) Ibid. p. 394, Bulwer aan Shepstone, 18 April 1877
6) C. 1776 p. 154, Shepstone aan Carnarvon, 17 April 1877
7) Martineau p. 19, Shepstone aan Herbert, 11 April 1877
8) Engelbrecht p. 289
9) Ibid.

het die saak so gestel: 'n Soewereine volk het die reg om sy onafhanklikheid met wapengeweld te verdedig. Om redes vervat in die resolusie van die Uitvoerende Raad van 9 April 1877, nl. interne swakheid veral t.o.v. die opneem van die swaard en die besluit om vreedsame middele te beproef, het die Boere nie van hierdie reg gebruik gemaak nie, maar wel die reg voorbehou om dit te doen.[1]

Ook "De Volksstem" het in sy hoofartikels kalmte en berusting onder sterk protes bepleit. Om die wapens op te neem, sou weens die geweldige mag van Engeland gekheid wees, en dit sou ook die waarde van die proteste skaad.[2] 'n Week tevore het die blad 'n krasser oordeel uitgespreek, nl. "Annexation against the will of the people is injudicious, impolitic and unjustifiable" en bygevoeg dat baie Boere die land sal verlaat.[3] Op 25 April raai hy egter sy lesers aan om te berus in die anneksasie en die beste van die saak te maak, hoewel die anneksasie ongegrond was.[4]

---

1) Carter p. 186, "Petisie van die Regte van die Boers" aan die O.V.S. Volksraad, 7 Februarie 1881
2) D.V. 11 April 1877
3) Ibid. 4 April 1877
4) Ibid. 25 April 1877

## HOOFSTUK 2

### WAS DIE MEERDERHEID VAN DIE BOERE TEN GUNSTE VAN ANNEKSASIE?

Enkele maande voor die anneksasie het Rutherford in sy blad die spot gedryf met die mening van die Kaapse "Standard and Mail" as sou die algemene gevoelens in Transvaal teen anneksasie wees en dat die meerderheid van die Boere hulle laaste druppel bloed sal stort om hulle onafhanklikheid te bewaar.[1] Rutherford was die mening toegedaan dat die anneksasie verwelkom sou word. "There would not be a week's growl either here (Potchefstroom) or in Pretoria, or any other town, I believe, if the British flag were hoisted."[2] Sy sienswyse was korrek m.b.t. die dorpsbewoners wat hy genoem het, dog hy het die plaasbewoners wat sewe-agstes van die bevolking uitgemaak het, buite rekening gelaat. Dat die dorpsbewoners in die algemeen die anneksasie verwelkom het, kan aanvaar word, soos Whitehead, een van Shepstone se informante, dan ook verklaar het.[3] Hierdie mense was reeds in 1874 ten gunste van inlywing omdat hulle van oordeel was dat anneksasie die waarde van hulle grond sou verdriedubbel.[4]

'n Paar gehuurde persone, aan wie £1,356 uit die Geheime Diensfonds betaal is, is deur Shepstone na die verskillende distrikte gestuur om die publieke opinie oor die anneksasie te toets.[5] Hulle het hulle inligting meestal van winkeliers, dorpsbewoners, avonturiers en Boere-enkelinge ontvang, en met die gevoelens van die Boere as volk nooit kennis gemaak nie. Te laat het Shepstone die ontdekking gemaak dat sy inligting afkomstig was van "pulpy endogens" en "overbearing bounders" wat self t.o.v. die ware gevoelens van die Boere mislei is.[6]

Rider Haggard beweer dat die Transvaal nie geannekseer is sonder inagneming van die gevoelens van die Boere nie.[7] Hy noem egter geen offisiële toets nie. Voor die anneksasie was Lanyon van oordeel dat die

---

1) Uys p. 307, uit "Transvaal Advocate " van Rutherford, 25 Desember 1876
2) Ibid. p. 228
3) Ibid. p. 241
4) Ibid. p. 239
5) De Kiewiet p. 113
6) Uys p. 240
7) Haggard p. 143

Transvalers angstig blyk om van hulle regering ontslae te raak en geanneksseer te word.[1] Op 1 Februarie 1881, nadat hy persoonlike kennis van die Boere opgedoen het, verklaar hy: "At the time when the annexation was brought about the feeling of the people generally was certainly not against the Act."[2] Fitzpatrick se mening is: "Nine men in every ten admitted that it was welcomed and justified by considerations of general South African policy, or else simply inevitable."[3] Ireland en Carter verklaar dat die meerderheid van die Boere gewillig was om geanneksseer te word.[4] Napraters van hierdie bewering was volop. O.a. het Sir Evelyn Wood in 1881 verklaar dat die bestuur van die Republiek "op die ernstige versoek van die verteenwoordigers van die Boerevolk" oorgeneem is, en in die 190[illegible] uitgawe van "The Statesman's Year Book" word verklaar dat die Transvaal geanneksseer is "in accordance with representations and petitions from the Boers."[5] Dit, die formele proteste van die President en die Uitvoerende Raad ten spyt.

Opvallend van Shepstone se optrede kort na die anneksasie was sy naarstige pogings om die Britse publiek en sy outoriteite daarvan te oortuig dat sy daad die volle goedkeuring van die burgers in die Transvaal weggedra het. Hy het onverwyld 'n aantal lojale adresse vergader en lg. na Londen versend waar hulle offisieel uitgegee is in Junie 1877.[6] Een van hulle is onderteken deur 'n sekere Chas. H. Webster, om 'n ander was a[illegible]mstig van "Vaalrivier" en die opsteller daarvan het Shepstone verseker dat [illegible] adres deur al die Boere van die omgewing onderteken is.[7] Uit Rusten[illegible]g lees die adres: "Ons meen dat die Proklamasie van U Eksellensie, waarin u verklaar dat die land aan Groot-Brittanje geheg word, nie langer uitgestel kon word nie, en daarsonder sou die land in groter ellende en anargie verval het....... Dit was vir ons 'n aangename verrassing en 'n genoeë om die gesonde verstand, voorsorg en uitmuntende takt deur u Eksellensie getoon, op te merk."[8] Hierdie adres bevat ook die veelseggende voetnoot: "Hierdie memorie is opgestel in dieselfde bewoording as die derde memorie wat van die inwoners van Pretoria ontvang is," d.w.s. daar moes

---

1) L.V. 12 p. 35, Lanyon aan Sir Charles Lanyon uit Grikwaland-Wes, 6.2.77
2) C. 2891 p. 5, Lanyon aan Kimberley, 1 Februarie 1881
3) Fitzpatrick p. 24
4) Ireland p. 28 en Carter p. 26
5) Leyds p. 273
6) Sien o.a. C. 1883 pp. 19 - 22 en C. 1961 pp. 37 - 42
7) C. 1814 p. 8
8) C. 1883 p. 21

onderlinge raadpleging tussen Pretoria en Rustenburg gewees het en wel d.m.v. Shepstone se agente. Dit is heel moontlik na hierdie en dergelike gevalle waarna Tromp verwys as hy sê dat agente van Shepstone die land deurreis het en vryelik sopies sjampanje uitgedeel het om mense te oorreed om ten gunste van die Britse konneksie te teken.[1)]

In een van die adresse wat Shepstone deur die Pretorianers aangebied is, word melding gemaak van die groot agting sowel vir die Britse regering wat Shepstone verteenwoordig, as vir Shepstone self. Van 'n versoek tot anneksasie is daar geen teken nie.[2)] Die Heidelbergers se adres wat deur Jacob Marais, L.V., aangebied is, is tipies van die houding van die Boere teenoor Shepstone se aankoms in Transvaal: "As far as we know, you are the representative of Her Majesty, the Queen of England, and as such your message will, no doubt, be one of peace and friendship. Be assured that we burghers now assembled cherish the most friendly feeling towards your Government, and that we shall concede to everything you might arrange with our Government for the well being of our State."[3)] Die adresse as geheel gesien, die entoesiastiese ontvangste en gasvryheid[4)] van die Boere het Shepstone daarvan oortuig dat die burgers 'n groot verandering verwag en verlang, maar juis in die aard van die verandering het hy misgetas. Die bewoording van die meeste adresse bewys dat hy as afgesant van Groot-Brittanje verwelkom is. Om te verklaar dat hierdie adresse hom as annekseerder verwelkom het, is, in die woorde van Van Oordt, "klinkklare diplomatieke onzin."[5)]

Die rol wat mense soos Whitehead, Henderson, Fraser, Page en Schwikherd gespeel het om 'n kunsmatige belangstelling in Shepstone se koms op te wek, is verswyg.[6)] Ook word daar tevergeefs gesoek na offisiële vermelding van die sjampanje wat by die wavragtevol aangery en by die bottelsvol op Shepstone se roete na Pretoria uitgedeel is.[7)] 'n Sekere P. Venter het ook die aantyging gemaak dat memories aan die Britse regering ten gunste van inlywing geteken is deur minderjariges "en dronken lieden die men by hopen teekenen liet wat veelen niet eens verstonden."[8)]

---

1) Tromp p. 205
2) D.V. 13 Januarie 1877
3) Cachet p. 473
4) Huisvrouens het selfs vir sy geselskap op die pad brood gebak. Vergelyk (De Kiewiet p. 114
5) Van Oordt p. 171
6) Uys p. 238
7) Tromp p. 142
8) Heyns p. 33

Shepstone het die gasvryheid wat die Boere aan hom persoonlik betoon het, gesien as lojaliteit aan Groot-Brittanje, en hy was daarvan oortuig dat die Transvalers se ontevredenheid met hulle regering daarop gedui het dat hulle onder die Britse vlag wou staan.[1] Hierdie sienswyse is getrou aan die Koloniale Kantoor oorgedra. Carnarvon het dan ook met genoeë daarvan kennis geneem dat die pogings van Haar Majesteit se regering om die Transvalers uit "besorgdheid en gevaar" te verlos deur die memorialiste op prys gestel word.[2] Op 18 Junie 1877 verklaar Lowther namens Carnarvon in die Britse Laerhuis: "Latere informasie het bewys dat hierdie proteste (dié van die Uitvoerende Raad en die President) nie in ooreenstemming is met die algemene gevoelens van die bevolking nie, wat hulle hartlik met die aanstelling van Sir Theophilus Shepstone blyk te versoen het."[3] Beach het verkondig dat die verwelkoming van Shepstone en sy troepe so oorweldigend was dat di[e be]skou kan word as algemene aanvaarding van Haar Majesteit se gesag in Transvaal.[4] Kruger en Joubert het erken dat Shepstone deur alle partye in Transvaal goed ontvang is, dog ontken dat hy of the Britse troepe goed ontvang is "as verteenwoordigende Britse gesag in Transvaal."[5] Shepstone is slegs goed ontvang omdat niemand bewus was van sy planne om die land te annekseer nie. Die gunstige adresse het slegs die menings van die vlottende dorpsbewoners uitgespreek en nie die gevoelens van die Boere en grondeienaars vertolk nie.[6] Na aanleiding van die adresse skryf Colenso en Durnford: "They were made to appear as genuine expressions of Boer opinions favourable to annexation, but the real feeling of the country was exceedingly averse to English interference with its liberties."[7] Bulwer het dieselfde mening teenoor Shepstone uitgespreek en bygevoeg dat hy liewer sou wou sien dat die Transvaalse regering versoek om geannekseer te word, as dat anneksasie op hulle afgedwing word.[8]

'n Vergelyking tussen Shepstone se uitlatings in 1877 oor die mate van steun vir anneksasie en dié in 1878, asook sy optrede, lei tot interessante gevolgtrekkings. Op 7 Februarie 1877 het alle intelligente

---

1) Uys p. 247
2) C. 1814 p. 15
3) Leyds p. 276
4) Kotze p. 565, Beach aan Kruger en Joubert, 6 Augustus 1878
5) C. 2220 p. 363, Kruger en Joubert aan Beach, 23 Augustus 1878; Colenso en Durnford p. 101 Die gunstige adresse het slegs die gevoelens van die
6) Theal 1 pp. 278 - 279 (vreemde element in Transvaal weerspieël.
7) Colenso en Durnford p. 101
8) Uys p. 373, Bulwer aan Shepstone, 21 Maart 1877

persone hom al gesteun[1] en op 13 Februarie het hy reeds 2,500 handtekenings ten gunste van anneksasie of federasie gehad.[2] Dit was 'n redelike goeie bewys van steun, indien dit outentiek was, dog in geen offisiële skrywe van Shepstone aan die Koloniale Kantoor het hy die waarde van hierdie syfers beklemtoon nie. Uys sien die verstrekking van genoemde syfers aan Bulwer as 'n poging om lg. te oortuig van die sukses van sy sending, omdat Bulwer die enigste van sy korrespondente was wat skepties teenoor die sukses van sy onderneming gestaan het.[3] Teen 6 Maart het (volgens Shepstone) al die dorpe en gehuggies in die land sonder uitsondering na die verandering vooruitgesien,[4] en op 28 Maart was die persentasie van die bevolking wat die verandering as noodsaaklik geag en dit heimlik verwelkom het, so groot dat daar min ruimte vir vyandigheid oorgebly het.[5] Op 11 April het die President geruime tyd reeds in die noodsaaklikheid van anneksasie berus, terwyl regeringslede hulle ten gunste daarvan uitgespreek het, hoewel hulle dit nie in die openbaar wou erken nie.[6] Teen 18 April het teenkanting reeds na dankbare aanvaarding omgeswaai,[7] en daar was so min teenstand dat niemand hom oor die proteste en die afvaardiging na Europa hoef te bekommer nie; hy glo nie eers dat laasgenoemde ooit na die buiteland sou vertrek nie.[8]

Op 9 Mei moes Shepstone egter meld dat die afvaardiging wel op vertrek staan, dog nie een van die twee here, veral nie Jorissen nie, is begerig dat die anneksasie herroep sal word nie.[9] Hy het ook 'n foto van Kruger in sy brief ingesluit en bygevoeg dat hy beskuldig word van afgryslike wandade teenoor die naturelle[10] - 'n opmerking wat daarop bereken was om vooroordeel te saai. Shepstone het Jorissen se gevoelens redelik korrek opgesom soos deur lg. se optrede in Londen en sy aanvaarding van diens onder die Engelse bestuur in Transvaal bewys is, dog sy opmerking oor Kruger se wreedheid was 'n blote verdigsel. Op 14 Mei verklaar Shepstone dat daar nie genoeg geld in Transvaal vir die deputasie gekollekteer kan word nie, en dat daar min teenstand oor is weens die oortuiging dat die in-

---

1) De Kiewiet p. 115, Shepstone aan Bulwer
2) Uys p. 317, Shepstone aan Bulwer
3) Ibid. p. 318
4) C. 1776 p. 109
5) Ibid. p. 97
6) Martineau p. 19, Shepstone aan Herbert
7) Uys p. 418, Shepstone aan Carnarvon
8) Ibid. p. 419, Shepstone aan Herbert
9) Martineau p. 20n; Uys p. 423
10) Uys p. 423

herente swakheid van die landsbestuur die verandering sowel onvermydelik as aanneemlik gemaak het.[1] Op 29 Junie meld hy dat die hoofartikel van die "Argus" wat hy aanheg en wat dié van die reeds aangehaalde "Standard and Mail"[2] weerspreek, as gesaghebbend aanvaar kan word. Die Transvalers het in die algemeen redelik en bevredigend in die Britse bewind berus.[3] Vanuit Kaapstad het Frere as Hoë-Kommissaris hierdie getuienis aangevul. Hy was nl. daarvan oortuig dat daar in geen deel van die Kaapkolonie veel bemiddelde of invloedryke persone gevind sou kon word wat die anneksasie van Transvaal ongedaan sou wou maak nie en dat die oorgrote meerderheid van alle klasse van die bevolking 'n terugkeer na die ou toestande sou betreur.[4]

Waar die Britse vlag "kalm, en wat die meerderheid betref, dankbaar in die hele land aanvaar is" volgens Shepstone op 25 April 1877,[5] het die Administrateur dit op 5 en 7 Januarie 1878 raadsaam geag om die kanonne te rig op die verslagvergadering van die eerste Deputasie in Pretoria.[6] Op 11 Maart 1878 het hy 'n proklamasie uitgevaardig waarin almal wat deelneem aan openbare vergaderings om te protesteer teen die anneksasie, met straf bedreig is.[7] Teen 26 Maart 1878 het (volgens Shepstone) agitators begin doenig raak en het hulle soveel sukses behaal in hulle pogings om die mense op te rui dat Shepstone ernstige komplikasies op 'n onverwagte oomblik begin vrees het, sodanig dat hy by Frere daarop aangedring het dat 'n aansienlike troepemag na die Transvaal gestuur moet word sodat garnisoene vir 'n tyd lank in die vernaamste dorpe geplaas kon word.[8] Aan die begin van Mei 1878 het Shepstone "'n tradisionele en diep-gewortelde haat teenoor die Engelse naam" onder die Boere ontdek,[9] en toen die middel van Mei het hy uitgevind dat die Boere hulle nie sal neerlê nie, selfs as die tweede Deputasie nie in sy doel slaag nie.[10]

Enkele ander oorwegings moet ook genoem word. Indien die meerderheid ten gunste van anneksasie was, sou Shepstone se versoek aan Bulwer

---

1) C. 1883 p. 9, Shepstone aan Carnarvon
2) Sien p. 33 hiervan
3) C. 1883 p. 38, Shepstone aan Carnarvon
4) Ibid. p. 10, Frere se skrywe gedateer 5 Junie 1877
5) C. 1776 p. 165
6) D.V. 16.4.78; C. 2144 p. 144, Gunn se petisie aan Frere, uit "Cape Times" (van 1.6.78.
7) C. 2100 pp. 53 - 54
8) L.V. 4 p. 227, Shepstone aan Frere
9) C. 2144 p. 97, Shepstone aan Beach, 8 Mei 1878
10) C. 2144 p. 128, Shepstone aan Beach, 17 Mei 1878

om die Transvalers se ammunisietoevoer af te sny[1] onnodig gewees het. Nog minder sou daar enige huiwering van Britse kant moes gewees het om 'n offisiële referendum oor die aangeleentheid uit te skryf. Osborn sou ook geen rede gehad het om sodanig te bewe toe hy die Anneksasie-Proklamasie voorgelees het[2] dat Rider Haggard vir hom die dokument moes vashou nie. Ten laaste sou die verdraaiing van gegewens en woorde wat by Shepstone iets alledaags was, onnodig gewees het. Een voorbeeld hiervan sal voldoende wees.

Die inleiding tot die rapport oor finansies soos vervat in die Volksraadsnotule van die Republiek "Whereas it is apparent from the report of the financial commission that the taxes for the greater part are not being paid, and that it is therefore impossible for the Government to continue the administration and control of the country in this manner"...[3] word op 6 Maart 1877 aan Carnarvon soos volg oorgedra: "The Volksraad resolves that, whereas it appears from the report of the financial Commission that the taxes have not for the greater part been paid, and it has thus become impossible under such circumstances for the Government to carry on the Administration and control of the country"....[4] Deur die weglating van "in this manner" en die invoeging van "under such circumstances"[5] en deur die vervanging van "are not being paid" met "have not been paid" het Shepstone daarin geslaag om 'n ander betekenis aan die resolusie te heg. Boonop het Shepstone genoemde stuk in aanhalingstekens geskryf om die idee te gee dat dit direk uit die notule oorgeneem is, wat dan ook die vermoede versterk dat sy verdraaiing doelbewus gepleeg is.

Ten spyte van sy aanspraak dat hy die mens baie goed verstaan het, het Shepstone sover dit die anneksasie betref 'n wanbegrip van die Boere se gevoelens daarop nagehou en hulle sienswyse verdraaid vertolk.[6] Sy vertroue dat drie-vierdes van die bevolking dankbaar sou wees vir die verandering, is geskok, terwyl die verloop van die Boere se verset op alles behalwe "'n blote formaliteit" gedui het. De Kiewiet noem sy aanspraak op die steun van die meerderheid ongegrond,[7] terwyl Aylward hom daarvan beskuldig dat

---

1) Uys p. 321
2) Tromp p. 272; Nathan p. 118
3) Engelbrecht p. 230
4) C. 1776 p. 108
5) Engelbrecht p. 230n
6) Kotze p. 354
7) De Kiewiet p. 113

hy sy meerderes m.b.t. toestande in die Transvaal om die bos gelei het.[1] Ook die Boere het hom hiervan aangekla in die Memorie aan die Koningin.[2] Veelseggend is die volgende skrywe van Shepstone aan Herbert op 18 April 1877: "You will perceive that I had rather a difficult [illegible] in writing my despatch. I had to steer clear on the one hand of giving the Boers the idea that the Government were consenting parties, and on the other of conveying the notion to readers at a distance that in fact they were not so."[3]

Die gevoel van onverskilligheid wat hom van die Boere t.o.v. die anneksasie meester gemaak het, was nie diep-gewortel nie.[4] Kotze erken dat hy, nes baie ander, na 12 April deur die skynbare instemming van die meerderheid tot anneksasie mislei is[5] maar terwyl die Boere gewag het op die uitslag van hulle proteste, het die volle betekenis van die anneksasie tot hulle deurgedring,[6] en 'n vasberadenheid om hulle nie te onderwerp nie het by hulle posgevat.[7] Vir Joubert, wat onder Lanyon se bewind geweier het om die eed van getrouheid af te lê, het dit aanvanklik gelyk asof onderwerping uiteindelik onvermydelik sou wees, dog hoe meer hy homself wou tevrede stel, des te ongelukkiger en onrustiger het hy in sy gemoed geword.[8]

Frere se versekering aan die Koloniale Kantoor dat die Kaapkolonie die anneksasie steun,[9] was skaars 'n maand oud toe hy die eerste petisie teen anneksasie ontvang het. In hierdie petisie, gerig aan die Koningin, en onderteken deur 5,400 Kapenaars, is protes aangeteken teen die skending deur die Britse regering van die regte en traktate wat met hulle medeburgers in Transvaal gesluit is. Die memorialiste betreur nie alleen die afwyking van die beproefde beleid nie, maar ook die onregverdigheid van die daad wat vervreemding tussen Boer en Brit ten gevolg sal hê.[10] In sy begeleidende brief aan Carnarvon het Frere dit nodig gevind om die betekenis van bogenoemde petisie te probeer verkleineer deur te meld dat hy goeie redes het om te glo dat baie lojale Kaapse burgers hierdie petisie sou teken uit simpatie met die Transvalers, maar dat hulle terselfdertyd geen begeerte

---

1) Aylward pp. 273 - 274
2) Theal 2 p. 88, Memorie aan die Koningin, 16 April 1879
3) Engelbrecht pp. 204 - 205
4) Jeppe p. 64
5) Kotze p. 305
6) Ibid. p. 358n
7) Ibid. p. 403
8) J.V. 27/2390 p. 9
9) Sien p. 38 hiervan
10) C. 1883 p. 28, Petisie afgestuur op 25 Junie 1877

het dat die anneksasie herroep moet word nie.[1]

Op 8 Mei 1878 skryf Shepstone aan Beach: "The return of Kruger and Jorissen and the report they made of the failure of their mission, caused, as was to be expected, considerable excitement among the Boer population."[2] Deur die woorde "as was to be expected" te gebruik, het Shepstone bewys gelewer dat daar groot ontevredenheid was oor die anneksasie sedert die vertrek van die Deputasie en dat hy bewus daarvan was.

Verskillende persone het hulle menings oor die vraag of die meerderheid van die Boere ten gunste van anneksasie was, gelug. Kontemporêre skrywers het die volgende opinies daarop nagehou: Tromp: Die grootste massa van die blankes was in April 1877 teen die anneksasie gekant.[3] Roorda Smit: "Nie 'n tiende deel van die bevolking was ten gunste van die anneksasie nie."[4] Colenso: "However the foreign element in the Transvaal may have welcomed the annexation, the Boers, as a body, held aloof."[5] Aylward: Die meerderheid van die bevolking was nie ten gunste van die anneksasie nie.[6] Greswell: "This burning question of independence had been kept alive by means of active agitation ever since 1877."[7] Cachet: Die volk van die Suid-Afrikaanse Republiek het vir geen enkele oomblik die anneksasie goedgekeur nie en het hom van die begin af op besliste wyse teen die verlies van sy onafhanklikheid uitgespreek.[8] De Volksstem: Die inwoners van Wakkerstroom petisioneer die Regering om hulle onafhanklikheid te beveilig.[9] Lydenburg is teen anneksasie gekant.[10] In Marico is 375 uit 400 stemgeregtigdes teen die anneksasie.[11] 'n Aanhaling uit die "London Times": Ons het 'n uitgestrekte land teen die wil van die inwoners geannekseer.[12] Verskillende skrywers wie se werke op primêre bronne gebaseer is, huldig ook die mening dat die meerderheid van die Boere teen die anneksasie gekant was.[13]

---

1) C. 1883 p. 27, Frere aan Carnarvon, 25 Junie 1877
2) C. 2144 p. 97
3) Tromp p. 296
4) Roorda Smit p. 96
5) Colenso en Durnford p. 109
6) Aylward p. 369
7) Greswell 2 p. 2
8) Cachet p. 485. Op 17 Mei 1877 het Cachet ook per brief by Shepstone protes aangeteken en verklaar dat daar geen rugversiging vir sy stap bestaan nie (Uys pp. 410 - 411).
9) D.V. 11 April 1877
10) Ibid.
11) Ibid. 29 Augustus 1877
12) Ibid. 13 Januarie 1880
13) Nathan pp. 102 en 111; Theal 1 p. 275 en 2 p. 81; Botha p. 102; Van der Walt, Wiid en Geyer 1 p. 407

'n Veelseggende onthulling is ook deur Beach in 'n brief aan Wolseley gemaak. Lg. moet dit nl. onder die Boere se aandag bring dat hulle volgehoue teenkanting teen die Engelse regering in Transvaal die vernaamste rede is waarom groter konstitusionele voorregte en magte nog nie aan hulle toegeken is nie.[1] Dit beteken dat dit wel toegeken sou gewees het in ooreenstemming met die beloftes van die Anneksasie-Proklamasie, en wel so gou as moontlik na 12 April, indien die Boere hulle die anneksasie laat welgeval het, dog onder die heersende omstandighede sou 'n verkose wetgewende liggaam (of die Volksraad) nie die verlangde samewerking verleen nie.[2]

In sy stryd om die Volksraad te beweeg om sy hervormingsprogram goed te keur, het Burgers verklaar: "Toe ons moes veg, het ons ons lewens liewer gehad [illegible]s land; toe ons moes betaal om die land te red, het ons ons geld nog li[illegible]r gehad as ons lewens"[3] en "Deur met die tyd saam te ontwikkel en [illegible]anklikheid te verdien, sal ons dit behou."[4] Dit was die kern [illegible]e saak voor 12 April: die Boere wou hulle onafhanklikheid behou, dog hulle wou hulle geen moeite getroos of help betaal ter behoud daarvan nie. Hulle wou dit verniet hê - die President moes dit vir hulle gee. Na 12 April het die ontwaking gekom, dog tesame hiermee die versoek om in kalmte die uitslag van die proteste af te wag. C.P. Kloppers se brief gee 'n goeie beeld van die gevoelens en houding van die deursnee Boer tussen 12 April en die terugkoms van die eerste Deputasie. "Jullie dink ons is tevrede met die Engelsman omdat ons stil is? Maar stil water het diepe grond. Jullie sal sien as Paul kom ......... Paul het gesê ons moet stil sit; anders sal die water mos vuil word."[5]

Daar bestaan ook verdere betroubare dokumentêre bewyse om te staaf dat die meerderheid teen die anneksasie gekant was. Volgens Shepstone het die groottotaal weerbare manne, d.w.s. stemgeregtigde persone, in Transvaal in 1877 op 8,000 te staan gekom. Hiervan was ongeveer 350 uitlanders, meestal op die goudvelde, 1,000 dorpsbewoners en 6,650 plaasbewoners.[6] Alle meerderjarige manlike persone wat aan een of meer van die

---

1) C. 2482 p. 379, Beach aan Wolseley, 20 November 1879
2) Keppel-Jones p. 107
3) Tromp p. 234
4) Ibid. p. 247
5) D.V. 29 Augustus 1877
6) Ibid. 18 April 1877, Shepstone aan Carnarvon op 12 Maart 1877

volgende vereistes voldoen het, het die stemreg besit: (a) gebore Transvalers (b) eiendomsbesitters in Transvaal (c) persone wat meer as een jaar lank in Transvaal gewoon en bewyse van goeie gedrag gelewer het.[1] Op die memories wat voor die vertrek van die tweede Deputasie gesirkuleer is, het 6,591 persone hulle teen die anneksasie uitgespreek en 587 daarvoor. Hierdie syfers is op 4 April 1878 openbaar gemaak.[2] Hierdie inligting het Joubert by wyse van skatting reeds op 5 April 1877 aan Shepstone verstrek toe hy hom verseker het dat daar meer as 600, miskien meer as 6,000, Boere is wat hulle onafhanklikheid netso lief of selfs liewer het as hy (Joubert) en netsoos hulle voorvaders goed en bloed daarvoor sal opoffer.[3] Daar bestaan geen rede om die egtheid van die handtekenings op gemelde memories in twyfel te trek nie.[4] Die syfers 6,591 en 587 plus 427 wat as bedorwe beskou is,[5] vergelyk dus goed met Shepstone se groottotaal van die kiesers.

Shepstone se groot persentasie wat die anneksasie sou gesteun het, het dus in werklikheid 7.3% geblyk te wees. Teenoor 82.4% daarteen met 10.3% buite rekening gelaat, lyk die 7.3% daarvoor onbenullig in die lig van die vereiste in sy opdrag vervat, nl. dat "'n voldoende getal van die inwoners" ten gunste van anneksasie moes wees. Volgens "De Volksstem" was die uitslag van die volkstemming nie alleen vir Shepstone 'n slag nie, maar het dit ook sy leuens ontbloot.[6]

Die uitslag van die opname oor federasie gee ook 'n goeie aanduiding van die Boere se gevoelens oor die anneksasie. Daar moet in gedagte gehou word dat die Boere voor 1877 in federasie die verlies van hulle politieke onafhanklikheid gesien het,[7] en daarom was hulle voor 12 April 1877 as't ware netso sterk gekant teen federasie as anneksasie. Volgens die handtekenings op die 45 memories wat Kruger en Von Gorkom in die middel van Februarie 1877 by die Volksraad ingedien het, het 2,326 persone hulle teen federasie uitgespreek en 362 daarvoor. Persentasiegewys beteken dit 86.5% daarteen en 13.5% daarvoor. Volgens "De Volksstem" sou hierdie uitslag "die oë van ons Transvaalse tydgenote open."[8]

---

1) Kotze p. 684n: Wet Nr. 1 van 1876. Diegene wat onder (b) en (c) geregistreer het, moes 'n eed van getrouheid aflê.
2) B.V. 1 p. 4
3) J.V. 27/2590 p. 5
4) Sien B.V. Volume 1
5) In werklikheid is hierdie stemme volgens die leiers op onreëlmatige wyse ingedien.
6) D.V. 7 Mei 1878
7) Mouton p. 32; Kruger pp. 124 - 125, Kruger aan Volksraad op 16 Feb. 1877
8) Uys p. 319

Verskillende skrywere het hulle besondig aan die onsinnige spekulasie as sou die Volksraad die anneksasie goedgekeur het, indien Shepstone hierdie liggaam sou byeengeroep en die kwessie aan hulle voorgelê het. "Had Sir Theophilus Shepstone possessed the courage to call the old Volksraad together to ratify the annexation, there can be no reasonable doubt that it would have been sanctioned," skryf Scoble en Abercrombie op p. 39. De Kiewiet en Walker huldig o.a. dieselfde mening.[1] Op 4 Oktober 1876 het Carnarvon Shepstone laat verstaan dat dit wenslik is dat die toestemming van die Volksraad tot die oorname van die Transvaal verkry sou word en dat dit gevaarlik sou wees om die land teen hulle wense te annekseer "except under circumstances so grave as to justify us on the grounds of unquestionable general safety."[2] Shepstone het verkies om 'n soektog na "gevaarlike toestande" op tou te sit eerder as om 'n makliker uitweg te volg deur die Volksraad anneksasie te laat goedkeur.

Die Volksraad het gaandeweg voor die anneksasie 'n meer verenigde front begin toon, en die nuwe eenheid het Shepstone so onrustig gestem dat hy sy planne verhaas het, andere kon ook die beskuldiging van inherente swakheid naderhand verdwyn het.[3] So hoog het die Volksraad die onafhanklikheid van die land geag dat hierdie liggaam groot en outokratiese magte aan die President toevertrou het, daar die lede van oordeel was dat dit anneksasie sou verhoed.[4] By twee verskillende geleenthede het die Volksraad hom op ondubbelsinnige wyse teen anneksasie uitgespreek, en wel op 22 Februarie en 7 Maart 1877. Op eersgenoemde datum het die Volksraad "die onwrikbare gehegtheid van die volk aan die onafhanklikheid van die Staat" beklemtoon en besluit dat die nodige maatreëls getref moet word ter handhawing van die onafhanklikheid van die Republiek.[5] Op 7 Maart het die Volksraad homself bereid verklaar om alle struikelblokke wat volgens Shepstone hulle onafhanklikheid bedreig het, uit die weg te ruim en tot 'n goeie verstandhouding met Groot-Brittanje te kom. Aan die President en Uitvoerende Raad is opgedra om met Shepstone te onderhandel, dog op geen wyse in te gaan op enige ooreenkoms wat die onafhanklikheid van die Republiek

---

1) De Kiewiet p. 124; Walker p. 381
2) De Kiewiet p. 110
3) Tromp p. 267
4) Uys p. 363
5) E.V.R. 12 p. 567

in die gedrang sou bring nie.[1]

Dit ly geen twyfel dat Shepstone geen moeite sou ontsien het nie, indien hy daarvan oortuig was dat die Volksraad wel 'n mosie van goedkeuring t.o.v. anneksasie sou aanneem. Dit sou die kroon gespan het op sy onderneming en sou hom baie versinsels en duimsuiery bespaar het om sy meerderes daarvan te oortuig dat anneksasie ingeslaan het. Verteenwoordigende regering is ook nie volgens belofte ingestel nie, omdat hy geweet het dat die eerste resolusie van so 'n liggaam 'n besluit teen anneksasie sou gewees het.[2] Om dieselfde rede is die Volksraadsitting wat vir Mei 1877 bepaal is, d.m.v. 'n proklamasie in die Staatskoerant gekanselleer.[3] Op 22 Mei 1877 het Frere voorgestel dat die Volksraad byeengeroep word, want, het hy gemeen, as hierdie lede in die anneksasie berus, sou die [illegible] vonkie van teenstand blus.[4] Ten spyte van sy verklaring aan [illegible] op 11 April dat die meeste van die Volksraadslede hulle alreeds ten gunste van anneksasie uitgespreek het,[5] het Shepstone nou aan [illegible] geantwoord: "I do not see my way (clear) to calling the Volksraad together...... I am afraid it may be playing with edged tools."[6]

'n Laaste vraag moet hier beantwoord word, nl. of Shepstone sy opdrag te buite gegaan het, want hierop was as't ware die sending van die twee Deputasies gebaseer, asook 'n groot gedeelte van die lydelike versetbeweging en die geduldige maar hoopvolle beroep op Britse staatsmanne om die onafhanklikheid te herstel.

Volgens Shepstone se offisiële opdrag moes hy die Republiek annekseer op voorwaarde dat "die inwoners van die gebied of gedeelte daarvan, of 'n genoegsame getal van hulle, of die wetgewende mag daarvan, begeer om ons onderdane te word."[7] Shepstone het hom, soos reeds aangetoon, nie ten volle vergewis van die gevoelens van elke bevolkingsdeel nie en op 12 April tot anneksasie oorgegaan. Volgens die Boere het hy in stryd met bogenoemde voorwaarde, soos vervat in sy opdrag, opgetree. Op grond van die feit dat die genoemde voorwaardes volgens die mening van "De Volksstem" nie nagekom

---

1) E.V.R. 12 p. 610; Kotze p. 353
2) Theal 1 p. 297
3) T.G.G. 28 April 1877
4) Uys p. 432
5) Martineau p. 19
6) Uys p. 432, Shepstone aan Frere, 6 Junie 1877
7) C. 1776 p. 2, Shepstone se Opdrag van Carnarvon, ged. 5 Oktober 1876

is nie, het hierdie blad reeds op 11 April 1877 verklaar dat die anneksasie nie met Shepstone se opdrag strook nie. Die land is, volgens die Boere, onder 'n misverstand geannekseer. Niemand was egter op hierdie stadium van Shepstone se geheime opdragte bewus nie.

Soos reeds aangetoon, het federasie vir Carnarvon 'n dringende noodsaaklikheid geword, en toe hy nie by magte blyk om die saak deur te voer nie, het daar slegs die "ultima ratio" - die vernietiging van Transvaal se onafhanklikheid - oorgebly.[1] Die eerste tekens hiervan het hy reeds op 22 September 1876 gegee: "Die loop van omstandighede het my posisie verander, en dit is duidelik dat my plan om met die Transvaal as onafhanklike Staat saam te werk, miskien verandering kan ondergaan."[2] Teen 4 Oktober het Carnarvon al baie dieper op die onderneming ingegaan en selfs die gevolge van so 'n daad begryp, want, skryf hy aan Shepstone, indien geweld gebruik word, sal die Boere 'n ontevrede element in die politieke lewe bly, en die moontlikheid is groot dat hulle gevoelens op hulle rasgenote in die Kaap oorgedra mag word.[3] Op 11 Oktober skryf hy aan Shepstone: "... the more I consider the prospect of affairs, the more important does it seem to me to obtain the Transvaal. This will give us the key of the position and will solve many of our most pressing questions. Lastly, we can never hope that the opportunity will, if once lost, recur."[4] Carnarvon het volgens Uys veral in sy privaatkorrespondensie met Shepstone op anneksasie aangedring, want hierdie briewe sou nie die paadjie na die Blou Boeke vind nie met die gevolg dat dit hom van alle blaam sou onthef indien die anneksasie op 'n mislukking sou uitloop en dit aan Shepstone sou oorlaat om die spit af te byt.[5]

De Kiewiet meen dat Carnarvon se opdragte in die geheel gesien hierop neerkom: annekseer die Transvaal met die toestemming van die bevolking indien moontlik; in elk geval, annekseer die Transvaal.[6] As aansporing vir Shepstone het gedien die belofte van Carnarvon dat hy as die eerste Goewerneur van Transvaal aangestel sou word.[7] Die Anneksasie-Proklama-

---

1) De Kiewiet pp. 29 - 30
2) Van Oordt p. 169, Carnarvon aan Barkly, 22 September 1876
3) Engelbrecht p. 203
4) Uys p. 263
5) Ibid. p. 265
6) De Kiewiet p. 110
7) Kotze p. 301, uit "Life of Disraeli" van Moneypenny en Buckle, 6 p. 414

6) De Kiewiet p. 110
7) Kotze p. 301, uit "Life of Disraeli" van Moneypenny en Buckle, 6 p. 414

sie vermeld dan ook dat hy optree "according to instructions conveyed to me thereby (die offisiële opdrag van Carnarvon) and otherwise" (sy geheime instruksies).[1] Vandaar ook Shepstone se gebrek aan belangstelling in 'n mosie van goedkeuring van die Volksraad. Hy het sy opdrag gehad en die uitdaging was om dit uit te voer sonder bloedvergieting, 'n taak waarvan hy hom deeglik gekwyt het.[2]

Ten spyte van die hierbo-aangehaalde woorde van Carnarvon het lg. op 23 April 1877 in die Britse "House of Lords" verklaar: "Knowing as I do how much the Boers and the people of the Transvaal desire to come under British rule ..... I have no desire, if it can be avoided, to take over that State."[3] Transvaal was toe alreeds elf dae lank op sy eie bevel Britse gebied.

Nathan beskou die anneksasie as "an act of sheer brigandage ..... not only a crime; it was a blunder." Wat, vra hy, was die waarde van die volksmening as die anneksasie alreeds deur Carnarvon in 1876 as 'n voldonge feit beplan is?[4]

Waar die Boere egter geglo het dat Shepstone sy opdrag te buite gegaan het, en dat die Transvaal onder 'n misverstand geannekseer is,[5] is die Deputasie na Engeland gestuur om, sonder dat hulle daarvan bewus was, by die hoofaanstigter tot anneksasie op die herstel van hulle onafhanklikheid aan te dring.

---

1) Engelbrecht pp. 200 - 20[illegible].
2) Reeds op 11 Januarie 1877 verklaar Shepstone: "If it is possible to annex the Transvaal, not one of them (inhabitants) will fight or use force to resist it." Anneksasie sou dus nie volgens die volkswil bepaal word nie, maar wel of die Boere gereed sou wees om te veg of nie (Uys p. 291).
3) Carter p. 42
4) Nathan p. 119
5) Lovell p. 17; Statham: South Africa as it is, p. 25

## HOOFSTUK 3

## DEPUTASIES NA ENGELAND

Tussen 12 April 1877 en die begin van die Vryheidsoorlog staan die geskiedenis van Transvaal in die teken van "lydelike verset," 'n passiewe houding van Boerekant as gevolg van die beroep van die President en die advies van die leiers om sonder geweldpleging die uitslag van die formele proteste teen die anneksasie af te wag. Die Boere sou hulle van al sulke dade wat 'n onmiddellike botsing ten gevolg sou hê, weerhou, maar terselfdertyd ook poog om die regering sodanig in die wiele te ry dat die owerhede sou besef dat die burgers slegs met hulle onafhanklikheid tevrede sou wees.[1]

Die eerste Deputasie wat offisieel deur die Uitvoerende Raad volgens sy Protesbesluit benoem is en uit Kruger en Jorissen bestaan het, het Pretoria in Mei 1877 verlaat en eers in Desember van dieselfde jaar teruggekom. Dr. Jorissen was een van die groepie Hollanders wat Burgers na Transvaal laat kom het om die onderwyse en administrasie op 'n beter grondslag te plaas. Met die anneksasie was hy egter Staatsprokureur van die Republiek. Hy is dikwels "the man of epigrams" genoem. By geleentheid van 'n bal wat Shepstone voor die anneksasie in Pretoria gereël het, sou Jorissen teenoor 'n Engelse offisier opgemerk het: "We are dancing on the grave of the Republic, but then we all believe in a glorious resurrection."[2]

Daar is altesaam vyf onderhoude deur die deputasie met Carnarvon gevoer. Met die eerste samespreking op 5 Julie het Jorissen, nadat hulle geloofsbriewe en die formele proteste oorhandig is, Carnarvon by wyse van skriftelike verklaring bedank vir die onderhoud en 'n beroep op hom gedoen om hulle aan te hoor en die anneksasie te herroep, daar lg. teen die wil van die bevolking, die stigters van die Republiek en die pioniers van die beskawing en die Christendom, plaasgevind het.[3] Hierop het Carnarvon geantwoord dat die anneksasie nie ongedaan gemaak kon word nie en dat hy nie gewillig is om die anneksasie verder te bespreek nie,[4] maar wel dié sake

1) Pieterse p. 15
2) Jeppe pp. 29 - 30
3) Kruger p. 135
4) Ibid. p. 136

wat die geluk en voorspoed van die Hollandse bevolking onder die Britse bestuur sou waarborg. Kruger het dwarsdeur die samesprekings geswyg, en eers met die tweede onderhoud, nadat die Deputasie se sekretaris, Bok, 'n skriftelike verslag van die eerste ontmoeting in Hollands aan hom voorgelê het, aan die besprekings begin deelneem.

Om die voorspoed wat Carnarvon genoem het, te verseker, het Kruger op 'n amptelike volkstemming aangedring sodat die ontevrede Boere kon insien dat hulle in die minderheid is. Carnarvon was egter sterk gekant teen 'n volkstemming oor die anneksasie self, daar lg. wel in 'n swak Napoleontiese bewind tuishoort, maar heeltemal in stryd is met die konstitusionele beginsels wat in Engeland geld.[1] Die stemming moes liewer gaan oor 'n nuwe grondwet vir Transvaal, en dan kon die burgers op indirekte wyse aandui of hulle genoeë neem met die nuwe toestand al dan nie.[2] "Die Transvalers is hulle eie vyande, kinders wat nie besef wat tot hulle voordeel strek nie. Die nuwe provinsie is nie 'n lot uit die lotery waarop sy land trots kan wees nie; dit lê op Engeland se skouers 'n las van verantwoordelikheid wat van sy kant lafhartig sou wees om af te wys."[3] Jorissen het ook sekere voorregte t.o.v. selfregering , invoerregte, ens. gevra en hierdeur by implikasie laat blyk dat hy die anneksasie aanvaar. Sy opmerkings in hierdie verband is nie aan Kruger vertaal nie. Van sy kant het Carnarvon allerlei beloftes m.b.t. taalregte, grondwet, lenings e.d.m. gemaak waarin Kruger geen belang gestel het nie.

Teen 10 Augustus met die vierde onderhoud was Carnarvon in besit van Shepstone se verslae van sy rondreis deur Transvaal, die memories ten gunste van anneksasie, 'n inleidingsartikel van "De Volksstem" van 25 April 1877 waarin die anneksasie as onherroeplik beskryf is en die volk gemaan is om te berus,[4] en 'n afskrif van ds. Jooste se brief wat op 14 Julie in "De Zuid-Afrikaan" verskyn het. In hierdie brief het Jooste gemeld dat hy die hele Transvaal deurreis het en dat 96% van die burgers tevrede is met die anneksasie; Kruger verteenwoordig nie die Transvaalse volk nie, maar slegs die "Dopperparty" wat maar 'n derde van die bevolking tel.[5] Op

1) Jorissen p. 36
2) Kruger p. 138
3) Jorissen p. 36
4) Kruger p. 139
5) Van Oordt p. 187

grond van hierdie inligting het Carnarvon die anneksasie as geregverdig beskou. Dit was vir hom maklik om die Deputasie te verseker dat hulle nie hulle eie land en die gevoolens van die burgers ken nie en dat hulle teen die wense van hulle landgenote optree.

Hierop het Carnarvon 'n samevatting gegee van die toegewirge wat hy bereid was om aan die Transvalers te maak, nl. 'n lening van £100,000 die voortbestaan van die Hollandse taal naas Engels en vrystelling van invoerregte indien die Transvaal sou toestem tot federasie met Natal. Kruger het nogmaals aangedring op 'n volkstemming, dog hiervoor was Carnarvon nou nog minder te vinde as tevore. Hy het beloof om alles wat hy gesê het, op skrif te stel en aan die Deputasie te stuur.[1]

In die beloofde brief het Carnarvon gemeld dat dit vir hom ondenkbaar was dat 'n opdrag ... in die naam van die Koningin uitgevoer is, in twyfel getrek kon word, maar indien dit wel moontlik was, vind hy dit verkeerd dat 'n buitengewone klein minderheid van die ingesetenes hulle kon verset teen die aanname van die gesag van die Koningin. Hy vervolg: "Since you have left the Transvaal for England the enthusiasm with which the vast majority of the people, including the Dutch colonists, have welcomed Sir T. Shepstone as the representative of Her Majesty has increased to the extent of apparently absorbing all other feelings, and it would be very unfortunate to take a step which a minority, however fractional it may be, might fail to entail upon them the obligation which might otherwise be avoided, of recording their wish that this proclamation had never been issued."[2]

Verder bevat die brief 'n samevatting van die besprekings wat reeds plaasgevind het, dog m.b.t. die behoud van die Hollandse taal is daar 'n opvallende wysiging. "Die tyd mag aanbreek," lees dit voorts, "soos in ander kolonies en lande, waar die taal van die oorspronklike bewoners op voorstel van hulle nakomelinge of oorlewendes toegelaat sal word om in amptelike onbruik te geraak, en dit moet nie van my verstaan word dat ek Haar Majesteit se regering verplig tot die ewigdurende gebruik van Hollands as een van die offisiële tale van Transvaal nie."[3]

---

1) Kruger p. 140
2) C. 1961 pp. 33 - 34, Carnarvon aan Kruger en Jorissen, 18 Augustus 1877
3) Kruger p. 141, Carnarvon aan Kruger en Jorissen, 18 Augustus 1877

In antwoord hierop het die Deputasie hulle teleurstelling uitgespreek oor die weiering van 'n volkstemming, 'n maatreël waarvan hulle die grootste waarde heg, en hulle het onderneem om, hoewel hulle nie dieselfde mening as Carnarvon oor die getal persone was ten gunste van anneksasie sou wees, daarop nahou nie,[1] die algemene gevoel van tevredenheid onder die Boere t.o.v. anneksasie te bevorder.[2] Hierop het die Deputasie 'n kort besoek aan die vasteland gebring waar hulle egter op hierdie stadium min belangstelling vir die Boeresaak kon opwek. In Oktober was hulle terug in Londen waar hulle 'n laaste vrugtelose onderhoud met Carnarvon gevoer het en onder meer 'n besoek aan sy landgoed in Hampshire gebring het. Hierna is die terugreis na Transvaal begin.

Die verklaring dat Kruger voor die vertrek van die eerste Deputasie uit Transvaal sou onderneem het om hom by die anneksasie neer te lê en 'n goeie onderdaan van Haar Majesteit te word indien die sending sou misluk, het sy oorsprong by Shepstone gehad. Hy het nl., soos vermeld, met die vertrek van die Deputasie hierdie nuus aan Carnarvon oorgedra.[3] Kruger het hierdie aantyging ten sterkste ontken,[4] en sy ontkenning strook met sy volgehoue teenstand teen die anneksasie van die begin af[5] en met sy konsekwente optrede na 12 April 1877.[6] Shepstone het Kruger se waarborg met byna 'n jaar vooruitgeloop. Op 31 Januarie 1878 het Kruger Shepstone per brief meegedeel dat hy 'n referendum gaan hou om te bepaal hoeveel burgers teen die anneksasie gekant is. Indien die meerderheid ten gunste van anneksasie is, sal hy hom daarby neerlê en sy landgenote probeer oorreed om dieselfde te doen.[7] Wat die aantyging teen Kruger in hierdie verband betref, bestaan slegs Shepstone se woord wat nie opweeg teen die getuienis daarteen nie. Van Oordt meen dat Shepstone óf vir Kruger verkeerd begryp het óf hom skuldig gemaak het aan nog "een van die eufemismes waarvan sy offisiële versiae krioel."[8]

T.o.v. sy samesprekings met die Koloniale Sekretaris is verskillende aantygings teen Kruger gemaak. Carnarvon self het beweer dat beide

---

1) Kotze p. 505, Kruger en Jorissen aan Carnarvon, 28 Augustus 1877
2) Kruger p. 141, Kruger en Jorissen aan Carnarvon, 28 Augustus 1877
3) Van Oordt p. 186
4) Van Bredell en Grobler p. 66
5) Kotze p. 507
6) Nathan p. 125
7) C. 2100 p. 26, Kruger aan Osborn, 31 Januarie 1878
8) Van Oordt p. 186

deputasielede tevrede was met sy antwoord en dat hulle sal poog om hulle landgenote oor te haal om die onvermydelike te aanvaar, asook dat hulle die Engelse regering sou dien in betrekkings waarvoor hulle geskik is.[1] Na aanleiding hiervan verklaar Nixon: "The high character of Lord Carnarvon puts the truthfulness of these statements beyond question."[2] Die "edele arbors" van Carnarvon kan nie goedsmoeds as deurslaggewende bewys vir bogenoemde stellings aanvaar word nie, en daar moet ingegaan word op die omstandighede waaronder bogenoemde wel onderneem is, asook deur watter deputasielede.

Daar Kruger nie Engels magtig was nie, kon Jorissen dikwels die Deputasie kompromitteer sonder Kruger se medewete, soos dan ook tydens die tweede onderhoud gebeur het. Carnarvon se woorde was waar m.b.t. Jorissen wat tydens die onderhoude die indruk geskep het dat hy meer begaan was oor sy salaris en betrekking as Staatsprokureur as oor die onafhanklikheid van Transvaal.[3] Jorissen het op ondubbelsinnige wyse te kenne gegee dat hy in die anneksasie berus en Carnarvon het sy klaarblyklike goedgesindheid as verteenwoordigend van beide deputasielede vertolk. Kruger het egter die vertroue uitgespreek dat die anneksasie ongedaan gemaak sou word, en toe Carnarvon die genoemde inleidingsartikel van "De Volksstem" en ds. Jooste se brief as argumente aangewend het om te bewys dat die meerderheid die anneksasie steun, het Kruger tot die bitter einde toe op 'n volkstemming aangedring om die teendeel te bewys. Met die vierde onderhoud het Kruger onderneem om die Boere te oorreed om die regte weg te volg, dog hy het nagelaat om te verklaar wat hy met "die regte weg" bedoel het.[4]

In hulle brief van 28 Augustus 1877 het Kruger egter die waarborg om die algemene gevoel van tevredenheid te bevorder mede-onderteken in die waan dat Shepstone se inligting oor die houding van die volk sedert die lede van die Deputasie die land verlaat het, korrek was.[5] Misleidende berigte wat deur Shepstone aangestuur en deur Carnarvon aangewend is om die Deputasie te oortuig dat die meerderheid van die Transvalers die anneksasie goedgesind is, het dus die omstandighede geskep wat Kruger laat toegee het.

---

1) Van Oordt p. 189, Carnarvon aan Shepstone, 16 November 1877
2) Nixon p. 101
3) Kruger p. 135, voetnoot 16
4) Ibid. pp. 140 - 141
5) Kruger p. 141

Volgens Kruger se getuienis kon hy Carnarvon nie tot leuenaar maak nie, want lg. het bewyse vir sy stellings gehad, terwyl hy (Kruger) nie die teendeel kon staaf nie. "Die brief van ds. Jooste was 'n doodsteek vir my," het Kruger later verklaar, "want dit het gespreek van die Afrikanernasie. Ons kon dit nie verstaan nie, en ons kon ook nie die waarheid van die bewering weerlê nie."[1] Sy waarborg aan Carnarvon het verval toe hy na sy terugkoms in Transvaal 'n heel ander posisie aantref as wat Carnarvon aan hom voorgeskilder het. Die "opgewondenheid" van die Boere het hom laat besluit om die saak d.m.v. 'n referendum te toets. Wat Jorissen betref, moet dit ook duidelik gestel word dat hy slegs op konsessies aangedring het nadat Carnarvon die onherroeplikheid van die anneksasie beklemtoon het.

Kruger het persoonlik verklaar dat hy deur Carnarvon stil gemaak is, dog nie oortuig is nie, daar lg. 'n bespreking van die gepastheid (propriety) van die anneksasie buite orde gereël het.[2] Daar moet ook in gedagte gehou word dat die Deputasie nie 'n opdrag van die volk gehad het nie, maar alleen van 'n regering wat nie meer bestaan het nie.[3] As man van die volk sou hy hom nou tot die burgers moes wend en hulle reaksie afwag; vandaar sy aandrang op 'n volkstemming.

Die enigste aanklag wat die burgers ooit teen Kruger ingebring het, was dat hy Carnarvon nie op ondubbelsinnige wyse weerspreek het toe lg. beweer het dat die meerderheid die anneksasie aanvaar het nie. Van 'aanvaarding van die Britse bewind by wyse van proefneming"[4] of van sy bereidwilligheid om diens onder die Britse bestuur te aanvaar, is daar geen spoor te vinde in sy onderhandelinge met Carnarvon nie. Indien Kruger hierdie waarborge sou gegee het, sou vyf onderhoude met Carnarvon en 'n besoek aan die vasteland om steun vir die Boeresaak te verwerf, oorbodig gewees het.

Verskillende skrywers het Kruger dit kwalik geneem dat hy as Lid Uitvoerende Raad aangebly en salaris getrek het onder die Engelse bewind en selfs met volle salaris Engeland toe is. Uys wys egter daarop dat Kruger 'n volksverteenwoordiger was en nie 'n amptenaar nie, en daar die Volksraad

---

1) Kruger p. 139
2) C. 2220 p. 362, Kruger en Joubert aan Beach, 23 Augustus 1878
3) Kruger p. 129
4) De Kiewiet se aanklag teen Kruger. Sien De Kiewiet p. 123

nooit ontbind is deur die daartoe-bevoegde wetgewende mag nie, was daar geen rede vir Kruger om sy pos neer te lê nie.[1] Kruger het boonop nie die anneksasie erken nie en geredeneer dat dit slegs tydelik was en dat hy salaris trek uit belastinggeld van die burgers van die Republiek en nie uit die Britse staatskas nie.[2] In November 1877 het Kruger se ampstermyn as Lid Uitvoerende Raad verstryk en dit is nie deur Shepstone hernu nie. Die uitbetaling van sy salaris is ook gestaak. As Shepstone sy eie storie dat Kruger 'n voorbeeldige onderdaan van Haar Majesteit na afloop van die eerste Deputasie se besoek aan Engeland sou word, geglo het, sou hy hom immers in diens van die Transvaalse regering gehou het in een of ander hoedanigheid en sy salaris bly betaal het. In plaas hiervan is 'n poging aangewend om 'n deel van die uitbetaalde salaris terug te kry op grond daarvan dat Kruger die Engelse regering verkeerdelik onder die indruk sou gebring het dat sy salaris tot £300 p.j. verhoog is.

Op Saterdag 5 Januarie 1878 het Kruger onder begeleide van 700 ruiters in Pretoria vanaf Rustenburg aangekom om verslag te doen van die mislukking van die sending. Daar Jorissen nie aanwesig kon wees nie, is die verslagvergadering uitgestel tot Maandag 7 Januarie, toe daar nie minder as 1,400 Boere op die plein van die Gereformeerde Kerk byeen was nie.[3] Jorissen kon by hierdie geleentheid nog min entoesiasme bespeur. "Het was een vreemd tooneel, de heeren der annexatie vrij ongerust, niet wetende wat vaart het mocht nemen, anderen die schouders ophalend over wat in hunne oogen een snoeverij zonder enige betekenis scheen; velen diep bedroef over een beweging, die hun voorkwam welgemeend, maar tevens te laat te zijn."[4] Shepstone het weer 'n aanmerklike opgewondenheid onder die burgers bespeur, en, sonder die medewete van die vergaderdes, kanonne op die vergadering laat rig.[5] Kruger vind die meeste van sy landgenote opgewonde en ontevrede omdat Carnarvon beweer het dat die meerderheid ten gunste van anneksasie is.[6] Volgens Joubert was die hele land in spanning en afwagting op die uitslag van die Deputasie en protes.[7]

---

1) Uys pp. 433 - 434
2) Ibid. p. 435
3) Kruger pp. 147 - 148
4) Jorissen p. 39
5) Leyds p. 261
6) Van Oordt p. 193
7) J.V. 27/2590 p. 7

Dit is egter duidelik dat die gevoelens reeds op hierdie eerste byeenkoms hoog geloop het. Die openbare mening het tydens die afwesigheid van die Deputasie gekristalliseer.[1] 'n Deel van die aanwesiges het hulle ontevredenheid uitgespreek omdat die Deputasie nie vir Carnarvon in sterk taal oor die kwessie van die meerderheid weerspreek het nie. Die burgers het Jorissen dit ook kwalik geneem dat hy van Carnarvon sekere voorregte onder die Britse Kroon gevra het.[2] Hy is openlik daarvan aangekla dat hy die land verkoop het, en die wantroue in hom is versterk toe hy reeds die volgende dag die eed van getrouheid as Staatsprokureur onder die Engelse bewind afgelê het.[3] As betreklike vreemdeling in die land kon skaars verwag word dat hy dieselfde vaderlandsliefde as Kruger aan die dag sou lê. Hy sou hom eers na sy ontslag uit genoemde betrekking opnuut met die vryheidsbeweging vereenselwig. In die algemeen was die vergaderde menigte ontevrede oor die uitslag van die sending, en M.W. Vorster het daarop gewys dat die [illegible] nog voel soos met die vertrek van die Deputasie, nl. ten gunste van onafhanklikheid.[4]

"Op 7 Januarie 1878 toen werd het bijkans uitgebluschte vuur der volksvrijheid aangeblazen," skryf F.J. Holscher.[5] Henning Pretorius het op die vergadering gesê: "Ik heb acht maanden lang mijn gevoel onderdrukt, maar nu zou ik vrij uit spreken en zeggen dat ik mij niet wil onderwerpen"[6] en "Liever dan mij aan de Engelschen te onderwerpen zal ik mijn blood voor mijn land vergieten."[7] Hendrik Schoeman het ook sterk taal in sy rede gebruik en onder luide toejuiging gesê dat hulle eers alle ander middele moet beproef voor hulle die wapens opneem. "Slagen wij dan niet, wel aan, dan ben ik bereid voor mijn land te sterven."[8]

Op hierdie byeenkoms is twee belangrike mosies aangeneem wat 'n groot invloed op die verdere ontwikkeling van die verset uitgeoefen het. Daar is nl. algemeen gevoel dat Carnarvon onder 'n wanindruk verkeer m.b.t. die werklike gevoelens van die Boere teenoor anneksasie. Op voorstel van M.W. Vorster is feitlik eenstemmig besluit om 'n volkstemming oor die kwes-

---

1) Kruger p. 146
2) Van der Walt, Wiid en Geyer 1 p. 413
3) Kruger p. 149
4) Heyns p. 32
5) D.V. 19 Februarie 18[illegible], brief F.J. Holscher
6) Heyns p. 33
7) Van Oordt p. 192
8) Heyns p. 34

sie van anneksasie te hou, en om twee soorte petisies, nl. een daarvoor en een daarteen, die land in te stuur. Tweedens is besluit om 'n komitee van vyftien lede saam te stel om verdere uitvoering aan die besluit i.s. 'n volkstemming te gee.[1] Die uitslag van hierdie volkstemming het die basis van die Boere se verdere verset gevorm, en die komitee wat hier saamgestel is, het ontwikkel in die Volkskomitee wat die aard en rigting van die verset bepaal het. Verskillende persone het nou as leiers van die versetbeweging na vore getree. Naas Kruger en Joubert (Piet), was daar ook M.W. Pretorius wat met die Keate-uitspraak die vertroue van die volk verloor het, dog nou 'n belangrike rol in die lydelike verset begin speel het en op dié wyse gerehabiliteer is.[2] Hy is dan ook tot voorsitter van die Volkskomitee verkies. Verder was daar C. Bodenstein, C.G. Bodenstein, H.W. Vorster, M. Viljoen, P. Wolmarans, J. de Kock, C. Joubert, Jan Joubert, F. Joubert, H. Uckermann, J. Botha, W. Robinson, H.J. Schoeman, Niklaas Smit, Jacob Maré, Lodewyk de Jager, Jan Jacobs, e.a. met Bok as sekretaris.[3]

"De Volksstem" het op hierdie stadium geen nut in enige verdere petisie aan die Koloniale Sekretaris gesien nie, daar die redakteur van mening was dat die meerderheid die anneksasie steun. Gevolglik het hy die Boere aangeraai om hulle aan die Britse gesag te onderwerp.[4] Celliers, die redakteur, wat deur Burgers uit die Kaap laat kom is om 'n regeringsblad te loods, het egter nie die insig in die volkskarakter gehad soos die leiers nie. Boonop het die uitslag van die volkstemming kort hierna bewys dat sy oordeel nie met die uitgesproekte gevoelens van die volk ooreengestem het nie.

Op 28 Januarie 1878 het die Volkskomitee te Naaupoort naby Potchefstroom vergader. Hier is van Kruger 'n verduideliking gevra waarom hy en Jorissen tydens hulle verblyf in Londen geld van die Koloniale Kantoor aangeneem het. Kruger se antwoord was dat hulle daarop geregtig was omdat Carnarvon verantwoordelik was vir hulle langer verblyf en groter uitgawes in Londen[5] deurdat hy die besprekings onnodig uitgerek het. Verder, het

---

1) Kotze p. 495
2) Van der Walt, Wiid en Geyer 1 p. 410
3) Sien Cachet p. 504 en C. 2260 p. 72
4) D.V. 15 Januarie 1878
5) Kruger p. 150

hy betoog, was hulle in die diens van Transvaal op Transvaalse sake.[1] By hierdie geleentheid is die memorie opgestel en onder meer is besluit om 'n volksbyeenkoms te Doornfontein op 4 April 1878 te hou waar die uitslag van die volkstemming bekend gemaak en die aard van die verdere vereet bepaal sou word. Shepstone het probeer om hierdie byeenkoms te verhoed deur 'n proklamasie uit te vaardig waarvolgens alle vergaderings waarop daar teen die anneksasie geprotesteer sou word, onwettig verklaar is. Sowel die byeenroepers as die bywoners van sulke vergaderings sou volgens wet gestraf word. Selfs die ondertekening van die petisie teen anneksasie sou as sedisie beskou word, en alle "onheilstigters en boosdoeners" is gewaarsku om nie die volk teen die Regering op te rui nie.[2] Verskillende amptenare het, eerder as om hulle mede-burgers in terme van hierdie proklamasie te vervolg, hulle poste neergelê, o.a. F.K. Maré, landdros van Heidelberg, en verskeie veldkornette.[3] Die proklamasie het 'n groot opskudding onder die burgers verwek, dog die leiers het hulle verseker dat dit 'n teken van swakheid aan regeringskant is.[4] Ten spyte van die proklamasie is die vergadering so goed bygewoon dat daar in 'n ommesientjie £1,900 van die benodigde £3,000 gekollekteer is om die tweede Deputasie na Engeland te stuur.

Op 28 Maart 1878 het die Volkskomitee 'n verklaring uitgereik wat daarop bereken was om, in die lig van Shepstone se proklamasie, slegs komiteelede die vergadering van 4 April te laat bywoon,[5] dog die versoek het op dowe ore geval. Volgens Jorissen was dit eers met hierdie vergadering te Doornfontein dat daar "'n werklike opgewondenheid en eenstemmigheid begin neers het.[6] By die aanskoue van hulle swakheid en tekortkominge is onenigheid en jaloesie uitgeskakel, en hulle nougesette opvattings van weleer het vir samewerking op verskillende terreine plek gemaak.[7] Die anneksasie het 'n gemeenskaplike grief geword wat onderlinge geskille oorskadu en tot die ontwaking van 'n nasionale gees gelei het.[8] Die oorweldigende meerderheid ten gunste van onafhanklikheid[9] is hier deur die Volkskomitee

---

1) Kruger p. 150
2) T.G.G. 12 Maart 1878
3) Van Oordt p. 199
4) Ibid.
5) J.V. 25/2343
6) Jorissen p. 40
7) Uys p. 428
8) Kotze p. 498
9) Sien p. 43 hiervan

bekend gemaak waarop daar besluit is om 'n tweede deputasie na Engeland te stuur wat met vers en kapittel moes bewys dat die meerderheid van die Boere teen die anneksasie gekant was en dat die eerste Deputasie tog namens die meerderheid gepraat het. Om hierdie opdrag uit te voer, het die keuse van die aanwesiges op Piet Joubert en Paul Kruger geval,[1] terwyl Bok die deputasie as sekretaris en tolk sou vergesel. Op hierdie byeenkome het die versetbeweging sy beslag gekry, en hiervandaan sou hy in 'n bepaalde rigting deur die leiers gestuur word. Die algemene gevoelens was dan ook dat hulle doel d.m.v. vreedsame metodes bereik sou word,[2] dog Shepstone het Kruger en Joubert verantwoordelik gehou vir die "algemene verderf" wat hulle bepleit het en vir enige onheil wat uit hulle dade sou voortspruit.[3]

Shepstone het dit ook op hom geneem om Frere in te lig aangaande die vertrek van die tweede Deputasie en die doel wat hulle voor oë gehad het.[4] Voor hulle vertrek vanaf Kaapstad het die deputasielede 'n onderhoud met Frere gevoer. Lg. het hulle verseker dat die Britse vlag steeds oor die land sal bly wapper, waarop Joubert geantwoord het: "Over het land, misschien; over het volk nooit."[5]

In Londen aangekom het die Deputasie hulle saak per brief gedateer 10 Julie 1878 aan Beach, die Koloniale Sekretaris, gestel. Hierin spreek hulle die ontevredenheid van hulle landgenote uit oor die mislukking van die eerste Deputasie en hulle vasberadenheid om hulle nogmaals op die regverdigheidsin van Groot-Brittanje te beroep. Hulle gaan in op die voorwaarde waarop Shepstone gemagtig is om die Republiek te annekeer volgens sy offisiële opdrag van 5 Oktober 1876, en verklaar dat daar op grond van die aangehegte dokumente geen grond vir die bewering bestaan dat die meerderheid van die bevolking die anneksasie steun nie en dat die voorwaarde tot anneksasie gevolglik nie nagekom is nie. Die dokumente wat voorgelê is, is die volgende:-

i) 'n afskrif van die Volksraadsbesluit van 22 Februarie 1877;[6]

ii) afskrifte van die Protesbesluit van die Uitvoerende Raad en die

---

1) B.V. 1 p. 23: Notule van die Doornfonteinvergadering. Joubert het by hierdie geleentheid meer stemme op hom verenig as Kruger.
2) C. 2144 p. 101, Kruger aan Shepstone, 4 Maart 1878
3) B.V. 2 p. 248, Shepstone aan Kruger en Joubert, 18 Mei 1878
4) B.V. 1 pp. 27 - 29
5) Van Oordt p. 208
6) Sien p. 44 hiervan

Protes van President Burgers;[1] en

iii) die versoekskrif van 7 Januarie 1878 met die naamlys van 6,591 burgers wat teen die anneksasie gekant was.[2]

Vervolgens is Shepstone se redes vir die anneksasie soos vervat in die Anneksasie-Proklamasie aangegee en weerlê. Wat naturelle-onluste betref, wys hulle daarop dat Sekoekoeni reeds in Desember 1877 om vrede gesmoek het, dat hy na die anneksasie as 'n onderdaan van die Transvaalse regering beskou is, en dat hy aangesê is om die oorlogskoste wat die Republikeinse regering hom opgelê het, te betaal. Wat betref die aanklag dat die grootste gedeelte van die belastings onbetaald was, het die Deputasie daarop gewys dat dit slegs op die spesiale oorlogsbelasting betrekking gehad het. Verder het hulle aangevoer dat die anneksasie 'n direkte skending van die Sandrivier-Konvensie was en dat Shepstone se argument, nl. dat Transvaal se onafhanklikheid erken is op voorwaarde dat 'n stabiele regering daargestel word, nie in die bepalings ingelees kan word nie. Hulle verklaar ook dat Shepstone se rapporte i.v.m. die wanorde en onveiligheid in Transvaal 'n verkragting van die waarheid was, en, indien die Republiek enigsins weerloos teenoor die naturelle gestaan het, dit die direkte gevolg van die optrede van die Britse amptenare in Suid-Afrika was. Ten laaste verklaar hulle dat hulle hiermee die laaste middel beproef om langs vreedsame weg hulle doel te bereik en dat hulle aan geen vreemde moondheid onderdanigheid verskuldig wil wees nie.[3]

Beach se antwoord was dat hy nie die memorie beskou as die ware en wel-oordagte opinie van die ingesetenes van Transvaal nie; dat omstandighede in die gebied noord van die Vaal die Britse regering geregverdig het om, as "paramount power," wat verantwoordelik is vir die vrede en voorspoed in die hele Suid-Afrika, sy gesag daar te vestig. Verder, dat dit maklik te begrype is dat, nadat die onmiddellike gevare waaraan die land blootgestel is, deur anneksasie verwyder is, mense beweeg kon word om 'n memorie te teken onder sodanige dwang as dié wat op hulle uitgeoefen is.[4]

Hierop het Kruger en Joubert geantwoord dat hulle protes gebaseer

---

1) Sien pp. 29 - 30 hiervan
2) J.V. 25/2322a; B.V. 1 p. 30 ff.
3) J.V. 25/2336, Kruger en Joubert aan Beach, 10 Julie 1878
4) B.V. 2 p. 265 ff., Beach aan Kruger en Joubert, 6 Augustus 1878

is op die geloof dat regverdigheid sal seëvier en dat die Britse begeerte om die wense van die volk in ag te neem, soos aan Shepstone opgedra is om te doen, werklikheid was. Hulle ontken dat enige dwangmaatreëls toegepas is om handtekenings op die memories teen anneksasie te verkry, en meld dat, waar die Volksraad hom reeds in Februarie 1877 teen anneksasie uitgespreek het, die volk eers na die anneksasie die geleentheid gekry het om sy gevoelens te openbaar. Ten slotte verklaar hulle dat die wyse waarop Shepstone ontvang is, geen bewys is dat die Boere bereid was om Britse gesag te aanvaar nie.[1)]

Na verloop van drie weke het Beach geantwoord dat 'n verlenging van die bespreking van geen nut sal wees nie. Hy verseker die Deputasie dat die Transvaal 'n selfstandige, afsonderlike staat sal wees, wat, hoewel saamgesnoer in 'n Suid-Afrikaanse federasie, tog individualiteit en selfregering onder die soewereiniteit van die Koningin sal geniet.[2)] Met hierdie antwoord moes die Deputasie hulle tevrede stel en terugkeer.

Beach het dus volhard en die houding van sy voorganger gehandhaaf. Uit Suid-Afrika het hy verskillende mededelings ontvang wat hom in sy onverbiddelike houding gesterk het.

Van Shepstone het hy verneem dat die handtekenings op die memories teen anneksasie d.m.v. dwang verkry is, en dat hierdie metode, nl. deur van dreigemente gebruik te maak, noodlottige gevolge vir die Boere meebring. Daar is dertig groot families in Transvaal wat grotendeels deur huweliksbande nader aan mekaar getrek is, en, verklaar hy, dit maak die uitwerking op die volkstemming doglopend.[3)] So seker was hy agter daarvan dat die Deputasie nie in sy doel sou slaag nie dat hy op 17 Mei 1878 alreeds kennis gegee het van die uitwerking wat die mislukking van die sending op die gemoedere van die Boere sou hê: Hoewel Kruger en Joubert op weg is na Engeland, is die opgewondenheid onder die Boere groot; baie van hulle praat van wapengeweld om hulle vryheid te herwin; na die terugkeer van die Deputasie sal die agitasie om onafhanklikheid verskerp.[4)] Op die keper beskou is lg. brief van Shepstone 'n weerspreking van die eersgenoem-

---

1) C. 2220 pp. 362 - 365, Kruger en Joubert aan Beach, 23 Augustus 1878
2) C. 2220 p. 366; J.V. 25/2326, Beach aan Kruger en Joubert, 16 September 1878
3) C. 2144 pp. 97 - 99, Shepstone aan Beach, 8 Mei 1878
4) C. 2144 p. 128, Shepstone aan Beach, 17 Mei 1878

de. Op 8 Mei stel hy die Britse regering gerus dat die teenstand teen die anneksasie nie werklik so groot is as wat deur die handtekenings op die memories voorgegee word nie, en op 17 Mei waarsku hy by voorbaat teen die afmetings wat die agitasie kan aanneem na die terugkeer van die Deputasie.

Dat Beach gevaarlik moes bontspring om Kruger en Joubert van 'n antwoord te voorsien, is duidelik. In die lig van bekende en aanvaarde feite verdien enkele punte in die Koloniale Sekretaris se briewe aan die Deputasie verdere aandag, nl.

(i) "the annexation was undertaken most reluctantly;"

(ii) die onafhanklikheid van Transvaal is voorwaardelik erken;

(iii) die reg van Engeland as 'n "paramount power" in Suid-Afrika; en

(iv) die inwoners van Transvaal is nie by magte om 'n oordeel oor die kwessie van anneksasie of onafhanklikheid uit te spreek nie.[1]

Wat (i) betref, kan benewens sy aangehaalde woorde op p. 46 hiervan, na Carnarvon se gedagtes soos uitgespreek op 15 September 1876 verwys word, nl. "My hope is that by acting at once we may .... acquire at a stroke the whole of the Transvaal Republic, after which the Orange Free State will follow, and the whole policy in South Africa, for which we have been labouring, fully and completely justified."[2] Op 20 September 1876 verklaar Carnarvon. "It is on every ground of the highest importance not to loose this opportunity, and I propose to send out by mail of Friday Sir Theophilus Shepstone with a secret dispatch empowering him to take over the Transvaal Government."[3]

Wat (ii) betref, kan gemeld word dat daar historiese gronde bestaan het vir die erkenning van die onafhanklikheid van Transvaal. Die Boere noord van die Vaal moes nl. hulle onafhanklikheid kry ten einde hulle verdere inmenging in die sake van die Oranjerivier-Soewereiniteit uit te skakel. Boonop is dit wetlik gesproke onmoontlik om enige bybepalings of voorwaardes in die klousule wat Transvaal se onafhanklikheid waarborg, in te lees, en op geen regsgronde kon die skending van die Konvensie geregverdig word nie.[4]

---

1) Stellings gemaak deur Beach in sy briewe van 6 Augustus en 16 September aan Kruger en Joubert. Sien aangehaalde bronne op pp. 59 en 60 hiervan.
2) Kotze p. 300
3) Ibid.
4) Ibid. p. 560

Wat (iii) betref, het die argument nie ten tye van die anneksasie gegeld nie. Indien daar so-iets as die hoogste gesag van 'n "paramount power" bestaan, redeneer Kotze, kan hierdie mag slegs in uiterste gevalle van nood en noodsaaklikheid uitgeoefen word, en sodanige toestand het nie in Transvaal bestaan nie. Die beginsel "mag is reg" was eerder van toepassing.[1] Statham stel die saak so: "If foreign powers possessed the right to intervene in the affairs of any state which, in their estimation, did not seem to be well governed, the whole fabric of international comity would suffer wreck."[2]

Aangaande punt (iv): die Transvalers was daaraan gewoond om hulle stemme uit te bring op die President, Volksraadslede, die Kommandant-Generaal en veldkornette en was as demokratiese burgers deeglik bevoeg om 'n oordeel oor hierdie konstitusionele strydvraag uit te spreek.[3]

'n Britse Parlementslid, Donald Currie, het op 19 Julie 1878 vir Beach op die vasberadenheid van die Boere om hulle onafhanklikheid te herwin, gewys en voorgestel dat aan hulle verteenwoordigende bestuur onder die Britse Kroon toegeken word,[4] dog die Koloniale Sekretaris was nie geneë om hierdie advies te aanvaar nie.

So oortuig was Joubert daarvan dat baie Boere hulle nie aan die Britse bewind in Transvaal sou onderwerp nie dat hy selfs tydens sy besoek aan Engeland navraag gedoen het op watter voorwaardes sy landgenote Portugese gebied kon binnetrek, indien hulle nie op een of ander manier hulle onafhanklikheid terugkry nie.[5]

---

1) Kotze p. 369
2) Statham: South Africa as it is, p. 87
3) Kotze p. 571
4) C. 2866 p. 66, Donald Currie aan Beach, 19 Julie 1878
5) J.V. 27/2612

# HOOFSTUK 4

## VOLKSVERGADERINGS VAN DIE JAAR 1879

### (a) Wonderfontein, Januarie 1879

Op 11 Januarie 1879 het Kruger en Joubert verslag gedoen van hulle sending voor 'n komitee van Boerevoormanne te Wonderfontein in die Potchefstroomse distrik, ongeveer ses uur te perd vanaf Pretoria.[1] Die byeenkoms is deur 1,800 tot 2,000 Boere wat vanaf 10 Januarie saamgetrek het, bygewoon.[2] Die Boereleiers het dit as noodsaaklik beskou dat die volksvergaderings deur soveel burgers as moontlik bygewoon word sodat dit as bewys kon dien dat die meerderheid van die ingesetenes teen die anneksasie gekant was.[3] Diegene wat deur omstandighede verhinder is om aanwesig te wees, het aan die leiers geskryf om hulle afwesigheid nie te beskou as "of wij met de Brits besteur tevreden is," want "wij protesteer ten stelligste tegen Brits gezag en zal alle poging aanwenden voor onse onafhankelijkheid, daar zulks tegen zin en wel van ons geroof is geworden."[4] Ander burgers het weer naamlyste van Boere opgestuur wat nie in staat was om die byeenkomste by te woon nie ten einde die leiers van hulle ondersteuning te verseker.

Sommige Boere het op die byeenkoms te Wonderfontein daarop aangedring dat hulle hulle onafhanklikheid met wapengeweld moes herower, en hulle wou summier tot die ontsetting van Pretoria oorgaan.[5] Kruger het egter die aanwesiges op die noodsaaklikheid van eensgesind wees gewys en aangevoer dat alleen eendrag, gehoorsaamheid en samewerking die volk weer kon vry maak. Volgens hom was die tyd vir gewelddadige optrede nog nie ryp nie, en in hierdie sienswyse is hy deur Joubert en Pretorius gesteun.[6]

Op hierdie vergadering het al die aanwesiges 'n plegtige verklaring onderteken dat hulle nooit in die anneksasie sou berus nie: "Om vir

---

1) Leyds p. 293; Kruger p. 182
2) Cachet p. 496
3) Van Rooyen p. 344
4) Ibid. p. 345: brief van 'n groep burgers van Vaalrivier
5) D.V. 24 Februarie 1880
6) Bredell en Grobler p. 72

ons kinders 'n heilige verbond op te rig wat ons met 'n plegtige eed besweer; .... om die erfpand van ons vaders ongeskonde aan ons kinders oor te lewer; .... om saam te werk, tot die dood toe, vir die herstel van die vryheid van ons Republiek. So waarlik, help ons God Almagtig."[1] Uit hierdie verbond spreek daar 'n stille vasberadenheid wat die antwoord van die Boere was op Beach se weiering om die Republiek te herstel.

By hierdie geleentheid is ook 'n brief wat Frere, die Britse Hoë-Kommissaris in Suid-Afrika, aan Kruger gerig het, voorgelees. Hoewel Frere nie die minste afgewyk het van die onherroeplikheid van die anneksasie nie, het die woorde "dat dit die opregte begeerte van die Britse regering is dat aan Transvaal reg sal geskied" tog nuwe hoop op 'n vreedsame skikking laat opflikker. Frere se bedoeling was duidelik dat dit moes geskied "onder die Britse vlag."[2] 'n Besluit is daarop geneem om hulle op die Hoë-Kommissaris te beroep en hom te nooi om Transvaal te besoek ten einde persoonlik van die ware toestand van sake kennis te neem.[3] Piet Joubert is afgevaardig om hierdie uitnodiging aan die Hoë-Kommissaris wat hom op daardie tydstip in Natal bevind het om sake rakende die Zoeloes se dreigende houding te ondersoek, oor te dra. Terselfdertyd moes hy bogenoemde plegtige besluit van die burgers om hulle onafhanklikheid te herwin onder Frere se aandag bring.

Op 3 Februarie 1879 het Joubert die Hoë-Kommissaris meegedeel dat die Boere vasberade is om hulle vryheid te herwin en dat hulle nie met enige toegewings tevrede sou wees nie. Frere het egter voorgestel dat die Boere in anneksasie moes berus, waarop die Britse regering bereid sou wees om aan hulle 'n vrye konstitusie te skenk.[4] Verder het Frere bevestig "dat Hare Majesteit liever een stuk uit haar kroon zou laten knippen ..... dan dat zij de annexatie weer ongedaan sou maken."[5] Hy het egter ingestem om teen 18 Maart die Boerevoormanne in Transvaal te ontmoet.[6]

Frere se belofte om na die Transvaal toe te kom, was dan ook die teken vir die volgende groot volksbyeenkoms.

---

1) C. 2316 p. 2, uit die "Zuid-Afrikaan" van 15 Februarie 1879
2) Cachet p. 497
3) D.V. 11 Maart 1879
4) C. 2260 pp. 73 - 76, Notule onderhoud tussen Frere en Joubert, 4.2.79
5) D.V. 11 Maart 1879; brief van Joubert oor onderhoud met Frere
6) J.V. 25/2362, Joubert aan Volkskomitee

(b) <u>Kleinfontein, Maart - April 1879</u>

In afwagting van die beloofde besoek van Sir Bartle Frere het 4,000 tot 5,000 Boere vanaf 18 Maart by Kleinfontein, ongeveer 30 myl suid-oos van Pretoria, saamgetrek.[1] Byna 'n maand het verstryk voordat Frere sy opwagting gemaak het. Baie Boere kon nie so lank van hulle plase af wegbly nie en het die byeenkoms verlaat, terwyl andere intussen weer opgedaag het sodat die getal aanwesiges min of meer konstant gebly het.[2] Volgens "De Volksstem" kon die getal aanwesiges op 4,023 gestel word.[3]

Weens die aanwesigheid van groot getalle vee was die Boere genoodsaak om hulle kampplek gedurig te verskuif met die oog op geskikte weiding, en in dié proses het hulle steeds nader aan Pretoria beweeg met die gevolg dat die gesagvoerders aldaar 'n Boere-aanslag op die hoofstad begin vrees het. Met koorsagtige haas is maatreëls getref om so 'n aanslag die hoof te bied.[4] Skanse is in die strate opgerig, die landdroskantoor, enkele huise en ander geboue is van skietgate voorsien; vrywilligerskorpse is op die been gebring en patrollies is uitgestuur om die bewegings van die Boere te bespied. Die angs en spanning in Pretoria het toegeneem toe die Boerekamp naderhand slegs 'n uur te perd van die stad geleë was. Hierop is die hoofstad in kwartiere opgedeel om die verdediging vlotter te laat verloop.[5] Die Boere het ook met verbygaande Britse troepe op groot skaal die draak gesteek, in so 'n mate dat die spanning onder die Engelse soldate 'n breekpunt bereik het.[6]

Joubert het offisieel aan die byeenkoms verslag van sy onderhoud met Frere gedoen. O.a. het hy gesê: "Engeland is magtig, so magtig dat ons ons netso min teen hom kan verset as wat ons met ons hand aan die hemel kan raak. Engeland kan ons vernietig, maar ek laat my liewer in die stof verpletter as om van my vryheid afstand te doen."[7] D.m.v. lyste is bepaal dat die meerderheid van die aanwesiges bereid was om hulle onafhanklikheid met wapengeweld terug te wen.[8] Sommige van die heethoofdige en voortvaren-

---

1) Cachet p. 500
2) Loyds p. 297
3) D.V. 25 Maart 1879
4) Van Rooyen p. 336
5) Jorissen p. 43
6) Van Rooyen p. 336
7) Van Oordt p. 251
8) J.V. 27/2590 p. 12

de jong manne wou Pretoria aanval en andere wou Frere gevange neem en as gyselaar hou,[1] dog die leiers het daarin geslaag om hierdie neigings tot onstuimigheid en geweld te onderdruk. Veral weens die feit dat daar nog heelwat burgers was wat op verdere lydelike verset aangedring het, is besluit om die uitslag van die onderhandelings met Frere af te wag.[2] Kruger het die aanwesiges ook die noodsaaklikheid daarvan op die hart gedruk dat die metodes ter verwesenliking van die vryheidsideaal aan die Komitee oorgelaat moes word. Indien lg. sou bevind dat daar geen vreedsame gedragslyn oorbly nie, dan sou die volk weer geraadpleeg word.[3]

Om die tyd te verwyl terwyl daar op die koms van Frere gewag is, is militêre oefeninge gereël. Skietkompetisies is gehou, en omliggende koppies is deur groepe Boere te perd en te voet bestorm.[4] Kleinfontein was dus die "krygskool"[5] waar die Boere, onbewus van die stryd wat voorlê, die nodige voorbereidende oefening deurgemaak het. Ten spyte van die krygsoefeninge en ander vermaaklikhede was die stemming in die kamp 'n ernstige. 'n Gees van eendrag het geheers, asook 'n duidelike wil om met niks minder as onafhanklikheid tevrede te wees nie.[6] Die volksgedagte het hier ontwikkel. Die Boere het hulleself ontdek en van hulle eie krag gewaar geword. Die besef dat hulle almal deel vorm van die vaderland wat alles en almal insluit, het gegroei, en netso ook hulle liefde vir wat hulle verloor het, nl. onafhanklikheid.[7]

Op 24 Maart het die nuwe Transvaalse Administrateur, Sir Owen Lanyon, samesprekings met die Boerevoormanne te Kleinfontein gevoer en 'n vergeefse poging aangewend om die Boere te oorreed om uiteen te gaan. Kruger het by hierdie geleentheid namens die Boere slegs een eis gestel, nl. dat die onafhanklikheid wat die Britse Koningin eenmaal aan hulle verseker het, weer teruggegee moet word. Geen ander voordele word gevra of verlang nie.[8]

Sir Bartle Frere het intussen stadig vanaf Natal in die rigting

---

1) Jorissen p. 45; Van Oordt p. 261n
2) J.V. 27/2590 p. 12
3) Van Oordt p. 251
4) Cachet p. 502
5) Van Oordt p. 254
6) Jorissen p. 44
7) Ibid.
8) B.V. 3 pp. 24 - 33; J.V. 27/2550: Notule van die onderhoud tussen Lanyon en die Volkskomitee.

van Heidelberg beweeg. Sy getalm op die reis na Transvaal dui daarop dat hy doelbewus gedraal het met die hoop dat die Boere sou moeg word om te wag en uitmekaar sou gaan.[1] Toe die Komitee 'n berig ontvang dat hy van plan is om eers deur te reis na Pretoria, het hulle aan hom geskryf dat die volk van Transvaal alreeds drie weke lank wag en dat hulle reken op sy koms.[2] Daarop het Frere sy planne gewysig en in die rigting van die Kleinfontein-kamp beweeg. Teenoor Bok het Frere later die opmerking gemaak dat hy nog nooit so 'n brutale boodskap ontvang het as die een van die Komitee nie, nl. dat die volk vir hom wag en op sy koms reken. Hierop het Bok geantwoord dat Frere dit aan homself te danke het, omdat hy die volk van Transvaal meer as drie weke lank op hom laat wag het.[3] Frere het ook ontken dat sy plan sou gewees het om eers na Pretoria toe te gaan en die Komitee betwispe dat hulle sy woord in twyfel getrek het. Steele se brief aan Pretorius bewys egter dat hy tog van plan was om eers Pretoria te bereik voordat hy met die Boere sou onderhandel.[4] Dit is dan ook logies dat hy eers private samesprekings met Lanyon sou wou voer voordat hy die Boere aandurf. Sy versoek tot uitstel van die samesprekings met die Boereleiers na sy aankoms in die Kleinfontein-kamp versterk dan ook hierdie vermoede.

In sy verslag aan die Minister van Koloniale Sake beskryf Frere sy ontvangs deur die Boere op Kleinfontein soos volg: Die Boere het ongewapend in twee lang rye voor die tent van die Komitee gestaan; die Komitee se houding was koud-beleefd, terwyl die groot massa Boere hom stilswygend en sonder enige blyk van erkenning of ontsag aangegluur het.[5] Volgens Jorissen was dit 'n indrukwekkende toneel: twee lang rye Boere, die doodse stilte, geen hoed word afgehaal en geen teken van goed- of afkeuring gegee nie.[6]

Frere was ook die mening toegedaan dat, terwyl die Boere aldus in die kamp byeen is, 'n fatale botsing enige oomblik kon voorkom.[7] Hy het sy onwilligheid te kenne gegee om met so 'n groot massa te onderhandel, waarop daar besluit is dat die Komitee die onderhoud met hom sou voer vanaf 12 April te Hennopsrivier, naby die kamp.

---

1) Jorissen p. 45; Van Oordt p. 253
2) Martineau p. 130
3) Jorissen p. 46
4) B.V. 10 p. 1, Steele (namens Frere) aan Pretorius, 8 April 1879
5) C. 2367 p. 54
6) Jorissen p. 46
7) C. 2367 p. 52, Frere aan Beach, 9 April 1879

Op die bepaalde dag is die samesprekings begin. Frere, Lanyon, Stegman (Frere se tolk) en enkele Britse amptenare het die Engelse saak verdedig, terwyl die Boere se saak deur die Volkskomitee gestel is.[1) Frere het die onderhoud ingelei deur die Boereleiers daarvan te beskuldig dat hulle die massa verlei en dwang uitoefen op die Boere vergaderings te laat bywoon, dog hy het na antwoord ontvang dat geen dwang toegepas is nie en dat almal wat aanwesig was, uit die vrye wil byeengekom het en meer as drie weke lank op sy koms gewag het. Hulle verlang niks meer as die herstel van die Sandrivier-Konvensie nie en sal met niks minder tevrede wees nie. Frere se opinie was dat, as hulle begeer om terug te keer tot die Sandrivier-Konvensie, hulle netso goed 'n terugkeer tot die skepping kon bepleit! Kruger het verklaar dat die Transvaal d.m.v. onwaarhede, bedrog en verraad gebring is tot wat hy was. Die Koningin is mislei en hy dring aan op 'n volledige ondersoek. Joubert het verklaar dat die volk slegs met sy volle onafhanklikheid tevrede sal wees. 'n Slaaf hunker altyd na sy vryheid, het Joubert vervolg, al kan hierdie vryheid hom moontlik in die ellende dompel. Die anneksasie is deur bedrog bewerkstellig en kan alleen slegte gevolge meebring. Frere het die Boere 'n vrye grondwet aangebied wat ook die reg sou insluit om oor alle sake binne die Staat hulle eie wette te maak, dog hierdie aanbod is van die hand gewys.[2)

Waar Frere aanvanklik onverbiddelik was, het hy gaandeweg 'n meer versoenende houding begin inneem omdat hy besef het dat dit 'n ongeleë oomblik vir Engeland was om openlike verset in Transvaal uit te lok. Daar moes tyd gewen word ten einde troepe en kanonne aan te voer wat, soos hy kort daarna aan Beach skryf, "elke volgende kamp van 'n dergelike aard onmoontlik sou maak."[3) Boonop het die pekel waarin die Zoeloe-oorlog hom laat beland het, hom tot versigtigheid gestem.

M.W. Pretorius het ook tydens die onderhoud die bewering teenoor Frere gemaak dat Shepstone die Uitvoerende Raad op 1 Maart 1877 met die Zoeloes bedreig het. Hierdie aanklag is ook in die Memorie aan die Koningin opgeneem.[4) Aangesien hierdie klag 'n geweldige kontensie uitgelok het, sal dit nodig wees om 'n oomblik daarby stil te staan. Jorissen meld dat

---

1) Leyds p. 298
2) B.V. 3 pp. 36 - 49; T.G.G. 17 en 25 April 1879: Notule van onderhoud tussen Frere en die Volkskomitee.
3) Van Oordt p. 261
4) D.V. 22 April 1879: Memorie aan die Koningin, 16 April 1879

Shepstone by die betrokke geleentheid verklaar het dat die Boere nie moet vergeet dat hy (Shepstone) sy hand tot dusver op die Zoeloes gehou het nie, "maar as ek dit terugtrek ......"[1] Jorissen meld dat hy hierdie woorde in potlood in die vergadering afgeneem het. Die aantyging het ook teen die einde van 1878 in 'n Natalse nuusblad verskyn, en Colenso het dit herhaal op grond van inligting wat hy by Joubert gekry het.[2] Pretorius het verder gemeld dat die notule van die Uitvoerende Raad van 1 Maart 1877 die letterlike woorde van Shepstone bevat.

Die saak is op las van Frere deeglik ondersoek. Shepstone het ontken dat hy die Boere by die betrokke geleentheid met die Zoeloes bedreig het, en Osborn, Juta en Swart het in aparte verklarings die waarheid van die aantyging betwis.[3] Lg. drie here was egter óf medewerkers óf ondersteuners van Shepstone sodat daar nie op hulle getuienis alleen staatgemaak kan word nie. Pretorius en Joubert se inligting is tweedehands van Jorissen verkry. Kruger, wat ook die betrokke vergadering bygewoon het, het nie dieselfde indruk gekry as Jorissen nie, anders sou hy hierdie wapen lank voor 12 April 1879 gebruik het. Die vraag ontstaan ook waarom hierdie aantyging vir die eerste keer twee jaar na die anneksasie gemaak is. 'n Ondersoek van die notule van die Uitvoerende Raadsvergadering van 1 Maart 1877[4] toon dat Shepstone se woorde nie vir so 'n interpretasie vatbaar is nie. Geen lid van die Uitvoerende Raad het destyds daarteen beswaar aangeteken nie.[5] Boonop sou dit nie die oog van die redakteur van "De Volksstem" ontglip het as daar enige dreigement in Shepstone se woorde verskuil was nie.[6]

In watter mate Shepstone verantwoordelik was vir die dreigende houding van die Zoeloes in die algemeen is 'n ander saak. Dat Shepstone wel die Zoeloes gebruik het "as 'n kragtige hefboom om weifelende geeste te beïnvloed,"[7] kan nie ontken word nie. De Kiewiet verklaar dat Shepstone wel van die Zoeloe-dreigement gebruik gemaak het, al was dit nie by geleentheid van 1 Maart 1877 nie.[8] By minstens twee geleenthede het "De

---

1) Jorissen pp. 32 - 33
2) Kotze p. 361n
3) C. 2374 pp. 122 - 123
4) Sien S.C. 24 Maart 1877
5) Kotze p. 374
6) D.V. 7 Maart 1877, Verslag van Uitvoerende Raadsvergadering van 1 Maart
7) Uys p. 264; Wolseley se advies aan Shepstone
8) De Kiewiet p. 116

Volkstem" dieselfde aanklag gemaak, en wel dat hy die Zoeloe-koning oorreed het om 'n impi in gereedheid te hou ingeval hy hulp teen die Boere sou benodig.[1] Colenso bevestig dat Shepstone versoek het dat 'n Zoeloemag op die grens gereed gehou moes word om hom te help indien nodig.[2] In "Macmillans Magazine" van Maart 1878 het Colenso die aanklag herhaal dat Shepstone die Zoeloes se hulp ingeroep het teen die Boere ingeval sy anneksasieplan skeef sou loop.[3] Frere het ook hierdie saak laat ondersoek. Ketswayo het egter ontken dat hy 'n impi opgeroep en in gereedheid gehou het, en toe weer op Shepstone se gerusstellende boodskap ontbind het. Frere se bevinding was dat die aanklag van alle waarheid ontbloot is.[4] Tog het hy voor hierdie tyd na 'n ondersoek ter plaatse die voor-anneksasiebeleid van Natal m.b.t. die verhouding tussen die Boere en die Zoeloes veroordeel. "Ek was geskok om vas te stel," skryf hy aan Herbert, "hoe naby die wind die voorgangers van die huidige regering hier geseil het deur of Zoeloes teen Boere-agressie te ondersteun."[5]

'n Waardevolle stukkie getuienis oor hierdie saak is van Joubert afkomstig. Op 5 April 1877 het Shepstone in 'n onderhoud met Joubert verklaar dat Brittanje vir meer as twaalf jaar die Zoeloes teruggehou het, anders was die Republiek lankal deur lg. oorrompel en opgeëet.[6] Hiermee wou Shepstone voorgee dat indien hy nie keer nie, die Zoeloes Transvaal sou oorrompel. In sy poging om hierdie vrees te laat inslaan, het hy self die volgende verpletterende getuienis gelewer. Hy het nl. by dieselfde geleentheid 'n nota aan Joubert getoon waarin gemeld is dat vier Zoeloe-impi's op die Transvaalse grens gereed lê![7] Die impi's was dus, ten spyte van die feit dat Ketswayo "niks daarvan kon onthou nie," gereed. Engelbrecht glo dat dit 'n ou gebruik van Shepstone was om die Zoeloes teen Transvaal uit te speel, 'n taktiek wat hy reeds lank voor die anneksasie toegepas het. Genoemde skrywer is daarvan oortuig dat Shepstone voor die anneksasie 'n ooreenkoms met Ketswayo getref het waarvolgens lg. 'n deel van sy magte op die Transvaalse grens saamgetrek het, en, toe hy geen opposisie in Transvaal ondervind nie, het hy na die anneksasie vir Ketswayo versoek om

---

1) D.V. 23 April 1878 en 18 Maart 1879
2) Colenso en Durnford pp. 98 en 99n
3) D.V. 23 April 1878
4) C. 2740 pp. 49 - 50, Frere aan Kimberley, 4 September 1880
5) Kruger p. 169, Frere aan Herbert, 12 Januarie 1879
6) J.V. 27/2590
7) Ibid.

Volksstem" dieselfde aanklag gemaak, en wel dat hy die Zoeloe-koning oorreed het om 'n impi in gereedheid te hou ingeval hy hulp teen die Boere sou benodig.[1] Colenso bevestig dat Shepstone versoek het dat 'n Zoeloe-mag op die grens gereed gehou moes word om hom te help indien nodig.[2] In "Macmillans Magazine" van Maart 1878 het Colenso die aanklag herhaal dat Shepstone die Zoeloes se hulp ingeroep het teen die Boere ingeval sy anneksasieplan skeef sou loop.[3] Frere het ook hierdie saak laat ondersoek. Ketswayo het egter ontken dat hy 'n impi opgeroep en in gereedheid gehou het, en toe weer op Shepstone se geruststellende boodskap ontbind het. Frere se bevinding was dat die aanklag van alle waarheid ontbloot is.[4] Tog het hy voor hierdie tyd na 'n ondersoek ter plaatse die voor-anneksasiebeleid van Natal m.b.t. die verhouding tussen die Boere en die Zoeloes veroordeel. "Ek was geskok om vas te stel," skryf hy aan Herbert, "hoe naby die wind die voorgangers van die huidige regering hier geseil het deur die Zoeloes teen Boere-agressie te ondersteun."[5]

'n Waardevolle stukkie getuienis oor hierdie saak is van Joubert afkomstig. Op 5 April 1877 het Shepstone in 'n onderhoud met Joubert verklaar dat Brittanje vir meer as twaalf jaar die Zoeloes teruggehou het, anders was die Republiek lankal deur lg. oorrompel en opgeëet.[6] Hiermee wou Shepstone voorgee dat indien hy nie keer nie, die Zoeloes Transvaal sou oorrompel. In sy poging om hierdie vrees te laat inslaan, het hy self die volgende verpletterende getuienis gelewer. Hy het nl. by dieselfde geleentheid 'n nota aan Joubert getoon waarin gemeld is dat vier Zoeloe-impi's op die Transvaalse grens gereed lê![7] Die impi's was dus, ten spyte van die feit dat Ketswayo "niks daarvan kon onthou nie," gereed. Engelbrecht glo dat dit 'n ou gebruik van Shepstone was om die Zoeloes teen Transvaal uit te speel, 'n taktiek wat hy reeds lank voor die anneksasie toegepas het. Genoemde skrywer is daarvan oortuig dat Shepstone voor die anneksasie 'n ooreenkoms met Ketswayo getref het waarvolgens lg. 'n deel van sy magte op die Transvaalse grens saamgetrek het, en, toe hy geen opposisie in Transvaal ondervind nie, het hy na die anneksasie vir Ketswayo versoek om

---

1) D.V. 23 April 1878 en 18 Maart 1879
2) Colenso en Durnford pp. 98 en 99n
3) D.V. 23 April 1878
4) C. 2740 pp. [illegible] - 5[illegible], Frere aan Kimberley, 4 September 1880
5) Kruger p. 169, Frere aan Herbert, 12 Januarie 1879
6) J.V. 27/2590
7) Ibid.

sy magte te ontbind en terug to trek.[1]

Om tot Frere se samesprekings met die Boereleiers te Hennopsrivier terug te keer: die Komitee se verklarings het tog op die Hoë-Kommissaris 'n indruk gelaat en die mening ontlok dat die verset teen die anneksasie meer algemeen was as wat aan hom berig is en dat dit tog, indien nie van almal nie, uitgegaan het van die mees agtenswaardige burgers van die Transvaal.[2] Die rol wat die Boerevrouens in die versetpoging gespeel het, moet nie onderskat word nie. Hulle het die vryheidsideaal wakker gehou en hulle mans aangemoedig om, indien nodig, te veg. Vandaar die feit dat Frere na die vrouens as die grootste "rebelle" verwys het.[3] Die Hoë-Kommissaris het onderneem om 'n memorie wat deur die Volkskomitee op 16 April te Kleinfontein opgestel is, aan die Koningin deur te stuur, dog hy het geweier om sy persoonlike steun daaraan toe te sê.

Gemelde Memorie bevat die volgende: "De ondergetekenden, Uwer Majesteits nederige smekelingen, leggen voor uwen voeten hunne smeekbeden met al den ernst van mannen, die twee jaren lang voor hunnen rechten gestreden hebben met w[illegible]n van orde en lijdelike verzet en die nog altoos daarbij volharden." Verder word daarop gewys dat die anneksasie plaasgevind het in stryd met die Sandrivier-Konvensie; dat die burgers van die Transvaal sedert 1852 heelhartig met die regering van Groot-Brittanje en sy Kolonies in sake van algemene Suid-Afrikaanse belang saamgewerk het; dat Shepstone die land met "lis, bedrog en bedreiging" geannekseer het en daarna onware berigte na Engeland gestuur het as sou die meerderheid van die ingesetenes hulle anneksasie laat welgeval het; dat Shepstone die Republiek met die Zoeloes en die gewapende magte van Brittanje bedreig het; dat die regering van die Republiek besluit het, veral op grond van sy swakheid, om nie die swaard op te neem nie, maar dat hulle daardeur hulle saak dermate benadeel het dat almal hulle nou wil vertrap. Verder: "Ons lewe nog altyd in die vertroue dat ons deur ons afwagtende houding in U Majesteit se oë meer gewen as verloor het, dat U Majesteit ons dankbaar sal wees dat ons deur ons lydelike verset Haar Regering daarvan weerhou het om onskuldige bloed te vergiet." Hierna word die mislukking van die

---

1) Engelbrecht pp. 252 - 265
2) Jorissen p. 47
3) Van Oordt p. 253

twee deputasies na Engeland geskets, asook die vrugtelose samesprekings tussen Joubert en Frere te Pietermaritzburg in Februarie 1879. Hulle dring aan op die herstel van die vryheid van die burgers in Transvaal en verwerp alle toegewings en beloftes. "Moet wij naar het swaard grijpen? .... Het kan Uw wil niet zijn, evenmin als het onze wensch is. Uw Majesteit kan niet willen regeeren over onwillige onderdanen. Wij smeken U, maak een einde aan dezen ondraaglijken toestand en gelast Uwen Hoogen Commissaris in Zuid-Afrika, ons onzen Staat terug te geven." Die Memorie meld ook die naarstige verskansing van die hoofstad in afwagting van 'n Boere-aanval en vra of daar 'n duideliker bewys nodig is dat die meerderheid van die volk teen die anneksasie gekant is as die hoofstad na twee jaar op so 'n wyse teen die ware volk van die land beskerm moet word. Verder word beloof dat die Regering van die Republiek, indien herstel, die voorgestelde konferensie oor federasie sal bywoon en in alles wat tot die algemene welvaart van Suid-Afrika strek, sal saamwerk. Ten laaste word 'n volkstemming aan die hand gegee indien Haar Majesteit aan die ware houding van die meerderheid van die ingesetenes twyfel. 1)

Die Volkskomitee het Frere ook versoek om sy eie verslag aan die Britse regering oor die byeenkoms te Kleinfontein op te stel en dit by die outoriteite in Engeland vir ernstige oorweging aan te beveel. 2) As handleiding het die Komitee vyf punte opgestel wat Frere in sy verslag moes opneem, nl. (a) die meerderheid is teen die anneksasie gekant;

(b) die burgers het uit eie beweging byeengekom en vir bykans vier weke op die koms van die Hoë-Kommissaris gewag;

(c) die anneksasie moet herroep word;

(d) die volk sal met niks minder as hulle volle onafhanklikheid tevrede wees nie; en

(e) indien hulle onafhanklikheid herstel word, sou hulle ingaan op die kwessie van federasie.

Frere het sy verslag waarin bogenoemde punte opgeneem is, 3) op 17 April 1879 voltooi en aan die Volkskomitee op lg. se versoek voorgelê.

---

1) D.V. 22 April 1879, Memorie aan die Koningin, 16 April 1879
2) B.V. 3 p. 58, Verslag van Kommissie oor gebeure tussen 18 Maart en 18 April 1879
3) C. 2367 p. 84

Hierdie verslag is saam met die Memorie aan die Koloniale Kantoor versend. Hierna het Pretorius aan Frere laat weet dat sy verslag oor die verrigtinge te Kleinfontein aan die Boere voorgelees is waarop hulle almal rustig huiswaarts gekeer het in afwagting van 'n gunstige antwoord van die Britse regering.[1]

Frere het, ten spyte van sy verslag aan die Koloniale Kantoor, geen begeerte gehad om hom te beywer vir die herroeping van die anneksasie nie. Sy bewerings dat hy diep onder die indruk van die onbuigsame wil van die Transvaalse Boere gekom het en dat hulle met niks anders as hulle volle onafhanklikheid tevrede sou wees nie, was geensins daarop bereken om die Boeresaak te steun nie. Hy was gebonde om die bevele van sy meerderes in Engeland uit te voer en federasie te bevorder. Kort na sy vertrek uit Pretoria het Frere in Potchefstroom verklaar dat daar geen rede vir die vrees bestaan dat die Transvaal aan die Boere teruggegee sou word nie, en ingeval van nood sal die polisiedienaar deur die soldaat vervang word, totdat die orde herstel is,[2] waarop die Volkskomitee hom per brief versoek het om hom nie uit te laat oor 'n saak wat "sub judice" is nie. Hy moet geen publieke verklarings maak wat op onjuisthede gebaseer is nie, omdat hy, deur die besluit van die Britse regering vooruit te loop, die Boeresaak slegs benadeel. Ten slotte vra die Komitee van hom: "Have we then been playing at Pretoria?"[3]

Sir Garnett Wolseley, wat Frere as Goewerneur en Hoë-Kommissaris van Natal, Transvaal en Zoeloeland vervang het, het kort na sy aankoms in Pretoria op 27 September 1879 by verskillende geleenthede in die openbaar verklaar dat die "Union Jack" oor Transvaal sal wapper solank as die son skyn, en dat die water van die Vaalrivier eerder na sy bron sal terugvloei, voordat die Boere weer die land sal regeer.[4] Om die absolute finaliteit van die anneksasie en die futiliteit van verdere proteste te laat inslaan, het hy dan ook op 29 September 'n proklamasie die lig laat sien waarin verklaar is dat dit die wil en vaste besluit van Haar Majesteit se regering is dat die Transvaal 'n integrale deel van Haar Majesteit se besittings in Suid-Afrika sou wees en vir altyd sal bly.[5] Voor die uitvaardiging van

---

1) C. 2367 p. 145, Pretorius aan Frere, 19 April 1879
2) Jorissen p. 49
3) C. 2482 p. 53; B.V. 36 p. 29, Pretorius aan Frere, 31 Julie 1879
4) Jorissen p. 48; De Kiewiet p. 249
5) C. 2482 p. 342; D.V. 30 September 1879

Na die proklamasie, en wel op 25 September 1879, het Pretorius namens die Volkskomitee 'n skrywe aan Wolseley gerig waarin onder meer gevra is tot watter beslissing die Britse regering oor die toekoms van Transvaal geraak het, aangesien die Volkskomitee nog geen offisiële antwoord op die Memorie aan die Koningin ontvang het nie, en hy (Wolseley) reeds in die openbaar uitlatings oor die onherroeplikheid van die anneksasie gemaak het.[1] Hierop het Wolseley geantwoord dat die anneksasie nie herroep sal word nie en die Komitee se aandag op die proklamasie van 29 September gevestig.[2] "Our local Pharoah has hardened his heart," skryf John X. Merriman na aanleiding hiervan, "and refuses to let the people go."[3]

Dit was nou vir die Boere duidelik dat hulle protes andermaal op dowe ore geval het, dog hulle was nie bereid om te berus nie. Die Britse regering is verder in sy onverbiddelike houding versterk deur die kommersiële groepe in Transvaal wat op 24 April en 12 Junie 1879 verklarings uitgereik het waardeur hulle hulle volkome instemming met die anneksasie beklemtoon het.[4] 'n Rustelose ontevredenheid het hom nou van die Boere meester gemaak sodat Wolseley moes rapporteer dat die houding van die Boere 'n ernstige wending geneem het en dat daar geen gronde bestaan vir die [illegible] dat die meerderheid van die Boere die anneksasie steun nie.[5] Die Britse regering het dit egter goed gedink om hierdie inligting uit die [illegible] te hou tot April 1881. Lanyon, aan die ander kant, het die Boere se praatjies as "mere empty brag" beskou.[6]

(c) Wonderfontein, Desember 1879

Die derde groot volksvergadering van die jaar 1879 het by Wonderfontein vanaf 10 tot 16 Desember plaasgevind. Wolseley het hierdie byeenkoms probeer verhoed deur 'n waarskuwing vanaf Webersfort (waar hy hom in die stryd teen Sekookoeni bevind het) te rig dat aanwesiges op die vergadering hulle aan vervolging sou blootstel as hulle deelneem aan aanstigtende toesprake of gesprekke wat daarop bereken was om die gesag van die Engelse bestuur in Transvaal te ondermyn.[7] Die Boere het hulle ook nie

---

1) C. 2482 p. 337
2) D.V. 7 Oktober 1879; B.V. 10 pp. 64 - 65
3) Lewsen p. 75, Merriman aan Prof. Smith, 7 Oktober 1879
4) Van Rooyen p. 337
5) C. 2866 p. [illegible], Wolseley aan Beach, 29 Oktober 1879
6) L.V. 14 p. [illegible], Lanyon aan Sir Charles Lanyon, 26 September 1879
7) C. 2482 pp. 477 - 478, Proklamasie van Wolseley (aan Beach 17.11.79)

aan hierdie waarskuwing gestuur nie.[1] Die troepeverskuiwing wat Wolseley aanbeveel het en wat Wonderfontein netjies omsingel het, spreek boekdele vir die geslaagdheid van die volksbyeenkomste as bewyse van protes.[2] Gaandeweg het die protesbeweging dus sodanige afmetings aangeneem dat die Engelse gesagvoerders 'n uitbarsting begin vrees het en stappe gedoen het om enige geweldpleging van die kant van die gewapende, vergaderde menigte van Boere te probeer bekamp. "My personal opinion is that the Boers will not have recourse to force," berig Wolseley op 17 November 1879, "but reports reach me from every side that they intend to fight."[3] Die Engelse hoofmag is nl. volgens die eise van omstandighede verdeel en in eenhede van een tot sewe kompanies voetsoldate en 10 tot 50 berede soldate saamgetrek in Pretoria, Heidelberg, Standerton, Wakkerstroom, Middelburg, Lunenburg, Utrecht en Newcastle.[4]

Tussen 6,000 en 7,000 gewapende Boere[5] het dan vanaf 10 Desember by Wonderfontein byeengekom om die onwrikbare eis om onafhanklikheid te herhaal. Die meeste skrywers stel die getal Boere te Wonderfontein in Desember 1879 op meer as 6,000.[6] Vol riviere en vrees vir die heersende perdesiekte het verskillende ander Boere verhinder om die vergadering by te woon.[7] Uit Middelburg is 'n naamlys met 51 handtekenings daarop ontvang van persone wat nie aanwesig kon wees nie, dog die leiers van hulle ondersteuning wou verseker. Vanaf Krugerspost is 37 handtekenings gestuur en uit die Komati-wyk 97.[8] Uit die distrik Utrecht wat volgens Shepstone "much less rebellious" was, het 117 burgers opgedaag en 'n naamlys met 65 handtekenings saamgebring.[9] Sonder twyfel was hierdie vergadering die grootste wat sedert die anneksasie tot op daardie datum in die Transvaal gehou is.

Die aankoms van die 404 Middelburgers by die vergadering was veral indrukwekkend. Hierdie groep het in 'n halfmaan om Kruger se wa stelling ingeneem, en, terwyl Daniël Schutte die Vierkleur omhoog gehou het, het Niklaas Smit verklaar: "Burgers, die vlag wat hier waai, is die vlag

---

1) Kotze p. 669
2) Van Rooyen p. 351
3) C. 2482 pp. 510 - 511, Wolseley aan die Oorlogskantoor in Londen
4) Ibid.
5) D.V. 23 Desember 1879
6) Mouton p. 45; Van Rooyen p. 338; Theal 2 p. 105
7) Van Oordt p. 243
8) Van Rooyen p. 345
9) Ibid.

van ons vaders; vir hulle was hierdie vlag dierbaar, maar vir ons dubbel so. Laat ons hierdie vlag respekteer, hierdie vlag wat eens oor 'n vrye land gewapper het; laat ons in die skadu van hierdie vlag staan en die heilige plig waarvoor ons hier bymekaar gekom het, onthou; as dit nodig is, laat ons ons bloed daarvoor stort sodat ons dit weer in vrye grond kan plant."[1]

Die algemene gevoel van die vergadering was om te sterf eerder as hulle te onderwerp.[2] Hans Steyn het verklaar dat die tyd vir memories en passiewe teenstand verby is. "Laat ons ons Gouvernement proclameeren en het land nemen, en ik ben er zeker van dat God met ons zal wezen."[3] Op 'n vraag van Gerrit Scheepers of die burgers hulle wou onderwerp en of hulle die wapens wou opneem, was die antwoord van die menigte oorweldigend ten gunste van die laasgenoemde voorstel.[4] Joubert het gesê dat vryheid 'n dierbare kleinood is; die Komitee het alreeds alle vreedsame metodes beproef, dog die volk moet besluit en nie later sê dat Kruger of Joubert hulle aangeraai het om geweld te gebruik nie.[5] Die houding van die Komitee was egter "geen geweld met geweld gekeerd" voordat die uiterste nie beproef is nie.[6] Die volk is deur die leiers daarop gewys dat die tyd nog nie ryp was vir drastiese optrede nie, veral omdat die nodige gewere en ammunisie nog ontbreek het. Almal was dit egter eens dat hulle hulle nie kon neerlê by die beslissing van die Britse regering nie en dat die versetbeweging verskerp moes word.

By hierdie geleentheid het die Volkskomitee formeel verslag gedoen oor die uitslag van die Memorie aan die Koningin, oor Frere se onwrikbare houding en Wolseley se dreigemente. Van die kant van die vergaderde menigte is slegs een antwoord hierop ontvang, nl. dat die Republikeinse regering sonder verwyl herstel moet word. Reëlings is getref dat die voormanne 'n opname onder die aanwesiges in hulle wyke moes maak en hulle bevindings aan die Komitee voorlê. Die dertig voormanne se bevindings het tot uiting gekom in die Volksbesluit van 15 Desember 1879.[7]

---

1) Van Rooyen p. 352
2) Van Oordt p. 244
3) Ibid. p. 285
4) Ibid.
5) Ibid. p. 286
6) Cachet p. 521
7) Ibid. pp. 518 - 519

Op genoemde datum is die Volksbesluit formeel aangeneem en deur die aanwesiges onderteken. Hierin word verklaar dat die tyd vir memories aan die Britse regering verby is, daar hulle daarvan oortuig is dat daar langs hierdie weg geen vergelyk te tref is nie, veral omdat daar niemand is wat hulle antwoord nie. Die Engelse amptenare in Transvaal "bedek die waarheid en smoor ons stemme." Hulle ontken dat hulle ooit Britse onderdane was of wil wees, en bepaal dat iedereen wat van hulle as oproermakers praat, 'n lasteraar is. Hulle eis hulle onafhanklikheid en verlang om aan vriend en vyand te toon dat hulle alles wat na bloedvergieting lyk, wil vermy, en om hierdie rede van die Volksraad verwag dat hy die nodige stappe sal neem om 'n vreedsame oplossing vir die moeilikhede te vind. Die ou Volksraad moes dadelik herstel word. Die belange van die Engelse in Transvaal kon deur diplomatieke verteenwoordigers wat deur die Britse regering aangestel is, behartig word. Die Republikeinse owerhede sou ook op die kwessie van federasie ingaan en sal wat naturellebeleid betref met die Britse Kolonies in Suid-Afrika oorleg pleeg.[1)]

Behalwe die Volksbesluit is ook nog ander maatreëls getref, nl. om nie handel te dryf met diegene wat die Boeresaak vyandig gesind is nie, en, indien die Britse regering nie die anneksasie voor 6 April 1880 herroep nie, om alle Engelse boeke en geskrifte in hulle besit te vernietig,[2)] hulle kinders uit Engelse skole te verwyder, geen gasvryheid aan Engelse of simpatiseerders met die Britse bewind te betoon nie, en om hulle vriende in die Kaap, Natal en die Vrystaat aan te moedig om dieselfde te doen.[3)] Uit bogenoemde blyk dat politieke onderdrukking die strewe na ekonomiese selfstandigheid en die ontwikkeling van hulle eie taal bevorder het.[4)] Voor die Republiek nie herstel is nie, sal hulle ook nie van die howe gebruik maak om hulle privaat geskille op te los nie, dog hulle sal uit hulle eie geledere skeidsregters aanstel om hulle geskille te skik.[5)]

Na 16 Desember het die Wonderfontein-vergadering uiteen gegaan, nadat daar besluit is dat daar op 6 April 1880 te Paardekraal byeengekom sou word om uitvoering te gee aan die besluite en die volksregering te

---

1) B.V. 3 pp. 68 - 70; S.V. 25/2336B
2) Dit het egter nooit daartoe gekom nie.
3) C. 2505 p. 118, "De Volksstem" se verslag van vergadering van 13.12.79
4) Van der Walt, Wiid en Geyer 1 p. 421
5) B.V. 3 p. 61

herstel.[1] Hierdie optrede was gelykstaande aan rebellie en 'n openlike uitdaging aan die Britse gesag.[2] Die beskouing dat die onderdane eerbied vir die owerheid wat deur God daargestel is, moes betoon, is nog steeds gehuldig, dog die leiers was van mening dat hulle alleen trou aan die Republiek verskuldig was wat nog nie verdwyn het nie, en nie teenoor die geusurpeerde gesag in Pretoria nie, en daarmee is opstand en rebellie sowel gewettig as geheilig.[3]

Nadat bogenoemde besluite deur M.W. Pretorius as Voorsitter en W.E. Bok as Sekretaris onderteken is, is hulle aan Wolseley deurgestuur. Laasgenoemde het die hys van die Vierkleur en die besluit tot die herstel van die Republiek as verraad beskou en Pretorius op 3 Januarie en Bok op 5 Januarie 1880 laat arresteer.[4] Dit het groot verontwaardiging onder die Boere gaande gemaak en die bestaande verbittering teenoor die Engelse bewind verskerp.[5] In die Potchefstroomse distrik het 250 gewapende Boere bymekaar gekom en besluit om Pretorius met geweld te bevry. Kruger het hom van Rustenburg na Potchefstroom gehaas om die opgewonde heethoofdiges te laat besin. Dit kos hom dan ook heelwat inspanning om hulle van hulle plan te laat afsien.[6]

Pretorius en Bok is egter op borgtog van £3,000 elk vrygelaat op voorwaarde dat hulle hulle binne ses maande voor die hof op aanklag van hoogverraad verantwoord.[7] Pretorius is na sy ontslag uit die tronk deur die Engelse regering oorreed om die land te deurreis in 'n poging om die Boere te oortuig dat hulle verset vrugteloos was, dog nadat hy een vergadering toegespreek het, het hy aan die Engelse regering berig dat hy nie die plan verder kan uitvoer nie, aangesien die burgers so vasbeslote was om hulle onafhanklikheid te herwin dat hulle nie tot ander insigte gebring kan word nie.[8]

Intussen het Wolseley sy sienswyse wat die politieke toestand in Transvaal betref heelwat gewysig. Volgens hom het die arrestasie van Pretorius en Bok die gewenste uitwerking op die politieke situasie gehad

---

1) Jorissen p. 51
2) Kruger p. 184
3) Ibid. p. 185
4) Colenso en Durnford p. 116; D.V. 16 Januarie 1880
5) Kotze p. 672
6) Van Oordt p. 294
7) C. 2584 p. 194 rapport van Moroom van 2 Maart 1880 aan Wolseley
8) Bredell en Grobler p. 75

en was daar 'n merkbare begeerte onder die meerderheid van die ontevredenes om die vrugtelose en gevaarlike pogings tot rusverstoring te beëindig.[1] In April 1880 rapporteer hy dat rapporte uit alle dele van Transvaal bevestig dat die volk besluit het om af te sien van alle verdere rusverstoring "en hulle weer te wy aan die vreedsame sorge van hulle landelike lewe."[2] Wolseley het die flater begaan om die rede vir die oënskynlike vreedsaamheid aan berusting te wyt.

Op hierdie wyse het die anneksasie daartoe bygedra om die burgers in hulle doelgerigtheid te verenig, en so ver het hulle sedert 12 April 1877 op die pad na eenheid gevorder dat 'n vergadering van meer as 6,000 burgers weer die Vierkleur kon hys en besluit om die Volksraad te herstel. Maar nog meer - teen die einde van 1879 was die meerderheid van die ontevredenes so moeg vir memories en vreedsame metodes dat hulle bereid was om hulle lewens vir die herstel van die Republiek op te offer. Die vasberadenheid waarmee die saak aangedurf is, is dan ook bewys van die erns wat een en almal besiel het. Patriotisme het die Boere op hierdie stadium in 'n hegte eenheid saamgebind[3] en van hulle 'n gedugte kombinasie gemaak. Die geslaagde volksbyeenkomste was baie duidelike tekens van die naderende storm, dog die verantwoordelike Engelse amptenare het die saak nie in 'n ernstige lig beskou nie.[4]

Die "Cape Argus" het die wens uitgespreek dat die berigte oor die Wonderfontein-byeenkoms en sy besluite as 'n grap beskou kon word, maar, verklaar die blad, 'n gees van diepe erns spreek daaruit.[5]

---

1) C. 2584 p. 191, Wolseley aan Beach, 2 Maart 1880
2) C. 2676 p. 32, Wolseley aan Beach, 10 April 1880
3) Bellairs p. 17n; C. 2505 p. 115, Verslag van "De Volksstem" oor vergadering van 10 Desember 1879 te Wonderfontein.
4) Bellairs p. 20
5) D.V. 6 Januarie 1880, aangehaal uit die "Cape Argus."

## HOOFSTUK 5

### DIE INVLOED VAN DIE ALGEMENE VERKIESING IN ENGELAND OP DIE BOERE-VERSETBEWEGING

Die beplande byeenkoms van 6 April 1880 waarop die Boere sou oorgaan tot die herstel van die Republiek soos deur die Volksbesluit van 15 Desember 1879 bepaal, het nooit plaasgevind nie. Indien die gees van instemmigheid, asook die vasberadenheid, wat op die Wonderfontein-byeenkoms geheers het, in ag geneem word, moes daar bepaald 'n goeie rede vir die uitstel van die vergadering bestaan het.

Die verklaring vir hierdie optrede van die kant van die Boere lê in die op hande synde algemene verkiesing in Engeland wat teen die einde van April 1880 sy hoogtepunt sou bereik. Die Boere het nl. hulle hoop gevestig op 'n oorwinning vir die Liberale Party in die verwagting dat die Liberale leiers, as hulle eenmaal aan die bewind gestel is, liberaal sou dink en optree.[1] Hulle het, veral op grond van Gladstone se uitlatings, geredeneer dat daar dan 'n regskape man aan die roer van sake sou wees wat die grondbeginsels van die Internasionale Reg, wat ook aan swakkere volke hulle voortbestaan waarborg, tot rigsnoer van sy optrede gemaak het.[2] Hierdie man sou dan opnuut oortuig moes word dat die herroeping van die anneksasie van Transvaal 'n dringende noodsaaklikheid in die belang van die handhawing van die vrede in die hele Suid-Afrika was. In hierdie rigting sou die Boere dus strewe en die soveelste poging aanwend om langs vreedsame weg hulle onafhanklikheid terug te kry, voordat hulle sou oorgaan tot die herstel van die Republiek soos reeds besluit was. "Met de verandering van een Tory-Cabinet in een ministerie-Gladstone veranderde ook onse politiek," verklaar Jorissen die uitstel van die byeenkoms van 6 April.[3]

Dat die Boere in die moontlike regeringsverandering in Engeland die geleentheid gesien het om hulle onafhanklikheid terug te kry, word ook deur Lanyon se sienswyse bevestig. Solank die Boere enige hoop het om hulle

---

1) Leyds p. 318
2) Jorissen p. 55
3) Ibid. p. 52

land terug te kry, meen hy, sal die agitasie voortduur. Daarom moet Engelse politici versigtig wees wat hulle sê. As die Konserwatiewes die verkiesing in Engeland verloor, verwag hy 'n nuwe opflikkering van die agitasie om onafhanklikheid.[1] Die nuwe moontlikheid van 'n vreedsame skikking wat daar dus vir die Boere voorgehou is, verklaar dan ook hulle skynbare rustigheid op hierdie stadium.

Die beroep wat op Gladstone gedoen sou word, het baie nou saamgehang met die Boere se poging om die Konferensie-wetsontwerp wat in Mei 1880 deur Sir Gordon Sprigg op aandrang van Frere in die Kaapse Wetgewende Vergadering ter tafel gelê sou word, te verongeluk. Op 'n komiteevergadering van Boerevoormanne te Wonderfontein is besluit om die volksvergadering wat vir 6 April 1880 belê is, onbepaald uit te stel, en om 'n deputasie bestaande uit Kruger, Joubert en Jorissen na die Kaapkolonie te stuur om die dreigende gevaar van 'n konferensie, die voorloper van federasie, te probeer afwend.[2]

Die mislukking van federasie sou volgens die Boere die teruggawe van hulle land vir Gladstone vergemaklik, want, as federasie eers skipbreuk gely het, sou daar geen motief oorbly vir die handhawing van die anneksasie nie.[3] Aan die ander kant het hulle besef dat, as die Transvaal eers as 'n Britse Kolonie in 'n Suid-Afrikaanse federasie saamgesnoer was, hulle onafhanklikheid vir ewig verlore sou wees. Indien die plan om federasie te dwarsboom sou slaag, kon aangevoer word dat die Transvaal as vrye staat die kwessie van federasie in gunstige oorweging sou neem.[4] Indien die Boereleiers dus enige hoop op sukses langs hierdie weg gekoester het, was dit 'n voorvereiste dat die Konferensie-wetsontwerp wat die Kaapkolonie sou magtig om 'n konferensie van Suid-Afrikaanse Kolonies te belê waarop die kwessie van federasie uitgepluis kon word, deur die Kaapse Parlement verwerp moes word. Hiermee het die versetbeweging die diplomatieke en taktiese fase binnegegaan, en die strydpunt het tydelik na die Kaapkolonie verskuif.[5]

Voordat die verloop van die deputasie se poging om die Konferensie-

---

1) L.V. 15 p. 101, Lanyon aan Sir Charles Lanyon
2) J.V. 25/2367, Notule van die Volkskomiteevergadering van 8 - 11 Maart 1880.
3) Jorissen p. 56
4) Cachet p. 523
5) Kruger p. 187

wetsontwerp te laat verwerp, geskets word, moet daar eers kortliks op die algemene houding van die Kapenaars teenoor die anneksasie en die Boere se versetbeweging gelet word. Volgens Lanyon was die Hollandse element in die Kaap woedend oor die anneksasie.[1] Frere het dieselfde mening daarop nagehou. Volgens hom het nie alleen die Afrikaners in die Kaap omgekrap gevoel oor die anneksasie nie, maar het die "Radikale en die Republikeinse Engelse pers," sowel as die Kaapse Parlementêre opposisie, die agitasie teen die anneksasie gesteun.[2] John X. Merriman het die anneksasie beskou as "a high-handed Imperial stroke which made every Dutchman in the Cape Colony as well as in the Republics a suspicious distrustful man, putting an end to the growing feeling of unity and fellowship which is a primary necessity of any scheme of federation."[3]

Op 18 April 1879 het die Volkskomitee 'n beroep op hulle "medeburgers en vriende" in die Kaap gedoen om d.m.v. petisies en memories aan die Britse regering te help om die anneksasie te vernietig. Op 12 Julie 1879 is dan ook 'n petisie van die Kaapse burgers aan die Koningin afgestuur waarin versoek is dat die Transvaal se onafhanklikheid herstel word.[4] Direk na die anneksasie is verskillende vergaderings in die Kaapkolonie gehou, bv. dié te Malmesbury, waarop mosies van afkeuring in, en protes teen, die anneksasie aangeneem is.[5]

Op 8 November 1879 het 'n deputasie van Lede van die Kaapse Wetgewende Raad en Vergadering en Munisipale Raadslede in 'n onderhoud met Frere op die ontplofbare situasie in Transvaal gewys. J.H. Hofmeyr, Saul Solomon, P. Stigant en Merriman was onder meer lede van hierdie afvaardiging. Stigant het betoog dat 'n positiewe poging aangewend moes word om 'n botsing tussen die Boere en die Britse troepe in Transvaal te voorkom. Indien die meerderheid teen die Engelse bewind gekant is, moes die anneksasie met spesifieke voorbehoude van goeie bestuur opgehef word.[6] Saul Solomon het onder meer verklaar dat die anneksasie onder 'n misverstand plaasgevind het,[7] terwyl Merriman dit benadruk het dat die anneksasie in

---

1) L.V. 12 p. 115, Lanyon aan Sir Charles Lanyon, 30 April 1877
2) Martineau p. 208, Frere aan Ponsonby, 3 April 1880
3) Lewsen p. 67, Merriman aan Prof. Smith van Toronto, 3 Februarie 1879
4) C. 2482 pp. 37 - 38
5) D.V. 23 Mei 1877
6) C. 2482 p. 145, Stigant se betoog
7) Ibid. p. 44?, Solomon se betoog

elke plaaswoning in die Kaapkolonie bespreek word. Verder: "A strong and bitter feeling is growing up against the British Government throughout the Cape. A spark might set the whole South Africa ablaze." Hy stel 'n kommissie voor wat die saak moet bespreek en in die reine bring.[1] Die heer Van der Bijl het die mening gelug dat die anneksasie van Transvaal meer as enigiets anders in die weg van federasie gestaan het.[2] Frere het toegegee dat daar iets gedoen moet word ten einde bloedvergieting in Transvaal te voorkom, maar terselfdertyd het hy die mening gehuldig dat die grootste moontlike vryheid onder die Britse vlag geniet kan word en die hoop uitgespreek dat die Transvalers daarvan gebruik sou maak.[3] Van hierdie beweging het weinig tereg gekom. 'n Verslag van die besprekings en voorstelle is aan Beach gestuur wat ontvangs daarvan erken het, "having perused the papers with interest."[4] Die Transvalers is hierdeur egter in hulle verset gesterk, daar hulle van steun elders in Suid-Afrika verseker was, al was dit slegs morele steun.

Op 8 Maart 1880 het 'n groep Boere van die Kaapkolonie ook 'n adres aan Gladstone gerig waarin hy gevra is om die anneksasie van Transvaal terug te trek. Uittreksels uit "Het Volksblad," "Cape Argus" en "The Cape Times," waarin die Transvalers se versetbeweging gesteun en die anneksasie gekritiseer word, het hierdie petisie vergesel.[5]

In die lig van hierdie agtergrond kan nou die sukses van Kruger, Joubert en Jorissen bepaal word. Volgens Jorissen het hulle opnuut "'n stormagtige simpatie" vir die Boere se saak opgewek, veral in die Westelike Kaap waar talryke vergaderings gehou en besluite geneem is om aan te dring op die vernietiging van die anneksasie.[6] 'n Monsterpetisie wat deur 7,000 Kaapse burgers onderteken is, is dan ook aan die Koningin versend.[7] Hierdie gees het hom ook meester van die meerderheid van die Kaapse Parlementslede gemaak, en toe die voorgestelde konferensiemaatreël ter tafel gelê is, is die Imperialistiese beleid van die Britse regering op meedoënlose wyse aangeval.[8] Onder meer is verklaar dat, hoe wenslik federasie

---

1) C. 2482 pp. 448 - 449, Merriman se betoog
2) Van Oordt p. 277
3) C. 2482 p. 453
4) Ibid. p. 465, Beach aan Frere, 13 Desember 1879
5) C. 2695 pp. 11 - 16
6) Jorissen p. 57
7) Kotze p. 639
8) Jorissen p. 57

ookal mag wees, daaraan nie gedink kan word nie solank vrye Afrikaners so onregverdig behandel is. Om 'n openbare nederlaag te voorkom, het Sprigg sy wetsontwerp teruggetrek.[1]

Dit was 'n groot diplomatieke oorwinning vir die Boere - die eerste ligstraal in hulle volgehoue stryd vir drie jaar. Hulle is hiertoe gehelp grootliks deur die steun van J.H. Hofmeyer, Solomon en Merriman wat op hulle beurt hulle invloed op die Kaapse publieke opinie en Parlementslede laat geld het. "Deze deputatie heeft goeden vrugten gedragen, en althans in Zuid-Afrika de overtuiging vastgezet, dat geen Confederatie mogelijk is, zonder dat vooraf het onregt, ons land aangedaan, hersteld is," skryf Leyds.[2]

Ook Lanyon het erken dat Kruger en Joubert hoofsaaklik verantwoordelik was vir die mislukking van die konferensiemaatreël,[3] terwyl Frere toegegee het dat die anneksasie van Transvaal wat die federasieplan moes bevorder, in werklikheid federasie op hierdie tydstip onmoontlik gemaak het. Hy noem as deurslaggewend die aktiwiteite van die deputasie, wat hulle landgenote in die Kaap beïnvloed het om hulle goedkeuring aan alle stappe wat daarop bereken was om federasie te bevorder, te onttrek, totdat die onafhanklikheid van Transvaal herstel is. Gevolglik is druk uitgeoefen op die lede wat Hollandse kiesafdelings verteenwoordig, om die konferensiesaak uit te stel, en daarom is dit onmoontlik, sover dit hierdie sitting betref, dat 'n konferensievoorstel van die Kaapkolonie sal uitgaan.[4]

Daar moet egter op gelet word dat Frere se pessimisme slegs op die konferensie betrekking gehad het, want volgens hom het die einddoel, nl. federasie, slegs 'n tydelike terugslag ondervind. In 'n onderhoud met Ministers Sprigg en Upington het die deputasie verklaar dat, indien die anneksasie teruggetrek word, al was dit net vir 24 uur, die volk van Transvaal vir federasie te vinde sou wees.[5] Sprigg het beloiwe om hierdie sienswyse van die Boere aan die Britse regering oor te dra. Maar toe hierdie toedrag van sake aan Frere berig is, het hy dit as sy plig beskou om die nuwe benadering die nek in te slaan.[6] Daarom skryf hy aan die Minister

---

1) Kotse p. 723; Martineau p. 219
2) Leyds p. 322
3) C. 2891 p. 7, Lanyon aan Kimberley, 1 Februarie 1881
4) C. 2655 p. 96, Frere aan Kimberley, 6 Julie 1880
5) Jorissen p. 58
6) Ibid. p. 59

van Kolonies dat die toekoms van federasie beter as ooit verseker was; dat die deputasie die saak d.m.v. hulle opruiende toesprake wel 'n mate van skade berokken het, dog dat die Transvaalse leiers nou die vrees koester dat hulle hulle populariteit onder hulle volksgenote wat ten gunste van federasie is, sal inboet, en daarom het hulle in 'n onderhoud met sy ministers gepoog om die gevolge van hulle optrede ongedaan te maak.[1] Jorissen skryf dat hierdie "leugen" enige nadere oorlegpleging met die Kaapse ministers afgebreek en die Gladstone ministerie nog verder op 'n dwaalspoor gebring het.[2]

Sonder om te poog om afbreuk te doen aan die sukses wat Kruger, Joubert en Jorissen in die Kaapkolonie behaal het, moet daar tog gemeld word dat die algemene gevoelens voor hulle aankoms in die Kaap nie heeltemal ten gunste van federasie was nie. Die sg. "Radical Party" en die Engelse pers het 'n groot rol gespeel om Frere se federasiebeleid verdag te maak sonder om die anneksasie van Transvaal noodwendig by hulle argumente te betrek. Die "Scotsman" het federasie bestempel as "the foolish and dangerous policy of Sir Bartle Frere."[3] Boonop moet in gedagte gehou word dat die Kaapse regering besef het waarvoor hulle hulle sou inlaat deur 'n federasie te sluit met die Natallers, ontevrede Boere en vyandiggesinde naturelle van die Noorde. Buite federasie het hierdie gebiede Britse verantwoordelikheid gebly, dog binne federasie sou die Kaapkolonie 'n baie groot finansiële las op sy skouers neem en hulle sou self moes betaal vir elke oorlog wat mense soos Frere en Lanyon sou begeer om te voer. Dit was dan ook veral die Zoeloe-moeilikhede wat sommige Kapenaars huiwerig gestem het.

Volgens De Kiewiet het Groot-Brittanje moed en vertroue nodig gehad om voort te gaan met die federasieplan, en dit het ontbreek. Om die plan heeltemal te laat vaar, sou 'n terugkeer tot die onafhanklikheid van Transvaal beteken, en dit sou die federasiegedagte belaglik maak.[4]

Om nou terug te keer tot die hoop wat die Boere op 'n verkiesingsoorwinning vir Gladstone gekoester het: In sy Mid-Lothian verkiesingstoesprake het Gladstone so heftig te velde getrek teen die Beaconsfield-

---

1) Jorissen p. 59
2) Ibid.
3) Martineau p. 221
4) De Kiewiet p. 240

ministerie t.o.v. die anneksasie van Transvaal dat hy daardeur die indruk gewek het dat hy die Boer saak goedgesind is.[1] Op 25 November 1879 het hy gesê dat die Konserwatiewe Party 'n vrye Republiek van sy onafhanklikheid beroof het ten spyte van die feit dat 6,500 kiesers uit 8,000 daarteen geprotesteer het.[2] Op 29 Desember 1879 het hy verklaar dat Carnarvon anneksasie gemagtig het slegs op voorwaarde dat die meerderheid van die bevolking daarvoor te vinde was, en dat die protes van 6,500 kiesers bewys dat daar op die regte van 'n vrye volk inbreuk gemaak is.[3] Te Peebles het hy op 1 April 1880 verklaar: "If these acquisitions (Cyprus and Transvaal) were as valuable as they are valueless, I would repudiate them because they are obtained by means dishonourable to the character of the country."[4] Mooi-klinkende woorde, soos bv. "the invasion of a free people," en "the Transvaal, a country where we have chosen most unwisely .... to compel them to accept a citizenship which they decline and refuse"[5] van 'n groot Engelse staatsman - daarom was Gladstone die Boere se laaste hoop op 'n vreedsame skikking.

Op 'n vergadering van Boere wat op 18 Maart 1880 gehou is en waarop die nuwe verwikkelinge verduidelik is, is 'n brief aan Gladstone voorgelees waarin hy bedank word vir sy simpatieke houding teenoor die Boeresaak en die hoop uitgespreek word dat, indien hy Eerste Minister sou word, die onreg wat die Transvaal aangedoen is, reggestel sou word. Na die val van die Tory-regering op 28 April 1880 het Kruger en Joubert wat op daardie tydstip in die Kaap was, in Mei 1880 'n skrywe aan Gladstone gerig waarin hulle op die herstel van die onafhanklikheid van Transvaal aangedring het; die volk van Transvaal staan nog steeds by die besluite van Desember 1879 en onthou hulle van enige rusverstoring, nie omdat hulle tevrede is nie, maar omdat "het kon wachten, daar het wist wat het wilde en wat het besloten had te doen."[6]

Op 8 Junie 1880 het Gladstone geantwoord dat dit onmoontlik is om die saak tans te oorweeg asof dit vir die eerste maal te berde gebring word. Hoewel hy nog steeds die anneksasie afkeur, is sekere verpligtinge

---

1) Leyds p. 319
2) Morley 3 p. 27; Norris-Newman p. 107
3) Morley 3 p. 27; Norris-Newman p. 108
4) Morley 3 p. 28; Martineau p. 240
5) Martineau p. 209
6) Leyds p. 319; C.2676 pp. 46a - 46b, Kruger en Joubert aan Gladstone op (10.5.80.

reeds aangegaan, en daarom is hy van oordeel dat die Koningin nie aangeraai kan word om haar soewereiniteit oor die Transvaal terug te trek nie.[1] Op 20 Mei 1880 het Lord Kimberley, die nuwe Koloniale Sekretaris, ook reeds aan Frere laat weet dat die annekeasie van Transvaal nie opgehef sal word nie.[2] "Mochten de Boeren memoreeren, deputeeren, proclameeren of congregeeren - in Engeland had men maar een antwoord en bleef men bij het vast besluit: de annexatie mag, kan en zal nooit worden vernietigd."[3]

Na ontvangs van Gladstone se antwoord het baie min Boere nog enige hoop op 'n vreedsame skikking gekoester. Die meerderheid was daarvan oortuig dat vreedsame pogings misluk het en dat hulle óf die swaard sou moes opneem, óf, so nie, as 'n onderworpe volk sou moes lewe en sterf.[4] Die kalme rustigheid waarmee die Boere dan ook die uitslag van die nuwe onderhandelings met die Gladstone-ministerie aanvaar het, het Lanyon op 26 Junie 1880 laat berig dat die Boere se gevoelens, sedert dit bekend geword het dat die Koningin se soewereiniteit oor die Transvaal nie opgehef sou word nie, 'n aanmerklike verandering ten goede ondergaan het, en dat ook die landdroste in die algemeen dieselfde opinie daarop nahou.[5] In werklikheid was die Boere slegs rustig in afwagting van die volgende stap waarop die leiers in oorleg met die volk sou besluit.[6]

Gladstone se weiering om die onafhanklikheid van Transvaal te erken, het volgens die Boere aan troubreuk gegrens. Die anneksasie van Transvaal is egter slegs deur Gladstone as knuppel teen sy politieke opponente gebruik.[7] Joubert het die saak in 'n ope brief aan sy medeburgers soos volg gestel: "Gij hebt geene voldoende magt en daarom word u regt niet erkend." Die keuse lê volgens hom tussen verhuising, onderwerping, of "vry te vegten." Verder verklaar hy dat dit nog dieselfde Engeland is wat met "heerssug, hebsug, veroweringsug voortgedreven zig verschuil agter het voorwendsel van Christendom en beschaving - alle andere volken der aarde beroeren en verontrusten, alle swakkere verdrukken en verwoesten. Wanneer sy het slegts in Engelands belang agten, dan ontsiet sy het hei-

---

1) C. 2676 p. 46b, Gladstone aan Kruger en Joubert, 8 Junie 1880
2) C. 2586 p. 12
3) Cachet p. 524
4) Leyds p. 320
5) C. 2676 pp. 64 - 65, Lanyon aan Kimberley
6) Van Rooyen p. 339
7) De Kiewiet p. 258

reeds aangegaan, en daarom is hy van oordeel dat die Koningin nie aangeraai kan word om haar soewereiniteit oor die Transvaal terug te trek nie.[1] Op 20 Mei 1880 het Lord Kimberley, die nuwe Koloniale Sekretaris, ook reeds aan Frere laat weet dat die anneksasie van Transvaal nie opgehef sal word nie.[2] "Mochten de Boeren memoreeren, deputeeren, proclameeren of congregeeren - in Engeland had men maar een antwoord en bleef men bij het vast besluit: de annexatie mag, kan en sal nooit worden vernietigd."[3]

Na ontvangs van Gladstone se antwoord het baie min Boere nog enige hoop op 'n vreedsame skikking gekoester. Die meerderheid was daarvan oortuig dat vreedsame pogings misluk het en dat hulle óf die swaard sou moes opneem, óf, so nie, se 'n onderworpe volk sou moes lewe en sterf.[4] Die kalme rustigheid waarmee die Boere dan ook die uitelag van die nuwe onderhandelings met die Gladstone-ministerie aanvaar het, het Lanyon op 26 Junie 1880 laat berig dat die Boere se gevoelens, sedert dit bekend geword het dat die Koningin se soewereiniteit oor die Transvaal nie opgehef sou word nie, 'n aanmerklike verandering ten goede ondergaan het, en dat ook die landdroste in die algemeen dieselfde opinie daarop nahou.[5] In werklikheid was die Boere slegs rustig in afwagting van die volgende stap waarop die leiers in oorleg met die volk sou besluit.[6]

Gladstone se weiering om die onafhanklikheid van Transvaal te erken, het volgens die Boere aan troubreuk gegrens. Die anneksasie van Transvaal is egter slegs deur Gladstone as knuppel teen sy politieke opponente gebruik.[7] Joubert het die saak in 'n ope brief aan sy medeburgers soos volg gestel: "Gij hebt geene voldoende magt en daarom word u regt niet erkend." Die keuse lê volgens hom tussen verhuising, onderwerping, of "vry te vegten." Verder verklaar hy dat dit nog dieselfde Engeland is wat met "heerszug, hebzug, veroweringszug voortgedreven zig verschuil agter het voorwendsel van Christendom en beschaving - alle andere volken der aarde beroeren en verontrusten, alle swakkere verdrukken en verwoesten. Wanneer sy het sleghts in Engelands belang agten, dan onteiet sy het hei-

1) C. 2676 p. 46b, Gladstone aan Kruger en Joubert, 8 Junie 1880
2) C. 2586 p. 12
3) Cachet p. 524
4) Leyds p. 320
5) C. 2676 pp. 64 - 65, Lanyon aan Kimberley
6) Van Rooyen p. 339
7) De Kiewiet p. 258

ligste traktaat niet, nog minder een Sand Rivier Konvensie."[1]

Gladstone het sy houding soos volg verdedig: "To repudiate the annexation is one thing; to abandon that annexation is another."[2] Kort na sy bewindsaanvaarding het die pro-Britsgesindes in Transvaal 'n petisie aan hom gestuur waarin hy versoek is om nie die anneksasie te herroep nie. Die versoekskrif is deur 515 persone onderteken.[3] Dit is egter te betwyfel of Gladstone hierdeur in sy oortuiging gesterk is dat die Transvaal Britse gebied moet bly. Volgens Leyds skyn die vrees vir burgeroorlog tussen die pro-anneksasioniste en die anti-anneksasioniste (met die moontlikheid van verdere verspreiding) een van die dryfvere te gewees het wat Gladstone laat afsien het van die gedagtes wat hy tydens die verkiesingsveldtog t.o.v. die anneksasie verkondig het.[4] In 1879 het die Pretoriase Kamer van Koophandel by wyse van petisie aan die Britse regering die opinie uitgespreek dat, indien die Britse gesag uit Transvaal onttrek sou word, daar sonder twyfel burgeroorlog sou uitbreek, en dat die land in so 'n geval deur die naturelle beheerster sou word waardeur 'n onhoudbare toestand vir die blankes geskep sou word.[5] Kort na die uitbreek van vyandelikhede tussen die Boere en die Britse regering het Grant Duff, Onder-Sekretaris van Kolonies, die optrede van die Gladstone-ministerie onder meer soos volg verdedig: "Die anti- Britsgesinde groep in Transvaal word swakker, terwyl die pro-Britsgesinde groep veld wen. Wat sal gebeur as Engeland hom uit die Transvaal onttrek? 'n Burgeroorlog sal uitbreek tussen die pro-Britsgesindes en die anti-Britsgesindes."[6] Op 24 Mei 1880 het Lord Kimberley in die Britse Hoërhuis verklaar: "Indien ons nou van beleid verander, sal dit die Transvaal in 'n toestand van anargie laat en moontlik 'n moorddadige oorlog ontketen. Ek wil nie die verantwoordelikheid van so 'n risiko op my neem nie."[7]

Die Pretoriase Kamer van Koophandel se invloed was te gering dat sy sienswyse as gesaghebbend in Britse regeringskringe beskou sou word. Lg. was van die Engelse amptenare afhanklik om 'n ware beeld van die posi-

---

1) Mouton p. 48, brief van Joubert gedateer 2 Augustus 1880
2) Nixon p. [illegible]
3) Theal 2 pp. 100 - 101
4) Leyds p. 396
5) Ibid. pp. 395 - 396
6) Ibid. p. 396
7) Ibid. pp. 396 - 397

sie in Suid-Afrika te kry. 'n Studie van die verslae van hierdie tydperk bewys dat, soos in die reeds-aangehaalde geval van Wolseley, Engelse amptenare die Britse regering daarvan probeer oortuig het dat die agitasie om onafhanklikheid geweldig verslap het. Volgens Morley is Gladstone beweeg om te glo dat die ontevredenes besig was om te berus in die Britse bestuur.[1] "On coming into power the Gladstone government found the official evidence all to the effect that the political aspect of the Transvaal was decidedly improving. The commissioners, the administrators, the agents were unanimous."[2] Verder, verklaar Morley, is die Gladstone-regering deur sy amptenare in Suid-Afrika verseker dat die herroeping van die anneksasie nie alleen federasie sou verongeluk nie, maar ook 'n ernstige burgeroorlog ten gevolg sou hê.[3]

Die bewering dat burgeroorlog in die Transvaal sou uitbreek indien Engeland sy gesag sou onttrek, ber[illegible] 'n veronderstelling waarvoor daar geen bewyse bestaan nie. Dit was slegs die nuwe "official bugbear" wat die uitgediende "algemene naturelle-oorlog"-storie vervang het en aan Britse staatsmanne 'n gerieflike uitvlug gebied het om aan die Transvaal vas te klou.

Kotze gee 'n ander verklaring vir Gladstone se houding, nl. die siennwyse van 'n sterk groep van sy ondersteuners wat bekend was as die "Exeter Hall Party." Hierdie groep het vas geglo dat die Boere die naturelle onderdruk en slawe aanhou, ten spyte van die feit dat daar met anneksasie geen slawe in Transvaal gevind is wat moes vrygestel word nie en dat die bestaande arbeidstelsel onder die Engelse bewind ongewysig voortbestaan het. Hierdie party het daarop aangedring dat die Britse gesag in Transvaal gevestig sou bly om die euwels wat hulle daar onder Republikeinse bewind gesien het, uit te skakel.[4] Gevolglik was Gladstone gebind. Boonop was dit in stryd met tradisie dat 'n nuwe regering onmiddellik na sy bewindsaanvaarding die beleid van sy voorganger omverwerp.[5] Van Oordt meen dat dit veral die heer W.E. Forster, Sekretaris vir Ierland, was wat Gladstone ontmoedig het om die Boere hulle vryheid terug te gee.[6]

---

1) Morley 3 p. 28
2) Ibid.
3) Ibid.
4) Kotze pp. 693 - 694
5) Ibid. p. 782
6) Van Oordt p. 298n

## HOOFSTUK 6

## AFSYDIGHEID VAN DIE BOERE

Voordat die verdere verloop van die verset teen die anneksasie geskets word, moet daar eers op die algemene afsydigheid van die Boere gewys word, 'n houding wat hom reeds vroeg in 1878 begin openbaar het, nadat die eerste Deputasie die uitslag van hulle sending bekend gemaak het.

Die algemene houding teenoor die Engelse amptenare was een van vermyding, en hierdie houding is gaandeweg teenoor alles en almal wat Engels was, geopenbaar. Vroeg in 1878 kla Sivewright se telegraafagent bv.: "Not for a thousand pounds a day or a hundred a pole will one single Dutchman stir his finger in aid of you, so long as you are connected with the English Government."[1]

Die volgehoue weiering van die Boereleiers om betrekkings onder die Engelse bewind te aanvaar, bewys hulle afsydige houding. Reeds met Kruger se eerste besoek aan Engeland het Carnarvon hom 'n betrekking onder die Engelse bestuur aangebied wat hy van die hand gewys het.[2] Wolseley het hom 'n setel in die nuwe Uitvoerende Raad aangebied met dieselfde gevolg.[3] Shepstone het Joubert 'n betrekking aangebied wat hy "met die grootste verontwaardiging" verwerp het.[4] Toe Wolseley by hom advies wou hê m.b.t. die daarstelling van 'n regering vir Transvaal, het Joubert sy samewerking geweier.[5] Wolseley het ook vir Pretorius 'n setel in die Uitvoerende Raad aangebied, dog lg. het die aanbod van die hand gewys.[6] Op dié wyse het die Engelse pogings om die Boereleiers te beweeg om die belange van die volk te versaak, misluk. In die lig van bogenoemde feite het Lanyon se "sagmaakmetodes" eweneens op 'n mislukking uitgeloop. "Whenever they came to see me," skryf hy aan sy vader, "I brandied and soda'd them plentifully, at the same time telling them some hard truths, and we always had a cheerful meeting."[7]

---

1) Lewsen p. 58, voetnoot 28, J. Sivewright aan mev. Merriman, 16 Feb. 1878
2) Van Oordt p. 189
3) L.V. 5 pp. 152 - 153; Van Oordt p. 273
4) S.V. 27/2590 p. 9
5) Van Oordt p. 270
6) Kotze p. 673; C. 2676 p. 35
7) L.V. 14 p. 49, brief gedateer 3 Mei 1879

By verskillende geleenthede het Engelse amptenare die Boere daarvan beskuldig dat hulle die naturelle teen die Britse regering aanhits.[1] Lanyon het hulle op 2 Julie 1879 daarvan aangekla dat hulle 'n komplot teen die Britse regering met die hulp van die Zoeloes smee,[2] en op 26 September 1880, toe die Basoeto-gevaar dreigend was, het hy verwag dat die Boere passiewe hulp en aanmoediging aan hierdie naturelle sou gee.[3] 'n Studie van die Boere se houding tydens die Zoeloe-oorlog van 1879 bewys nie alleen dat bogenoemde aanklagte ongegrond was nie, maar ook dat die Boere se afsydigheid geensins verandering ondergaan het nie.

In watter mate die anneksasie van Transvaal met die Zoeloe-oorlog verband gehou het, blyk uit die oorsaak van die oorlog. Voor die anneksasie het Shepstone die Zoeloe-eise t.o.v. die grensgeskil met die Transvalers gesteun, dog na die anneksasie het hy gevind dat lg. se eise meer gewig gedra het, en gevolglik het hy die Boere se eise teen die Zoeloes gesteun.[4] Die "Boundary Commission" het egter bevind dat die Boere geen aanspraak op die betwiste gebied gehad het nie en dat hulle slegs weiregte daar geniet het.[5] Die skielike frontverandering van Shepstone het verwarring en verbittering in die geledere van die Zoeloes ten gevolg gehad. Verskillende skrywers het die Zoeloe-oorlog dan ook gesien as die gevolg van die anneksasie van Transvaal.[6] Merriman skryf: "The ill-omened annexation also rendered a conflict with the Zulus inevitable ..... We annexed the Transvaal and we converted the Zulus from friends into enemies by espousing Transvaal claims to land and (Transvaal) boundary disputes."[7] De Kiewiet beskou die oorlog as 'n poging van die Engelse regering in Transvaal om troos te midde van Boere-ontevredenheid, finansiële onstabiliteit en naturelle-onrus te vind.[8] Die oorlog moes die lojaliteit van die Boere afdwing wat die anneksasie nie kon ontlok nie, en hiervoor was Shepstone bereid om baie op te offer. Hy het die Boere 'n rustige grenslyn beloof, en hierdie belofte moes nagekom word. In plaas van betyds die nodige hervormings aan te bring, moes geweld teenoor die Zoeloes gebruik word om die Boere te versoen en die

---

1) Sien L.V. 5 p. 56: D.G. Shepstone se aanklag
2) C. 2482 p. 84, Lanyon aan Wolseley, 2 Julie 1879
3) L.V. 5 p. 25
4) Statham: South Africa as it is, p. 37
5) De Kiewiet p. 225
6) Sien o.a. Colenso en Durnford p. 418
7) Lewsen p. 67, John X. Merriman aan Prof. Smith, 3 Februarie 1879
8) De Kiewiet p. 208

skatkis daarna d.m.v. 'n bestendige naturelle-belasting te vul.[1] In hierdie verband het hy dan ook 'n beleid gevolg wat hy persoonlik voor die anneksasie verdoem het, nl. die onderwerping van Sekoekoeni en Ketswayo.

Na die slag van Isandhlwana op 22 Januarie 1879 waar meer as 1,200 Britse offisiere en manskappe deur die Zoeloes gedood is, het 'n baie groot versoeking hom aan die Boere voorgedoen om die wapens op te neem en hulle onafhanklikheid te herwin. Alle beskikbare Britse troepe is boonop uit Transvaal teruggetrek om in die aanslag op Zoeloeland behulpsaam te wees. Strategies gesproke, kon die Boere geen beter geleentheid verwag het nie. Ketswayo het dan ook boodskappers na die Boerevoormanne gestuur om hulle aan te moedig om van die geleentheid gebruik te maak.[2] Op 23 Januarie 1879 het Zoeloe-boodskappers verby Pretoria in die regting van Rustenburg gegaan. Twee Zoeloes het by die landdroskantoor van Lydenburg toestemming aangevra om na Rustenburg deur te reis.[3] Aan Frere is ook berig dat Zoeloe-boodskappers met Kruger in verbinding was.[4] Indien die Boere die wapens opgeneem het, sou die Britse magte verdeel gewees het sodat die moontlikheid van 'n algehele neerlaag teen die Boere en die Zoeloes nie uitgesluit sou gewees het nie. Die Boere het egter nie van die geleentheid gebruik gemaak nie, omdat dit hulle teen die bors gestuit het om nie-blankes in te span ten einde 'n blanke ras te beveg.[5] Boonop was die verhoudings tussen die Boere en die Zoeloes sedert die kroning van Ketswayo deur Shepstone uiters gespanne sodat die Boere die mening toegedaan was dat Ketswayo slegs sy eie belange wou bevorder, en gevolglik het hulle nie die toenadering as opreg-bedoel beskou nie. Die Boere sou nóg die Zoeloes nóg die Engelse help.

Lanyon se versoek aan Pretorius om as Kommandant-Generaal 'n Boerekommando teen die Zoeloes te lei, het op dowe ore geval.[6] Toe daar kort na die begin van die oorlog 'n praatjie in omloop was dat Pretorius aan die hoof van 'n kommando die Engelse sou help, was daar sodanige ontevredenheid onder die Boere dat Pretorius die gerug in 'n verklaring moes

---

1) De Kiewiet p. 214
2) C. 2260 p. 74, Frere aan Joubert in onderhoud van 4 Februarie 1879
3) Van Rooyen p. 342
4) B.V. 3 pp. 7 - 8, Notule van die onderhoud tussen Frere en Joubert op (4 Februarie 1879.
5) Leyds p. 296
6) De Kiewiet p. 243

ontken.[1] Kruger het op versoek van Frere ingewillig om die Zoeloes te verslaan op voorwaarde dat Transvaal se onafhanklikheid erken word, dog Frere was nie hiervoor te vinde nie.[2] Op 'n versoek van Shepstone om aan die hoof van 'n Boerekommando saam met die Engelse teen die Zoeloes op te trek,[3] het Kruger geantwoord dat die anneksasie van Transvaal so 'n ernstige breuk in die verhouding tussen Groot-Brittanje en Transvaal veroorsaak het dat vriendskaplike samewerking buite die kwessie is, en dat die gewenste samewerking nie sonder die herroeping van die anneksasie verkry sal word nie.[4]

Die Engelse pogings om die Boere te oorreed om te help, het dus misluk met die uitsondering van Piet Uys en ongeveer 40 Boere.[5] Uys het egter slegs toegegee op grond van die ou vete wat daar tussen die Zoeloes en die Uys-familie bestaan het. Landdros Rudolph van Utrecht wat Shepstone verseker het dat hy ongeveer 80 Boere sou kry om die Laer-Pongola teen die Zoeloes te verdedig, kon per slot van sake slegs 16 vind.[6] Kruger het nietemin aan Chelmsford die raad gegee om elke aand laer te trek en voortdurend spioene uit te stuur,[7] dog hierdie advies is in die wind geslaan.

Frere het gekla oor die Boere se laksheid om te help, dog Shepstone het geglo dat die Boere se houding meer aan afsydigheid toegeskryf kan word, omdat hulle deur hulle leiers gewaarsku is om nie die Engelse te help nie.[8] Die afsydige houding van die Boere was dan ook algemeen, beplan en georganiseerd "sodat daar nie veronderstel sou word dat hulle aan die Engelse se kant staan nie."[9] Van Staden en enkele ander Boere het Ketswayo dan ook verseker dat die Boere hom nie sou aanval nie, terwyl pogings deur sommige Boere aangewend is om die Swazi's te oorreed om neutraal te bly.[10] Toe Lanyon in Desember 1880 die Boere voor die beskuldiging teen die hoof geslinger het dat hulle die naturelle teen die Engelse bewind opsweep,[11] het Kruger hom daarop gewys dat hulle nie tydens die

---

1) Van Oordt p. 246
2) Nathan p. 134
3) Van Rooyen pp. 341 - 342
4) C. 2308 p. 7, Kruger aan Osborn, 21 Januarie 1879
5) Van Rooyen p. 342
6) Ibid. p. 343
7) Martineau p. 107
8) Van Rooyen p. 342
9) Ibid.
10) Ibid.
11) C. 2866 p. 18, Driemanskap aan Colley, 20 Desember 1880

Engelse terugslae in die Zoeloe-oorlog gemene saak met die naturelle gemaak het nie en dat hulle ook nie op daardie oomblik besig was om dit te doen nie.[1]

Soos uit die houding van die Boere geblyk het, het die Zoeloe-oorlog sy doel gemis. Die oorlog het nie die goedgesindheid van die Boere gewen nie. Toe Lanyon kort na die oorlog op groot skaal agterstallige belastings begin insamel, het die vermoede by die Boere posgevat dat hierdie geld vir die oorlog moes betaal en was hulle gebelg.[2] Frere is deur die Britse regering beskuldig van "rushing into war, not only without consulting the Government, but in defiance of their suggestions."[3] Reeds in Oktober en November 1878 het Beach vir Frere laat verstaan dat Groot-Brittanje nie op daardie oomblik 'n oorlog in Zoeloeland begeer nie "in addition to other and too possible troubles."[4] Laasgenoemde het verwys na die moontlikheid van oorlog met Rusland oor Afghanistan[5] en die ontvlambare posisie in Indië. Frere wou egter alle naturelle-onrus ter voorbereiding van federasie uitskakel.[6] 'n Rustige Zoeloeland sou skeptiese Kaapse Parlementslede (wat die groot onkoste wat die onderwerping van die opstandige naturellestamme in die Noorde sou meebring, gevrees het) gunstig stem vir federasie - vandaar sy optrede teenoor die Zoeloes teen die wil en wense van die Britse regering. Nie alleen laasgenoemde nie, maar ook die Boere het die oorlog as onnodig beskou, want hulle het nooit enige vrees vir 'n Zoeloe-inval gekoester nie.[7]

Nadat die Britse regering sy misnoeë t.o.v. Frere se optrede teenoor die Zoeloes uitgespreek het, het lg. geantwoord: "It seems to me a simple choice between doing what I did - risking a Zulu war at once, or incurring the risk of still worse - a Zulu war a few months later, preceded by a Boer rebellion."[8] Aylward het reeds in die vorige jaar gewaarsku dat die Britse regering 'n meer wakende oog oor sy koloniale goewerneurs moet hou. Lg. se naturellebeleid is 'n duur mislukking, het hy verklaar, en hulle uitbreidingsdrang dwing Engeland om gedurig een of meer

---

1) C. 2866 p. 19, Driemanskap aan Colley, 20 Desember 1880
2) Lovell p. 25
3) Ibid.
4) Ibid.
5) Lewsen p. 59, voetnoot 30
6) De Kiewiet p. 247
7) J.V. 27/2590
8) Martineau p. 159

volke d.m.v. wapengeweld in onderwerping te hou.[1]

Isandhlwana was die keerpunt in die Britse koloniale beleid.[2] Waar in 1877 nie geskroom is om 'n onafhanklike Republiek te annekseer ten einde federasie te bevorder nie, is daar nou na 'n beleid van verlating en nie-inmenging teruggekeer.[3] Die federasie-ideaal was sterwende, en hoe energieker Engelse amptenare in Suid-Afrika die saak probeer bevorder het, des te traer het die Beaconsfield-regering geword om sy deel by te dra. In 'n onderhoud met Wolseley in September 1879 te Wakkerstroom het Joubert op die inkonsekwente optrede van die Britse regering gewys. Waar die Zoeloes wat volgens die Engelse amptenare 'n uitdagende houding ingeneem en Britse gebied bedreig het, in 'n bloedige oorlog wat miljoene ponde gekos het, verpletter moes word, is hulle gebied na afloop van die oorlog nie geannekseer nie. Maar Transvaal wat steeds in vrede wou saamleef, mag nie vry wees nie. Aan hom word ongevraagd vreemde oorheersing opgedring.[4]

Dieselfde afsydigheid wat die Boere se houding tydens die Zoeloe-oorlog gekenmerk het, het hom tydens die Bapedi-oorloë van Oktober 1878 en Oktober - November 1879 geopenbaar. Kol. Rowlands se ekspedisie moes sonder die Boere se hulp die bergvesting van Sekoekoeni aandurf en net so ook die groot leërmag van Wolseley 'n jaar later. Lanyon was daarvan oortuig dat Pretorius die Engelse teen Sekoekoeni sou help,[5] dog hiervan het niks gekom nie. Reeds met die ekspedisie van 1878 het Pretorius vir Shepstone laat verstaan dat die Boere nie sou help voordat hulle vryheid herstel is nie.[6] Die pogings om vrywilligers in Transvaal vir diens in Sekoekoeniland te werf, was dan ook so onsuksesvol dat Kaptein Raaff in Desember 1878 verlof gegee moes word om 170 blankes en 50 kleurlinge in Griekwaland-Wes te werf.[7]

Hierdie afsydige houding van die Boere was dan ook die eerste onheilspellende tekens van die naderende botsing.[8]

---

1) Aylward p. 378
2) Lewsen p. 66, voetnoot 56; De Kiewiet p. 234
3) De Kiewiet p. 235
4) Van Oordt p. 271; D.V. 21 Oktober 1879, Joubert aan Wolseley
5) L.V. 14 p. 53
6) Van Rooyen p. 344
7) L.V. 4 p. 314
8) Bellairs p. 19

## HOOFSTUK 7

## AMMUNISIE- EN BELASTINGSAKE

Die Boere se onwilligheid om in die anneksasie te berus, het nie alleen in hulle afsydigheid tot uiting gekom nie, maar ook in die kwaai gevoelens wat hulle teenoor die Engelse troepe openbaar het op die minagting van die Britse gesag as geheel wat uit hulle optrede gespreek het. Verskillende insidente tussen indiwiduele Boere en Engelse soldate, asook die houding en optrede van die Boere in die algemeen t.o.v. die betaling van belastings en die verkryging van ammunisie het die openlike vyandigheid aan die kant van die Boere teenoor die Engelse bewind gestaaf.

Die jare 1878 en 1879 het heelwat insidente opgelewer tussen Boer en Brit wat 'n goeie aanduiding van die gevoelens aan weerskante gegee het. Op 10 April 1878 het Abel Erasmus van Krugerspost, vergesel van enige vriende, in 'n woordewisseling met 'n groep Engelse soldate in Glynn se winkel betrokke geraak. Erasmus het die Engelse soldate se vegterstalent verkleineer en hulle tot 'n geveg uitgedaag, dog die Engelse soldate was in die minderheid en het geweier om die uitdaging te aanvaar. Naturelle-Kommissaris Schultz het daarop 'n waarskuwing aan die landdros gerig "that if Irish blood is aroused too much, I shall be unable to prevent an open row."[1] Verder het hy daarop gewys dat die kwaai gevoelens tussen die Boere en die Engelse troepe 'n hoogtepunt bereik het, en dat die Britse soldate weens die voortdurende beledigings wat hulle van die kant van die Boere moet verduur, baie in hulle eer gekrenk voel.[2]

Insidente van hierdie aard kon baie maklik die smeulende gevoelens laat ontvlam het. So ook kon 'n voorval op 6 Desember 1879 ernstige gevolge meegebring het. 'n Sekere Conrad Meyer en 'n Engelse vrywilliger, Smith, het nl. in die Ulundi Hotel handgemeen geraak, en binne 'n ommesientjie het die Boere en Engelse omstanders kant gekies en tot die geveg toegetree. Een van die Engelse soldate het daarop die hulp van tussen 16 en 18 van sy kamerade uit die barakke ontbied, dog toe hulle opdaag het die

---

1) Van Rooyen p. 340
2) Ibid.

Boere dit gerade geag om pad te gee. Een van die soldate het sy geweer op 'n sekere Smuts gerig terwyl lg. weggery het, dog hy is deur die omstanders oorreed om nie te skiet nie. Hy het egter opgespring, agter Smuts aangehardloop en weer op hom aangelê. Smuts, wat heelwaarskynlik die omstanders hoor uitroep het dat hy nie moet skiet nie, het omgedraai en die soldate tegemoet gery. Die soldaat het hom egter weer tot sy kamerade gewend waarop Landdros Rudolph ingetree en die gevoelens tot bedaring gebring het.[1]

Soortgelyke insidente van mindere en meerdere erns het op verskillende plekke in Transvaal waar Britse soldate hulle bevind het, voorgeval, en dit was 'n duidelike weerspieëling van die minagting waarmee die Boere in die algemeen die Engelse gesag bejeën het. Frere het dan ook gekla dat die Britse gesag buite Pretoria in werklikheid slegs bestaan het waar daar troepe gestasioneer was. Verder is dit slegs geduld, maar nie aanvaar nie.[2]

'n Ander insident wat getuig het van die minagting van die hof wat teen die einde van 1879 onder die Boere posgevat het, het afgespeel in die Middelburgse landdroskantoor waar 'n sekere Jacobs op 8 Oktober 1879 op aanklag van aanranding op 'n gekleurde bediende moes verskyn.[3] Saam met Jacobs het min of meer 50 Boere by die hofsaal opgedaag waarop Landdros Scoble die geleentheid te baat geneem het om Wolseley se voorgenoemde proklamasie oor die onherroeplikheid van die anneksasie voor te lees. 'n Sekere Jacobus Botha het die Landdros egter in die rede geval met die woorde: "Dit kan jy vir jouself hou!" Hierop het sodanige wanorde losgebars dat Scoble verplig was om die hof tydelik te verdaag.[4] Die Boere het eers die hofsaal verlaat nadat Jacobs 'n beroep op hulle gedoen het. Die saak teen Jacobs is per slot van sake in opdrag van Lanyon uitgestel, omdat gerugte die ronde gedoen het dat die Boere, indien Jacobs skuldig bevind sou word, die dorp sou aanval en Scoble sou verdryf. Die gemoedere van die Boere moes eers tyd gegee word om af te koel.[5]

Twee maande later moes 'n dagvaarding op 'n sekere Coetzee gedien

---

1) Van Rooyen p. 341
2) Martineau p. 139; C. 2367 p. 57
3) C. 2482 p. 393, Rapport van Scoble, 8 Oktober 1879
4) Ibid.
5) Van Rooyen p. 349

word weens beweerde aanranding op 'n naturelle-konstabel, dog Coetsee het op hierdie stadium (10 Desember 1879) die volksvergadering te Wonderfontein bygewoon, en die Engelse outoriteite het dit gerade geag om hom nie daar te laat arresteer nie.[1]

'n Ander praktyk wat die Boere teen die einde van 1880 begin toepas het, was die visentering van Engelse en Engelsgesindes met die doel om inligting aangaande die owerhede se beplande optrede teen hulle in te win. So bv. is 'n pro-Britsgesinde Booysen en 'n sekere James deur 'n groepie Boere voorgekeer en deurgesoek. Die briewe in James se besit is oopgeskeur en gelees. James moes self een van die briewe voorlees omdat die Boere nie Engels magtig was nie. Die Boere wat hiervoor verantwoordelik was, het geen vrees gekoester om hulle identiteit te openbaar nie.[2]

Ook op 'n ander gebied het die Transvalers se versetpoging 'n nuwe fase betree, nl. t.o.v. die verkryging van ammunisie. Op 'n kommissie-vergadering van Boerevoormanne wat vanaf 8 tot 11 Maart 1880 te Wonderfontein gehou is, is o.a. besluit om sonder verwyl soveel wapens en ammunisie in die nabye toekoms in die hande te kry as moontlik ingeval die Britse regering sou weier om op vreedsame wyse die onafhanklikheid van Transvaal te herstel, dog indiwiduele groepe Boere het reeds so vroeg as Oktober 1879 voorsorg begin tref, soos hierna sal blyk.[3]

Onmiddellik na die anneksasie het die Engelse owerhede in Transvaal vir die Regering die alleenreg toegesien om kruit te verkoop en landdroste is verbied om kruit aan enige persoon te verskaf. Vanaf Oktober 1877, toe die onmiddellike gevaar van 'n Boere-opstand volgens hulle mening verdwyn het, is landdroste gemagtig om 10 lb. kruit aan persone wat 'n spesiale regeringspermit ontvang het, te verskaf. In 1878 het landdroste verlof gekry om self sodanige permitte uit te reik, dog hulle is gewaarsku om toe te sien dat geen persoon meer as 10 lb. kruit en 500 patrone per jaar bekom nie.[4]

Namate die agitasie om onafhanklikheid verskerp het, het die Transvaalse regering nuwe maatreëls aangekondig om die verkryging van am-

---

1) Van Rooyen p. 349
2) Ibid. pp. 349 - 350, insident van 19 Januarie 1880
3) Ibid. p. 345
4) Ibid. pp. 345 - 346

munisie deur die Boere te bemoeilik. Daar is nl. neergelê dat permitte in die toekoms deur die Koloniale Sekretarie in Pretoria uitgereik sou word en dat hulle op versoek vanaf die hoofstad deurgestuur sou word. Lanyon het ook die vrees gekoester dat die Transvalers ammunisie in die Vrystaat sou kon koop, dog hy is deur Brand gerus gestel dat geen persoon in daardie gebied in besit van meer as 10 lb. kruit mag wees sonder die skriftelike toestemming van 'n landdros nie. Brand het bygevoeg dat hy sou toesien dat die bestaande reëlings gehandhaaf word.[1] Klein hoeveelhede ammunisie is egter ten spyte hiervan in die Vrystaat deur Transvaalse Boere gekoop.[2] Landdroste het die Transvaalse owerhede daarop gewys dat die omslagtige prosedure van regeringskant die Boere se veiligheid in die gedrang bring, daar 'n genoegsame kruitvoorraad noodsaaklik was vir verdediging teen verrassingsaanvalle van enige naturellestamme.[3] Na die Bapedi-oorlog van 1879 is landdroste weer gemagtig om permitte self uit te reik, dog slegs vir 10 lb. kruit en 200 perkussiedoppies. Verskeie landdroste het egter geweier om die nodige permitte vir die aankoop van ammunisie uit te reik,[4] en dit het groot ontevredenheid onder die Boere verwek. Die voorraad wat van regeringsweë toegeken is, sou moontlik vir jag- en verdedigingsdoeleindes genoeg wees, maar dit was hopeloos ontoereikend vir oorlogsdoeleindes, en daarom is deur die Boere besluit om winkeliers te dwing om al hulle ammunisievoorrade aan hulle af te staan.[5]

Op 10 Oktober 1879 het sowat 20 Boere die hele voorraad patrone (sowat 1,000) uit Stanford se winkel naby Middelburg sonder permit verwyder.[6] Voor hulle vertrek het hulle vir die patrone betaal, nadat hulle verklaar het dat hulle nie gekom het om te steel nie. Een van die Boere, Abraham de Villiers, het aan Stanford verduidelik dat hulle die ammunisie nodig het om die weerlig en donderweer wat Wolseley beloof het om onder die Boere in te stuur, te beveg.[7] Uit Stewart se winkel naby Middelburg het dieselfde groep Boere 2,000 patrone verwyder. Die uitdagende houding wat die Boere ingeneem het om ammunisie sonder permit te bekom, blyk verder

---

1) L.V. 1 pp. 14 - 15, Brand aan Lanyon, 6 Augustus 1879
2) Kruger p. 196
3) Van Rooyen p. 346
4) Carter p. 74
5) Van Rooyen p. 346
6) C. 2482 p. 379, Henwood se verklaring, 13 Oktober 1879
7) Van Rooyen p. 347

uit die feit dat hulle gewilliglik hulle name verstrek het,[1] en die Britse soldate uitgedaag het om hulle te probeer verhinder om hulle doel te bereik.

Hierna het ongeveer tien Boere al die ammunisie uit Wemmer se winkel geneem,[2] terwyl White en Kie. en B.R. Barrett 'n soortgelyke lot te beurt geval het.[3] Die heer White is selfs deur [illegible] van die Boere gegryp en kop-onderstebo laat hang totdat hy hom bereid verklaar het om sy ammunisievoorraad aan hulle af te staan. Van Haddon & Kie. is 30,000 perkussiedoppies geneem, terwyl Albrecht en Knopwood 27 kiste patrone aan 'n groop gewapende Boere moes oorhandig.[4] Nie minder as vyftien winkels in Oos-Transvaal is op hierdie wyse van hulle ammunisievoorrade ontneem nie. Uit die distrikte Standerton, Heidelberg en Potchefstroom het soortgelyke berigte die ov[illegible] bereik.[5]

Dat d[illegible] [illegible]isieverwydering alreeds voor die Kommissievergadering van Maart [illegible] goed-georganiseerde beweging was, blyk dan ook uit die getalle van [illegible] Boere (soms tot 50 per groep) wat die winkels besoek het, asook uit die feit dat dit 'n wyd-verspreide beweging was. Hierdie voorvalle het die besorgdheid van die owerhede in so 'n mate gaande gemaak dat Lanyon in Oktober 1879 'n reis na Middelburg onderneem het om die saak persoonlik te ondersoek. Sy besoek het moontlik ook in verband met die oproer in die hof tydens die verhoor van Jacobs op 8 Oktober gestaan. Op 24 Oktober skryf Lanyon: "Matters at Middelburg were in a critical position, and tho' I hope that we shall be able to avoid an open rupture with the Boers, I cannot say it is improbable ...... I don't think they will attempt opposition in the face of a military force ..... They would dearly like to dispose of a British administrator if they dared."[6] Aan Wolseley verklaar hy na aanleiding van die ammunisie- en belastingkwessies dat die Boere wetteloosheid begeer, nie 'n verandering van bewind nie.[7]

Min van die Boere wat aan die ammunisie-"strooptogte" deelgeneem het, het geskroom om hulle name te verstrek. Enkeles is voor die hof gedaag en is met £5 elk beboet wat betaal is, dog die ammunisie het in hulle besit

---

1) C. 2482 p. 400, White se verklaring, 10 Oktober 1879
2) Ibid. p. 397, Wemmer se verklaring, 10 Oktober 1879
3) Ibid. p. 393, Rapport van Scoble, 8 Oktober 1879
4) Van Rooyen p. 348
5) C. 2482 p. 4[illegible]7, Lanyon aan Wolseley 7.11.79 en Goetz se rapport 25.10.79
6) L.V. 14 pp. 124 - 127, Lanyon aan Sir Charles Lanyon, 24 Oktober 1879
7) C. 2505 p. 30, Lanyon aan Wolseley, 10 Desember 1879

gebly. Die Boere wat in Middelburg doenig was het gedurende Oktober op 'n sekere Human se plaas, ongeveer 30 myl van Middelburg af, byeengekom en 'n versterkte laer opgerig.[1] Van verskillende kante is Lanyon gewaarsku dat die toestand in die Middelburgse distrik so gespanne is dat 'n opstand enige oomblik verwag kan word,[2] dog soos uit bogenoemde aanhaling blyk, het Lanyon sy eie opinie daarop nagehou en in elk geval besluit om nie met die groep Boere op Human se plaas in te meng nie. Na verloop van tyd het die Boere egter die laer opgebreek, nadat hulle ooreengekom het om op 1 Desember tussen Middelburg en Heidelberg te vergader vanwaar hulle dan saam na die vergadering te Wonderfontein sou vertrek.[3]

Gedurende 1879 en 1880 het die Boere se verset ook nog in 'n ander opsig verskerp, nl. in die weiering van indiwiduele en groepe Boere om belastings aan die Engelse regering in Transvaal te betaal en die minagting van die hof wat daarop gevolg het. Wat die Boere veral gegrief het, was die feit dat die Engelse bewindvoerders elke som wat die Boere aan belastings betaal het, as bewys aangegryp het dat hulle hulle die anneksasie laat welgeval het.[4]

Die eerste tekens van weiering om belastings te betaal, het gekom in Julie 1879 toe Joubert aangeslaan is vir rekognisie-, erf-, spoorweg- en wegbelasting waarop hy geantwoord het dat hy geen belastings vrywilliglik wil of sal betaal nie.[5] In November van dieselfde jaar is 'n aantal Boere van Wakkerstroom gedagvaar om óf hulle belastings te betaal óf voor die hof gedaag te word. Piet Joubert wat vir £70 aangeslaan is, was die enigste wat sy opwagting voor die hof gemaak het. Die ander het aan die landdros laat weet dat solank die Britse regering in gebreke bly om 'n gunstige antwoord te verstrek op hulle versoek om die herstel van hulle vryheid "wij ons niet kan onderwerpen of verscheinen voor uwe Lordschap."[6] Joubert het die reg van die landdros om sitting te neem in die hof in twyfel getrek omdat hy nie deur die Volksraad aangestel is nie. Hy het verder betoog dat die Volksraad van die Republiek jaarliks die belastings magtig voordat die insameling daarvan wettig is.[7] Hy is egter

---

1) Van Rooyen p. 350
2) C. 2482 pp. 456 - 457, Lanyon aan Wolseley, 7 November 1879
3) Van Rooyen p. 350
4) Cachet p. 525
5) Mouton p. 44
6) Van Rooyen p. 344
7) Mouton p. 46

beboet, dog hy het opgestaan en die gebou verlaat sonder die boete te betaal.[1] 'n Hofbode is daarop na sy plaas gestuur om beslag op sekere eiendom te lê ten einde deur die verkoop daarvan die verskuldigde som te verhaal. Op 'n vraag van die hofbode waarop hy beslag kon lê, het Joubert geantwoord: "Neem maar die kaffers. Die Engelse beskuldig ons tog altyd dat ons slawe aanhou, en die naturelle sal wel die waarde verteenwoordig."[2] 'n Beboude erf is egter in beslag geneem en verkoop.

Die Boere het ook hulle aanspreeklikheid om belastings te betaal in die hof laat toets. So bv. het beide Jorissen en Celliers, redakteur van "De Volksstem," geweier om belastings te betaal, en toe hulle deur die landdros tot betaling gevonnis is, het hulle appèl na die Hooggeregshof aangeteken.[3] Die saak het in Desember 1879 aan die orde gekom. Namens Celliers het Cooper betoog: "De Begrotingswet was een jaarlijksche toewysing" van die belasting en Artikels 16 en 23 van die grondwet bepaal "hoe iedere belasting jaarlijks moest worden geregeld."[4] Verder is betoog dat die bepalings van die grondwet nie nagekom is nie en dat daar ook in die lig van die Anneksasie-Proklamasie geen wettige liggaam in Transvaal bestaan wat belastings kan hef nie.[5] Die uitspraak wat deur Kotze gegee is, was teen die appellante op grond daarvan dat dit algemene belastings was wat volgens bestaande en onveranderde wette geïn word en wat juis deur die Anneksasie-Proklamasie bevestig is.[6]

Die passiewe houding van die Boere en hulle pogings om 'n gewapende botsing te vermy, selfs nadat Gladstone geweier het om die anneksasie te herroep, is deur Lanyon aan lafhartigheid toegeskryf, en hy het dit as 'n gunstige geleentheid beskou om agterstallige belastings te begin insamel.[7] Dit was dan ook die Wakkerstromers wat die saak tot 'n punt gevoer het. Op 16 en 23 November 1880 het "De Volksstem" by wyse van advertensie 'n verklaring geplaas wat deur 113 inwoners van die distrik Wakkerstroom onderteken is en wat soos volg gelees het: "Die ondergetekendes, burgers van die Wakkerstroomse distrik, nadat verneem is dat sekere inwoners van die distrik aangeslaan is en andere aangeslaan word om rekognisie- en

---

1) C. 2505 p. 39, Scholtz (Landdros van Wakkerstroom) aan Lanyon, 17.11.79
2) Mouton p. 46
3) D.V. 2 Desember 1879; Kotze pp. 667 - 668
4) D.V. 9 Desember 1879
5) Kotze p. 668
6) Ibid.
7) Ibid. p. 725

spoorwegbelasting te betaal, aangesien die land op onwettige wyse beroof word en ons, burgers van die land, geen rekognisiegelde verskuldig is behalwe aan die wettig-saamgestelde Regering van die Suid-Afrikaanse Republiek nie, weier om die gevraagde belastings te betaal tensy hulle deur die Volksraad op wettige wyse gestem word, en ons versoek alle Engelse of Engelsgesindes om van ons eiendomme af weg te bly."[1] Die Middelburgers het nie lank op hulle laat wag om hierdie voorbeeld te volg nie. 'n Verklaring waarin 83 Middelburgers hulle weiering te kenne gegee het om belastings te betaal is as advertensie in "De Volksstem" van 14 Desember 1880 opgeneem.

Hierdie uitbarsting was 'n duidelike bewys van die Boere se luim. Die Engelse owerhede het op daardie oomblik geen soldatemag kon af[illegible] die Wakkerstromers en Middelburgers op hulle plek te sit nie, en [illegible] met die arrestasie van Celliers vertroos.[2] Lg. is daarvan aangek[illegible] as sou hy opruiende advertensies geplaas het en deur die hof tot £25 boete en 'n maand tronkstraf veroordeel. Celliers het egter appél [illegible]steken en is vrygespreek.[3]

Intussen is daar in Potchefstroom op 11 November 1880 tot openlike verset teen die hof en die Transvaalse regering oorgegaan. Hierdie saak het reeds op 7 Oktober 1880 begin toe Cronje 'n verklaring aan die landdros van Potchefstroom oorhandig het waarvolgens 128 persone hulle onwilligheid uitgespreek het om belastings aan die Engelse owerhede te betaal behalwe onder protes en op voorwaarde dat die landdros sou waarborg om hierdie geld in bewaring te neem op rekening van die Republikeinse regering totdat hy herstel is.[4] Die landdros het geweier om aan hierdie eise toe te gee. Hierop het die insident gevolg wat verantwoordelik was vir die bespoediging van die besluit om die Republikeinse regering te herstel.

"Die belastings sou die keerpunt wees," het die Boere self gesê. "Die Engelse amptenare berig dat die belastings goed betaal word, terwyl die Boere in werklikheid daarteen in opstand kom."[5] In Potchefstroom is 'n sekere Pieter Bezuidenhout aangeslaan vir £27 : 5s. t.o.v. belastings. Hy

---

1) D.V. 16 en 23 November 1880
2) L.V. 15 p. 169; D.V. 23 November 1880
3) Bulpin p. 189
4) Kotze p. 726; Van Oordt pp. 301 - 302
5) Carter p. 189, Petisie van die Regte van die Boere aan die Volksraad van die Oranje-Vrystaat, 7 Februarie 1881

het die landdros in kennis gestel dat hy slegs £14 verskuldig is en dit aangebied.[1] Hierop is hy gedagvaar vir die bedrag van £27 : 5s. In die hof het hy sy kwitansies ten bedrae van £13 : 5s. voorgelê en weer £14 aangebied op voorwaarde dat hierdie geld aan die Suid-Afrikaanse Republiek na sy herstel oorbetaal sou word. Die uitspraak van die landdros was £14 belasting en £13 : 5s. hofkoste; altesaam £27 : 5s., die bedrag wat oorspronklik geëis is! Bezuidenhout het geweier om hierdie bedrag te betaal. Ter uitvoering van die vonnis het die bode van die hof op Bezuidenhout se wa en osse beslag gelê en lg. na Potchefstroom geneem waar dit per openbare veiling op 11 November 1880 verkoop sou word om die belasting te delg. Volgens Lanyon is die besittings gekonfiskeer, nie omdat hy die belastings nie kon betaal nie, maar omdat hy nie wou betaal nie, daar hy onwillig was om onder die Britse vlag te staan.[2]

Op die bepaalde dag van die veiling het 'n groep van 100 Boere onder leiding van voorgemelde Piet Cronje die dorp binnegetrek. Hulle het vooraf besluit dat Bezuidenhout se wa nie verkoop sal word nie.[3] Toe die vendusie 'n aanvang neem, het drie Boere die Balju, Moquette, wat die veiling sou hou, op ruwe wyse van die wa afgetrek.[4] Aan beledigende taal en ruwe uitdrukkings teenoor die Engelse regering het dit dan ook nie ontbreek nie, bv. "nu willen wij schieten, doch nooit vluchten, geen Engelschman langer baas."[5] Daarop is die wa deur Cronje en sy volgelinge onder luide toejuiging van 'n groot deel van die aanwesiges uit die dorp verwyder.[6]

'n Engelse afdeling bestaande uit ongeveer 370 manskappe van die 21ste Regiment onder Luitenant-Kolonel Winsloe is na Potchefstroom gestuur om die orde daar te handhaaf[7] en die geweldplegers in hegtenis te neem, dog hulle was nie in staat om Cronje en sy volgelinge in die hande te kry nie. Die troepemag is deur Lanyon op versoek van Kolonel Bellairs gestuur, maar Lanyon was persoonlik van mening dat die troepe slegs nodig sou wees

---

1) Bellairs p. 46; Kotze p. 725
2) L.V. 5 p. 37, Lanyon aan Bellairs
3) L.V. 5 p. 35, Landdros Goetz aan Lanyon op 11 November 1880
4) Bulpin p. 190; L.V. 5 p. 36, Landdros Goetz aan Lanyon, 11 November 1880. (Na aanleiding van sy vinnige verdwyning van die wa af het Moquette sedert daardie dag die bynaam "The Flying Dutchman" gedra. D.V. 27 November 1880).
5) D.V. 16 November 1880
6) Jeppe p. 100
7) Kotze p. 728; Theal 2 p. 115

om morele steun aan die gesag van die Staat te verleen en dat geen drastiese optrede nodig sou wees nie.[1]

Die optrede van die Boere te Potchefstroom was 'n ernstige minagting van 'n hofbevel en het ook gelei tot 'n eis van die Transvaalse owerhede om die uitlewering van Cronje, Bezuidenhout, en ander burgers wat hulle op die wyse verset het.[2] Gevoelens het so hoog geloop dat Kruger en Joubert hulle na Potchefstroom gehaas het om wal te gooi. Ook Hudson, die Koloniale Sekretaris, het uit Pretoria daar opgedaag om die saak met die Boereleiers te bespreek en die uitlewering van die "belhamels" te reël. Die Boere het egter besluit om "die saak van Bezuidenhout die saak van die volk te maak." Die volksbyeenkoms wat reeds vir 8 Januarie 1881 belê is, is vervroeg tot 8 Desember 1880.[3] Hier sou die volk dan besluit, soos Kruger aan Hudson meegedeel het, of Cronje en sy volgelinge aan die Engelse owerhede uitgelewer sou word.[4]

Van hierdie uitlewering het egter niks tereg gekom nie, daar die leiers hulle van die verpligting onthef beskou het, toe Lanyon die vergadering waarop die saak te berde gebring sou word, onwettig verklaar het.[5] Hierdie dreigement van Lanyon het egter geen uitwerking op die bywoning van die vergadering gehad nie.

---

1) L.V. 5 p. 37
2) Jorissen p. 60
3) D.V. 7 Desember 1880
4) Cachet p. 527
5) C. 2783 pp. 49 - 50, Lanyon se Proklamasie van 6 Desember 1880

# HOOFSTUK 8

## DIE HERSTEL VAN DIE REPUBLIEK

Soos reeds aangetoon, het die "Gladstone-interlude" die vooraf-bepaalde verloop van die Boere se verset in die wiele gery sodat die vergadering wat vir 8 April 1880 belê is, uitgestel moes word. Omdat al die leiers ooreengestem het dat selfs die geringste moontlikheid van 'n vreedsame skikking ondersoek en beproef moes word, het die beroep op Gladstone geverg dat daar tydelik van die beplande koers afgewyk sou word. Toe hierdie hoop egter verydel is, het die versetbeweging weer volgens plan verloop.

Op 1 Desember 1880 het die Volkskomitee by Kaalfontein vergader. Hier is besluit om die volksvergadering wat vir 8 Januarie 1881 belê is, te vervroeg en die volk op te roep om op 8 Desember 1880 op die plaas Paardekraal ongeveer 65 myl vanaf Potchefstroom op die pad na Pretoria byeen te kom.[1] Op 6 Desember 1880 het Regter Kotze 'n brief aan Lanyon gerig waarin hy op beskeie wyse die gevaarlike situasie wat ontstaan het, geskets het. Sy aanbeveling was om so gou moontlik 'n kommissie aan te stel wat met die Boere sou onderhandel ten einde bloedvergieting te voorkom. Die gebied moes nl. in 'n Britse Protektoraat omskep word waarin die Transvalers hulle eie regering onder die Britse vlag sou hê.[2] Lanyon het wel hierdie brief met sy Uitvoerende Raad bespreek, dog geen verdere aandag daaraan gegee nie behalwe ontvangs daarvan op 18 Desember te erken nadat die eerste skote al geval het.

In 'n skrywe aan Hudson het Kruger die vervroeging van die byeenkoms gemeld en die vertroue uitgespreek dat die Engelse regering nie by wyse van dagvaardings of militêre bewegings die vergadering in die wiele sou probeer ry nie, en indien die Regering wel sodanige stappe doen, hy (Kruger) nie vir die gevolge daarvan verantwoordelik gehou moes word nie.[3] Hudson se antwoord hierop was dat die Regering bereid is om die verantwoordelikheid vir die stappe wat hy beplan, te dra,[4] terwyl Lanyon die voorge-

---

1) Van Rooyen p. 339
2) Kotze pp. 731 - 734
3) D.V. 7 Desember 1880; C. 2783 p. 27, Kruger aan Hudson, 29 Nov. 1880
4) C. 2783 p. 27, Hudson aan Kruger, 30 November 1880

noemde proklamasie uitgevaardig het om die vergadering te dwarsboom.[1]

Sommige skrywers beweer dat die Boere 'n baie geleë oomblik uitgesoek het om die stryd aan te bind.[2] Daar word genoem dat Wolseley reeds die enigste oorgeblewe berede regiment weggestuur het en dat Lanyon 300 opgeleide vrywilligers toegelaat het om by die Kaapse magte teen die Basoeto's aan te sluit. In Natal is 'n uitbarsting van die Pondo's gevrees sodat Lanyon nie op veel hulp uit die aangrensende gebiede kon staat maak nie. Niks is egter verder van die waarheid nie. Indien die Boere 'n geskikte geleentheid gesoek het, sou hulle reeds tydens die Zoeloe-oorlog toegeslaan het. Uit die beskikbare getuienis blyk dat die Boere geen ag op die getalle van die Engelse soldate in Transvaal of Brittanje se ander probleme in Suid-Afrika of elders geslaan het nie, maar dat die versetbeweging spontaan en volgens eie plan ontwikkel en ontplooi het.

Daar is ook diegene wat beweer dat die versetbeweging die agitasie van slegs twee of drie teleurgestelde persone was.[3] Die getalle van die Boere wat die verskillende volksbyeenkomste bygewoon het, veral dié te Paardekraal waar die finale besluit geneem is, asook die getalle van diegene wat bereid was om hulle lewens op te offer vir die herstel van die Republiek, bewys dat die hele Boerevolk in opstand was. Die feit dat so 'n geweldige menigte op kort kennisgewing te Paardekraal saamgekom het, getuig verder van die algemene eensgesindheid en vasberadenheid wat die Boere besiel het. Op 8 Desember was daar reeds tussen 4,000 en 5,000 Boere te Paardekraal byeen. Enkele Vrystaters en Kaapse simpatiseerders was ook teenwoordig.[4] Dag na dag het meer mense opgedaag uit die uithoeke van Transvaal. Op 9 Desember is reeds 636 waens en karre getel, terwyl die wat te perd gekom het, op meer as 4,000 gestel is.[5] Teen 15 Desember was daar tussen 8,000 en 10,000 Boere aanwesig - die magtigste demonstrasie van eensgesindheid en vasberadenheid wat Suid-Afrika tot op daardie stadium beleef het.[6] Jorissen stel die groottotaal burgers onder die wapen in die oorlog op tussen 8,000 en 10,000, terwyl Cachet die getal 4,500 en Preller 7,000 noem.[7] Van Boerekant is die getal offisieel op 8 000 gestel

---

1) T.G.G. van 6 Desember 1880, Proklamasie van die Engelse regering
2) Sien Nathan p. 152
3) Sien Carter p. 33
4) D.V. 18 Desember 1880
5) Jorissen p. 61
6) Kruger p. 201
7) Jorissen p. 61; Cachet p. 541; Preller p. 329

terwyl Bellairs die syfer 7,326 noem.[1] In die lig van hierdie gegewens blyk die stelling dat die vryheidsbeweging die agitasie van twee of drie ontevredenes was, op baie onvaste grond te staan.

Die ernstige houding van die vergaderde menigte by Paardekraal en hulle onwrikbare vasberadenheid om uitvoering te gee aan die Volksbesluit van 15 Desember 1879 was reeds vanaf die eerste dag duidelik. Op 10 Desember is besluit dat die Volkskomitee sou aftree en dat die ou regering van 1877 weer sou fungeer. Behalwe Kruger (Vise-President) was 12 lede van die Volksraad soos hy in 1877 bestaan het, teenwoordig. P.J. Joubert is verkies tot Kommandant-Generaal,[2] en daarop het die vergadering in veldkornetskappe verdeel om apart te beraadslaag oor die stappe wat gedoen sou word. Teen 4 n.m. het al die aanwesige burgers hulle skriftelik verbind [illegible] die Regering tot die dood toe te verdedig.[3] 'n Vasberadenheid soos weerspieël in die volgende aanhaling uit die latere Derde Proklamasie was nou reeds aanwesig: "Indien gij ons land hebben wilt, neemt het, maar over onze lijken en de puinhopen van have en goed."[4] Elke aanwesige het 'n klip bygedra tot 'n stapel as teken dat hulle hulle verbind teenoor God en teenoor mekaar om tot die bitter einde vir hulle vryheid te veg.

By hierdie geleentheid is ook voorraad van die beskikbare gewere en ammunisie geneem. Uit 'n opname het geblyk dat baie gewere verouderd was en uit 'n bonte verskeidenheid agterlaaiers, voorlaaiers en pangeweere bestaan het met slegs elf patrone per burger indien die beskikbare ammunisie gelykop verdeel sou word.[5] Preller stel die getal patrone per man aan die begin van die stryd op 15.[6] Dat hulle hiermee die stryd om onafhanklikheid wou aanknoop, "spreek van 'n heilige besieling wat van die hart van 'n volk wat wou vry wees, uitgegaan het."[7] Daar moet egter gemeld word dat die Boere self patrone begin vervaardig het nadat die stryd ontbrand het. Hierin het hulle met verloop van tyd so vaardig geword dat

---

1) B.V. 36 p. 36, Tweede Proklamasie van 23 Desember 1880; Lovell p. 34
2) Jorissen p. 61
3) Ibid.
4) Ibid. Bylaag: Aanteekeningen en Ophelderingen p. 32, Derde Proklamasie
5) Pieterse p. 19
6) Preller p. 330
7) Pieterse p. 20

hulle tot 2,500 per dag gemaak het.[1] Boonop kon Martinus Ras van Rustenburg kort voor die einde van die oorlog aankondig dat hy 'n ses-ponder kanon en 300 koeëls vervaardig het.[2]

Op 13 Desember 1880 het 'n buitengewone Volksraadsitting te Paardekraal plaasgevind, en by hierdie geleentheid is die landsbestuur opgedra aan 'n Driemanskap bestaande uit S.J.P. Kruger, M.W. Pretorius en P.J. Joubert wat as voorlopige regering sou optree.[3] Jorissen sou as Staatsprokureur en Lid Uitvoerende Raad en Bok as Staatsekretaris die Boeresaak dien.[4] Hier het die Boere dus die gesag van die Engelse regering verwerp.[5] Op dieselfde dag het Kruger ook 'n besielende boodskap tot die aanwesiges gerig en onder meer verklaar dat die stem van die volk die stem van God is. Verder: "Het volk heeft nooit den weg der wet verlaten. Na de Annexatie geprotesteerd, lijdelik sich verzet, en sou misschien nog andere vreedsame middelen hebben verkozen, ware het niet dat de Engelsche outoriteit in Pretoria dit onmogelijk maakt. Het recht der volken is aan onze zijde en hoe zwak wij zijn, onze God is een rechtvaardig God."[6]

Dieselfde aand (13 Desember) het Jorissen en Bok in opdrag van die Driemanskap die Vryheidsproklamasie (ook genoem die Paardekraal-Proklamasie van 16 Desember 1880) opgestel en teen 9 n.m. is dit deur die Driemanskap goedgekeur.[7] Piet Cronje is daarop aan die hoof van 'n sterk patrollie van 400 tot 500 burgers na Potchefstroom gestuur om die Proklamasie deur Borrius se drukpers te laat druk. Laasgenoemde is opdrag gegee om die Proklamasie binne 12 ure te druk,[8] en 'n waarskuwing is per brief aan Kaptein Clarke, Spesiale Britse Kommissaris te Potchefstroom, gerig om nie die druk van die Proklamasie te probeer verhinder nie.[9] Dit was met hierdie geleentheid dat die eerste skoot afgevuur is, voordat enige verdere onderhandelings met die Engelse owerheds in Pretoria aangeknoop kon word.

---

1) Jorissen p. 73
2) J.V. 6/2433
3) C. 2794 p. 4. "The Transvaal Manifesto": Rapport van "Cape Times" van (6 Januarie 1881.
4) Kruger p. 207
5) Van Rooyen p. 339
6) B.V. 5 pp. 6 - 7
7) Jorissen p. 66
8) B.V. 22 p. 152
9) B.V. 22 p. 150

In die Paardekraal-Proklamasie word ter aanvang gemeld dat daar geen voorwaardes aan die erkenning van die onafhanklikheid van Transvaal verbonde was nie. Daarop volg 'n relaas van die anneksasie in 1877, die proteste van die Uitvoerende Raad en die President, die mislukking van die twee deputasies na Engeland, die volksbyeenkomste by Kleinfontein en Wonderfontein, die pogings om die federasieplan te laat misluk en die Boere se ontevredenheid omdat die Engelse bewindvoerders hulle stilswye [illegible] die betaling van belastings aan berusting in die anneksasie toeskryf. Vervolgens 'n uiteensetting van die georganiseerde verset teen die betaling van belastings en die pogings van die leiers om 'n "openbare vredebreuk" te voorkom. Die feit word betreur dat almal wat die byeenkoms te Paardekraal bygewoon het, as rebelle deur die Engelse owerhede in Transvaal bestempel word, en hulle teken beswaar daarteen aan omdat hulle nog nooit onderdane van Haar Majesteit was nie. Klousule 30 lui: "Ons keer dus terug tot die protes van die regering hierbo aangehaal en verklaar dat van ons kant die laaste middel beproef is om langs vreedsame weg en vriendskaplike bemiddeling die regte van die volk te verseker." Klousule 31: "Ons gee dus aan almal te kenne dat die regering op 13 Desember herstel is, dat die heer S.J.P. Kruger as Vise-President optree en saam met die here M.W. Pretorius en P.J. Joubert die Driemanskap vorm wat die landsbestuur sal waarneem. Die Volksraad het sy sittings hervat." Hierna volg enkele klousules aangaande verraaiers, amptenare, verhouding tot die Britse regering, f[illegible]sies, grense en naturelle. In Klousule 38 verklaar die Boere hulle bereid om in oorleg met die ander state en kolonies van Suid-Afrika op die kwessie van federasie in te gaan. Die Proklamasie sluit af met die volgende: "En eindelijk publiceeren wij aan allen en een ieder, dat van heden het land word verklaard te zijn in staat van beleg, en onder de bepalingen van de oorlogswet."[1] Selfs op hierdie stadium is die opening tot 'n vreedsame skikking d.m.v. Klousule 38 gelaat, want federasie was immers die saak waarom die anneksasie gegaan het.

Na die ondertekening van bogenoemde Proklamasie het die Paardekraalvergadering verdaag om in alle erns die stryd voort te sit. Die Regering het op voorstel van Joriesen die dorp Heidelberg as setel uitgesoek. Lg. se argument was dat die regering nie sy werksaamhede in die

---

1) LV 5 pp. 70 - 86; Leyds pp. 322 - 325, Paardekraal-Proklamasie, 16.12.80

onherbergsame veld kon voortsit nie, dog dat hy hom in 'n plek soos Heidelberg meester van die land kon betoon.[1] Die landdros van Heidelberg is dan ook verwittig dat hy die regering van die Republiek moet verwag en geen hindernis in die weg moet plaas nie.[2] Op 16 Desember 1880 het die Driemanskap vergesel van 'n kommando van 1,000 burgers Heidelberg beset en die Republikeinse vlag gehys.[3] Hiermee was die stryd wat sou volg 'n voldonge feit. Twee sterk laers is opgestel om Heidelberg te verdedig, die een aan die noordekant en die ander aan die suidekant.[4] Stappe is ook gedoen om die telegraafverbinding tussen Pretoria en Natal buite werking te stel.[5]

Hendrik Schoeman is hierop as diplomatieke verteenwoordiger na Pretoria gestuur met 'n afskrif van die Vryheidsproklamasie en 'n begeleidende brief waarin Lanyon beveel is om die landsbestuur binne 48 uur sonder bloedvergieting aan die Driemanskap te oorhandig.[6] Hy is ook gewaarsku dat enige Engelse troepebewegings wat sou plaasvind voordat die antwoord van Pretoria ontvang is, as 'n direkte oorlogsverklaring beskou sou word.[7] Lanyon se reaksie was om ontvangs van die Proklamasie te erken en aan Schoeman 'n afskrif van die Engelse regering se proklamasie van 19 Desember te oorhandig. Volgens lg. is die land in 'n toestand van rebellie verklaar en is die militêre owerhede aangesê om die opstand te onderdruk.[8] Lanyon se optrede was in ooreenstemming met die mosie van C.K. White wat op 15 Desember op 'n openbare vergadering van pro-Britsgesindes te Pretoria aangeneem is, nl. dat die regering die opstand van die Boere onmiddellik moet onderdruk.[9] Op 13 Februarie 1877 het Lanyon vanuit Griekwaland-Wes m.b.t. die anneksasie beweer: "There will be a row among the old Boers, but they must give in to dire necessity."[10] Die aard en omvang van die "rusie," asook die onwilligheid van die Boere om te berus soos deur die nuwe verwikkelings geopenbaar is, het bewys in watter mate Lanyon misgetas het. Die rusie wat hy in 1877 voorsien het, het nl. in 1880 op oorlog uitgeloop.

---

1) Jorissen p. 62
2) B.V. 23 p. 162
3) C. 2838 p. 10, Waarn. Landdros Nabal aan Lanyon, 16 Desember 1880
4) Jorissen p. 66
5) C. 2838 p. 10, Waarn. Landdros Nabal aan Lanyon, 16 Desember 1880
6) B.V. 36 p. 36; C. 2838 pp. 10 - 11, Driemanskap aan Lanyon, 16.12.80
7) C. 2838 pp. 23 - 24, Driemanskap aan Lanyon, 17 Desember 1880
8) B.V. 3 p. 91; Kotze pp. 736 - 737
9) Carter p. 115
10) L.V. 12 p. 46

Die Boere het onmiddellik oorgegaan tot die beleg of besetting van al die vernaamste dorpe in Transvaal waarvoor meer as [illegible],000 man afgesonder is. Die hoofmag van meer as 2,000 man onder Kommandant-Generaal Joubert het die bergpasse in Noord-Natal beset om te verhoed dat Engelse versterkings uit Natal deurbreek, die beleërde dorpe in Transvaal ontset en met die Engelse troepe in Transvaal saamsluit. Hierdie kommando was reeds tien dae na die besetting van Heidelberg op pad na Laingsnek.[1] Teen die einde van Maart het die hoofmag se getalle reeds tot 4,000 man aangegroei.[2] Die oostelike kommando onder Frans Joubert en Niklaas Smit is gestuur om die opmars van Kolonel Anstruther en sy 94ste Regiment vanaf Lydenburg na Pretoria te stuit. By Bronkhorstspruit is 'n skrywe van die herstelde Republikeinse regering aan Anstruther oorhandig waarin hy beveel is om te bly waar hy was totdat die uitslag van die diplomatieke onderhandelings met die Engelse regering bekend was, dog die Engelse Kolonel het geantwoord dat hy as militaris nie met die Boere onderhandelings kon aanknoop of hulle bevele kon gehoorsaam nie, en dat hy in opdrag van die Engelse regering sy opmars sou voortsit.[3] Daarop het 'n geveg losgebrand wat binne 20 minute in die Boere se guns beslis is.

Op 1 Januarie 1881 het Colley vir Lanyon uit Natal gerus gestel dat hy met 'n troepemag in aantog is en hoop om Standerton op 21 Januarie te bereik; Lanyon moet die Boere solank besig hou.[4] Joubert is ook versoek om die neutraliteit van Natal te eerbiedig en sy troepe terug te trek,[5] dog hy het geantwoord dat hy verheug is oor Natal se neutrale houding, maar dat Natal hierin sy plig verontagsaam deur toe te laat dat gewapende magte wat die Suid-Afrikaanse Republiek bedreig, daar vergader.[6] In Natalse gebied het dan ook die beslissende slae van die oorlog plaasgevind, nl. te Laingsnek op 28 Januarie 1881, Ingogo op 8 Februarie en Amajoeba op 26 Februarie waarin die Engelse magte aansienlike verliese gely het. Colley self het die lewe gelaat op Amajoeba, die slag wat in die harte van die Afrikaners dwarsdeur Suid-Afrika 'n lojaliteit ontwikkel het waarin hulle politieke en kulturele aspirasies kon wortel skiet.[7]

---

1) Van Rooyen p. 368
2) Kruger p. 234
3) Jorissen p. 69, gebeure van 20 Desember 1880
4) L.V. 5 p. 96
5) L.V. 7 p. 7, Beaumont aan Joubert, 5 Januarie 1881
6) Ibid. p. 7, Joubert aan Beaumont
7) De Kiewiet p. 286

Dat Engeland deur die aanvoer van oorweldigende troepemagte hierdie neerlae kon wreek, val nie te betwyfel nie, dog die Britse regering het gunstig reageer op die verskillende beroepe wat op hom gedoen is en besluit om die stryd te staak. 'n Langdurige besetting sou geweldige onkoste meebring, en Britse staatsmanne was nou oortuig dat die meerderheid van die Boere teen anneksasie gekant was, terwyl groter verbittering min samewerking van die Boere in die toekoms sou erlang. Boonop het die vrees bestaan dat o.a. die Vrystaters die Boere sou help.[1] Daar is reeds gewys op die steun wat die Boeresaak in die Kaapkolonie geniet het t.o.v. hulle pogings om die Konferensie-wetsontwerp te laat misluk. Na die uitbreek van die oorlog is talle memories en versoekskrifte in verskillende Kaapse dorpe opgestel waarin die Britse regering versoek is om die stryd te staak en met die Boere tot een of ander vergelyk te geraak.[2] In 'n memorandum van predikante van die Kaapse Kerk is dieselfde versoek gerig,[3] terwyl 'n deputasie onder leiding van John X. Merriman die Britse regering per telegram versoek het om Sir J.H. de Villiers as Spesiale Kommissaris aan te stel om die ongelukkige toestand in Transvaal te ondersoek en in die reine te bring. Dit wek dan ook min verbasing dat Lanyon gekla het dat die rewolusie deur simpatiseerders in Kaapstad en Engeland aangeblaas is,[4] want ook in Engeland het die Boere hulle kampvegter gehad in die persoon van Leonard Courtney, 'n Lid van die Laerhuis.

In Europese lande kon die Boere min simpatie opwek vir hulle saak. Tydens die eerste Deputasie se besoek aan Europa het 'n groep Amsterdammers die Britse regering by wyse van petisie versoek om die anneksasie op te hef,[5] en op 24 Desember 1880 het daar 'n beroep op Engeland van 'n groep burgers van Holland uitgegaan dat die stryd gestaak en die Boere hulle vryheid teruggegee moes word.[6] Franse, Duitse en Hollandse koerante het die geleentheid te baat geneem om die Britse koloniale beleid skerp aan te val. Die Berlynse "Kladderadatsch" het bv. geskryf dat Engeland tydens die opgewondenheid in Europa oor die Turkse kwessie die Transvaal stilletjies in sy sak gesteek het,[7] dog van aktiewe steun was daar

---

1) Van Rooyen p. 371, voetnoot 131
2) C. 2866 pp. 38 - 40, Versoek uit Beaufort-Wes. Sien ook C. 2950 pp. (29 - 34.
3) C. 2866 p. 168
4) L.V. 5 p. 12
5) Van Oordt p. 188
6) C. 2783 p. 73
7) Van Oordt p. 239

geen sprake nie.

Reeds vroeg in 1879 het die Volkskomitee 'n beroep op die burgers van die Kaapkolonie, Natal en die Vrystaat gedoen om op wettige wyse hulle stemme teen die anneksasie te verhef,[1] en hierdie beroep het dan ook in die "Natal Witness" van 10 April 1879 verskyn.[2] Colley se bevinding was dat die Hollandse bevolking van die Kaapkolonie en Natal met die Boere simpatiseer en dat die Vrystaat aktiewe steun verleen.[3]

In antwoord op voorgenoemde beroep het die Vrystaatse Volksraad op 14 Mei 1879 met 'n groot meerderheid 'n mosie aanvaar waarin hulle hulle simpatie met die Transvalers betuig en die vertroue uitspreek dat hulle onafhanklikheid gou herstel sal word.[4] Toe President Brand wat aanvanklik 'n negatiewe houding teenoor die anneksasie ingeneem het, op die volgende dag weer die saak wou aanroer, is hy verlof daartoe deur die Volksraad geweier.[5] In Desember 1880 het President Brand 'n Boere-deputasie bestaande uit M.W. Pretorius en J. Hofman verseker dat hy nie die Transvaal se anneksasie op die buitengewone sitting van die Vrystaatse Volksraad in Februarie 1881 te berde sou bring nie, dog na 20 Desember 1880 het sy houding verander. Met sy toestemming het die Vrystaatse Volksraad in Februarie 1881 besluit om vireers slegs morele steun te verleen en later meer.[6] Ten spyte van 'n verbod daarteen het 'n klein Vrystaatse vrywilliger-kommando tog aktief aan Boerekant aan die stryd deelgeneem,[7] en is daar perde uit die Vrystaat vir die Boere gestuur. Jorissen beweer verder dat President Brand net voor die finale samesprekings met die Engelse by die Boerelaers aangedoen en die Boere aangeraai het om vas te staan. Hy sou ook sy hulp aangebied het indien dit benodig sou word.[8] Volgens Dr. D.W. Kruger het daar 'n ooreenkoms tussen die Transvalers en die Vrystaters bestaan waarvolgens De Villiers met 'n sterk Vrystaatse kommando Natal sou binneval om Engelse versterkings uit Durban af te sny, indien die vredesonderhandelinge sou skipbreuk ly.[9] Die erns van die bedreiging vir die Engelse magte uit

---

1) B.V. 36 pp. 4 - 6
2) C. 2454 pp. 54 - 55
3) C. 2866 p. 16, Colley aan Kimberley. 26 Desember 1880
4) B.V. 10 p. 18
5) C. 2454 p. 107, Bylaag tot Nr. 36 Rapport van O.V.S. Volksraadsitting (uit Standard & Mail.
6) Jorissen p. 73
7) Ibid. p. 89; vir verbod sien C. 2866 p. 76.
8) Jorissen p. 98
9) Kruger p. 242

die Vrystaat is ook baie duidelik besef toe 'n vergadering te Heilbron op 15 Februarie 1881 'n beroep op die Vrystaatse Volksraad gedoen het om Vrystaters offisieel die reg te gee om die Transvalers te gaan help.[1] Lank voor daardie tyd was Lanyon reeds daarvan oortuig dat die Boere hulp in die vorm van mannekrag en ammunisie uit die Vrystaat ontvang.[2]

Toe die eerste vredesonderhandelings volgens oordeel van die Boere misluk het, het daar nogeens 'n kragtige oproep tot hulle landgenote uitgegaan. "Het is aan u om te zeggen: wie zal in Afrika regeeren: de Afrikaner of eenige dwingelanden in Downingstreet? Of wilt gij met gevouewen handen blijven toezien hoe wij vermoord worden? Ons geloof is het Uwe .... Onze strijd is van nu af een strijd voor recht en waarheid tegen een gemeenschappelijken tiran, die heden ons en morgen U zal vertreden."[3]

Volgens Lewsen was Lord Kimberley en 'n deel van die Whig-groep in die Kabinet ten gunste van die onderdrukking van die opstand en die behoud van Transvaal, dog publieke opinie was teen die oorlog, en druk van die kant van die Radikales in die Parlement het hulle laat toegee.[4] Toe 'n gerug die ronde begin doen dat 'n vrywilligermag uit Kimberley die Engelse sou help, het die vrees vir 'n algemene oorlog teen die Afrikaners in Suid Afrika toegeneem.[5] Colley wou geen hulp van die Engelse koloniste in Natal aanvaar nie, want hy was die mening toegedaan dat die stryd tussen die Boere en die Imperiale regering uitgeveg moes word en dat die Natallers neutraal kon en moes bly.[6]

Sodanig het die verset dan gegroei en ontwikkel, beginnende met 'n eenvoudige dog ernstige protes en eindigende in gewapende verset, vergesel van 'n oproep na buite om die tirannie van Groot-Brittanje tot die dood toe te beveg, en die vrees dat die verlenging van die stryd 'n algemene oorlog ten gevolg sou hê.

Om tot 16 Desember 1880 in Potchefstroom, waar die eerste skoot in die Vryheidsoorlog geval het, terug te keer: Sowel die Engelse as die

---

1) Heyns p. 88
2) L.V. 5 p. 115
3) Jorissen: Bylaag Aanteekeningen en Ophelderingen p. 32, Derde Proklamasie
4) Lewsen p. 87, voetnoot 23
5) De Kiewiet p. 280; C.H.B.E. 8 p. 585; Statham: South Africa as it is, (p. 97
6) Statham: South Africa as it is, p. 103

Boere het, nadat die vyandelikhede uitgebreek het, hulle teenstanders daarvan beskuldig dat hulle die eerste skoot afgevuur het. Britse gesagvoerders in Suid-Afrika was dan ook bevrees dat die vuur van 'n skoot aan Engelse kant 'n opstand ten gevolg sou hê. Reeds in Augustus 1880 het Colley[1] verklaar: "The first shot fired on our side will raise the whole country." Die Boere wou nie skiet voordat die uitslag van hulle ultimatum aan Pretoria bekend was nie. Walker, gelei deur Carter se "Narrative of the Boer War," verklaar sonder meer dat Cronje die eerste skoot laat afvuur het.[2] Dat die eerste skoot in Potchefstroom geval het en wel op 16 Desember 1880, kan aanvaar word, dog die vraag wie eerste gevuur het, verdien verdere aan[...]

Bellairs verklaar dat "a dismounted Boer picket at the corner of the street fired some shots from behind a wall."[3] Hierdie skote sou afgevuur gewees het op 'n Engelse patrollie wat gestuur is om 'n groep van agt tot tien Boere wat dit te na aan die militêre fort gewaag het, te laat verstaan dat hulle aanwesigheid op 150 tree van die Engelse kamp ongewens is.[4] Die Engelse het daarop teruggevuur en 'n Boer verwond. Dr. Sketchley se weergawe kom in hoofsaak met bogenoemde ooreen. Volgens hom het vyf of ses Boere wat agter 'n muur gelê het, op die Engelse patrollie losgebrand.[5] Kaptein Raaff het twee skote gehoor in die rigting van die militêre kamp en daarna twee Boere sonder hoede die straat sien afjaag.[6] Hy noem egter die datum 15 Desember en wel namiddag. Volgens Lanyon het die Boere die Engelse fort bedreig en eerste op 'n groep Engelse ruiters geskiet wat teruggevuur het.[7]

Uit 'n brosjure "Diary of Events in Potchefstroom," geskryf deur 'n persoon wat 'n dagboek aangelê het, blyk egter dat die eerste skoot teen 9.30 v.m. op 16 Desember afgevuur is op 'n Boer. 'n Boer het nl. te perd die straat afgejaag en geskree dat 'n skoot gevuur en 'n man gewond is. Om tienuur het hierdie persoon 'n eersie skote vanuit die kamp gehoor wat deur die Boere naby die markplein beantwoord is.[8] J.C. Steyn het in 'n beëdig-

---

1) Bellairs p. 249n
2) Walker p. 388
3) Bellairs pp. 248 - 249
4) Ibid. p. 249
5) Kotze p. 738n
6) Carter pp. 117 - 118
7) T.G.G. 4 Januarie 1881 e. [illegible] C. 2866 p. 108, Memorandum van 1 J[illegible] 1881 aan Lord Kimberley
8) Kotze p. 740

de verklaring van 8 Junie 1881 verklaar dat hy een van die Engelse wat 'n groep Boere agtervolg het, hoor skree het "Fire!" waarop hulle losgebrand het. Hy was slegs vyftien tree van die Engelse ruiters af toe hulle geskiet het.[1]

Soos reeds gemeld, is Cronje met 'n sterk mag deur die Driemanskap na Potchefstroom gestuur om die Vryheidsproklamasie deur Borrius te laat druk. Op die betrokke dag is Kommandant Robbertse en vyf burgers op patrollie uitgestuur. Robbertse het in 'n beëdigde verklaring gemeld dat, toe sy patrollie verby die fort die dorp ingery het, 16 tot 18 Engelse ruiters op die Boere-patrollie afgestorm en vier skote sonder gevolg geskiet het. Die Boere-patrollie het egter voortgegaan waarop nege Engelse weer gelyk geskiet het en hom (Robbertse) in die elmboog verwond het. Hierop het hy bevel gegee om die vuur te beantwoord, waarop die Engelse omgedraai het en die huis waarin hy skuiling gaan soek het, nl. dié van dr. Poortman, onder die bomme gesteek het.[2] Cronje se verklaring[3] kom noodgedwonge met bostaande ooreen, omdat hy sy inligting van Robbertse verkry het. Volgens Cronje het sy manne uitdruklike bevele gehad om nie eerste te skiet nie, "daar ik alleen mijn orders uitvoerde om de proclamatie te doen drukken."[4] Die offisiële sienswyse van die Driemanskap het ooreengekom met Cronje se rapport waarop dit dan ook gebaseer was.

'n Vergelyking van bogenoemde verklarings lei tot die volgende gevolgtrekkings: Indien vyf of ses Boere wat goed verskans was, op 'n kort afstand eerste op die Engelse gevuur het, sou daar een of meer Engelse gedood of gewond gewees het.[5] Dat die Boere verskans gelê het, kan uitgeskakel word, omdat die aanvaarbare getuienis daarop dui dat albei groepe berede was. Die getuienis van die dagboekskrywer kan as waar aanvaar word omdat daar in sy geval geen rede bestaan om die waarheid te verdraai nie. Boonop was hy in 'n goeie posisie om die ware verloop van sake op dieselfde dag waarop dit gebeur het, aan te teken. Sy vermelding van die skote wat teen tienuur geval het, dui op die vuur wat Generaal Cronje, nadat hy sy manne bymekaar gemaak het, vanaf die plein op die Engelse fort gerig

---

1) B.V. 3? p. 59
2) Ibid. p. 67, Robbertse se verklaring
3) J.V. 26/2471, Cronje aan Kruger en Joubert, 16 Desember 1880
4) J.V. 26/2473, Cronje aan Joubert, 20 Desember 1880
5) Kotze p. 741

het. Wat Lanyon se "bedreiging van die Engelse fort" aanbetref, stem almal saam dat die Boere-patrollie uit slegs vyf of ses man bestaan het. Hoe kon hierdie groepie 'n bedreiging vir die fort ingehou het, veral waar daar nog geen sprake van oorlog was nie? Volgens Duncan se getuienis wat deur Lanyon aanvaar en later aangehaal is, het die Boere hulle stil gedra toe hulle op 15 Desember die dorp bereik het. Die Boere sal hulle nie eers stil gedra en die volgende dag, sonder enige rede van hulle kant, begin vuur nie. Te meer, waarom sal slegs 'n groep van ses man die fort bedreig en nie die hele kommando van 500 nie?

Die hele insident skyn op Lanyon se proklamasie van 15 Desember 1880 te berus. Goewermentskennisgewing Nr. 264 van 15 Desember 1880 bepaal dat 'all armed bodies of men are forbidden to approach within a mile of, or to enter, any town in the Province."[1] Bellairs voer aan dat die troepe op Potchefstroom geen kennis van hierdie proklamasie gedra het nie. Op 'n Donderdag (16 Desember 1880 was 'n Donderdag) sou die poskoets Potchefstroom reeds om 7 v.m. volgens skedule bereik het.[2] Volgens voorgenoemde dagboekskrywer het die poskoets op sy gewone tyd aangekom en was hy teen 9 v.m. reeds besig om passasiers vir Kimberley op te laai.[3] Die eerste skoot het eers om 9.30 v.m. geval, en Clarke kon reeds lank voor hierdie tyd in besit van die Staatskoerant gewees het wat die nuwe bepalings bevat het en dit aan sy ondergeskiktes oorgedra het.[4] Hoe sou hulle anders geweet het dat dit 'n oortreding van die kant van die Boere was om hulle so na aan die fort te waag?

Gevolglik moet Lanyon die verantwoordelikheid van die aftrek van die eerste skoot ten laste gelê word. Die Boere het reeds drie jaar en agt maande gewag, en hulle was bereid om nog twee dae langer te wag op die antwoord op hulle ultimatum. Slegs die verwerping van hulle eise sou die teken vir openlike vyandelikhede van hulle kant wees. Lanyon het boonop die meeste op die spel gehad indien hy deur 'n onbedagsame daad die onmin van die Britse regering op sy hals sou haal, want hy het ongeduldig op 'n verplasing na Wes-Indië gewag. Indien die Britse regering moes uitvind

---

1) T.G.G. 15 Desember 1880; J.V. 27/2562
2) T.G.G. 26 Oktober 1880: Kennisgewing van die "Postwesen" wat die tye van die aankoms en vertrek van die poskoets tussen Pretoria en Kimberley aankondig vanaf 1 November 1880.
3) Kotze p. 740
4) Ibid. pp. 739 - 740

dat hy die eerste skoot laat aftrek het, kon dieselfde lot hom te beurt geval het as Frere se mosie van sensuur na aanleiding van sy optrede in die Zoeloe-oorlog. Vandaar die feit dat hy die skuld op die Boere gepak het. In die "Tweede Proklamasie" beskuldig die Boere Lanyon dan ook daarvan dat hy bevele gegee het om te skiet indien die Boere hulle gewapend binne een myl van 'n dorp waag,[1] en ook dat hulle nie geskroom het om 'n oop dorp vanuit die fort onder die bomme te stoek nie.[2]

---

1) B.V. 36 p. 36, Tweede Proklamasie van 23 Desember 1880
2) C. 2794 pp. 9 - 11, Tweede Proklamasie: uit "Het Voksblad" van 13 Januarie 1881

---

# HOOFSTUK 9

## WAAROM DIE BOERE DIE WAPENS OPGENEEM HET

Baie vreemde redes is deur die jare heen vir die uitbreek van die oorlog in 1880 aangevoer, veral deur diegene wat volgehou het dat die meerderheid van die inwoners die anneksasie goedgesind was. Toe die oorlog finaal bewys het dat die meerderheid teen die anneksasie gekant was en bereid was om hulle lewens op te offer, moes redes gesoek word waarom die Boere wat vir meer as 3½ jaar "tevrede" was, skielik die wapens opgeneem het.

Die eerste rede wat genoem is, was dat vreemde awonturiers die Boere opgesweep het om die wapens op te neem. Hierdie rede het sy ontsprong by Shepstone gehad [1] wat reeds voor die anneksasie 'n gerieflike uitvlug wou skep indien sy anneksasiepoging op 'n mislukking sou uitloop. Bok, Jorissen en Aylward is genoem as agitators, dog Bulwer was baie skepties hierteenoor. [2] Lanyon het hom baie moeite getroos om aan te toon hoe ongeletterd die Boere was sodat vreemde agitators hulle maklik aan die neus kon lei. [3] Reeds voor sy aanstelling as Administrateur van Transvaal was hy daarvan oortuig dat "they are led on by a blatant lot who have little or no interest in the Province." [4] Hy het Jorissen veral gebrandmerk as agitator omdat hy weens sy afdanking as Staatsprokureur deur die Engelse regering 'n grief sou gehad het en by die Boere as regsadviseur aangesluit het. [5] Volgens Lagden, Lanyon se privaat sekretaris, was die minder-bevoorregtes nie geneë om tot rebellie oor te gaan nie, dog almal was slagoffers van enkele agitators wat baie te wen en niks te verloor gehad het deur sedisie aan te blaas nie. [6]

Frere het dit weer veral teen Aylward gebruik gehad. [7] Sy aanklag was daarop gebaseer dat Aylward altyd die Britse regering opponeer het, die Boere-leiers goed geken het, groot invloed onder hulle gehad het en

---

1) Sien C. 1776 pp. 153 - 154
2) Uys p. 395
3) L.V. 5 p. 146, Lanyon aan Kimberley, 1 Februarie 1881
4) L.V. 14 p. 27, Lanyon aan Sir Charles Lanyon, 24 Februarie 1879
5) L.V. 5 pp. 150 - 151
6) Ibid. p. 52
7) Martineau p. 242. Martineau was Frere se naprater oor hierdie saak.

hulle maklik oorreed het om sy (Frere se) goeie advies in die wind te slaan.[1] Sy aanspraak dat die oorlog "van Ierse oorsprong" was, het baie Boere se lagspiere geprikkel, want Aylward se invloed op die uitbreek van die oorlog was 'n ronde nul.[2] Na die annekeasie het Aylward na Europa vertrek en eers in 1879 teruggekom. Uys wys daarop dat Aylward op dié stadium toe genoemde aanklag teen hom gemaak is, juis besig was om sy dienste aan die Engelse aan te bied![3] Verskeie ander dokumente in die Shepstone Versameling bewys ook dat die aanklag teen Aylward ongegrond was en slegs om politieke redes (op grond van sy Ierse afkoms) gevoer is.[4] Ook Burgers was volgens Frere 'n "charlatan" en Bok en Jorissen twee vreemde awonturiers ten spyte van die feit dat al drie voor die anneksasie van die hoogste betrekkings in die land beklee het en as sodanig die landsbelang op die hart gedra het. Die Boere se agitasie om vryheid het voortgeduur ten spyte van Jorissen en Bok. Wat Jorissen betref is daar ook reeds gewys op die houding wat hy ingeneem het nadat Carnarvon die anneksasie as onherroeplik beskryf het. As hy werklik enige invloed op die Boere uitgeoefen het, sou die agitasie om vryheid dan reeds in 1878 doodgeloop het. Jorissen en Bok was ook nie lede van die Volkskomitee nie, dog het lg. op heel bekwame wyse bygestaan. Die besluite is egter deur die volksleiers geneem.

As tweede rede is aangevoer dat die leiers intimidasie aangewend en dwang op hulle medeburgers uitgeoefen het - nog 'n rede wat sy ontstaan aan Shepstone te danke het. Toe 'n vergadering van Wakkerstroomse Boere die hoop uitgespreek het dat die goedgekeurde hervormings Shepstone sou tevrede stel en ander groepe Boere gedreig het om hulle onafhanklikheid te verdedig, daar hulle teen sowel anneksasie as federasie gekant was en die nuwe maatreëls van regeringskant as genoegsaam beskou het om die anneksasie te verhoed,[5] het Shepstone tot die gevolgtrekking gekom dat hy nie tot anneksasie sou kon oorgaan sonder proteste te ontlok nie, en gevolglik het hy die intimidasiegedagte aangegryp. Hy maak dus die Koloniale Kantoor wys dat daar 'n unieke intimidasieproses in Transvaal in swang is wat selfs tot die Volksraad deurgedring het sodat enige onafhanklike

1) Kotze p. 606n: Frere se aanklag teen Aylward
2) Ibid. p. 770
3) Uys p. 334
4) Ibid. p. 331
5) D.V. 4 April 1877

menings onderdruk word.[1] Volgens Leyds was dit een van Shepstone se voorsorgmaatreëls om moontlike latere kritiek te neutraliseer.[2]

Die dwangaanklag is dan ook deur verskillende Engelse amptenare volgens die aard en omstandighede van die oomblik aangewend, nl. dwang om petisies teen die anneksasie te teken, dwang om vergaderings by te woon en dwang om te veg. Reeds in Februarie 1878, op ontvangs van Kruger se mededeling i.v.m. die beoogde volkstemming, het Shepstone die mening uitgespreek dat die handtekenings op sulke petisies nie die ware gevoelens van die ondertekenaars sou weerspieël nie.[3] Voor die vertrek van die tweede Deputasie het hy dit by Beach ingeskerp dat dwang gebruik is om die petisies teen anneksasie te laat teken[4] sodat Beach aan Kruger en Joubert kon verklaar: "Many persons not feeling strongly on political questions would be reluctant or afraid to abstain from signing a memorial under such pressure as I understand was brought to bear upon them."[5] Hierdie aantyging is deur verskillende skrywers herhaal.[6] Van Engelse kant het die aanklag slegs by 'n beskuldiging gebly. Dit is nooit deur enige feite bewys nie, terwyl dit van Boerekant deeglik weerlê is. Daar moet ook in gedagte gehou word dat Shepstone d.m.v. sy proklamasie in die Staatskoerant van 12 Maart 1878 druk probeer uitoefen het om te verhoed dat daar veel teen anneksasie geteken word deur moontlike ondertekenaars met 'n aanklag van hoogverraad te bedreig.[7] Op 16 en 23 April is 'n versoek deur die lede van die tweede Deputasie in "De Volksstem" geplaas waarin diegene wat gedwing sou gewees het om die petisie teen anneksasie te teken, uitgenooi is om hulle name op die memories voor die begin van Mei te skrap.[8] Nie 'n enkele naam is geskrap nie, en nog minder kon Shepstone 'n verklaring van enige burger wat bedreig sou gewees het, voorlê.

Ook t.o.v. die bywoning van vergaderings was die Engelse amptenare daarvan oortuig dat dwang gebruik is. Frere het Beach verseker dat dwangmaatreëls van Boerekant toegepas is om 'n groot opkoms by Kleinfontein

---

1) C. 1776 p. 109, Shepstone aan Carnarvon, 6 Maart 1877
2) Leyds p. 218
3) C. 2100 p. 27, Osborn (namens Shepstone) aan Kruger, Februarie 1878
4) C. 2144 p. 97, Shepstone aan Beach, 8 Mei 1878
5) Van Rooyen pp. 335 - 336
6) Sien C.H.B.E. 8 p. 468
7) Sien p. 57 hiervan: Shepstone se proklamasie
8) D.V. 16 en 23 April 1878

in April 1879 te verseker,[1] terwyl Lanyon dieselfde mening gehuldig het beide t.o.v. die Kleinfontein-[2] en die Paardekraalbyeenkoms.[3] Wolseley
in April 1879 te verseker, terwyl Lanyon dieselfde mening gehuldig het beide t.o.v. die Kleinfontein-[2] en die Paardekraalbyeenkoms.[3] Wolseley
het hierop voortgebou en verklaar dat daar 'n groot groep, moontlik 'n oorwegende groep, ten gunste van die Britse konneksie was, dog dat hulle uit [illegible] stemme te laat hoor. Lanyon het ook verklaar dat baie Boere nie alleen deur bedreigings en skandelike vreesaanjaging gedwing is om die vergaderings by te woon nie, maar ook dat hulle d.m.v. dieselfde metodes daar gehou is wanneer hulle wou vertrek.[5] Frere het op sy kort besoek aan Transvaal nog erger vorms van intimidasie teengekom. Baie Boere sou teenoor hom die bestaande proses van intimidasie bekla het en die vrees uitgespreek het dat, indien hulle nie by die ontevredenes aansluit nie, hulle besittings gekonfiskeer en hulleself verban sou word wanneer die Transvaal se onafhanklikheid herstel word. Hulle sou die Engelse teen die Zoeloes gehelp het, as hulle nie die vergeldingsmaatreëls van hulle mede-burgers gevrees het nie.[6] Hulle kon nie verklaar waarom Jys en sy mense wel gehelp het en niks te vrese gehad het nie. Verder het Frere die fout begaan om die opinies van enkelinge as verteenwoordigend van die meerderheid te beskou. Die los praatjies van enkele pro-Britsgesindes het 'n groter indruk op hom gemaak as die gesamentlike protes van die hele vergaderde menigte te Kleinfontein, en wel omdat hy graag die dwangsteorie wou glo.

Daar bestaan geen gronde vir die beskuldigings van intimidasie van hierdie aard nie. Die vergewensgesindheid van die Boere na die oorlog teenoor al hulle teenstanders loënstraf ook al hierdie aantygings. Landdros Rudolph van Utrecht, wat die aantyging van dwang ondersoek het, kon geen enkele geval vind waar 'n burger gedwing is óf om 'n vergadering by te woon óf om 'n petisie teen anneksasie te onderteken nie.[7]

Waar die Kleinfonteinbyeenkoms deur 4,000 tot 5,000 Boere bygewoon is, was daar, soos aangetoon, meer as 6,000 aanwesig op die Wonderfonteinvergadering in Desember 1879. Op 10 Desember het Kruger almal wat

---

1) C. 2367 p. 51, Frere aan Beach, 9 April 1879
2) C. 2367 p. 59, Lanyon aan Frere, 13 April 1879
3) C. 2783 p. 20, Lanyon aan Kimberley, 5 Desember 1880
4) C. 2482 p. 340, Wolseley aan Beach, 1 Oktober 1879
5) Leyds p. 303
6) C. 2367 p. 18, Frere aan Beach, 6 April 1879
7) Van Rooyen p. 344

as gevolg van dwang aanwesig was, uitgenooi om die vergadering te verlaat; hy staan borg vir hulle veiligheid; die volk wil hulle nie daar hê nie; nóg vrees nóg skaamte moet hulle daarvan weerhou om die vergadering te verlaat. Op 11 Desember het hy die versoek herhaal, dog niemand het die vergadering verlaat nie.[1] Hierop het Kruger gesê dat niemand die reg het om te verklaar dat dwang aangewend is nie, en, indien hulle dit wel doen, is hulle verraaiers.[2] Waar daar hier minstens 'n duisend persone meer aanwesig was as by Kleinfontein, kan aangeneem word dat, indien dwang gebruik is en indien die omvang daarvan so groot was as wat die Engelse amptenare wou voorgee, etlike duisende van Kruger se aanbod gebruik sou gemaak het. Boonop was hierdie persone verseker van die beskerming van die Engelse regering in Transvaal, want volgens Wolseley se proklamasie van 16 November 1879 sou alle persone wat dwang toepas teenoor 'n ander om hom te dwing om 'n vergadering by te woon, aangekla en gestraf word.[3] Daar is nooit iemand op sodanige klag voor die hof gedaag nie. Dit was immers die geval voor elke volksbyeenkoms dat die vergadering van regeringsweë onwettig verklaar is. Geïntimideerdes kon hulle due op die Regering beroep wat aan hulle die nodige beskerming sou verleen het.

Toe uiteindelik sulke groot getalle Boere na die wapens gryp, moes die dwangstorie gewysig word om by die nuwe omstandighede aan te pas. In hierdie opsig het die Engelse amptenare 'n gebrek aan vindingrykheid openbaar, want selfs die Britse owerhede het nie meer geloof geheg aan die "dwangargument" nie. Ten spyte hiervan het Lanyon verklaar: "Afrikaners are compelled to raise arms ..... and if they dare to resist, they are put to the wheelbarrow."[4] Hierdie aanklag het Lanyon by verskillende geleenthede herhaal.[5] Dit klink vergesog dat 'n persoon hom sal laat dwing om sy lewe op die altaar te plaas vir 'n saak wat hy nie steun nie, veral as hy dan nog die geweldige mag van Groot-Brittanje aan sy kant het om hom van die verpligting te onthef. Die groot getalle van die Boere se strydmagte lewer egter die aantyging van dwang. Die leiers moes by verskillende geleenthede hulle uiterste inspan om die ontvlambare gemoedere te kalmeer. Dwang om te veg was nie nodig nie, want die Boere het vir 'n

---

1) Van Oordt p. 284; Cachet p. 518
2) Van Oordt p. 284
3) Ibid. p. 282
4) L.V. 7 p. 7
5) Onder meer aan Herbert op 23 Januarie 1881. Sien L.V. 5 p. 119

ideaal geveg. Die verset sou ook nie spontaan gewees het as dwang wel aangewend is nie. Dit was slegs 'n gerieflike verskoning vir diegene wat onwillig was om die ware toestand van sake in Transvaal onder oë te sien en onbevooroordeeld aan die Britse regering oor te dra.

Die Engelse owerhede was egter genoodsaak om dwangmaatreëls toe te pas ten einde ondersteuning vir hulle saak te erlang nadat die oorlog uitgebreek het. In Pretoria was die reaksie van die bevolking op die beroep van die Administrateur om die Engelse te help so swak dat krygswet afgekondig moes word ten einde die onwilliges te dwing om krygsdiens te verrig. Slegs een-derde van die weerbare manne was gewillig om te help. Met die uitsondering van twee of drie uitvalle waarin hulle duur moes betaal aan menselewens, het hierdie korps hom nooit verroer nie.[1] Vier geneeshere het boonop in 'n petisie £5 : 5s. per dag vir hulle dienste geëis, en toe hierdie versoek geweier is, het hulle bedank.[2]

In ander dele van Transvaal was die posisie wat betref vrywilligers vir die Engelse leër nog hagliker. Op 16 Desember 1880 moes Winsloe uit Potchefstroom berig dat geen enkele vrywilliger na vore gekom het nie en dat byna die hele dorp hom aan die kant van die Boere geskaar het.[3] In Standerton moes vrywilligers gedwing word om hulle vinniger aan te meld, en in Lydenburg was dit eweneens duidelik dat bitter min hulp van die inwoners verkry sou word sonder dwang aan te wend,[4] terwyl die Engelse op die goudvelde geredelik gehoor gegee het aan Kommandant-Generaal Joubert se bevel om hulle stil te gedra.[5] In Middelburg het die Engelse besluit om die dorp te verdedig, terwyl Merensky toegelaat het dat sy beheerlinge die fort by Bothsabelo beman, dog toe die nuus van Anstruther se neerlaag hierdie groepe bereik, het niemand meer aan weerstand gedink nie.[6] Op dié wyse was die Engelse dwangstorie 'n boemerang wat op hulleself teruggeslaan het in dié opsig dat hulle self dwangmaatreëls moes toepas om steun vir hulle eie saak teen die Boere te verkry.

'n Derde rede wat vir die uitbreek van die oorlog aangegee is,

---

1) Leyds p. 398
2) Ibid. pp. 398 - 399
3) C. 2838 p. 8
4) Leyds p. 399
5) Van Rooyen p. 360
6) Ibid. pp. 358 - 359

is die onttrekking van 'n deel van die Engelse troepe uit Transvaal. Op 29 Maart 1881 verklaar Lanyon: "I can clearly show that they (British Government) are responsible for the whole trouble in not listening to my remonstrances about troops being withdrawn."[1] Hier moet in gedagte gehou word dat Lanyon die Britse regering voortdurend gerus gestel het oor die posisie in Transvaal en dat die onttrekking van 'n deel van die troepe uit Transvaal in Augustus 1880 deur Colley met sy toestemming plaasgevind het.[2] Soos reeds aangetoon, is daar geen bewyse dat die Boere hulle laat afskrik het deur die aanwesigheid van groter troepemagte nie.[3] Voor die vermindering van die Britse troepe is reeds in Desember 1879 besluit om die Republiek te herstel.

'n Vierde rede is nl. belastings. Shepstone het geen druk op die Boere uitgeoefen om hulle belastings te betaal nie, dog Lanyon het beide die normale en die agterstallige belastings begin invorder. "This brought matters to an issue," skryf Jeppe.[4] Bellairs meen weer: "But for the Bezuidenhout affair, hostilities might have been avoided."[5] Ook Nixon het die waarde van die Bezuidenhout-voorval as bydraende faktor tot die oorlog oorskat. "It was pressure brought to bear in collecting arrear taxes," skryf hy, "which precipitated a catastrophe and brought about actual war" en "The immediate cause of the outbreak was the refusal to pay taxes of a man called Bezuidenhout."[6] As dit waar moes wees, sou die oorlog reeds voor of op 11 November 1880 uitgebreek het. Daar was hoegenaamd geen verband tussen die aftrek van die eerste skoot en die insameling van belastings nie. Die Bezuidenhout-voorval het slegs die bestaande spanning vergroot en gelei tot die vervroeging van die byeenkoms waarop die Republiek, ten spyte van hierdie episode, herstel sou word. Daar is immers reeds volgens die Volksbesluit van 15 Desember 1879 besluit om die Republiek in April 1880 te herstel, dog, om redes wat reeds vermeld is, is hierdie byeenkoms uitgestel tot 8 Januarie 1881. Eweneens kan Theal se bewering, nl. dat die Bezuidenhout-episode die vonk verskaf het,[7] nie aanvaar word nie. Dit het slegs 'n krisis veroorsaak, en 'n krisis is nog

---

1) L.V. 16 pp. 19 - 20, Lanyon aan Sir Charles Lanyon, 29 Maart 1881
2) Sien L.V. 5 p. 22
3) Kotze p. 774
4) Jeppe p. 100
5) Bellairs p. 23
6) Nixon pp. 153 en 154
7) Theal 2 pp. 114 - 115

nie voldonge oorlog nie. Die onwilligheid van die Boere om belastings te betaal, was maar 'n fase in die versetbeweging. Ten spyte van die voorval het die versetbeweging sy beplande koers gevolg met dié uitsondering dat die Paardekraalbyeenkoms met 'n maand vervroeg is. Die eerste skoot het meer as 'n maand na hierdie gebeurtenis geval en wel nadat die Republiek reeds herstel was en besluit is om wapengeweld te gebruik indien die Boere-ultimatum geïgnoreer word. Volgens Kruger was die Besuidenhout-voorval "die eerste teken van die naderende storm, en 'n beslissende stap wat dit onmoontlik gemaak het om terug te tree."[1] Dit was beslissend omdat die volksleiers Cronje en sy volgelinge onder hulle beskerming geneem het en besluit het om hulle saak die saak van die volk te maak.

Ten laaste word as oorsaak van die oorlog aangegee die herroeping van Shepstone i.p.v. hom die geleentheid te gee om sy anneksasiebeloftes uit te voer. "De Volksstem" het so laat as 7 Mei 1878 die mening verkondig dat die Boere sou berus het as die anneksasiebeloftes uitgevoer is,[2] en Cachet het ook berusting in die vooruitsig gestel as die Boere se eie regering herstel sou gewees het. Daar is reeds op Shepstone se vrees gewys, indien hy dit sou gewaag het. Frere was van oordeel dat die agitasie om onafhanklikheid verskerp het omdat die anneksasiebeloftes nie uitgevoer is nie, terwyl Carter meen dat die Boere 'n [illegible] moontlikheid op sukses gesien het in die aankoms van 'n nuwe administrateur, d.w.s. Lanyon, wat sou moontlik meer geneë gewees het om die genoemde beloftes uit te voer.[3] Daar was ook diegene wat van oordeel was dat Frere die saak sou kon red. "If he (Frere) had remained at the helm, he might perchance, by timely concessions, by carrying into effect Shepstone's promises, and by sympathetic treatment, have averted or at all events postponed the worst."[4] Almal in Transvaal het nie dieselfde hoë verwagtings van Shepstone en Frere gekoester as bogenoemde skrywers nie. Indien hulle oor al die nodige eienskappe beskik het om die Boere te versoen sou dit in hulle ampstermyn geblyk het. Shepstone was bv. skaars 'n jaar lank aan die roer van sake toe daar 'n petisie teen hom opgestel is deur 'n sekere Gunn.

---

1) Bredell en Grobler p. 79
2) Fitzpatrick huldig dieselfde mening op p. 24, asook Bellairs op p. 10
3) Martineau pp. 251 - 252: Frere se mening; Carter p. 51
4) Jeppe p. 98

Laasgenoemde persoon het reeds voor die anneksasie in Pretoria aangekom en hy is tot gevangenisstraf veroordeel op grond van publieke rusverstoring[1] nadat hy probeer het om die bevel van die Vrywilligerskorps te Burgersfort op gewelddadige wyse oor te neem. Kort na die anneksasie is hy op aandrang van Luitenant-Kolonel Weatherley uit die tronk ontslaan. In Mei 1878 het hy in 'n versoekskrif aan Frere die volgende bekla: die wanbestuur op politieke en finansiële gebied in Transvaal; die verbreking van die anneksasiebeloftes m.b.t. regeringsvorm en regspleging; die gebrek aan beskerming teen die naturelle; en die ontbinding van die Volksraad. Die petisie het ook die versoek bevat dat Shepstone "na 'n ander sfeer van politieke bruikbaarheid" verplaas moet word en aanbeveel dat Weatherley in sy plek aangestel moet word.[2] Die petisionarisse beroep hulle verder op die Engelse eergevoel en regverdigheidsin "waarvan hulle soveel hoor maar so min ondervind."[3] Die Boere het by monde van Kruger en Joubert ontken dat hulle enige aandeel in die petisie gehad het. Hulle het daarop gewys dat die petisionarisse genoeë neem met die Engelse vlag, terwyl dit juis dié faktor was wat die Boere wou uitskakel.[4] Hoewel die petisie as vervals bestempel is, het hy tog getoon hoe die wind waai wat die gevoelens van sekere Engelse t.o.v. Shepstone se bewind in die algemeen betref.

Dit val te betwyfel of Shepstone, indien hy aan die bewind in Transvaal sou gebly het, enigsins 'n verbetering m.b.t. regeringsvorm sou aangebring het. In Desember 1877 het hy nl. 'n wetgewende liggaam voorgestel wat sou bestaan uit ses offisiële lede en ses onoffisiële lede wat deur die offisiële lede gekies sou word.[5] Op 28 Julie 1879 het hy na aanleiding van Frere se konsep-grondwet aan die Koloniale Sekretaris geskryf dat sy plan weens veranderde omstandighede nie meer uitvoerbaar blyk nie, en dat die verkose lede nie meer as drie moet wees nie,[6] dit ten spyte van die belofte dat die Transvaalse wetgewende liggaam sou voortbe-

---

1) Bulpin pp. 159 - 160
2) D.V. 11 Mei 1878; B.V. 36 p. 3: Gunn se petisie
3) C. 2144 pp. 149 - 150: Gunn se petisie. Shepstone se suspisie is egter gewek omdat die dokument so skoon was en die handtekenings groot ooreenstemming met mekaar getoon het (Bulpin p. 174). By nadere ondersoek het geblyk dat slegs 16 van die totale 3883 handtekenings eg was (C. 2220 p. 218, Shepstone aan Frere op 20 Augustus 1878). Gunn is daarop gedagvaar weens sameswering, bedrog en vervalsing van handtekenings, dog die saak het met verloop van tyd doodgeloop.
4) B.V. 2 p. 260
5) Kotze p. 688
6) C. 2482 p. 30

staan. Bogenoemde ondersteuners van Shepstone het ook nooit op sy beheer van finansies in Transvaal ingegaan nie, want 'n groter warboel kon noulike aan enige opvolger nagelaat gewees het. Persoonlikhede aan die bewind het min verskil aan die tipe grondwet gemaak wat ingevoer sou word, terwyl die tipe grondwet op sy beurt die Boere min geskeel het, omdat hulle met niks anders as hulle volle onafhanklikheid tevrede sou wees nie. Shepstone se grondwet was dus reeds 'n verbreking van die anneksasiebeloftes, maar dit het geen klagte van die kant van die Boere uitgelok nie, omdat die mees verteenwoordigende regeringsvorm hulle nie tevrede sou gestel het nie.

Kortliks kom die beloftes bo en behalwe dié van die Anneksasie-Proklamasie op die volgende neer: 'n Lening van £100,000, vrye gebruik van die Hollandse taal (met die moontlikheid van die latere verdwyning daarvan) en die uitbreiding van spoorweg- en telegraafverbinding soos deur Carnarvon in die vooruitsig gestel; Beach het die Boere verseker dat die Transvaal 'n selfstandige, afsonderlike staat sou wees wat, hoewel saamgesnoer in 'n federasie, tog selfregering en individualiteit onder die soewereiniteit van die Koningin sou geniet;[1] Gladstone het die Boere "die volste vryheid om hulle eie sake te behartig" geloowe, dog geen stap is gedoen om hierdie beloftes uit te voer nie.[2] Uys noem die beloftes "slegs 'n suikerlagie wat die anneksasiepil verteerbaar moes maak."[3]

Ten spyte van die feit dat Frere in April 1879 deur die Boere verseker is dat hulle niks minder as hulle onafhanklikheid wou hê nie, het hy tog 'n grondwet op hulle afgedwing. Volgens die Patents Briewe van 8 November 1879 is 'n Uitvoerende Raad en Wetgewende Vergadering vir Transvaal in die lewe geroep. Eersgenoemde sou bestaan uit agt lede, nl. die Administrateur, die vier hoofamptenare, t.w. die Senior Militêre Offisier, Regeringsekretaris, Prokureur-Generaal en die Sekretaris van Naturellesake plus drie onoffisiële lede deur die Goewerneur benoem. Die Wetgewende Vergadering sou bestaan uit die Goewerneur, Administrateur, Hoofregter, al die lede van die Uitvoerende Raad en ses lede wat deur die Goewerneur vir elke sitting benoem mag word, d.w.s. 16 lede altesaam.[4] Hierdie grondwet is aan Regter Kotzé vir kommentaar voorgelê en hy het in die

---

1) C. 2220 p. 366, Beach aan Kruger en Joubert, 16 September 1878
2) Morley 3 p. 30
3) Uys p. 433
4) 2482 pp. 380 ff.

eerste plek daarop gewys dat die Boere geen grondwet sou aanvaar waarin die beginsel van volksverteenwoordiging nie gehandhaaf word nie.[1] Ten tweede het hy verklaar dat die voorgestelde grondwet teenstrydig is met die Anneksasie-Proklamasie waarin gewaarborg is dat die Transvaal 'n afsonderlike regering met sy eie wette en wetgewende liggaam sou bly. Frere het erken dat die Boere geen voordele voortvloeiende uit die Anneksasie-Proklamasie of Shepstone se beloftes verlang nie en dat dit nutteloos is om hulle iets aan te bied wat hulle verwerp; tog moes die land 'n regering hê. Kotze se sienswyse was egter dat die beloftes ten tye van die anneksasie aan almal in Transvaal gemaak is, sowel as aan die immigrante wat daarna gekom het, en dat sekere seksies (uitgesonderd die Boere) dit as 'n ernstige grief en troubreuk beskou dat geen uitvoering daaraan gegee word nie.[2]

C.K. White het dan ook in die nuut-ingestelde Wetgewende Vergadering verklaar dat die regering van Transvaal op grond van sy samestelling nie die ondersteuning van die bevolking geniet nie en voorgestel dat 'n tipe verteenwoordigende bestuur ingestel sal word om die vertroue van die inwoners te verseker.[3] Hoewel White geen ondersteuning in die Vergadering gekry het nie, het die oorgrote gedeelte van die Engelssprekende burgers hom gesteun, terwyl die Boere afsydig was en geensins op die stemreg of verteenwoordiging aangedring het nie.[4]

In geen opsig het die verbreking van enige belofte sedert 12 April 1877 van Engelse kant die stryd laat ontvlam nie. Die Boere het deurgaans geweier om enige toegewings te aanvaar. Dit was slegs die Engelse element in Transvaal wat op die vervulling van die anneksasiebeloftes aangedring het.

Die Anneksasie-Proklamasie het, sover dit die wet betref, 'n baie interessante situasie in Transvaal geskep wat kortliks verduidelik moet word aan die hand van 'n uitspraak van die Transvaalse Hooggeregshof in Mei 1879. Oproerigheid en wanordelike gedrag onder die Engelse soldate in Utrecht het sodanige afmetings aangeneem dat die Administrateur dit aan Landdros Rudolph opgedra het om die verkoop van sterk drank in

---

1) Kotze p. 594
2) Ibid. p. 595
3) Bellairs pp. 26 en 433 - 440
4) Leyds p. 311; Bellairs p. 26

daardie dorp stop te sit.[1] Rudolph het op 15 April 1879 'n bevel uitgevaardig dat alle drankhandelaars hulle voorrade aan die regering moes uitlewer en geen verdere sterk drank moet verkoop nie. Die firma White en Tucker het geweier om aan die bevel gehoor te gee waarop hulle winkel summier oopgebreek en die drank verwyder is. Hierop het White en Tucker 'n saak teen Rudolph aanhangig gemaak en die herstel van hulle besittings en verkoopreg geëis op grond van 'n lisensie wat volgens 'n Transvaalse wet aan hulle uitgereik is.[2] Hier is dus nie alleen private besitreg geskend nie, maar ook het daar 'n interessante konstitusionele strydvraag ontstaan, nl. of die Administrateur by magte is om by wyse van proklamasie of andersins wette vir Transvaal te maak. Waar die Anneksasie-Proklamasie verklaar het: "All private bona fide rights to property, guaranteed by the existing laws of the country, and sanctioned by them, will be respected"[3] was die gewelddadige besitname van White en Tucker se drankvoorrade 'n ooglopende skending van hierdie bepaling.[4]

Uit die bepalings "The Transvaal will remain a separate government with its own laws and legislature; and it is the wish of Her Most Gracious Majesty that it shall enjoy the fullest legislative privileges .. The laws now in force in the State will be retained until altered by competent legislative authority"[5] volg dat die Kroon vir homself geen reg toegeëien het om wette vir Transvaal te maak nie, voordat 'n wetgewende vergadering ingestel is; die Transvaal sou sy eie wetgewende liggaam bestaande uit gekose verteenwoordigers behou, en die enigste liggaam wat dus wetgewing vir Transvaal kon indien, was die Transvaalse wetgewende vergadering, en nie die Kroon nie; maar omdat Transvaal deel van die Ryk was, kon die Imperiale Parlement wette vir Transvaal maak.[6] Die Administrateur ontleen sy mag aan die Kroon, en aangesien lg. nie by magte is om wetgewing vir Transvaal in te dien nie, het ook die Administrateur geen mag om dit te doen nie. Regter Kotze het dus uitspraak in die guns van White en Tucker gegee.[7]

---

1) De Kiewiet p. 248
2) Kotze p. 610
3) Buitengewone Staatskoerant van 12 April 1877: Anneksasie-Proklamasie
4) Kotze p. 808
5) C. 1776 p. 157 ff.: Anneksasie-Proklamasie
6) Kotze p. 615
7) C. 2584 p. 221: Uitspraak Regter Kotze in die saak White en Tucker v. Rudolph.

Kotze wys daarop dat 'n dokument soos die Anneksasie-Proklamasie bindend is. Lord Mansfield het onder meer in sy uitspraak in die saak Campbell v. Hall gesê: "The articles of capitulation upon which a country is surrendered and the terms of peace by which it is ceded are sacred and inviolable according to their true import and meaning."[1] Die Kroon het nl. d.m.v. die Proklamasie wat Grenada tot die Ryk toegevoeg het, afstand gedoen van sy reg om wette te maak vir die genoemde gebied ten gunste van 'n wetgewende vergadering en kon daarna geen wet vir Grenada maak of enige belasting hef nie. Hierdie uitspraak is deur latere beslissings van die Juridiese Komitee van die Geheime Raad gehandhaaf.[2] Die Koloniale Sekretaris se verlof aan die Transvaalse Administrateur dat hy nuwe wette mag maak, dog nie bestaande wette mag wysig nie, is dus teenstrydig met die Anneksasie-Proklamasie,[3] want 'n nuwe wet affekteer die bestaande wette of die bestaande posisie, al is dit in die geringste mate, en die reg tot wysiging van die bestaande wette is deur die Anneksasie-Proklamasie aan die Transvaalse Wetgewende Vergadering toegesê.

In die lig van Lord Mansfield se genoemde uitspraak was die nuwe Transvaalse grondwet onwettig. Die voorgenoemde Patente Briewe was in die eerste plek 'n verbreking van die belofte dat die Transvaalse wetgewende liggaam ongewysig sou voortbestaan. Tweedens is die reg wat die Kroon hom hier toeëien om 'n nuwe grondwet in te stel teenstrydig met die Anneksasie-Proklamasie. Derdens is die aanvaarde konstitusionele betekenis van die woord "Assembly" 'n verkose liggaam, terwyl in werklikheid 'n genomineerde liggaam daargestel is.[4] Die feit dat die Boere herhaaldelik verklaar het dat hulle op geen wyse òf d.m.v. stemming òf in administratiewe of wetgewende hoedanigheid sal deelneem aan die regering nie, is geen verskoning vir die instelling van genomineerde liggame nie, want die opname van 1878 het getoon dat ten minste 587 kiesers ten gunste van anneksasie was, en hulle, plus ander lojale immigrante wat daarna die land binnegekom het, het 'n voldoende getal kiesers daargestel om 'n wetgewende vergadering te kies.[5] Die enigste wettige wyse om 'n nuwe grondwet vir Transvaal in te stel, was, volgens Kotse, deur 'n wet van die Britse Parlement.[6]

---

1) Kotze pp. 678 - 679
2) Ibid. pp. 624 - 625
3) Ibid. p. 613
4) Ibid. p. 682
5) Ibid. p. 684
6) Ibid. p. 685

Uit die uitspraak in die saak White en Tucker v. Rudolph en Kotze se mening oor die regegeldigheid van die nuwe grondwet kon 'n eersterangse konstitusionele krisis ontstaan het, indien die Boere enigsins begerig was om munt uit die posisie te slaan. Die skending van die anneksasiebeloftes is by vernuwing onder hulle aandag gebring, dog daar het van hulle kant geen eis of versoek gekom dat die bepalings van die Anneksasie-Proklamasie uitgevoer moet word nie. Slegs "De Volksstem" het te velde getrek teen die willekeurige optrede van die Regering in White en Tucker se geval en onder meer verklaar: "Geene mate van goede bedoelingen zal de aanmatiging van macht boven de wet rechtvaardigen, nog de uitoefening daarvan ten nadeele van particuliere rechten."[1] Van Engelse kant het Adv. Cooper begin organiseer om die wettigheid van die nuwe grondwet in die hof te toets, dog die oorlog het tussenbeide getree.[2]

In die lig van bogenoemde is dit duidelik dat die herroeping van Shepstone of Frere i.p.v. hulle die geleentheid te gee om die anneksasiebeloftes uit te voer op geen wyse tot die oorlog bygedra het nie. Die feite van die saak is dat die Boere geen belang in die uitvoer van die anneksasiebeloftes gestel het nie.

Carter se sienswyse is dat, indien die anneksasiebeloftes uit-[illegible]r is, daar slegs die sentimentele anneksasiegrief sou oorgebly het.[3] Hier het hy die spyker op die kop geslaan. Die anneksasie was nie alleen 'n sentimentele grief nie, maar ook 'n werklike en alles-oorheersende grief wat die oorsaak van die oorlog was.

Die sogenaamde "onward policy " van die Imperiale regering het die omseiling en verbreking van die Sandrivier-Konvensie ten gevolg gehad, en die skending van die genoemde traktaat kon slegs "vi et armis" beveg word. "The sequence of events, forming an unbroken chain of proof," beweer Kotze, "shows beyond doubt that the war was the direct consequence of the annexation."[4] Die weiering van die Britse regering om aan hulle eis om onafhanklikheid te voldoen, het die Boere geen keuse gelaat as om na die wapens te gryp nie.

---

1) D.V. 22 Julie 1879
2) Kotze p. 715n
3) Carter p. 26
4) Kotze p. 776

# HOOFSTUK 10

## SKYNBARE ENGELSE ONVERMOË OM DIE WARE TOESTAND IN TRANSVAAL TE PEIL

In die jare voor en na die Vryheidsoorlog moes Engelse amptenare dit aan die hand van verskillende skrywers ontgeld dat hulle nie die vermoë gehad het om die ware toestand in Transvaal tussen 1877 en 1880 te peil nie. Die aanklag wat daar teen hulle gemaak is, verdien dan ook om hier ondersoek te word.

Aylward het verklaar dat dit nie die Britse regering is wat "Groter Brittanje" regeer nie, maar klerke wat hulle meerderes volgens hulle eie wil beïnvloed.[1] Jorissen was geskok oor die beleid van die Engelse amptenare om die Boere se versetpoging te verkleineer en het verklaar: "Er rust op de Engelsche amptenaren een fataliteit van selfbedrog."[2] Volgens Norris-Newman het die Engelse amptenare die Britse outoriteite op groot skaal mislei wat die ware toestand in Transvaal betref.[3] De Kiewiet betreur die feit dat Engelse amptenare die verdraagsaamheid van die Boere nie suiwer vertolk het nie. Hulle het volgens hom in gebreke gebly om raak te sien dat die volksvergaderings 'n groot verandering in Transvaal teweeggebring het. Wat voorheen verdeeld was, is heg saamgebind. Mense het geleer om hulle verskille op die agtergrond te skuif en 'n gemeenskaplike doel na te streef. Dit was die nuwe Transvaalse patriotisme.[4] Die onmag of onwilligheid van die Engelse amptenare om die temperament van die Boer te peil en hulle politieke aspirasies te begryp, het bygedra tot 'n agtelosigheid en kortsigtigheid wat tot politieke mislukking en militêre vernedering gelei het.[5] Die Britse owerhede moes hulle in 'n hoë mate verlaat op die opinies van die sg. "men on the spot," wat deur Morley as die Imperiale regering se "blind guides in the Transvaal"[6] beskryf word. Hierdie skrywer betreur die feit dat die Brit-

---

1) Aylward p. 380
2) Jorissen p. 59
3) Norris-Newman p. 103
4) De Kiewiet p. 270
5) Ibid. pp. 120 - 121
6) Morley 3 p. 31

se regering uit Transvaal verseker word dat die Boere met die uitsondering van 'n paar belhamels na die genot van die "pax Brittannica" vooruitsien, terwyl daar in werklikheid ernstige versteurings i.v.m. die insameling van belasting plaasvind.[1] Statham dink veral aan die gevolge van hierdie beleid as hy sê: "It is only here that you can realise adequately the mischief that can be done by a few men, who, far removed from that power of popular control ..... play for their own petty and personal ends with interests involving the life and death of thousands."[2]

In watter mate bogenoemde aanklagte geregverdig is, sal uit die volgende blyk.

Reeds op 30 April 1877 het Shepstone die Britse regering verseker dat die gevaar van teenstand van die Boere verby is; die groot meerderheid verwelkom nie alleen die verandering nie, maar daar is ook geen voorvalle nie en almal wag die Britse troepe vriendelik in.[3] Op sy reis deur die Hoëveld het Shepstone egter so 'n diepe verbittering van die Boere aangevoel dat hy op 2 Februarie 1879 teenoor Frere moes erken: "I am alone in the midst of a Boer population."[4] Nogtans het hy hardnekkig geweier om te erken dat die verset spontaan was en uit die anneksasie gespruit het. Veelseggend is die aantal kere wat sy mededelings ingelei word met "I am told that" en "it is said that."[5] Toe hy egter in 1879 in Engeland terugkeer, het hy nie meer gesê dat die meerderheid die anneksasie steun nie, omdat die uitslag van die volkstemming reeds bekend was, maar wel dat die Britse regering geen uitbarsting van die kant van die Boere te vrese het nie.[6]

Frere het eweneens geweier om die ware toedrag van sake aan die Britse regering oor te dra. Volgens Martineau was hy heimlik die mening toegedaan dat die anneksasie ietwat onoordeelkundig en te vroeg uitgevoer is.[7] Ten spyte van sy waarneming te Kleinfontein en die eise van die Boere wat hy in sy rapport moes opneem,[8] het hy die Britse regering meegedeel dat 'n groot deel van die Boere hulle ten gunste van die anneksasie

---

1) Morley 3 p. 31
2) Statham: Blacks, Boers en British, p. 214
3) L.V. 4 p. 213
4) Van Rooyen p. 343
5) Ibid.
6) D.V. 12 Augustus 1879
7) Martineau p. 18
8) Sien p. 72 hiervan

verklaar het veral op grond van die vaste regeringsvorm wat Engeland aan hulle gegee het. Baie Vrystaters, meen hy, keur ook die anneksasie goed.[1] Hy kon nie die protesterende menigte te Kleinfontein as die meerderheid van die inwoners beskou nie. "The real malcontents are far from being a majority ..... and (they) would soon cease to feel grievances which a very brief discussion shows to be in the main sentimental ..... the annexation was the only step to save the country from anarchy and foreign domination."[2] Frere kon nie begryp hoe die Boere kon weier om Britse onderdane te word nie en dat die Boere netso gegrief was oor die verruiling van hulle President vir die Engelse Koningin as wat hy self sou gewees het indien hy sy monargie vir 'n republiek moes verruil. Hy probeer ook die Britse regering wysmaak dat Portugal en Duitsland 'n bedreiging vir Transvaal inhou. Van Portugal was daar min te vrese, terwyl Duitsland eers diep in die tagtigerjare as koloniale moondheid in Suid-Afrika verskyn het.[3] Hierdie bedreiging is slegs voorgehou om die behoud van Transvaal teen die meerderheid van die inwoners se wense te regverdig.

Op 9 April 1879 verseker hy die Britse regering dat die Boere slegs hulle getalle aan hom wou toon te Kleinfontein voordat hulle weer uiteen gaan.[4] Aan Lady Frere meld hy op 20 April dat dit nie soseer die anneksasie was nie, maar wel die feit dat die anneksasiebeloftes nie uitgevoer is nie wat die "massa" Boere byeengebring het,[5] terwyl die "mees agtenswaardige burgers"[6] van April 1879 teen Desember verander het in agt opgevoede persone, drie of vier grondbesitters, vreemde avonturiers met 80 volgelinge en 800 draadsitters wat die agitasie om onafhanklikheid voortsit.[7]

Frere se gerusstellende rapporte het gewissel tussen "algemene goedkeuring van die anneksasie" in 1877[8] en "volkome berusting van die meerderheid" in 1879.[9] Verbasend is sy berig dat hy geen besware van verantwoordelike persone in en buite Transvaal ontvang het nie, behalwe

---

1) C. 2367 p. 18, Frere aan Beach, 6 April 1879
2) Ibid. p. 57, Frere aan Beach, 14 April 1879
3) Kotze p. 603
4) C. 2367 p. 51
5) Martineau p. 147
6) Sien p. 71 hiervan: Frere se beskrywing van die protesterende Boere
7) Martineau p. 196
8) C. 1883 pp. 4 en 15
9) C. 2318 p. 28 en C. 2482 p. 14

van die President, die Uitvoerende Raad en die Deputasielede.[1] Watter persone wel beswaar moes aanteken wat hy as verantwoordelik sou beskou het, het hy nie genoem nie. In 'n artikel in die Februarie 1881 uitgawe van "Nineteenth Century" het hy ook sy lesers verseker dat Pretorius en ander leiers van die Volkskomitee hulle bereid verklaar het om op die nuwe Uitvoerende Raad van Transvaal sitting te neem en dat Kruger moontlik later so 'n aanbod gunstig sou oorweeg,[2] waar die persone wat wel genader is in werklikheid die aanbod met beslistheid van die hand gewys het. Hierdeur het hy die indruk verwek dat die versetpoging verflou het, terwyl die oorlog alreeds aan die gang was toe die genoemde artikel verskyn het.

Die enigste waarskuwing wat Frere ooit laat hoor het, was met sy aankoms in Engeland na sy herroeping toe hy by die owerhede daarop aangedring het om die Boere so gou moontlik 'n grondwet te gee, "otherwise there would be serious trouble there."[3] En toe die oorlog sy skynbare onvermoë om die posisie in sy ware lig te sien, aan die kaak gestel het, het hy tot groot vermaak van die Boere Aylward as die aanstigter van die opstand aangewys. Sy teësinnigheid om die ware toedrag van sake te rapporteer moet dan ook aan sy opdrag om federasie in Suid-Afrika deur te voer gewyt word. Hierbenewens moet in gedagte gehou word dat hy deur Carnarvon die pos Goewerneur-Generaal van die gefedereerde Suid-Afrika teen 'n salaris van £10,000 per jaar belowe is.[4]

Reeds in September 1879 het Wolseley, Frere se opvolger, bevind dat daar "'n onstuimige groep in Transvaal is wat die wapens wil opneem,"[5] en in Oktober meld hy "The main body of the Dutch is disaffected to our rule;" die houding van die Boere het 'n ernstige wending geneem; 'n proklamasie waarin hulle beveel is om die rus en orde te handhaaf, het feitlik geen uitwerking gehad nie; groot ontevredenheid duur voort en hy vind geen grond vir Frere se bewering dat die meerderheid anneksasie steun nie.[6] Hierdie inligting is egter deur die Koloniale Kantoor dig gehou tot April 1881 toe dit eers openbaar gemaak is.

---

1) C. 1883 p. 27, Frere aan Carnarvon, 25 Junie 1877
2) Kotze p. 596n
3) Martineau p. 239
4) Carnarvon se belofte aan Frere: Kruger p. 120; Martineau: Life of Sir
Bartle Frere 2 pp. 161 - 162, Carnarvon aan Frere, 13 Oktober 1876
5) Lovell p. 18, Wolseley aan Beach, 25 September 1879
6) Bylaag tot C. 2866 pp. 189 - 190, Wolseley aan Beach, 29 Oktober 1879

Voor die einde van die jaar het Wolseley egter van opinie verander om die Britse regering teen die opheffing van die anneksasie gewaarsku. "The Boers are essentially the most ignorant of people ..... What the Boer resented was not so much the British government as any government at all;" die dinkende, intelligente gedeelte van die bevolking steun die anneksasie, en 'n onafhanklike Transvaal sou swak wees en die naturelle [illegible] prooi val.[1] Op 2 Maart was daar volgens sy mening 'n toenemende begeerte onder die Boere om die agitasie te beëindig,[2] terwyl die arrestasie van Pretorius en Bok die regering van Transvaal versterk het; die onwil van Pretorius om verdere teenstand te bied bevorder die rus en orde.[3] Met sy vertrek uit Transvaal verseker hy die Britse regering dat die ontevredenheid van die Boere aan die oorwaai is.[4]

Waarskuwings van Aylward het geen uitwerking op Wolseley gehad nie. Tevergeefs het Aylward verkondig dat die anneksasie van Transvaal "die mees rampspoedige eksperiment was wat nog ooit onderneem is. Dit het die naturelle seergemaak en die Boere irriteer."[5] Op 26 Augustus 1879 het hy Wolseley in 'n brief daarop gewys dat die meerderheid van die Boere met 'n ferme vasberadenheid besiel is om hulle onafhanklikheid te herwin en aanbeveel dat die ernstige posisie in Transvaal deur 'n kommissie ondersoek sou word, waarop Wolseley geantwoord het dat dit hom verheug dat hy self 'n minder sombore opinie oor die aangeleentheid daarop nahou as sy korrespondent.[6] Ook as redakteur van die "Natal Witness" het Aylward gewaarsku, dog, sê Carter, as hy 'n beter rekord in Engelse oë gehad het, sou daar miskien meer ag op sy woorde geslaan gewees het.[7]

Colley, Wolseley se opvolger as Goewerneur en Hoë-Kommissaris v[illegible] Oos-Afrika, was in die eerste plek soldaat wat bewus was van die opstandige houding van die Boere, maar dit nie gevrees het nie.[8] Toe hy in Mei 1880 in Kaapstad aankom, het 'n vriend hom probeer oorreed om Kruger en Joubert wat toe in Kaapstad was, te woord te staan, dog hy het geweier met die woorde dat hy min waarde heg aan die mate van weerstand wat die onte-

---

1) De Kiewiet p. 260, Wolseley se verslag van 13 November 1879
2) C. 2584 p. 191
3) C. 2676 p. 36, Wolseley se verslag van 9 Maart 1880
4) Ibid. p. 32, Wolseley aan Beach, 10 April 1880
5) Aylward p. 379
6) Norris-Newman p. 96
7) Carter p. 102
8) De Kiewiet p. 262

vredenes in Transvaal mag bied.[1] Na sy aankoms in die Noorde het hy gou tot die gevolgtrekking gekom dat die Boere nie sou veg nie,[2] en in Augustus 1880 het hy dan ook die vermindering van die Transvaalse garnisoen voorgestel. Sy instruksies aan Lanyon was egter dat die Engelse magte moes probeer om botsings met die Boere te vermy deur in sulke groot getalle te beweeg dat daardeur die hoop op suksesvolle weerstand vernietig sou word. Op 13 Desember 1880 het hy berig dat die agitasie onder die Boere sy oorsprong in die jaarlikse belastingskennisgewings het,[4] dog op 26 Desember moes hy meld: "The rising of the Boere is more general and determined than had been anticipated, and they are prepared to go all lengths in the furtherance of their objects."[5] Op 1 Februarie 1881 moes hy ook 'n lang relaas van die Boere se dapperheid op die slagveld verstrek.[6]

Kolonel Bellairs, die militêre bevelvoerder in Transvaal, het die erns van die posisie van vroeg af aan besef, dog hy kon nie daarin slaag om sy meerderes te oortuig nie. Op 27 Junie 1880 het hy die mening gelug dat die getal Engelse voetsoldate en ruiters in Transvaal onvoldoende is om die gebied te beskerm; boonop was dit vir hom 'n kwelling dat die berede afdeling so swak bewapen was. Hy versoek dan ook dat 100 berede soldate vir elke afdeling beskikbaar gestel moet word,[7] dog die plaaslike owerhede was die mening toegedaan dat daar nie genoegsame rede vir so 'n stap bestaan het nie.[8] Op 11 September 1880 het Bellairs gewaarsku dat daar vir die volgende twee of drie maande versigtig te werk gegaan moes word en dat die getal berede soldate nie verminder moes word nie, want na afloop van die droë seisoen sal die Boereleiers weer 'n massavergadering byeenroep. Deur die troepe te verminder sal die Engelse magte nie teen die goed-gewapende Boeremagte opgewasse wees nie.[9]

Lanyon, die Transvaalse Administrateur, het hom in 'n moeilike posisie m.b.t. die versetbeweging van die Boere bevind. Aan die een kant is hy deur talle vriende en ondersteuners gerus gestel, en aan die ander

---

1) Martineau pp. 238 - 239
2) Carter p. 101
3) L.V. 3 pp. 74 - 82, Colley aan Lanyon, 26 November 1880
4) Colenso en Durnford p. 119
5) C. 2866 p. 15, Colley aan Kimberley, 26 Desember 1880
6) Ibid. p. 94
7) L.V. 5 p. 17, Bellairs aan Kaptein Boyle van Natal, 16 Julie 1880
8) L.V. 5 p. 18, Boyle se antwoord
9) Ibid. p. 21

kant is hy gewaarsku dat daar 'n uitbarsting gaan plaasvind. Terselfdertyd was hy swak ingelig oor die karakter en eienskappe van die deursnee Boer. Pretoria het tydens sy bewind sy kontak met die buite-distrikte verloor en baie mense het 'n wanindruk van die Boere daarop nagehou. Veral diegene wat die mislukking van Burgers se ekspedisie teen Sekoekoeni aanskou het, het nooit geglo dat die Boere ooit die wapens teen Engeland sou opneem nie.[1] Daar is algemeen geglo dat die Transvaalse Boer grootliks versleg het en dat hy nie van dieselfde stoffasie as sy vader en grootvader was nie. Baie het geglo dat, waar die wild skaars geword het, die Boer selfs afgeleer het om te skiet.[2] Dit was dan ook met mense wat bogenoemde sienswyse gehuldig het, dat Lanyon omgang gehad het.

Op 16 Maart 1880 het die Landdros van Standerton berig dat die Boere vreedsaam is en agterstallige belastings betaal.[3] Op 26 November is Lanyon deur 'n sekere Meintjes verseker dat die Boere nie sou veg nie; dat die hele agitasie, soos in die verlede, in rook sal opgaan, omdat die Boere gewoonlik verdeeld raak sodra drastiese aksie beplan word.[4] Lagden sy privaat sekretaris, het hom verseker dat die ryk en invloedryke agitators, van wie daar baie is, se optrede deur hulle besittings bepaal word; hulle beskou dié as heilig, en dit verhoed dat hulle aktief aan die agitasie deelneem.[5] Deur 'n sekere Melville is hy meegedeel dat die meerdersie deelneem. heid van die Boere volgens die mening van 'n ene Gildenhuys die Engelse bewind goedgesind is, maar nie die moed het om dit in die openbaar te erken nie; aan die Witwatersrand was daar baie Boere wat eers die vergaderings bygewoon het, dog nou die raadsaamheid van verdere verset betwyfel.[6] 'n Ander vriend skryf: "I see the Boers are commencing their foolery again but I don't think they will ever fight. Don't you know of a plan to hang Paul Kruger? This will put an end to all this sedition."[7] Volgens 'n mededeling van 14 Desember het baie min Boere uit Rustenburg en Standerton die Paardekraalbyeenkoms bygewoon; die beweging is dus nie so algemeen as wat sommiges wil voorgee nie.[8] Selfs Colley se onverskrokke houding moet

---

1) Jeppe pp. 97 - 98
2) Ibid. p. 98
3) C. 2676 p. 33
4) L.V. 1 p. 17
5) L.V. 5 pp. 49 - 50, Lagden se verslag van 12 Desember 1880
6) Ibid. pp. 63 - 64, skrywe van 12 Desember 1880
7) L.V. 7 p. 25a, skrywe van 12 Desember 1880
8) L.V. 1 pp. 19 - 19

Lanyon gerus gestel het, asook sy boodskap van 18 Desember dat hy "a nice little military body" gereed het om die Boere op hulle plek te sit. Eweneens het Frederik Jeppe, vertaler en opsteller van statistieke van die Transvaalse regering en vriend van die Administrateur, in sy "Transvaal Book Almanack and Official Directory for 1881," wat aan die einde van 1880 die lig gesien het, 'n mooi prentjie van Transvaal en sy toekoms onder die Engelse bewind geskilder en geen melding van enige ontevredenheid van die Boere gemaak nie.[1)]

'n Artikel van die "Express" onder die opskrif "Fearful Revelations," wat in Lanyon se besit was, spreek egter boekdele: "The most important revelations have been made by means of some intercepted letters from which it appears plainly how poisoned the surrounding has been in which Colonel Lanyon moves. Those men are the real cause of the misery, having purposely hid the true stato of affairs from the Administrator, who, deluded by these deceivers, suffered under the idea that he was dealing with a few dissatisfied, whereas he had a people against him." Die name van Swart en Osborn word veral in hierdie verband in die artikel genoem.[2)] Bogenoemde gerusstellende bewerings, waarvoor Lanyon baie ontvanklik was, is dan ook weer deur hom in sy korrespondensie aangewend.

Die Administrateur is egter ook uit verskillende oorde gewaarsku. Aylward het in 1878 geskryf: "The Transvaal question will soon become the question of the day...... A great war of races is being provoked at the moment. I doubt whether this work will be in the hands of the public before it shall have commenced."[3)] Bellairs het aanbeveel dat die troepemag te Potchefstroom met die uitsondering van een kompanie na Pretoria verplaas moet word, dog Lanyon het geantwoord dat daar gewag moet word totdat meer definitiewe inligting i.v.m. die beplande optrede van die Boere beskikbaar is.[4)] Reeds in November het Kaptein Raaff gewaarsku dat daar 'n openlike botsing tussen die Boere en die Engelse op hande is; om met die Boere te redeneer sou niks baat nie, daar hulle vasbeslote is om die Regering uit te tart.[5)] Terselfdertyd het Landdros Goetz van Potchef-

---

1) Norris-Newman pp. 105 - 106
2) L.V. 7 p. 25a
3) Aylward p. 377
4) L.V. 3 pp. 71 - 73, Bellairs aan Lanyon, 3.12.80; Lanyon se antwoord
5) C. 2783 p. 24, Raaff se Rapport, 28 November 1880

stroom gewaarsku: "Judging from Captain Raaff's report and the character of the Boers, whom I have known for many years, I am of opinion that if a collision with them should take place, the matter will not end here, but a general rising may be expected."[1] Verder het Goetz versoek om van sy verantwoordelikheid vir verdere verwikkelings in Potchefstroom onthef te word deur 'n persoon daar aan te stel met groter magte om die wet en orde te handhaaf.[2] Verder het hy daarop gewys dat die uitdagende houding van die Potchefstroomse Boere deur die Transvaal mag versprei, tensy daar streng opgetree word.[3] Hierby moet gevoeg word die voorgenoemde waarskuwing van Regter Kotze van 6 Desember 1880, asook dié van Hudson. Lg. het na sy samesprekings met die Boereleiers te Potchefstroom diep onder die erns van die situasie gekom en sy gevoelens aan Lanyon oorgedra, dog al hierdie waarskuwings het, sover dit Lanyon en sy raadgewers betref het, op dowe ore geval. In sy openingsrede voor die Wetgewende Vergadering op 10 Maart 1880 het Lanyon verklaar dat hy daarvan bewus is dat 'n gedeelte van die bevolking die Engelse bewind antagonisties gesind is.[4] Watter persentasie dit was, het hy duidelik by Kleinfontein gesien. Dit was egter ongehoord dat die Engelse regering met gewapende rebelle onderhandelings sou aanknoop,[5] en daarmee het die laaste hoop op 'n vreedsame skikking verdwyn. Carter beweer dat die Bezuidenhout-episode Lanyon se oë geopen het en hom oortuig het dat hierdie gebeurtenis meer as slegs "'n herhaling van wat op Middelburg gebeur het" sou blyk te wees.[6] Hierdie bewering is korrek, daar Lanyon ten volle bewus was van die gevaar van die oomblik, dog in gebreke gebly het om dit te erken en aan sy meerderes oor te dra. Soos Frere was hy bewus van die feit dat die ontevredenheid nie hieroor of daaroor gegaan het nie, maar om die onafhanklikheid van Transvaal, soos dit dan ook by meer as een geleentheid by hom tuisgebring is.

Lanyon se houding teenoor die dreigende gevaar van 'n opstand is egter deur sy opinie van die Boere en die uitslag van die Wonderfontein-byeenkoms bepaal. Daar moet ook in gedagte gehou word dat hy nie meer die vraag gevra het of die meerderheid van die Boere teen die anneksasie ge-

---

1) C. 2740 p. 123, Landdros Goetz se Rapport van 22 November 1880
2) Ibid.
3) L.V. 5 p. 36
4) L.V. 7 p. 30, Lanyon se openingsrede aan die Lede van die Wetgewende (Vergadering.
5) Kotze p. 735
6) Carter p. 111

kant was nie. In sy bevind het die strydvraag verander, nl. of die ontevredenes die wapens sou opneem of nie. Verder het hy die Boere as besonder lafhartig beskou. Sy briewe aan sy vader, Sir Charles Lanyon, gee 'n duidelike beeld van sy gevoelens vanaf sy bewindsaanvaarding op 4 Maart 1879 tot en met die uitbreek van die oorlog.

Op 8 April 1879 was hy van mening dat die Boere nie sou veg nie, "although one can never be sure what a silly and ignorant lot of people as they are may be led into doing."[1] Hy huldig dieselfde mening tot 14 November toe hy verklaar dat hy feitlik die enigste persoon is wat dink dat die Boere nie die wapens sal opneem nie. "I may be wrong," voeg hy by, "but I don't believe they have any fight in them." Verder sou hy die "agitating rascals " summier laat ophang as 'n skoot afgevuur word.[2] Op 21 November was almal alreeds die ene spanning in afwagting van die massavergadering van die Boere wat vir 10 Desember belê is,[3] en op 4 Desember het die publiek "oorlog, moord en doodslag" gevrees, dog hy verwag dat die Boere 'n klomp stoom sal afblaas, hard sal fluit, daarna die vuur sal blus en huiswaarts sal keer.[4] Op 12 Desember meld hy dat hy op die vorige dag 'n militêre magsvertoon gehou het wat die Boere sou afskrik,[5] en op 19 Desember kon hy sy vader meedeel dat die Boerekamp opgebreek het met die besluit om weer in April 1880 byeen te kom en dan "groot dinge" te doen.[6] Nou dink almal skielik dat niks sal gebeur nie.

Uit bogenoemde blyk dat hy wel deeglik met 'n uitbarsting rekening gehou het, al was dit net sy geheime vrees wat hy aan sy vader openbaar het. Toe daar egter niks uit die vergadering voortvloei nie, het dit by hom die oortuiging laat posvat dat die Boere nooit die wapens sou opneem nie. Dit verklaar dan ook sy hardnekkige weiering om enige gevaar voor Desember 1880 te erken, veral nadat die vergadering van April 1880 onbepaald uitgestel is, en veral ook omdat al die volksbyeenkomste tot op daardie stadium heel stemmig uiteen is.

Beide sy private en offisiële verslae van 1880 tot in Septem-

---

1) L.V. 14 pp. 38 - 39
2) Ibid. pp. 133 - 135
3) Ibid. pp. 136 - 137
4) Ibid. p. 147
5) Ibid. pp. 150 - 151
6) Ibid. pp. 152 - 154

ber baie gerusstellend wat die posisie in Transvaal betref. Publieke opinie was, volgens hom, besig om in die guns van die Engelse bestuur te swaai.[1] Die land was so rustig en vreedsaam dat hy dit as 'n gulde geleentheid beskou het om aansoek om verlof te doen.[2] Vanaf 16 Oktober het hy in sy privaat-korrespondensie aan sy vrees vir 'n uitbarsting begin uiting gee. "Our own state is quietude, but how long it will last is my constant anxious question, seeing that fire has broken out and our houses are of wood with thatched roofs."[3] Hier verwys hy na die Basoetomoeilikhede en die moontlikheid van die verspreiding daarvan, asook sy vrees dat die Boere van die Engelse verleentheid gebruik sal maak om in opstand te kom. Op 22 November meld hy dat hy Kersfees i.p.v. tuis by sy mense in Ierland heel moontlik sal moet deurbring deur afvallige Boere op te pas; hy glo egter nie dat dit in hierdie lafhartige mense steek om te veg nie, "maar dit is moontlik, maar nie waarskynlik nie."[4] Op 28 November lug hy sy gevoelens soos volg: "The Boers are as troublesome as can be, because they think the Basuto War is their opportunity. I don't believe in their brag and bounce, but I am almost alone in this opinion, and general funk prevails. But I cannot close my eyes to the fact that a crisis is at hand, and we may have a row on any day."[5] Sy laaste brief voor die oorlog uitgebreek het, gedateer 12 Desember, openbaar sy innerlike vrees: "At present I have got 'Boers' on the brain;" al sy tyd word in beslag geneem om paniek-bevange vlugtelinge te kalmeer; elkeen wil 'n regiment hê om hom te verdedig, en hulle skel die Regering uit omdat lg. nie stappe doen om hulle te beskerm nie. Verder: "The Boers say they really <u>do</u> intend to fight this time. I won't believe it till I hear their bulletts. But they are assembled in camp about 35 miles from here, and talk very big - the inflated toads."[6]

Sy offisiële korrespondensie openbaar egter min van hierdie vrees. Op 19 November berig hy aan die Koloniale Kantoor: "I don't think there is much, if any, cause for anxiety."[7] (Die Bezuidenhout-episode het op 11 November voorgeval). By Colley meld hy egter "verskerpte

---

1) C. 2676 pp. 64 - 65; L.V. 5 p. 6; L.V. 15 p. 112
2) De Kiewiet p. 270, Lanyon aan Herbert, 3 September 1880
3) L.V. 15 p. 145
4) Ibid. pp. 168 - 170
5) Ibid. pp. 182 - 183
6) Ibid. pp. 189 - 192
7) C. 2740 p. 119

agitasie" aan en vra terselfdertyd militêre versterking "omdat niks soveel daartoe sal bydra om diegene wat verkeerde neigings openbaar, aan bande te lê en te verhoed dat anders by hulle geledere aansluit as die werklike aanwesigheid van 'n gewapende mag nie."[1] Op Colley se vraag hoeveel manne hy plaaslik sou kon werf om te help, indien nodig, het Lanyon geantwoord dat, as gevolg van die omstandighede waaronder die anneksasie geskied het en die feit dat almal wat die Britse bewind goedgesind is, baie nou in aanraking kom met, en grootliks afhanklik is van, die Boere wat betref handel en ander bedrywe, die Regering nie op hulle daadwerklike hulp kan reken nie; die Britse regering is ook hiervan bewus.[2] Op 5 Desember het Lanyon teenoor Kimberley die mening gelug: "I still do not think there is much cause for anxiety," maar tog bevind dat die posisie noukeurig dopgehou moet word; die leiers sal egter nie gewelddadig optree nie, want hulle het te veel om te verloor; die hele agitasie is slegs gemik teen die betaling van belastings of teen die feit dat hulle hulle aan die landswette moet onderwerp.[3] Op 4 en 11 Desember het hy aan Colley berig dat dit hom sal verbaas as die Boere tot openlike vyandigheid oorgaan, veral weens hulle lafhartigheid; wat hulle ookal beplan, sal nie verder ontwikkel as die spreekwoordelike vonkie in die pan nie.[4] Op 12 Desember kon hy meld dat sy proklamasie van 6 Desember blykbaar die gewenste uitwerking gehad het omdat baie Boere nou besef dat hulle met 'n gevaarlike spel besig is.[5] Op 16 Desember het die eerste skote geklap. Daar sommige van hierdie verslae Engeland eers bereik het nadat die nuus van die opstand per telegraaf ontvang is, moes hulle taamlike rare leesstof uitgemaak het.

Verskillende verklarings is deur Lanyon vir die uitbarsting van die Boere gegee. Die vyandelikhede was, volgens hom, die gevolg van "a sudden impulse,"[6] of, soos hy aan sy vader berig het, die gevolg van "a mob's impulse" wat almal verras het;[7] nóg die opstandelinge nóg hulle leiers het besef dat die krisis so naby was.[8] Hy noem die brief van die

---

1) C. 2783 p. 41, Lanyon aan Colley, 26 November 1880
2) Ibid.
3) C. 2783 p. 20
4) Leyds p. 326
5) C. 2783 p. 48
6) C. 2838 p. 6, Lanyon aan Kimberley, 23 Januarie 1881
7) L.V. 16 p. 3, Lanyon se skrywe van 23 Januarie 1881
8) Ibid. p. 8, Lanyon aan Sir Charles Lanyon, 24 Februarie 1881

Triumviraat aan Clarke[1] as die eerste tekens van die beplande optrede van die Boere. Boonop het Clarke beweer dat die brief nooit destyds aan hom oorhandig is nie.[2]

In sy offisiële verslag aan Lord Kimberley oor die "oorsake van die uitbarsting" het Lanyon verskillende sake aangeroer. Hy beklemtoon dat dit "heel onverwags" gebeur het as gevolg van die "opwinding van die oomblik en opgeruide drif." Volgens die beste aanduidings sou die vergadering van 10 Desember 1880 netsoos die voriges op 'n klomp woordryke resolusies uitloop. Lede van die Uitvoerende Raad, wat al lank in die land woon en die Boere goed ken, asook die landdroste van die verskillende distrikte, het hom die versekering gegee dat die agitasie aan die afneem is, maar agitators het egter doenig geraak, en dwang en intimidasie is op groot skaal aangewend. "De Volksstem," hoewel sy sirkulasie beperk is en slegs 3½% van die Boere volgens Lanyon koerant gelees het, het d.m.v. opruiende artikels die opstand aangeblaas. Baie Boere weet nie eers waarom hulle veg nie, terwyl die leiers blykbaar meer om die uitskakeling van wet en orde veg, as om 'n vaste regeringsvorm daar te stel. "Otherwise what possible reason could there be for this sudden upheaval and resort to arms?" Verder noem hy die veelvuldige verbeterings wat syns insiens sedert anneksasie aangebring is en vind dit verbasend dat mense die wapens sal opneem teen 'n regering wat so baie vir hulle gedoen het. Die vermindering van die Britse troepe het die vyandigheid aangemoedig, en die Boere het geglo dat hulle net een skoot moes skiet om hulle land terug te kry; vandaar die feit dat die leiers met Bezuidenhout en ander oortreders van die wet gemene saak gemaak het en die pogings om hulle land langs konstitusionele weg terug te kry, laat vaar het. Verder: "Suddenly from a state of quiescence affairs began to move with unforeseen rapidity, and in a moment of temporary insanity, the irrevocable leap was taken which compromised all who took it under such impulse." Ten slotte die volgende gedagtes waarmee hy sy skuldige gewete net sterker beklemtoon: "It was a human stampede, and was as uncontrolable as such impetuous impulses always are. Impulsive movements of even greater extent and intensity have

---

1) C. 2959 p. 24, geen datum, moontlik 14.12.80; Sien p. 109 hiervan vir inhoud van brief.
2) C. 2959 p. 25, Clarke se verklaring, 13 April 1881

been equally movements of error, passion and misconception."[1]

Ter aanvulling van bogenoemde relaas het Lanyon op 18 Maart 1881 berig: "The enemy to be encountered are much more formidable than any as yet engaged by troops or volunteers in South Africa. They are composed of men who have been accustomed to the use of arms from their earliest youth, who are armed with breach-loading rifles of precision, are well mounted, and know the country thoroughly."[2]

Bogenoemde verduidelikings is deur Lanyon verstrek om sy nalatigheid om die ware toestand in Transvaal aan die Britse regering te rapporteer, te verbloem en hom van enige blaam vir die uitbarsting te onthef. Aan die ander kant bly dit 'n ope vraag (soos uit wat volg sal blyk) of die Britse regering enige waarde daaraan sou geheg het, as hy wel die ware toedrag van sake gerapporteer het. Die verloop van die oorlog het hom sy opinie oor die mate van durf wat die Boere aan die dag kon lê, laat wysig, maar hy wou nog nie die voor-die-hand-liggende oorsaak van die opstand erken nie. Die kern van die saak is dat hy doelbewus by die werklike oorsaak van die agitasie verbygekyk het en hom teen die Boere se verset teen die betaling van belastings en ander minderwaardige sake blind gestaar het. As vurige monargis kon hy ook nie verstaan dat die Boere onwillig sou wees om hulle aan die gesag van die Koningin te onderwerp nie. Sy verklaring van die opstand as die gevolg van 'n "skielike impuls" is dan ook onaanneemlik. Die versetbeweging het vanaf 1877 stadig gegroei en 'n hoogtepunt op 15 Desember 1879 te Wonderfontein bereik toe besluit is om die Republiek in April 1880 te herstel. Die uitvoering van hierdie besluit is uitgestel tot Desember 1880 om intussen andermaal 'n vreedsame oplossing te beproef deur 'n beroep op Gladstone te doen. Die herstel van die Republiek sou ongetwyfeld op bloedvergieting uitgeloop het. Boonop was dit algemene kennis dat die Boere volgens die Protesbesluit van die Uitvoerende Raad die reg voorbehou het om tot drastiese optrede oor te gaan deur die hulp van vreemde moondhede in te roep indien hulle proteste sou misluk. Al hierdie dinge was bekend, maar die Engelse amptenare wou nie glo dat dit werklik sou gebeur nie totdat die bom onder hulle voete ontplof het.[3]

---

1) L.V. 5 pp. 141 - 186; C. 2891 pp. 3 - 11, Lanyon aan Kimberley, 1.2.81
2) C. 2950 p. 114, Lanyon aan Kimberley, 18 Maart 1881
3) De Kiewiet pp. 272 - 273

De Kiewiet kla Lanyon daarvan aan dat hy 'n "onnosele onkunde" t.o.v. die toestand in Transvaal aan die dag gelê het en deur sy onsimpatieke optrede die opstand verhaas het; hy het nie alleen sy vyande onderskat nie, maar ook sy die krag oorskat; as politikus was hy onkundig en as militaris verwaand, dwaas en kortsigtig; hy het die uitbarsting aangemoedig voordat hy gereed was om die gevolge daarvan die hoof te bied; as hy 'n goeie politikus of 'n goeie soldaat was, sou hy óf die opstand voorkom óf onderdruk het.[1] Die aanklag dat Lanyon die uitbarsting aangemoedig het, dui op die insameling van agterstallige belastings wat die Bezuidenhout-episode ten gevolg gehad het, waarin, soos reeds aangetoon, min waarheid steek, omdat die Boere ten spyte van die belastingkwessie die Republiek sou herstel het. Die feit bly staan dat Lanyon se administrasie weinig met die herstel van die Republiek te doen gehad het. Die kwessie is of hy die werklike gevoelens van die Boere gepeil het, sy bevindings oorgedra en die nodige voorsorgmaatreëls getref het.

'n Vergelyking tussen sy privaat korrespondensie en offisiële verslae kort voor 16 Desember 1880 toon dat hy wel die vrees gekoester het, dog die Britse regering aanhoudend gerus gestel het. "Wilful blindness and wilful deafness, wilful misconstruction and wilful misunderstanding ..... seem to be the leading lines of colonial policy," is Carter se mening.[2] Volgens 'n brief van H.P.N. Pretorius in "De Volksstem" aan die adres van Lanyon gerig, blyk dit asof bogenoemde aanhaling op die Engelse amptenare in Transvaal van toepassing kon gewees het. "Engeland is bedrogen deur de daarstellers der annexatie ..... Maar wanneer zal hun de waarheid geopenbaard vorden? Niet eerder dan nadat meer troepen uit Engeland tegen ons ontboden worden!" Voortgaande: Lanyon sal gevra word waarom hy meer troepe wil hê, waarop hy sal moet antwoord: om die rebelle te onderwerp. Hierop sal weer gevra word: Hoeveel troepe het jy en hoeveel rebelle is daar, waarop Lanyon sal moet antwoord: 1,000 en 5,000 respektiewelik. Wat moet Engeland dan nou glo, vra die briefskrywer, uit die rapporte van "groeiende tevredenheid?"[3]

Die Imperiale regering is deur rapporte wat hulle as betroubaar

---

1) De Kiewiet pp. 273 - 274
2) Carter p. 4
3) J.V. 27/2598; D.V. 7 Desember 1880

beskou het, gerus gestel dat daar geen rede bestaan om 'n opstand te vrees nie. Toe Kolonel Bellairs aangedring het op versterking en die konsentrasie van 'n sterk leërmag te Pretoria, wou Lanyon nie die erns van die situasie onder die oë sien nie, en eers toe dit te laat was, het hy die garnisoen uit Lydenburg na Pretoria ontbied. I.p.v. versterkings aan te voer, stuur hy troepe uit die gebied. Volgens Bellairs het die Engelse owerhede die idee gehuldig dat die aanwesigheid van 'n klein leërafdeling alle gedagtes aan opstand sou uitskakel, en dat hulle optrede saamval met die algemene Engelse opvatting dat die Boere te lafhartig was om die wapens op te neem.[1)]

Dit het dus 'n oorlog gekos om finaal bo alle twyfel te bewys dat die meerderheid van die Transvaalse Boere teen die anneksasie gekant was en bereid was om hulle lewens vir die onafhanklikheid van die Staat op te offer. Die Britse Koninklike Kommissie het in April 1881 ook op hierdie groot strydvraag ingegaan en bevind dat daar geen tekens was dat die Transvalers enigsins tekort geskiet het sover dit eensgesindheid betref het nie. Daar was wel 'n klein minderheid wat die anneksasie verwelkom het, lui die bevinding, dog hierdie groep was te swak om enige noemenswaardige invloed op die volkemening uit te oefen.[2)]

Vervolgens kan gelet word op die houding en sienswyse van die Britse regering. Indien die vertoë van die Boere en die verslae van die Engelse amptenare in Suid-Afrika buite rekening gelaat word, blyk dit dat die Britse regering uit verskillende ander oorde gewaarsku is dat die Boere hulle geensins by die anneksasie neergelê het nie. Donald Currie, lid van die Britse Laerhuis, het soos vermeld, reeds op 19 Julie 1878 op die moontlikheid van bloedvergieting gewys indien die onafhanklikheid van Transvaal nie herstel word nie. Aylward se werk het reeds in 1878 verskyn en moes noodwendig deur amptenare en ministers van die Koloniale Kantoor ter hand geneem gewees het. Hierin is onder meer gewaarsku: "There is the Dutch question which may yet be a costly one. It is no use speaking of expediency, when wrong-doing is to be defended. It may excuse, but it cannot justify; still less can it avert the consequences of wrong-doing."[3)]

---

1) Bellairs p. 40
2) Leyds p. 329
3) Aylward p. 380

Die "Saturday Review" het teen die einde van 1879 verklaar dat dit nog nie te laat is om 'n fout te erken en reg te stel nie; die besit van die Transvaal met die goedkeuring en goedgesindheid van die inwoners sal nie lonend wees nie, en die taak om hom vir 'n onbepaalde tyd met wapengeweld te behou, is heeltemal ondraaglik.[1] Die "Pall Mall Gazette" vra in 1880 of die Britse regering sy gesag in die Transvaal met wapengeweld sal bly handhaaf; moet die Transvaal 'n Suid-Afrikaanse Ierland bly wat altyd ontevrede is en d.m.v. geweld onderworpe gehou moet word?[2]

Op 6 Desember 1880 het President Brand die gevaar van die posisie in Transvaal per telegram onder die aandag van Sir George Strahan, Administrateur van die Kaapkolonie, gebring en hom dringend versoek om maatreëls te tref om die dreigende botsing te voorkom,[3] dog hy het die inligting gewoonweg per brief aan Colley oorgedra. Na aanleiding hiervan het Lord Kimberley (nadat die oorlog uitgebreek het) die mening uitgespreek dat die inhoud van President Brand se telegram weens die dringende aard daarvan telegrafies verstrek moes gewees het.[4] Strahan het egter die verskoning gehad dat die telegraafdiens onderbreek was, dog dit is nogtans te betwyfel of hy die inhoud van President Brand se telegram as baie dringend beskou het, en vir Lord Kimberley was dit maklik om nadat die oorlog uitgebreek het die telegram as baie dringend te ag het.

Op die vraag of die Britse owerhede bewus was van die ware toedrag van sake in Transvaal moet die antwoord onteenseglik "ja" wees, misleidende en gerusstellende rapporte ten spyt. Barkly het eenmaal teenoor Southey beweer: "It is clear that His Lordship (die Koloniale Minister) is completely at sea as to South Africa,"[5] dog dit was nie van toepassing op Kimberley en sy kennis van die versetpoging van die Boere nie. Haar Majesteit se ministers het die ware toedrag van sake reeds van vroeg af aan besef. Na die vrede het Gladstone verklaar dat die oorlog vir die eerste keer getoon het dat die Boere nie genoeë neem met die Engelse bestuur nie en dat die Britse regering die mening toegedaan was dat die Boerevolk vinnig besig was om hulle met die anneksasie te versoen.[6] Hy

---

1) D.V. 9 Januarie 1880: uittreksel uit die "Saturday Review"
2) Carter p. 100
3) Colenso en Durnford p. 120
4) C. 2783 p. 19, Kimberley aan Sir H. Robinson, 1 Januarie 1881
5) Wilmot: Life of Southey, p. 263
6) Nixon p. 292

het vir die oomblik vergeet wat hy in sy verkiesingstoesprake kwytgeraak het. Die onwaarheid van sy woorde sal ook blyk uit wat volg. Afgesien van die verskillende geleenthede waarop die Boere hulle sienswyse onomwonde aan die Britse regering openbaar gemaak het, het verskillende Britse staatsmanne hulle soos volg oor die saak uitgelaat.

Disraeli was teen September 1878 nie te gerus nie. "If anything annoys me more than another," skryf hy aan Lady Bradford, "it is our Cape affairs where every day brings forward a new blunder of Twitters (Carnarvon). The man he swore by was Sir T. Shepstone, whom he looked upon as heaven-born for the object in view. We sent him out entirely for Twitters' sake, and he has managed to quarrel with English, Dutch and Zulus; and now he is obliged to be recalled, but not before he has brought on I fear a new war. Froude was bad enough, and has cost us a million; this will be worse."[1] Shepstone het die vertroue van die Britse regering verloor, nie alleen om sy onbekwaamheid in geldsake en sy oorlogstokery nie, maar ook omdat hy nie by magte was om die ondersteuning van die Boere te verkry soos van hom verwag is nie.[2]

Op 30 Maart 1883 het Chamberlain 'n veelseggende erkenning gemaak, nl."Lord Salisbury was ten gunste van die anneksasie van Transvaal. Hy was ten gunste van die handhawing van die besetting van die land d.m.v. geweld, selfs toe dit geblyk het dat die anneksasie op grond van leuenagtige inligting bekragtig is."[3]

Ook Beach was goed op hoogte met die ware gevoelens in Transvaal, soos blyk uit sy skrywe van 29 Mei 1879: "For every reason we should keep the Transvaal if possible. But we could not keep it by force of bayonets against the wish of a large majority of the white population. Public opinion here would probably not sanction such a policy at all and it would certainly not pay the cost it would entail."[4] Ook Herbert het geweet hoe die wind waai. Na die Zoeloe-oorlog het hy selfs sy bereidwilligheid te kenne gegee om die anneksasie te herroep.[5] Op 7 Junie 1881

---

1) Lovell p. 20, Disraeli aan Lady Bradford in September 1878
2) De Kiewiet pp. 140 - 147
3) Leyds pp. 396 - 397
4) Lovell p. [illegible]8, Beach aan Frere, 29 Mei 1879
5) De Kiewiet p. 241

het Chamberlain te Birmingham verklaar: "In 1852 het ons 'n traktaat met hulle (die Boere) gesluit ..... waarin ons hulle onafhanklikheid erken het. Is dit onder hierdie omstandighede moontlik om die anneksasie met geweld te handhaaf sonder ons die beskuldiging op die hals te haal dat ons, ek sal nie sê 'n nasionale dwaasheid begaan het nie, maar 'n nasionale misdaad gepleeg het? Ons is 'n groot en magtige nasie. Maar wat baat ons grootheid en mag as ons bevrees is om te erken wanneer ons 'n vergissing begaan het. Dit is geen skande om 'n dwaling te erken nie."[1] Soos op die vorige bladsy aangetoon is, is hierdie ontdekking reeds baie lank voor die oorlog gemaak.

Met die opening van die Parlement in Februarie [illegible] het die Hertog van Devonshire (destyds die Markies van Hartington) as leier van die opposisie verklaar: "Die grootste probleem in Suid-Afrika is ongetwyfeld die toestand in Transvaal..... Ek gaan geen opinie uitspreek oor die beleid wat daar gevolg moet word nie. Ek wil slegs sê dat dit nou volkome duidelik is dat die anneksasie van Transvaal deur die Regering goedgekeur en deur die Parlement op grond van verkeerde indrukke en onjuiste inligting bekragtig is. Aan ons is meegedeel dat die oorgrote meerderheid van die gevestigde blankes en ingesetenes van Transvaal ten gunste van die anneksasie was. Nou bestaan daar afdoende bewys dat 'n groot meerderheid, in elk geval van die Boere, bitter gekant daarteen was. Nou word ons meegedeel dat die anneksasie van Transvaal noodsaaklik was, omdat ons nie die naturellebeleid van die Transvaal mog laat voortduur het nie. Ons was egter verplig om bykans dieselfde beleid en gedragslyn as die Boere te volg. Onder hierdie omstandighede is ek van mening dat die kwessie nie as 'n gedane saak beskou moet word nie, slegs omdat die anneksasie reeds bevestig is. Indien die vrede in die hele Suid-Afrika die anneksasie van Transvaal genoodsaak het, goed, maar laat hierdie noodsaaklikheid dan bewys word...."[2] In Mei 1880 het Lord Kimberley min of meer dieselfde gedagtes as dié hierbo genoem, uitgespreek.[3]

Lanyon se berigte oor die toestand in Transvaal het dan ook 'n groeiende onrus in die Koloniale Kantoor ten gevolg gehad. Herbert was van

---

1) Leyds p. 390
2) Ibid. p. 387
3) Ibid.

mening dat Lanyon te veel op die "berugte lafhartigheid" van die Boere gereken het.[1] Selfs Kimberley het die berigte van die "men on the spot" begin wantrou, veral op grond van die self-tevredenheid en gerustheid wat uit hulle verslae gestraal het.[2]

In 1877 het Lowther in die Britse Parlement verklaar dat die buitelandse beleid van die Transvaal die enigste rede vir die anneksasie was, en hierdie rede is deur die hele Liberale Party op enkele uitsonderings na aanvaar, dog toe die anneksasie verdoem moes word, is daar ontdek dat die Boere teen hulle sin onder die Britse vlag gebring is; dat dit onregverdig was, en dat dit reg sal wees om die Transvaal op grond van hierdie rede alleen terug te gee aan die Boere.[3]

Hierdie ontdekking is by twee verskillende geleenthede gemaak. Die eerste was die verkiesingsveldtog van 1879 - 1880, toe Gladstone op onmiskenbare wyse uiting gegee het aan sy geloof dat die Transvaal teen die wense van die meerderheid geannekseer is. Nadat hy egter die verkiesing gewen het, het hierdie ontdekking ongemaklik geword; ten spyte van die dringende versoeke om die onafhanklikheid van die gebied te herstel, is dit geweier. Nadat die Britse magte deur die Boere verslaan is, moes 'n rede gevind word om die onafhanklikheid van Transvaal te herstel,[4] en daarop is vir die tweede keer ontdek dat die Boere teen die anneksasie gekant is en dat dit genoegsame rede is om die onafhanklikheid van Transvaal te herstel.

Op 1 Junie 1881 stel Gladstone die saak so: "The insurrection in the Transvaal proved in the most unequivocal manner that the majority of the white settlers were strongly opposed to British rule, and were prepared to make the greatest sacrifices to recover their self-government. It was thus shown that the original ground upon which the Transvaal was annexed, viz. that the white settlers were prepared if not to welcome, at all events to acquiesce in British rule, was entirely void of foundation."[5] Dit het die tweede Deputasie reeds met vers en kapittel bewys, dog sonder

---

1) De Kiewiet p. 273
2) Ibid.
3) Dixon p. 49
4) Ibid. p. 51
5) Ibid.

sukses. Merkwaardig is ook die groot verskil in opinie tussen Gladstone en Carnarvon (soos vertolk deur Lowther) wat betref die motief tot anneksasie. Waar dit in 1877 die Transvaal se buitelandse beleid was, het die rede vir inlywing in 1881 ontwikkel tot "berusting in die anneksasie."

Dat die onwilligheid van die Boere om hulle by die anneksasie neer te lê, in 1881 anders as in vorige jare voldoende rede was om die onafhanklikheid van Transvaal te erken, blyk verder uit die volgende woorde van Chamberlain: "Sodra die Regering bewus geword het van die ware gevoelens van die Boere, sodra dit duidelik geword het dat dit onmoontlik was om hulle met enige aanbod behalwe absolute onafhanklikheid te versoen, toe het die herstel van hulle onafhanklikheid 'n dringende noodsaaklikheid geword uit hoofde van ons ooreenkomste met hulle en die eer van ons land."[1] Slegs 'n jaar tevore is by monde van dieselfde spreker verklaar dat, hoewel die Britse regering bewus is van die gevoelens van die meerderheid van die Boere, die anneksasie nie om hierdie rede herroep kan word nie. Die feit is dat nóg die Liberales nóg die Konserwatiewes die gevoelens van die Boere in ag geneem het. Selfs die eer van Brittanje moes intussen op die spel geplaas word totdat 'n geleë oomblik aangebreek het om hiervan as argument vir die teruggawe van die Transvaal aan die Boere gebruik te maak. Die nuwe ontdekkings wat van tyd tot tyd gemaak is, is dus slegs aangewend as verskonings vir 'n swak en weifelende beleid. Waar die mag van die woord of geregtigheid geen gewig gedra het nie, meen Carter, het die mag van geweld roepek afgedwing in 'n kring waar ponde, sjielings en pennies hoog geag word.[2]

Waar daar nou bewys is dat regeringskringe in Engeland wel deeglik op hoogte van sake was wat betref die ware posisie in Transvaal, kan met reg die vraag gestel word hoe daar op hierdie kennis gereageer is. Die Koloniale Kantoor het op sy beurt die Britse Parlement en die publiek gerus gestel dat hulle vinnig veld wen onder die ontevredenes in Transvaal. Grant Duff, Onder-Sekretaris van Kolonies, het voor die einde van Augustus 1880 verklaar dat die anti-Britse party in Transvaal swakker word, terwyl die pro-Britsgesindes veld wen ten koste van die ontevredenes wie se aanhang maand vir maand afneem.[3]

---

1) Nixon p. 52
2) Carter p. 2
3) Leyds p. 396

Nou ontstaan die vraag waarom die Britse regering nie die onafhanklikheid van Transvaal erken het voordat daar tot die wapens oorgegaan moes word nie. Die rede is dat die Britse staatsmanne onder die indruk verkeer het dat die proteste wel mettertyd sou oorwaai, indien hulle maar met die anneksasie so lank as moontlik volhard. Ten spyte van die feit dat Britse staatsmanne skepties teenoor die rapporte van "groeiende tevredenheid" in Transvaal gestaan het, is daar tog 'n mate van geloof daaraan geheg, terwyl bangmaakstories van anargie en burgeroorlog wat sou uitbreek indien Engeland sy gesag onttrek, as 'n gerieflike voorwendsel beskou is om die Transvaal te bly behou. Bogenoemde blyk duidelik uit Chamberlain se woorde van Junie 1881: "We were all agreed that the original annexation was a mistake that ought never to have been made; and there arose the question could it then be undone? We were in possession of information to the effect that the majority of the people were reconciled to annexation; we were told that if we reversed the decision of the late Government there would be a great probability of civil war and anarchy." 1)

'n Terugtrekking van Britse gesag uit Transvaal sou ook die prestige wat Engeland ten aansien van die groot moondhede van die wêreld geniet het, aansienlik geskaad het. Om in te stap en summier weer uit te stap slegs op die vriendelike versoek van die inwoners van die land, het nie by die koloniale beleid van Engeland ingepas nie, en indien dit wel sou gebeur het, kon dit selfs vir die betrokke regering die onmin van die publieke opinie in Engeland op die hals gehaal het.

Gladstone het hom t.o.v. die Transvaal in die onbenydenswaardige posisie sedert sy bewindsaanvaarding bevind dat wat hy ookal sou gedoen het, skerp kritiek sou uitlok. In die "Times History of the War in South Africa, 1899 - 1902" word hy dan ook nie gespaar nie. "Die poging om die prysgewing van Britse belange en die verraad teenoor Britse onderdane met 'n gefemel oor grootmoedigheid te verbloem ..... stel die daad van Gladstone slegs in 'n ongunstiger lig. Daar was Engelse wat van die begin af die anneksasie veroordeel het as 'n onnodige en onregverdige daad en wat aangedring het op die onmiddellike herstel van die onafhanklikheid

1) Morley 3 p. 29

van Transvaal. So 'n beleid sou grootmoedig genoem kon word, en die gevolge daarvan sou glad nie so verderflik gewees het as die beleid wat wel gevolg is nie..... Gladstone se beleid was om eers te weier; daarna, nadat hy verslaan is, toe te gee uit vrees dat hy weer verslaan sou word, en uiteindelik om met die oorwinnaars te knibbel oor die beste voorwaardes. Dit was 'n beleid van kleinsieligheid, nie van grootmoedigheid nie. Die strewe om die skande te verbloem met mooi woorde was die veragtelikste vorm van huigelary wat niemand in Suid-Afrika, allermins die Boere, mislei het."[1)]

Die feit staan ook vas dat die Transvaal een van Groot-Brittanje se kleinste probleme in die laaste helfte van die jaar 1880 was. Daar was nl. Bradlaugh en die sg. "Fourth Party," Afghanistan, die Berlynse Verbond en Ierland, plus nog die vervolging van Parnell en sy luitenante[2)] sodat die Transvaalse kwessie nie die ernstige aandag in Britse regeringskringe geniet het as wat die posisie werklik vereis het nie.

Uit bogenoemde bly dit duidelik dat Engelse amptenare en staatsmanne nie te onkundig was om die ware posisie in Transvaal te peil nie. Daar was egter aan hulle die federasie-ideaal gestel en met die verwesenliking hiervan het hulle probeer meewerk in die vaste vertroue dat die Boere-versetpoging sou verflou en dat hulle met verloop van tyd die Britse konneksie sou aanvaar.

---

1) Leyds pp. 391 - 392; Amery 1 p. 71

2) Lovell p. 29

# HOOFSTUK 11

## SOU DIE BOERE HULLE AAN 'N SIMPATIEKE ENGELSE BEWIND ONDERWERP HET?

Ten laaste moet daar, sover moontlik, 'n antwoord verstrek word op die vraag of die Boere hulle aan 'n simpatieke Engelse bewind sou onderwerp het. Dit sal dan nodig wees om te bepaal of die Engelse regering simpatiek of onsimpatiek was. 'n Ondersoek van die beweerde en bestaande griewe sal in die eerste plek meer lig op die saak werp.

Deur sekere skrywers en Engelse amptenare is aan die Boere 'n magdom griewe toegedig wat daarop neerkom dat die Boere hulle sou neergelê het indien die Engelse bewind meer simpatiek was. Nixon gee bv. as rede vir die volksvergaderings aan dat die Boere na die anneksasie geen verteenwoordigende liggaam gehad het waar hulle hulle griewe t.o.v. die swak regering van Shepstone kon lug nie. 'n Parlement onder 'n liberale grondwet, meen hy, sou 'n veiligheidsklep gewees het waarin alle ontevredenheid sou verdamp het i.p.v. in openlike rebellie oor te slaan.[1] De Kiewiet huldig die standpunt dat dit nie slegs patriotisme was wat die Boere na die wapens laat gryp het nie; hulle sou ook 'n afkeer in die Britse bestuur ontwikkel het om dieselfde redes as dié wat die Republikeinse bewind vernietig het.[2] Ook Jeppe het 'n menigte griewe onder die Boere teen die Britse bewind raakgesien.[3]

Volgens Frere was dit slegs die aanwesigheid van griewe wat die Boere daarvan weerhou het om voorbeeldige onderdane van die Koningin te word. "Many of them (Boere), when speaking singly," verklaar hy, "would detail grievances and disappointments which had more or less tended to change the acquiescence in annexation felt two years ago into an active and openly expressed demand that the annexation itself should be rescinded."[4] Behalwe verteenwoordigende bestuur noem Frere egter geen griewe nie. Ook Colley was griefbewus sover dit die Boere betref het, want na

---

1) Nixon pp. 103 en 120
2) De Kiewiet pp. 270 - 271
3) Jeppe p. 96
4) C. 2482 p. 13, Frere aan Beach, 6 Mei 1879

die begin van die oorlog doen hy 'n beroep op Joubert om sy kommando te ontbind waarop hy (Colley) 'n deeglike en deurtastende ondersoek na al die griewe wat enige burger mog koester, sou instel.[1]

'n Ondersoek na griewe onder die Boere [illegible]ring die volgende aan die lig: Toe Dr. Jorissen op 1 Oktober 1878 as Staatsprokureur deur Shepstone ontslaan is, het hy gekla dat hierdie optrede teenstrydig met die anneksasiebeloftes was.[2] As "Doctor Divinitatis" het Jorissen 'n minderwaardige regstoets deurgemaak waarop hy deur President Burgers as Staatsprokureur aangestel is. Na die anneksasie het hy hierdie pos behou, dog weens die feit dat hy nie die nodige regskwalifikasies gehad het nie, het Shepstone hom met Maasdorp vervang. Ten tye van die anneksasie het Shepstone verklaar dat alle persone wat gewillig en bekwaam sou wees om hulle poste onder die Engelse bewind te beklee, mog aanbly, dog op Jorissen was van toepassing dat hy nie bekwaam was om die pos Staatsprokureur te vul nie. Hy is die pos Landdros van Pretoria teen 'n salaris van £600 per jaar aangebied, dog hy het die aanbod van die hand gewys op grond daarvan dat dit 'n afwaartse stap sou wees,[3] en daarna as prokureur in Pretoria begin praktiseer, en as regsadviseur van die Volkskomitee opgetree.

Jorissen se grief was persoonlik van aard en het geen uitwerking op die volksgevoel gehad nie, netsoos dié van Kotze wat met die uitbreiding van die Hooggeregshof in April 1880 tot junior regter gedemoveer is en deur regter J.P. de Wet as Hoofregter vervang is ten spyte van die feit dat daar vir meer as twee jaar onder die Engelse bewind in offisiële stukke na hom as hoofregter verwys is.[4] Sy petisie aan die Britse regering het niks opgelewer nie, en toe hy verlof aanvra om sy saak in Engeland te gaan verdedig, is verlof aan hom toegestaan op voorwaarde dat hy dit in Transvaal sou deurbring.[5] Kotze het nietemin 'n aantal adresse van simpatie ontvang[6] waaronder ook een van die Volkskomitee was.[7] Ook het Celliers 'n grief gehad omdat die Regering die regeringsdrukwerk van hom

---

1) J.V. 26/2462
2) Jorissen p. 37
3) Kotze pp. 533 - 534
4) Ibid. p. 711
5) Van Oord p. 300n; Kotze p. 705n
6) D.V. 27 April 1880: Adresse van simpatie
7) Kotze p. 716

weggeneem het.[1] Dit was egter 'n indiwiduele kwessie en het geen verband met die volksaak gehou nie.

Griewe en klagtes van 'n meer algemene aard was die volgende: In 1879 en 1880 is baie klagtes ingedien oor die wangedrag van die Engelse soldate. Pluimvee is veral op groot skaal deur hulle weggedra tot groot ergernis van die eienaars daarvan, en in Standerton was Stander se kantien 'n broeinee van gevegte en moleste wat klagtes van die dorpsbewoners ten gevolg gehad het. Die Heidelbergers het weer verbygaande Engelse soldate daarvan beskuldig as sou hulle die kerkhorlosie uit die toring gesteel het.[2] Die eerste petisie wat 'n reeks eise gestel het, was dié van die voorgenoemde Gunn, dog hierdie versoekskrif kan hier buite rekening gelaat word omdat hy nie die steun van die Boere geniet het nie. Die sogenaamde "Intelligence and Enterprise"-groep in Transvaal was gegrief omdat die Staat volgens hulle mening in belang van Natal bestuur is, en hulle het aangedring op spoorwegverbinding met Delagoabaai, asook selfbestuur, ten einde die land te red.[3] Dan was daar ook nog die Anneksasioniste wat die anneksasie verwelkom het, maar Shepstone daarna verag het omdat daar geen finansiële voorspoed vir hulle persoonlik op die inlywing van Transvaal gevolg het nie.[4] Die Boere het hulle egter nie met een van hierdie groepe vereenselwig nie.

Die inwoners van Wakkerstroom het 'n deputasie afgevaardig om die volgende drie punte met Wolseley te bespreek, nl.

(a) die toekomstige status van Transvaal, d.w.s. sou hy Britse gebied bly of sy onafhanklikheid terugkry;

(b) die uitbreiding van die regbank tot sy volle drie regters; en

(c) die spoorwegbelasting van 30s. per jaar wat nog steeds betaal moes word ten spyte van die feit dat geen spoorweg gebou is nie.[5]

Bogenoemde afvaardiging het maar 'n klein gedeelte van Transvaal verteenwoordig, en dit val te betwyfel of die Boere 'n leidende aandeel in hierdie saak gehad het.

Tot hiertoe is nog geen ernstige grief of klagte wat die kwessie

---

1) Van Oordt p. 241
2) Fulpin p. 188
3) Aylward p. 348
4) Ibid. pp. 348 - 349
5) Kotze p. 647

van berueting kon raak en wat uit die mond van die volksleiers gekom het, genoem nie. Die rede hiervoor is nl. dat daar nie een was nie, behalwe die werklike grief waarom die hele agitasie gevoer is, t.w. anneksasie. Die doel en strewe van die Boere was om die Britse regering d.m.v. hulle lydelike verset te oortuig dat hulle slegs met die herstel van hulle onafhanklikheid tevrede sou wees. Jorissen het wel by Carnarvon op enige konsessies aangedring toe dit blyk dat die anneksasie onherroeplik was, dog hy het, soos vermeld, geen verlof hiertoe gehad nie en die volk het by sy terugkoms in duidelike taal hulle ontevredenheid hieroor uitgespreek. Van die begin af het die volk geen toegewings verlang nie.[1]

Indien die Boere enige griewe gekoester of enige konsessies verlang [illegible] hulle daaraan uiting gegee het in die verskillende memories en brie[illegible] die Britse owerhede en Suid-Afrikaanse amptenare, dog hiervan is [illegible]or te vinde nie. Die enigste grief wat vermeld word en wat by [illegible]ling in elke dokument wat aan 'n verantwoordelike Britse amptenaar, minister, of die Koningin voorgelê is, voorkom, is die anneksasie. "Die vertrapping van 'n arme, swakke, maar rustige volk is in lynregte teenspraak met die plegtige belofte van u Majesteit se regering; in stryd met die heilige trou aan traktate verskuldig...."[2] "Die goedere wat geseel is," het Kruger aan Frere te Hennoperivier gesê, "is die Sandrivierkonvensie, en dit is wat ons wil terughê."[3] Teenoor Shepstone het Kruger gekla dat barbaarse naturellestamme soos die Zoeloes hulle regte d.m.v. arbitrasie verkry, dog vir die Boere bestaan daar geen oor vir hulle eise om onafhanklikheid nie.[4]

Beach was daarvan bewus dat die Boere slegs een grief gehad het, nl. die anneksasie,[5] en so ook Lanyon wie die Boere by Sesmylspruit op 24 Maart 1879 verseker het dat hulle geen toegewings verlang nie en dat geen materiële voordeel kon opweeg teen die verlies van hulle onafhanklikheid nie.[6] Wolseley se aankoms in Pretoria het 'n gulde geleentheid aan die Boere gebied om die griewe wat hulle teen die administrasie gekoester

---

1) Cachet p. 490
2) D.V. 22 April 1879, Memorie aan die Koningin, 16 April 1879
3) T.G.G. 17 April 1879, Notule van die onderhoud tussen Frere en die Volkskomitee te Hennoperivier
4) Van Oordt p. 245
5) C. 2482 p. 378, Beach aan Wolseley, 20 November 1879
6) Mouton p. 42; Theal 2 p. 85

het, aan hom voor te lê. Pretorius se skrywe aan hom namens die Volkskomitee skets slegs die verloop van die Boere se versetbeweging tussen die anneksasie en bevat die vraag of die Koningin se antwoord op hulle versoek vanaf Kleinfontein hom al bereik het.[1] Wolseley het teenoor die Boereleiers sy bereidwilligheid te kenne gegee om hulle oor enige onderwerp, behalwe die anneksasie, te woord te staan.[2] Daar is van Boerekant geen noemenswaardige samesprekings met hom gevoer nie.

Frere se verklaring dat die Boere 'n reeks griewe teen die Engelse bewind opgebou het, strook nie met die feite van die saak nie, want dit is by verskillende geleenthede by hom tuisgebring dat die Boere slegs een grief het, nl. die anneksasie. Voor hy in Transvaal aangekom het, het hy alreeds die Boereleiers uitgenooi om hulle griewe aan hom bekend te maak en te Hennopsrivier het hy die versoek persoonlik herhaal.[3] Sy verslag aan die Britse regering na sy beraadslaging met die Boere bevat geen griewe nie; hoofsaak is: "Hulle begeer dat hulle onafhanklikheid vryelik en sonder voorbehoud aan hulle teruggegee word. Hulle verlang niks meer in die vorm van toegewings nie, en hulle kan met niks minder tevrede wees nie."[4] Die memorie wat Frere op sy aankoms in Transvaal aangebied is, stel die Boere se standpunt dan ook baie duidelik, nl. "However many the benefits we may derive from the intervention of Your Excellency, we attach very little value to them if our freedom and independence be not restored to us."[5] Boegenoemde woorde bewys nie alleen die vasberadenheid van die Boere om hulle onafhanklikheid te herwin nie, maar ook dat die grootste toegewings nie kon opweeg teen die verlies van hulle vryheid nie. Frere het die Boere aangebied vryheid van spraak en optrede binne die perke van die wet, stemreg en die reg om te help wette maak vir diegene wat belastings betaal, en hy het hulle versoek om hom te help om 'n skema uit te werk waardeur hierdie voorregte aan hulle onder die Britse Kroon beskikbaar gestel kon word. Die Boere het egter hulle samewerking geweier en hulle onafhanklikheid geëis.[6] As volk het hulle doof gebly vir elke aanbod van Engelse kant in ruil vir hulle onaf-

1) C. 2482 p. 338, Pretorius aan Wolseley, 25 September 1879
2) Van Oordt p. 272
3) B.V. 2 p. 255
4) C. 2367 p. 83, Frere aan Beach, 17 April 1879
5) C. 2220 p. 367, Volkskomitee aan Frere; versend aan Koloniale Kantoor (op 19.10.78
6) Theal 2 pp. 86 - 87

hanklikheid.[1] Hulle het slegs een grief gehad, nl. die verlies van hulle vryheid,[2] en in hulle eise om die herstel daarvan was hulle onverbiddelik. Die feit dat hulle as rebelle bestempel is, was vir die Boere 'n besondere grief. Hulle het hulleself nie as onderdane van die Koningin beskou nie, omdat hulle nie die anneksasie erken het nie. Hulle het nie geweet wat meer veragtelik is nie - die anneksasie van die vrye Republiek of die feit dat hulle as rebelle bestempel is nie.[3] Hierdie grief was egter uit die anneksasie gebore.

Die een alles-oorheersende grief het dus in die eerste plek tussen die Boere en hulle aanvaarding van die Engelse bestuur gestaan. Dit beteken egter nog nie dat die Engelse bewind onsimpatiek was nie. 'n Uiteensetting van die houding van die vernaamste amptenare met wie die Boere in aanraking gekom het, sal dan aantoon of hulle die Boere simpatiek-gesind was en of hulle die Boere so vertroue geniet het.

Laat daar by die Staatsprokureur begin word, omdat die persoon wat hierdie pos beklee het uit hoofde van sy amp een van die Administrateur se vernaamste raadgewers was en veral sy invloed op die gebied van die wet kon laat geld. Maasdorp was die Boere goedgesind. Hy het geweier om Pretorius en Bok op aanklag van hoogverraad te vervolg en het bedank met die woorde: "Ek gaan nie vir Wolseley help om my lar agencte te verslaaf nie."[4] Morcom, sy opvolger, het die Boere geen goeie hart toegedra nie, en as gevolg van sy invloed het Lanyon 'n meer vyandige houding teenoor die Boere ingeneem. Op dié wyse het hy verbittering in die hand gewerk. Tydens die oorlog is 'n aantal briewe van Morcom onderskep waaruit sy plan geblyk het om na afloop van die stryd die vooraanstaande volksleiers voor 'n spesiale krygsraad te daag en te laat straf.[5]

Shepstone kon ook weens sy onsimpatieke houding nie die vertroue van die Boere wen nie. Frere se opsomming van hom was soos volg: "Hy ken die Boere goed, maar hy het geen simpatie met hulle nie, en ek twyfel of hy ooit hulle vertroue en goedgesindheid sal wen."[6] Hy is oorspronklik deur

---

1) Cachet p. 485
2) Aylward p. 347
3) Carter p. 194, Petisie van die Regte van die Boere aan die Vrystaatse Volksraad, 7 Februarie 1881
4) Kotze p. 672
5) Jorissen p. 38
6) Martineau p. 141, Frere aan Beach, 3 Februarie 1879

hanklikheid.[1] Hulle het slegs een grief gehad, nl. die verlies van hulle vryheid,[2] en in hulle eise om die herstel daarvan was hulle onverbiddelik. Die feit dat hulle as rebelle bestempel is, was vir die Boere 'n besondere grief. Hulle het hulleself nie as onderdane van die Koningin beskou nie, omdat hulle nie die anneksasie erken het nie. Hulle het nie geweet wat meer veragtelik is nie -- die anneksasie van die vrye Republiek of die feit dat hulle as rebelle bestempel is nie.[3] Hierdie grief was egter uit die anneksasie gebore.

Die een alles-oorheersende grief het dus in die eerste plek tussen die Boere en hulle aanvaarding van die Engelse bestuur gestaan. Dit beteken egter nog nie dat die Engelse bewind onsimpatiek was [illegible]. 'n Uiteensetting van die houding van die vernaamste amptenare [illegible] die Boere in aanraking gekom het, sal dan aantoon of hulle die Boere simpatiek-gesind was en of hulle die Boere se vertroue geniet h[illegible]

Laat daar by die Staatsprokureur begin word, omdat die persoon wat hierdie pos beklee het uit hoofde van sy amp een van die Administrateur se vernaamste raadgewers was en veral sy invloed op die gebied van die wet kon laat geld. Maasdorp was die Boere goedgesind. Hy het geweier om Pretorius en Bok op aanklag van hoogverraad te vervolg en het bedank met die woorde: "Ek gaan nie vir Wolseley help om my landgenote te verslaaf nie."[4] Morcom, sy opvolger, het die Boere geen goeie hart toegedra nie, en as gevolg van sy invloed het Lanyon 'n meer vyandige houding teenoor die Boere ingeneem. Op dié wyse het hy verbittering in die hand gewerk. Tydens die oorlog is 'n aantal briewe van Morcom onderskep waaruit sy plan geblyk het om na afloop van die stryd die vooraanstaande volksleiers voor 'n spesiale krygsraad te daag en te laat straf.[5]

Shepstone kon ook weens sy onsimpatieke houding nie die vertroue van die Boere wen nie. Frere se opsomming van hom was soos volg: "Hy ken die Boere goed, maar hy het geen simpatie met hulle nie, en ek twyfel of hy ooit hulle vertroue en goedgesindheid sal wen."[6] Hy is oorspronklik daar

---

1) Cachet p. 485
2) Aylward p. 34?
3) Carter p. 194, Petisie van die Regte van die Boere aan die Vrystaatse Volksraad, 7 Februarie 1881
4) Kotze p. 672
5) Jorissen p. 38
6) Martineau p. 161, Frere aan Beach, 3 Februarie 1879

Carnarvon vir die sending na Transvaal gekies op grond van die veronderstelling dat hy "die Boer ken," maar terwyl hy onder die Boere vertoef het, het hy min van hierdie toegedigte eienskap openbaar.[1] In een geval het hy simpatiek opgetree en wel toe hy aan Kruger as Lid Uitvoerende Raad en Jorissen as Staatsprokureur verlof teen volle salaris toegestaan het om die Republikeinse regering se protes teen die anneksasie aan die Britse regering voor te lê, dog die herinnering hieraan sou uitgewis deur sy verdere onsimpatieke optrede. Bellairs het gevind dat hy 'n kalmerende invloed op die Boere gehad het,[2] dog hierdie opvatting strook nie eers met dié van die Britse regering nie, want onder sy bewind het die versetbeweging in omvang gegroei en hy is dan ook herroep omdat hy nie die steun van die Boere kon verkry nie.

Sy outokratiese bestuur het mank gegaan aan 'n fatale gebrek aan rekbaarheid en verdraagsaamheid.[3] Hy het M.W. Pretorius bv. van ophitsing en opruiïng aangekla en hom met die "seven pains and penalties" wat die wet vir sulke gedrag neerlê, bedreig.[4] Waar die teenstand teen anneksasie gaandeweg gegroei het, het hy hom min moeite getroos om die Boere se simpatie op te wek; hy was koud-formeel en het sy opponente soos obstruksioniste of rebelle behandel.[5] Hoofsaak is dat die Boere hom as 'n aarts-bedrieër beskou het, omdat dit hy was wat met "lis, bedrog en bedreiging" die vrye Republiek vernietig het en daarna misleidende berigte aan die Koloniale Sekretaris gestuur het oor die mate van steun wat die anneksasie sou geniet. Hy sou dus moeilik die Boere se vertroue herwin.

Frere het allermins die vertroue van die Boere geniet veral daar hulle aan sy opregtheid getwyfel het. Hulle het hom daarvan beskuldig dat hy na die samesprekings met die volksleiers te Hennopsrivier sou verklaar het dat hy jammer was dat hy nie oor voldoende artillerie beskik het om die Boere te Kleinfontein uitmekaar te ja nie.[6] Na aanleiding hiervan het Kruger eenmaal by die noem van die naam Frere gevra: "Van watter Frere word gepraat? Die een wat as vriend ons versoek aan die Britse re-

---

1) De Kiewiet pp. 123 - 114
2) Bellairs p. 2
3) De Kiewiet p. 213
4) C. 2144 p. 102, Shepstone aan Pretorius, 11 Maart 1878
5) De Kiewiet p. 115
6) Proller p. 32; Jorissen p. 48; D.V. 16 September 1878

gering oorgedra het, of die een wat terselfdertyd spyt was dat hy nie genoeg artillerie byderhand gehad het om die Boere uitmekaar te ja nie?"[1]

Wolseley wat ontevrede was omdat hy as militarie aangesê is om 'n siviele plig uit te voer nadat hy die Zoeloes onderwerp het,[2] het die Boere se pogings om ontevredenheid aan te blaas en daardeur die vooruitgang van die land te strem, toegeskryf aan die half-barbaarse toestande waarin hulle eyne insiens gelewe het.[3] Sy proklamasies het volgens die Boere na buskruit geruik. Hy sou belastinge op die punt van die bajonet insamel, die leiers ophang en volksbyeenkomste met bomme of loskruit verhinder.[4] Hy het eenmaal in die openbaar verklaar dat sekere Boere Sekoekoeni tot oorlog teen die Engelse aanhits en dat een Boer (verwysende na Abel Erasmus) "so hoog as Haman daarvoor moes hang."[5] Volgens sy mening moes die Boere-ontevredenheid nie met toegewings nie, maar d.m.v. geweld bekamp word, en vry instellings moes nie ingevoer word solank gewapende Boere die land verontrus en praatjies van gewapende opstand rondstrooi nie.[6] Wolseley se aanstelling het konsiliasie onmoontlik gemaak. As die Boere hulle agitasie om vryheid sou staak, sou dit alleen wees omdat die nuwe administrasie hulle deur geweld sou gedwing het om hulle te onderwerp.[7] Sy sewe maandelangs verblyf in Transvaal het dan ook baie daartoe bygedra om die kloof tussen die Boere en die Engelse administrasie te verbreed. 'n Militaris soos hy was die mees ongewenste persoon om die ontplofbare situasie in Transvaal te hanteer en die simpatie van die Boere te wen.[8]

Lanyon is deur verskillende persone blameer dat hy die verset teen die Engelse bestuur d.m.v. sy houding en optrede aangemoedig het.[9] Cachet sê bv. dat 'n ongeskikter persoon as hy nouliks gevind kon word om Shepstone te vervang.[10] Dat hy onpopulêr was, val nie te betwyfel nie, maar te oordeel na die vasberadenheid van die Boere tydens sy bewind, kon die Transvaalse Administrateur enige persoon gewees het met dieselfde ge-

---

1) Kotze p. 598; Brodell en Grobler p. 77
2) Maurice en Arthur p. 129
3) Nixon p. 134
4) Cachet p. 517
5) Nixon p. 134
6) Lewsen p. 75 voetnoot 76; De Kiewiet p. 250, Wolseley aan Beach, 13.11.79
7) De Kiewiet p. 244
8) Kotze p. 717
9) Onder meer Jeppe, p. 67
10) Cachet p. 517

volg sover dit die Boere-versetbeweging betref het. Lanyon was dan ook glad nie in Grikwaland-Wes 'n populêre figuur nie. "I hear from Kimberley," skryf hy aan sy vader, "that they begin to find out I was not so bad as I was painted (like the devil)."[1] Daar dien egter op gelet te word dat daar reeds op 11 Januarie 1879 deur die komitee van Boere-voormanne besluit is "om die erfpand van ons vaders ongeskonde aan ons kinders oor te lewer" en tot die dood toe te stry vir die vryheid van hulle land.[2] Hierdie besluit wat daarna algemeen deur die volk aanvaar is, is reeds geneem voor Lanyon se offisiële bewindsaanvaarding in Maart 1879, en daarom kan nie beweer word dat hy alleen vir die verskerping van die verset verantwoordelik was nie. Of hy die versetpoging d.m.v. simpatieke optrede kon laat verflou, is 'n ander saak.

Na sy aankoms in Transvaal het Lanyon links en regs gedreig om rebelle op te hang.[3] Die Boere het hom daarvan beskuldig dat hy hulle verag en met veragting van hulle praat,[4] en hulle was verbitterd teen hom. Op 'n sekere Sondagmiddag, terwyl Nagmaal in die Kerk in Pretoria bedien is, het hy sy militêre orkes tot groot ergernis van die kerkgangers op die plein laat lostrek.[5] Hy kon nie die Boere in hulle eie taal bedien nie en sy donker gelaatskleur het by die Boere die vermoede gewek dat sy bloed met dié van "'n laer ras" vermeng was.[6] Jeppe beweer dat die bynaam "Lang Jan" wat die Boere aan hom gegee het, toon dat hulle hom nie persoonlik geken het nie, want sê hy, hy was nie 'n lang man nie.[7] Die Boere het hom wel geken, en die bynaam is na analogie van sy eie naam aan

---

1) L.V. 12 p. 120
2) Van Rooyen p. 336
3) L.V. 14 p. 53
4) Carter p. 192, Petisie van die Regte van die Boere aan die Vrystaatse Volksraad, 7 Februarie 1881
5) Van Oordt p. 242
6) Kruger p. 172; Van Oordt p. 242. Dit was egter nie die geval nie.
William Owen Lanyon was die derde seun van 'n gesin van ses kinders,
en hy is op 21 Julie 1842 in Belfast, Noord-Ierland, gebore. Sy vader, Sir Charles, was 'n gesiene siviele ingenieur en argitek. Sy
moeder was Elizabeth Helen, gebore Owen - vandaar Lanyon se tweede
naam. Nadat hy sy skoolopleiding in Engeland voltooi het, het hy in
1860 by die Britse leër aangesluit. Vanaf 1865 tot 1873 was hy in
Wes-Indië gestasioneer, o.a. tussen 1868 en 1873 as privaat-sekretaris
van die Goewerneur van Jamaica. In 1874 het hy hom in die Goudkus bevind om die slawehandel uit te roei. Hier en in Wes-Indië het hy sy
donker gelaatskleur opgedoen. In 1875 het hy Administrateur van Grikwaland-Wes geword. Vir besonderhede oor sy afkoms en voorgeskiedenis
sien: Inventory of the Lanyon Collection, Accession No. 596, Inleiding
pp. (i) en (v).
7) Jeppe p. 97

hom gegee en val in dieselfde kategorie as die bynaam "Slypsteen" vir Shepstone.

Dat Lanyon groot veragting vir die Boere gekoester het, is waar. Hy het hulle beskou as "die laagste tipe witmens wat hy ooit teengekom het,"[1] en as mense wat sover dit sedes, gewoontes en opvoeding betref, nie veel van die naturelle verskil het nie.[2] Die feit is dat Lanyon 'n lae dunk van almal om hom gehad het, bv. op 13 Maart 1880 skryf hy aan Sir Charles: "Enclosed is my opening speech to the enlightened members of the first Legislative Assembly. You can read it to the assembled devils of the Abbey."[3] Ook het Beach syns insiens "mank gegaan aan daardie eienskappe sooe takt, bekwaamheid en simpatie wat so noodsaaklik in 'n Koloniale Minister is."[4]

Hierdie houding van Lanyon teenoor sy medemens spruit heelwaarskynlik uit sy vurige begeerte om na Wes-Indië verplaas te word en die laksheid van die Koloniale Sekreteris om sy oorplasing aan te stuur. Hy haat dan ook nie alleen die Transvaal nie, maar ook Grikwaland-Wes en die hele Suid-Afrika met 'n wrewelige haat,[5] en sy klaaglied van ontevredenheid met alles en almal om hom kon hy nie "hard genoeg uitbulder om 6,000 myl ver gehoor te word nie."[6] Dit het hom so sinies in sy uitkyk gemaak dat hy in Maart 1880 spottenderwys gemeld het dat hy nou so goed wortel skiet in Suid-Afrika dat hy verplig sal wees om met 'n Boerevrou te trou![7] Innerlik was daar egter in hom 'n goeie hart en 'n groot mate van simpatie vir die Boere en sy medemens verskuil. Met die uitbreek van die oorlog het hy bevel gegee dat daar nie op vrouens, kinders en ongewapende mans gevuur moet word nie en dat daar nie met 'n roekelose houding teenoor menselewens gewaag moet word nie. Hy het ook by sy meerderes aanbeveel dat, indien die stryd deur Engeland gewen word, daar nie te hardhandig teenoor die Boere opgetree moet word nie. 'n Voorstel van Bellairs dat

---

1) L.V. 13 p. 6C, aan Sir Charles
2) L.V. 15 p. 19, aan Sir Charles
3) Ibid. p. 44
4) Ibid. pp. 54 - 55, aan Sir Charles
5) L.V. 12 p. 211, aan Sir Charles
6) Ibid. p. 229, aan Sir Charles
7) L.V. 15 pp. 51 - 52, aan Sir Charles. Lanyon is in 1882 met Florence Levy van Londen getroud, dog sy het hom die jaar daarop ontval. Hy self is op 6 April 1887 terwyl hy op reis was in New York aan kanker oorlede. Sien Inventory of the Lanyon Collection, Accession No. 596, Inleiding p. (ii).

'n beloning vir die gevangeneming van die Boereleiers en aanstigters tot die opstand uitgeskryf moet word, is op taktvolle wyse deur Lanyon van die hand gewys.[1] Hierdie eienskappe van hom was egter nie vir die Boere sigbaar nie, omdat hulle agter sy onverbiddelike en onsimpatieke uiterlik verberg was. Gevolglik was ook sy houding volgens die Boere onsimpatiek en kon hy geensins daarin slaag om hulle vertroue te wen nie.

Die onsimpatieke behandeling wat die Boere aan die hand van Carnarvon, Beach, Kimberley en Gladstone ontvang het, spreek duidelik uit die genoemde onderhandelings wat met hulle gevoer is en behoef geen verdere kommentaar nie.

Die onsimpatieke houding van die Engelse amptenare en ministers moes noodwendig op die administrasie oorgedra word. Tensy soveel administratiewe hervormings aangebring is dat die Boere hulle op staatkundige gebied volkome tuisgevoel het, sou die Engelse bewind op politieke gebied ook onsimpatiek wees. Carter sien as rede vir die "wanadministrasie" van die Engelse in Transvaal die aanhoudende herroeping van amptenare en die aanstelling van andere vir korter tydperke met die gevolg dat geeneen plaaslike toestande goed kon leer ken nie.[2] Tussen 1877 en 1880 was daar dan ook vyf verskillende Engelse amptenare in beheer van Transvaal, nl. Shepstone en Lanyon as Administrateurs, en Frere, Wolseley en Colley as Goewerneurs en Hoë-Kommissarisse, dog daar moet in gedagte gehou word dat die algemene beleid van bo af neergelê is en dat die plig in die eerste instansie op die Koloniale Ministers van wie daar drie in die betrokke tydperk was, gerus het om die simpatie van die Boere d.m.v. hulle politieke beleid te wen.

Het die Britse regering die Boere iets beters aangebied as wat hulle voor die anneksasie besit het ten einde hulle vertroue en simpatie te erlang? Die Republikeinse regering met sy verkose Volksraad vir die lede waarvan elke volwasse manlike burger kon stem, is deur Shepstone as "a thorough sham"[3] beskryf, en Lanyon se mening was: "The sooner the age of misrule be brought to a timely end, the better for the whole of

---

1) L.V. 5 p. 267
2) Carter pp. 7 en 8
3) Martineau p. 20, Shepstone aan Herbert, 11 April 1877

this country."[1] Volgens Engelse amptenare se uitlatings was die Engelse bewind tussen 1877 en 1880 egter nie 'n verbetering op bogenoemde nie. Lanyon het die bestuur as 'n suiwer diktatorskap bestempel omdat beide Raad en grondwet ontbreek het,[2] d.w.s. voor die einde van 1879 toe die voorgenoemde grondwet in werking getree het. Frere het in April 1879 sy bekommernis oor die swakheid van die regering uitgespreek, terwyl Wolseley in Oktober 1879 bevind het dat daar na 2½ jaar nog geen vaste bestuursvorm in die land bestaan soos deur die Anneksasie-Proklamasie in die vooruitsig gestel is nie.[3] Op 24 Mei 1880 het Lord Kimberley die mening uitgespreek dat, indien die onafhanklikheid van Transvaal op daardie stadium erken sou word, die land in 'n toestand van anargie gelaat sou word,[4] ('n opmerking t.o.v. die regeringstelsel wat hy self daar ingevoer het wat nie te vleiend was nie). Herbert was die mening toegedaan dat die regering met die hulp van 'n sterk militêre mag gehandhaaf moet word, en dat hy moet strenger word as die Boere voortgaan om opruiende vergaderings te hou en weier om belastings te betaal.[5]

Veelseggend is Lanyon se sienswyse oor die voorgestelde grondwet vir Transvaal en die uitwerking daarvan. "I cannot say that I approve of the course now being adopted. It is an unwise act for any stranger (Wolseley) to initiate a policy which he cannot remain to carry out - he is sowing seeds which he cannot remain to bring up....... I am not happy about the future of the territory, nor is anyone else who knows what is being done. The ministry are acting as if they courted disaster and reproach. If an angry shot be fired by the Boers, it will be the outcome of blundering policy at home."[6]

In die lig van bogenoemde kan nie verwag word dat die Boere 'n hoë dunk van die Engelse bewind in Transvaal sou hê nie. Selfs in Natal was daar 'n ernstige begeerte na verantwoordelike bestuur onder die Britse vlag ten einde die inmenging van die Imperiale regering wat as skadelik en on[...]ens beskou is, uit te skakel.[7] Reeds op 14 Mei 1878 het Kruger en

---

1) L.V. 12 p. 55, Lanyon aan Sir Charles Lanyon, 20 Februarie 1877
2) L.V. 13 p. 89, Lanyon aan Sir Charles Lanyon, 27 Augustus 1878
3) C. 2482 p. 332
4) Leyds p. 396, Kimberley in die Britse Laerhuis
5) De Kiewiet p. 241
6) L.V. 14 pp. 121 - 123, Lanyon aan Sir Charles Lanyon, 10 Oktober 1879
7) Carter p. 8

Joubert die gevoelens van die Boere vertolk met die mening dat die betreurenswaardige toestand waarin die land volgens die annekseerders voor 12 April 1877 was, op daardie stadium meer as verdubbel het in alle opsigte. Die toekoms was ook op grond van die Engelse optrede teenoor die Bapedi's en die Basoeto's meer as donker.[1] Die Hollandse taal is in publieke departemente misken en verdring sodat die Boere hulle oral van 'n tolk moes laat bedien.[2] Toe Jorissen eenmaal sy klient in die Hooggeregshof in Hollands verdedig het, is hy versoek, "as an act of gentlemanly courtesy," om Engels te praat wanneer hy die hof oor 'n wetspunt toespreek.[3]

Die nuwe Wetgewende Vergadering en Wetgewende Raad was vir die Boere aanstootlik.[4] Kruger het dit beskryf as "spotverteenwoordiging, enkel uit ogendienaars van die overweldigers saamgesteld."[5] Verder is benamings soos "die Imperiale Misgeboorte,"[6] "the Legislative Farce with which this country has been cursed,"[7] en "Kombuis Raad"[8] onder meer daarop van toepassing gemaak. Op 21 Februarie 1880 skryf "De Volksstem": "He (Wolseley) has actually succeeded in getting nine persons - we cannot call them men - ready to sacrifice their manhood and play dummies in his model puppet councils, or to be ignominiously kicked out." Volgens die nuwe grondwet kon die Goewerneur, hoewel hy die Raad en Vergadering moes raadpleeg, tog optree sonder raadpleging van genoemde liggame of hulle advies ter syde stel mits hy daarna sy redes aan die Koloniale Sekretaris verstrek het.[9] Die Boere se antwoord op hierdie "sham constitution"[10] was die vergadering te Wonderfontein in Desember 1879 waar hulle besluit het om hulle eie regering te herstel.

Dat die Engelse bestuur in Transvaal onbemind onder veral die Boere was, word dan ook deur verskillende skrywers erken.[11] Morley sien die Engelse bewind as "onbuigsaam, koppig en baie dom,"[12] en 'n brief-

---

1) C. 2144 p. 129, Kruger en Joubert aan Shepstone, 14 Mei 1878
2) Cachet p. 516
3) D.V. 6 Maart 1880
4) Carter p. 73
5) Leyds p. 309
6) D.V. 9 Maart 1880
7) Ibid. 13 Maart 1880 en 20 November 1880
8) Kotze p. 692
9) Ibid. p. 691
10) Ibid. p. 692; nog 'n benaming van "De Volksstem"
11) De Kiewiet p. 237; Aylward p. 349; Nixon p. 151
12) Morley 3 p. 31

skrywer in "De Volksstem" beskou weer die Engelse maatreëls teen sedisie as "so belaglik dat selfs die Mikado van Japan hom daarvoor sou skaam."[1] Volgens Cachet het die Engelse bestuur in Transvaal hom skuldig gemaak aan "'n aan krankzinnigheid-grenzende halsstarrigheid" wat groot verbittering in die hand gewerk het.[2] Die bitterheid spreek dan ook duidelik uit die Godslasterlike parodie getitel "Imperiale Tien Geboden" wat begin met "Ik ben de Heere uw God Engelsman die u reeds van af 1795 tot heden toe vervolgd heb ..... ens." wat op 2 Maart 1880 sonder vermelding van die opsteller se naam in "De Volksstem" verskyn het.

Die Engelse amptenare en owerhede is van verskillende kante daarvan beskuldig dat hulle hulle min moeite getroos het om die ondersteuning van die Boere d.m.v. konsiliasie te wen,[3] maar Lanyon het die saak duidelik opgesom toe hy verklaar het dat dit hopeloos was om te probeer versoenend optree, omdat die Boere enige toenadering as swakheid aan die kant van die Engelse regering beskou.[4]

Vervolgens moet die vraag beantwoord word of die Boere op finansiële gebied beter daaraan toe was onder die Engelse bewind as onder die Republiek. Indien wel, sou dit 'n teken van simpatie van Engelse kant gewees het wat die Boere nie anders as sou kon raaksien en waardeer het nie. As die staatsfinansies gesond is, kan ook verwag word dat die volksekonomie op 'n redelik gesonde basis sal staan. Die omgekeerde is ook waar. Indien die staatsfinansies in 'n warboel verkeer, sal die volk in al die vertakkings van die handel en die ekonomie as geheel daaronder begin ly.

Daar Burgers se spoorwegplan in geen geringe mate tot die bankrotskap van die Republiek bygedra het nie, sal dit gerade wees om hiermee te begin. President Burgers se spoorwegplan was daarop bereken om die Staat ekonomies onafhanklik van die Britse Kolonies in Suid-Afrika te maak.[5] Hierdie plan is reeds in 1875 ontwerp en 'n lening vir uitvoering daarvan is in die buiteland gesluit. Daar moet in gedagte gehou word dat die sewentigerjare spoorwegkonstruksie in verskillende wêrelddele be-

---

1) D.V. 27 Maart 1880
2) Cachet p. 517
3) Sien De Kiewiet pp. 211, 213 en 252; Nathan p. 129
4) L.V. 15 pp. 8 - 9, Lanyon aan Sir Charles Lenyon, 2 Januarie 1880
5) De Kiewiet p. 97

leef het. Beide die Kaapkolonie en Natal was daarmee besig, en tussen 1870 en 1878 is meer as 1,000 myl aan spoorlyn in Nieu-Seeland gebou. Toe Burgers 'n vermeerdering in die spoorweg- en oorlogsbelasting aankondig, en terselfdertyd die voorraad goedkoop grond wat as waarborg vir die spoorweglening gebruik is, inkort, het hy ongetwyfeld 'n groot finansiële las op die volk se skouers gelê.[1]

Waar Statham die "Natal-kliek" daarvan beskuldig dat hulle die anneksasie in hulle eie belang beplan het en Shepstone vir die uitvoering van die plan gebruik het,[2] het hy heelwaarskynlik vir Osborn en Henderson o.a. in gedagte gehad. Lg. twee persone was vurige kampvegters van die beoogde Natalse spoorlyn na Pretoria en as sodanig was hulle die Burgersplan wat spoorverbinding tussen Pretoria en Delagoabaai sou bewerkstellig, vyandig gesind.[3] Voor die anneksasie is die Suid-Afrikaanse Republiek krediet en finansiële hulp ontsê. Sy finansiële swakheid was dan ook nie alleen aan sy eie onbekwaamheid toe te skryf nie - sy Engelse buurstate het ook hiertoe bygedra, en Transvaal het veral sy sterk ekonomiese afhanklikheid van Natal in 'n groot mate gevoel.[4]

Die Engelse regering in Transvaal moes noodgedwonge dieselfde stappe doen om hulle begroting te laat klop as die Republiek voor die anneksasie - waarteen die anneksseerders so sterk protes aangeteken het. Wolseley het dit nl. noodsaaklik gevind om by Natal op 'n deel van die invoerregte op goedere wat vir Transvaal bedoel was, aan te dring, dog hierdie aansoek om finansiële hulp is geweier. Volgens 'n resolusie van die Natalse Uitvoerende Raad van 5 Desember 1879 sou Transvaal nie 'n pennie van die invoerregte kry nie.[5]

Om Natal te dwing om 'n deel van die invoerregte aan Transvaal af te staan, het Wolseley Burgers se spoorwegplan laat herleef sodat Transvaal ten koste van Natal die nodige inkoste sou verdien.[6] Engeland het tyd nodig gehad om die Boere te versoen, en volgens sekere amptenare in Transvaal sou die voltooiing van die spoorlyn na Delagoabaai die ...ur-

---

1) De Kiewiet pp. 96 - 99
2) Statham: Blacks, Boers and British, p. 211
3) Noordt Smit pp. 88 - 89; De Kiewiet p. 115
4) De Kiewiet p. 253
5) Ibid. p. 254
6) Ibid. p. 255

slag gee.[1] Hierdie spoorlyn sou die goedkoopste en mees effektiewe oplossing vir Transvaal se finansiële en politieke probleme wees, skryf Wolseley aan Beach op 16 Januarie 1880. Hulle eie spoorlyn sou onmiddellik die Boere se simpatie wen en hy vra 'n lening van £1,000,000 van Groot-Brittanje aan vir hierdie doel, wat terselfdertyd 'n herbevestiging van Britse vertroue in Transvaal sou wees.[2] Die besuinigingsbeleid van die Britse regering het egter die toekenning van so 'n lening onmoontlik gemaak. Boonop was die Engelse bestuur in Transvaal genoodsaak om met die insameling van die spoorwegbelasting wat die Boere teen die Republikeinse bewind in die harnas gejа het, voort te gaan. Toe 'n Wakkerstroomse afvaardiging hieroor gekla het, was Wolseley se antwoord: "You complain of having to pay 30s. for a railway that has never been commenced. I can quite understand that, for where in the wide world did you ever hear of a railway being built for 30s.?"[3]

Wat finansies betref het die posisie aan die begin van Burgers se Presidentskap belowend voorgekom.[4] Toe grondpryse egter begin daal en die banke in Transvaal en elders weier om verdere lenings toe te staan en die President se pogings om nuwe belastings te hef, misluk, het chaos gevolg.[5] Die sketkis was wel leeg en die President en lede van die Uitvoerende Raad moes by tye persoonlik instaan om finansiële eise die hoof te bied, dog die volk was nie heeltemal bankrot nie soos bewys word deur die somme van £1,000 en £1,900 wat geredelik deur die burgers voorgeskiet is om die twee deputasies na Engeland te stuur. As die Boere slegs hulle belastings wou betaal, sou die Regering kon voortgaan, en die posisie sou minder haglik gewees het, as finansiële instellings nie druk begin uitoefen het om hulle geld terug te kry nie.[6] Vir die jaar 1875 was die werklike inkomste van die Republiek £73,862 : 7 : 3 en die werklike uitgawe £72,229 : 4 : 4.[7] In Mei 1876 het die Volksraad begroot vir 'n inkomste van £86,496 : 9 : 5 wat 'n batige saldo van £442 : 11 : 1 sou laat.[8] Die onmiddellike eise wat teen die Regering met anneksasie ingestel is,

---

1) Morley 3 p. 32
2) De Kiewiet pp. 255 - 256
3) Kotze p. 648
4) De Kiewiet p. 95
5) Ibid. p. 111
6) Statham: South Africa as it is, p. 16
7) D.V. 3 Junie 1876
8) Ibid.

het £134 000 beloop.[1] Sargeaunt, die Britse finansiële deskundige, het die totale skuldelas van die Republiek op 12 April 1877 op die som van £295,071 : 6 : 8 vasgestel.[2] Faktore wat hierdie posisie veroorsaak het, was veral die oorlog teen Sekoekoeni, die spoorweglening en die swak betaling van belastings deur die burgers. Daar moet ook in gedagte gehou word dat die Britse regering teen die middel van 1878 bekommerd geraak het oor die finansiële posisie van al sy besittings in Suid-Afrika. Die oorlog op die Oosgrens het £800,000 gekos; Griekwaland-Wes se skuldelas het £102,000 bedra en Natal het vir 1879 op 'n beraamde tekort van £51,000 begroot.[3]

Sowel Lanyon as Wolseley het graag verwys na die toestand van bankrotskap waaronder die Boere voor die anneksasie gelewe het en waartoe hulle d.m.v. hulle verset wou terugkeer.[4] 'n Studie van die finansies van die Engelse bewind in Transvaal in die jare 1877 tot 1880 toon dat sake in die genoemde tydperk nie beter daaraan toegegaan het nie. Ten einde die goedgesindheid van die Boere te verwerf het Shepstone reeds op 12 April 1877 die afskaffing van die onpopulêre oorlogsbelasting aangekondig,[5] dog van enige poging om die finansies op 'n gesonde basis te plaas, is daar geen spoor tydens sy bewind te vinde nie. Frere het sy bevinding hieroor soos volg aan Beach gerapporteer: "Unless I had seen it, I could not have believed that in two years things could have drifted into such a mess." Verder: "Sake het sleg genoeg gestaan voor die anneksasie, maar niks is gedoen om 'n verbeterde stelsel in te voer nie."[6] Reeds op 24 Julie 1877 het Frere die Britse regering in kennis gestel dat sake op finansiële gebied in die Transvaal skeef loop en dat Shepstone groot bedrae op die Britse regering trek.[7] Hierdie nuus het die Britse regering so geskok dat voorgenoemde Sargeaunt uitgestuur is "to pull Shepstone up 'on the road to ruin.'"[8]

Shepstone se finansiële opgawes was volgens die Tesourie "skokkend," en na 'n bewind van ses maande was die finansies in so 'n warboel

---

1) De Kiewiet p. 142
2) Theal 1 p. 280
3) De Kiewiet p. 182n
4) Nixon p. 135; C. 2891 p. 5
5) T.G.G. 12 April 1877
6) Martineau p. 142, Frere aan Beach, 2 Mei 1879
7) Ibid. p. 26
8) De Kiewiet p. 146

dat Tesourie-amptenare jare daarna nog woedend gespook het om uit te vind hoe hy die geld bestee het.[1] In September 1878 het Sargeaunt die haglike finansiële posisie van Transvaal openbaar gemaak. Die inkomste kon slegs die noodsaaklikste uitgawes dek waaronder die instandhouding van die Britse garnisoen nie getel het nie. Die skuldelas het intussen opgeloop tot 'n oortrekking van £150.000 by die Standard Bank.[2]

Op 1 Januarie 1879 skuld die Transvaal reeds £274,000 bo en behalwe die lening van £100,000 van Groot-Brittanje en enige militêre koste.[3] As die Sekoekoeni-oorlog wat tot die Republiek se bankrotskap bygedra het, destyds ingereken kon word, kon die koste van Kolonel Rowlands se ekspedisie van 1878 teen die Bapedi's ook op die Transvaalse regeringsrekening geplaas word. Die koste hiervan was £400,000 wat deur Brittanje betaal is, maar verhaalbaar was op die Provinsie.[4] Dit beteken 'n totale skuldelas van £774,000 op 1 Januarie 1879. "Die tyd sal leer hoe Shepstone die Transvaal sal regeer," het Biskop Colenso op 30 April 1877 profeties geskryf. "Die uitgawe sal dié van die Boere-regering ver te bowe gaan. Gaan die Britse belastingbetaler daarvoor aangeslaan word?"[5]

Die Britse regering moes noodgedwonge toestem om die koste aan militêre ekspedisies in Transvaal self te betaal, maar dit het nog nie die bou van paaie en skole en ander noodsaaklike verbeterings bevorder nie.[6] Daar Engelse amptenare steeds berigte van groeiende tevredenheid Engeland toe gestuur het, het daar by die Britse regering geen twyfel bestaan dat die betaling van belastings Transvaal administratief selfonderhoudend sou maak nie.[7] Saam met Sargeaunt het dus die besparingsgedagte na Transvaal toe gekom, asook die strenge toepassing van die Gladstone-begrotingsidee, nl. die betaling van belastings en die beperking van die Staat se aktiwiteite tot die perke van sy inkomste en krediet.[8] Reeds voor hierdie tyd is gepoog om elke Britse Kolonie in Suid-Afrika selfonderhoudend te maak. Lanyon kla bv. t.o.v. die £90,000 vergoeding aan

---

1) De Kiewiet p. 1[illegible]5
2) Ibid. p. 180
3) Ibid.
4) C. 2892 p. 9, Kimberley aan Sir H. Robinson, 7 April 1881
5) Leyds p. 301
6) De Kiewiet p. 1[illegible]2
7) Statham: South Africa as it is, p. 93
8) De Kiewiet p. 146

President Brand wat die Britse regering op Griekwaland-Wes verhaal het: "It was however good policy to give a sprat to catch a salmon, though it was hard on our small province to have to pay for the bait."[1] Ten spyte van hierdie beleid en ten spyte van die besoek van 'n finansiële deskundige was Transvaal onder Shepstone 'n geweldige las op die skouers van die Britse belastingbetaler.

Waar Transvaal dus vanaf die begin van 1878 op sy eie bronne van inkomste aangewese was, het militêre bestuur, bedag op besparing en sonder prestasies, die kenmerk van die Engelse bewind op finansiële gebied geword.[2] Besuiniging het nie alleen swakker amptenare en swak regering beteken nie, meen De Kiewiet, maar ook te min amptenare en te min regering.[3] Uiteindelik het hierdie beleid die Engelse regering in Transvaal 'n vreemde regering gemaak met die belastinggaarder en soldaat as uitstaande simbole van sy gesag en prestasie.[4]

Onder Lanyon was die posisie nie veel beter nie. Gedurende die jaar 1880, meen De Kiewiet, was Lanyon se administrasie 'n wedloop tussen die groeiende vyandigheid van die bevolking en die solventskap wat sy arbitrêre regering uit hulle kon pers.[5] Sy belastinginsamelingsveldtog was dan ook so geslaag dat hy op 22 Februarie 1881 kon spog met 'n inkomste van £174,058 : 15 : 6 teenoor 'n uitgawe van £123,501 : 19 : 6 vir die jaar 1880. Hierteenoor was die inkomste van die Republikeinse regering in die laaste ses jaar van sy bestaan slegs £53,240 : 16 : [illegible] gemiddeld per jaar, terwyl in 1878 slegs £82,3[illegible] : [illegible] : 6 en in 1879 £93,408 : 16 : 6 gein is. Hy sluit dus die jaar met 'n redelike surplus af.[6] Op ontvangs van hierdie verslag het Lord Kimberley egter sy optimisme gedemp deur op die volgende uitgawes te wys wat nie in berekening gebring is nie, nl.

| | |
|---|---|
| Britse regeringslening ... ... ... ... | £100,000 |
| Onderhoud Britse troepe ... ... ... ... | £136,000 |

Laasgenoemde syfer was, volgens Kimberley, die netto syfer, en hy kon nog styg tot £200,000.[7] As hierby nog die koste van die Bapedi-oorlog van

---

1) L.V. 12 p. 158, Lanyon aan Sir Charles Lanyon, 18 Junie 1877
2) De Kiewiet p. 145
3) Ibid. p. 141
4) Ibid. p. 146
5) Ibid. p. 261
6) L.V. 5 pp. 258 - 259; C. 2950 pp. 69 - 70, Lanyon aan Kimberley op (22 Februarie 1881)
7) De Kiewiet p. 279

1879 (bedrag onbepaald) en die helfte van die koste van die Zoeloe-oorlog (wat gelykop tussen Natal en Transvaal verdeel kon word omdat beide Provinsies volgens die Engelse amptenare deur die Zoeloes bedreig sou gewees het), nl. meer as £2½m., gevoeg word, krimp Lanyon se surplus na 'n ontsaglike tekort.[1] Beide hierdie oorloë is egter op rekening van die Britse regering geplaas toe nóg Transvaal nóg Natal in staat gebly het om die las te kon dra.

Soos gemeld, het die Transvaalse regering verlof tot oortrekking tot die bedrag van £150,000 by die Standard Bank gehad. Voor 16 Desember 1880 het die oortrokke rekening op £122,914 bestaan en op 1 April 1881 op £146,000.[2] Hierdie benarde posisie het Lanyon dan ook genoodsaak om die Britse regering om 'n subsidie of ander hulp te nader.[3]

Volgens Statham sou die anneksasie moontlik 'n kleiner mislukking gewees het, as die Britse regering 'n opregte belangstelling getoon het in diegene wat na bewering die Britse vlag aanvaar het, dog hierdie optrede is onuitvoerbaar gemaak weens die tradisionele besuinigingsbeleid van die Tesourie,[4] en Lanyon se belastingsmaatreëls het baie van die amptenare wat reeds onder die Republikeinse bewind in diens was, sodanig teen die bors gestuit dat hulle met die eerste tekens van opstand by die Boeremagte sou aansluit.[5]

In sy opdrag aan Wolseley om die voorgenoemde grondwet van Frere in te stel, het Beach as rede waarom die anneksasie nie herroep kan word nie, die volgende aangegee, nl. ter wille van die blanke nedersetters wat besittings in die Provinsie bekom het in die vaste vertroue dat die Britse gesag gehandhaaf sal word en dat hulle die voordele wat hulle geniet onder die Britse Kroon, sal behou.[6] Waar die staatsfinansies jaar vir jaar 'n nadelige saldo aangekondig het en 'n besuinigingsbeleid meedoënloos van bo af gehandhaaf is, moet daar dan ten laaste ondersoek ingestel word na die voordele wat die gewone burger onder hierdie bestuur geniet het.

---

1) Volgens Leyssen (p. 71 voetnoot 71) was die koste £5,230,323
2) C. 2950 p. 149, Lanyon aan Sir E. Wood, 1 April 1881
3) Ibid.
4) Statham: South Africa as it is, pp. 22 -23
5) De Kiewiet p. 243
6) C. 2482 pp. 378 - 379

Reeds in 1878 het Aylward verklaar dat die argumente wat ten gunste van anneksasie gebruik is, nie deur feite gestaaf is nie. Die anneksasie het volgens sy oordeel nóg vrede nóg voorspoed gebring.[1] Die bevolking het wel vermeerder en die aanwesigheid van die Britse garnisoen het 'n groter mark vir boerderyprodukte geskep. So ook het die aantal handelaars en grondspekulante vermeerder.

Reeds in 1878 is daar slegs gesaai vir die mark naby Pretoria.[2] Teen die einde van 1880 was die posisie haglik soos blyk uit die toestande op Potchefstroom. Die Boere het niks meer mark toe gebring nie en indien enige produkte nog verkrygbaar was, moes ten duurste daarvoor betaal word. Toestande was nie in die laaste twintig jaar voor 1880 so swak nie. Geld was skaars en die handel het feitlik stilgestaan.[3] Grondspekulante het groot hoeveelhede grond opgekoop en dit óf laat leeg lê óf, soos in Natal, aan naturelle verhuur. In die distrik Waterberg alleen was daar 133 plaas-eienaars wat nie hulle plase bewoon of bewerk het nie,[4] maar buite die grense van Transvaal gewoon het en slegs die grond vir spekulasiedoeleindes aangekoop het. Intussen het die grond tot nadeel van die landsekonomie onproduktief gebly. Grondpryse het wel aanvanklik gestyg, dog pryse is nie bepaal volgens markwaarde op die oomblik van verkoop nie, maar wel volgens toekomstige spekulasiewaarde.[5] Gevolglik was die styging slegs kunsmatig. Teen 1880 het grondpryse weer 'n besliste dalende neiging getoon.[6]

Van die beloofde sukses en welvaart onder die Britse bewind het daar min terug gekom.[7] In 1878 het Aylward beweer dat die handel oorvas is en dat 'n algemene neerslagtigheid die solventskap van die land bedreig. Tensy toestande vinnig verbeter, het hy bevind, sou die anneksasie 'n bron van ellende vir Transvaal en 'n nimmer-eindigende uitgawe vir die Britse belastingbetaler word.[8]

'n Goeie beeld van die algemene posisie word in "De Volksstem"

---

1) Aylward p. 347
2) Ibid. p. 351
3) D.V. 16 November 1880
4) T.G.G. 22 Februarie 1881
5) Aylward p. 351
6) D.V. 27 November 1880
7) C. 2144 p. 129, Kruger en Joubert aan Shepstone, 14 Mei 1878
8) Aylward pp. 351 - 352

van 27 November 1880 gegee: "The country has never been in a more critical state than it is at present. Money is fearfully scarce and is getting scarcer every day; trade is at a standstill, the necessaries of life are rising in price, while landed property is lower down than it ever was before." Volgens bogenoemde skets van die toestande in Transvaal op finansiële gebied was die Engelse bewind ook in hierdie opsig onsimpatiek en sou dit kwalik die goedgesindheid van die Boere erlang.

Ten slotte moet daar, sover moontlik, bepaal word of die Boere in die anneksasie sou berus het, indien die Engelse bestuur in Transvaal wel simpatiek was. Volgens Nixon sou die Boere na die anneksasie bereid gewees het om die nuwe bewind 'n kans te gee, hoewel hulle nie sonder om te mor sou toegee nie.[1]

Die volgehoue proteste dui daarop dat die Boere slegs een ideaal nagestreef het soos in al hulle briewe en memories aan die owerhede uitgespreek is, nl. onafhanklikheid. Hulle het slegs een grief gehad, nl. die anneksasie van hulle land deur Groot-Brittanje, en daar was, soos aangetoon, slegs een oorsaak van die oorlog, nl. die skending van die Sandrivier-Konvensie. "Dat die Transvalers in blote selfbestuur, sonder volslae staatkundige onafhanklikheid, sou berus is ondenkbaar" is die mening van Van der Walt, Wiid en Geyer.[2] Die anneksasie het vir die Boere die aarbevestiging beteken van daardie gesag, nl. die Britse regering, waarvan hulle voorvaders moeite gedoen het om weg te kom.

Op die vraag of die Boere hulle aan 'n simpatieke Engelse bewind sou onderwerp het, kan die suiwerste antwoord verstrek word deur enige uitlatings wat oor die saak gemaak is, na te gaan. Daar is, sover nagespoor kon word, nooit deur enige verantwoordelike Boereleier gesê dat die Boere hulle sou onderwerp het aan 'n simpatieke Engelse bewind nie. Daarteenoor is by verskillende geleenthede tussen 1878 en 1881 bevestig dat hulle dit nie sou gedoen het nie.

Op 'n Kommissievergadering van 28 Januarie 1878 het die Boereleiers eenparig besluit om geen ag te slaan op Carnarvon se beloftes wat

---

1) Nixon pp. 97 en 99
2) Van der Walt, Wiid en Geyer 1 p. 424

hy teenoor die eerste Deputasie gemaak het nie. Indien die Boere enigsins begerig was om hulle te onderwerp, sou hulle hierdie aanbiedinge aanvaar het en op die uitvoering daarvan aangedring het. Dit het egter nie gebeur nie. Aan Beach is in Augustus 1878 deur Kruger en Joubert o.a. die volgende meegedeel t.o.v. sy beloftes: "We have, however to point out that as the people of the Transvaal for whom we act, have at no time contemplated acceptance of even the most ample fulfilment of the promises of Sir Theophilus Shepstone as the price of their independence, it would be beyond our province ..... to discuss here the subjects to which you allude."[1] Die verlies van hulle onafhanklikheid sou dus deur niks anders nie, nie eers die simpatiekste vreemde oorheersing nie, vergoed kon word.

Jorissen se getuienis bevestig hierdie standpunt van die Boere: "wat men ook als vergoeding aanbood, welke zegeningen ook het Engelsch bewind zou willen aanbieden, men verlangde eenvoudig zichzelf te zijn en vrij gelaten te worden."[2] Te Eennopsrivier is Frere se aanbod van 'n vrye konstitusie wat die reg sou insluit om hulle eie wette oor alle sake binne die Staat te maak, van die hand gewys. Die vryheid wat Frere aangebied het, was dié van "'n verbleekte geraamte." Die Boere verlang hulle lewende siel en niks anders sal hulle tevrede stel nie.[3]

Die Kleinfontein Memorie het ook hierdie standpunt bevestig. "Wat Sy Ekselensie (Frere) ons in die naam van U Majesteit aanbied, kan in een woord geteken word. Dit is onskatbare vryhede, maar dit maak nog nie die vryheid uit nie, en dít verlang ons terug. Geen volk wat eerbied vir homself het, kan hom die verlies van sy vryheid laat afkoop deur die gedeeltelike teruggawe van wat hy eers besit het nie."[4]

Op 10 Desember 1879 het die Volkskomitee op 'n vergadering besluit dat hulle nooit sal buig onder die Britse regering nie en dat hulle hulle bloed sal stort vir hulle land. Hulle begeer niks anders as hulle eie onafhanklikheid nie en sal met niks minder tevrede wees nie.[5] Hierdie besluit is die beredte van hulle regering so gou as moontlik.

---

1) C. 2220 pp. 364 - 365, Kruger en Joubert aan Beach, 23 Augustus 1878
2) Jorissen p. 44
3) Leyds p. 301
4) D.V. 22 April 1879, Memorie aan die Koningin, 16 April 1879
5) B.V. 3 p. 64, Notule van die Volkskomiteevergadering van 10 Desember 1879

opgeneem in die Volksbesluit van 15 Desember 1879 wat met algemene stemme deur die aanwesiges te Wonderfontein aanvaar is.[1]

Die laaste en finale bewyse dat die volk hulle nie aan 'n simpatieke Engelse bewind sou onderwerp het nie, het gekom uit die mond van Kruger - die man wat sedert die anneksasie tot na die beëindiging van die stryd die gevoelens van die volk getrou en suiwer vertolk het, en wat, besiel deur die volk, die leiding op hom geneem het. Toe Pretorius na sy ontslag uit die tronk Wolseley se proklamasie (waarin die volk gemaan word om stil te berus waarop hulle later selfregering sou kry) aan 'n vergadering te Naauwpoort voorgelees het, het Kruger die volk se antwoord verskaf. "Burgers," het hy uitgeroep, "verstaan julle hierdie aanbod? Dit beteken: plaas eers jou kop stil in die halter sodat jy opgehang kan word; daarna kan jy met jou bene skop soveel as jy wil."[2]

Aan die Vrystaatse Volksraad het Kruger verklaar: "Goed of slecht bestuur was ons ten eenenmale onverschillig, zoo lang wij in het land onzer vaderen onder het juk der overheersching gebogen waren"[3] - woorde wat min twyfel oor die Boere se houding teenoor 'n simpatieke of onsimpatieke Engelse bewind laat.

---

1) B.V. 3 pp. 68 - 70, Volksbesluit gedateer 15 Desember 1879

2) Nathan p. 145

3) Leyds p. 309, Petisie van die Regte van die Boere aan die Vrystaatse Volksraad, 7 Februarie 1881.

## GERAADPLEEGDE BRONNE


A. PRIMêRE BRONNE

(a) Argivale Bronne:-

B.V. = Boere Voormanne (Transvaalse Argief)

E.V.R. = Eerste Volksraadsnotule (Transvaalse Argief)

J.V. = Joubert Versameling (Transvaalse Argief)

L.V. = Lanyon Versameling (Transvaalse Argief)

U.R. = Uitvoerende Raadsbesluite (Transvaalse Argief)

(b) Offisiële Publikasies:-

C. = Britse Blou Boeke

S.C. = Staatscourant der Zuid-Afrikaansche Republiek 1876 - April 1877

T.G.G. = Transvaal Government Gazette, April 1877 - 1881

(c) Nuusblaaie:-

D.V. = De Volksstem, 1876 - 1881

(d) Kontemporêre werke:-

Aylward = A. Aylward: The Transvaal of To-day (Londen, 1878)

Bellairs = Lady Bellairs: The Transvaal War, 1880 - 1881 (Edinburgh en Londen, 1885)

Bredell en Grobler = A.C. Bredell en J. Grobler: Gedenkskrifte [illegible] Paul Kruger (Pretoria, 1947)

Cachet = F. Lion Cachet: De Worstelstrijd der Transvalers aan het Volk van Nederland verhaald (Amsterdam, derde druk, geen datum)

Carter = T.F. Carter: Narrative of the Boer War (Londen, 1900)

Colenso & Durnford = F.E. Colenso en E. Durnford: The History of the Zulu War and its origin (Londen, 1881)

Fitzpatrick = J.P. Fitzpatrick: The Transvaal from Within (Londen, 1900)

Greswell = W. Greswell: Our South African Empire, Vol. [illegible] (Londen, 1885)

Haggard = Rider Haggard: Cetywayo and his White Neighbours (Londen, 1882)

Ireland = A. Ireland: The Anglo-Boer Conflict, its History and Causes (Londen, 1900)

Jeppe = Carl Jeppe: The Kaleidoscopic Transvaal (Londen, 1906)

Jorissen = E.J.P. Jorissen: Transvaalsche Herinneringen (Amsterdam, 1897)

Kotze = Sir John Kotze: Biographical Memoirs and Reminiscences (Kaapstad, 1934)

Norris-Newman = C.L. Norris-Newman: With the Boers in the Transvaal and Orange Free State, 1880 - 1881 (Londen, 1882)

Nixon = John Nixon: The Complete Story of the Transvaal (Londen, 1885)

Pieterse = H.J.C. Pieterse: Volksaltare (Kaapstad, 1948)

Roorda Smit = J.A. Roorda Smit: Het Goed Recht der Transvaalsche Boeren (Utrecht, 1881)

Scoble en Abercrombie = J. Scoble en H.R. Abercrombie: The Rise and Fall of Krugerism (Londen, 1900)

Statham: Blacks, Boers and British = F. Reginald Statham: Blacks, Boers and British, a three-cornered problem (Londen, 1881)

Statham: South Africa as it is = F. Reginald Statham: South Africa as it is (Londen, 1897)

Tromp = T.M. Tromp: Herinneringen uit Zuid-Afrika (Leiden, 1879)

Wilmot: History of the Zulu War = A. Wilmot: History of the Zulu War (Londen, 1880)


B. <u>SEKONDêRE WERKE</u>.-


Amery = L.S. Amery: Times History of the War in South Africa, 1899 - 1902, Vol. 1, (Londen, 1900)

Botha = P.R. Botha: Die Staatkundige Ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse Republiek onder Kruger en Leyds (Amsterdam, 1926)

Bulpin = T.V. Bulpin: The Golden Republic (Kaapstad, 1953)

C.H.B.E. = Cambridge History of the British Empire, Vol. 8 (Cambridge, 1936)

De Kiewiet = C.W. de Kiewiet: The Imperial Factor in South Africa (Cambridge, 1937)

Engelbrecht = S.P. Engelbrecht: Thomas Francois Burgers (Pretoria, 1946)

Eybers = G.W. Eybers: Select Constitutional Documents illustrating South African History, 1795 - 1910 (Londen, 1918)

Heyns = M. Heyns: Om die Vryheid van Transvaal, 1877 - 1880 (M.A. Proefskrif; Universiteit van Pretoria, 1937)

Keppel-Jones = A. Keppel-Jones: South Africa (Londen, 1945)

Kruger = D.W. Kruger: Paul Kruger Vol. 1 (Johannesburg, 1961)

Lewsen = Phyllis Lewsen: Selections from the Correspondence of John X. Merriman, 1870 - 1890; Van Riebeeck Society 41 (Kaapstad, 1960)

Leyds = W.J. Leyds: De Eerste Annexatie van de Transvaal (Amsterdam, 1906)

Lovell = R.I. Lovell: The Struggle for South Africa, 1795 - 1899 (New York, 1934)

Martineau = J. Martineau: The Transvaal Trouble (London, 1899

Martineau: Life of Frere = J. Martineau: The Life and Correspondence of Sir Bartle Frere, 2 dele (Londen, 1895)

Maurice en Arthur = F. Maurice and G. Arthur: The Life of Lord Wolseley (New York, 1924)

Morley = J. Morley: The Life of William E. Gladstone, 3 dele, (Londen, 1903)

Nathan = M. Nathan: Paul Kruger - his life and times (Durban, 1941)

Mouton = J.A. Mouton: Generaal Piet Joubert in die Transvaalse Geskiedenis; Argief Jaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, Deel 1 (Parow, 1957)

Preller = Gustav S. Preller: Dagboek... in Suid-Afrika ( ? , 1937)

Statham: Paul Kruger = F. Reginald Statham: Paul Kruger and his times (Londen, 1898)

Theal = G.M. Theal: History of South Africa from 1873 to 1884, 2 dele (Londen, 1919)

Uys = C.J. Uys: In the Era of Shepstone (Lovedale, 193

Uys: Paul Kruger = C.J. Uys: Paul Kruger, van die wieg tot die graf (Kaapstad, 1955)

Van der Walt, Wiid en Geyer = A.J.H. van der Walt, J.A. Wiid en A.L. Geyer: Geskiedenis van Suid-Afrika, Deel 1, (Kaapstad, 1955)

Van Jaarsveld = F.A. van Jaarsveld: Die Ontwaking van die Afrikaner Nasionale Bewussyn (Johannesburg, 1957)

Van Oordt = J.F. van Oordt: Paul Kruger en de Opkomst der Zuid-Afrikaansche Republiek (Amsterdam, 1898)

Van Rooyen = T.S. van Rooyen: Die Verhouding tussen die Boere, Engelse en Naturelle in die Geskiedenis van die Oos-Transvaal tot 1882; Argief Jaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, Vol. 1 (Parow, 1951)

Walker = E.A. Walker: A History of South Africa (Londen, 1934/40)

Wilmot: Life of Southey = A. Wilmot: The Life and Times of Sir Richard Southey (Londen, 1904)

**Author** Heyneke C F
**Name of thesis** Boere-Reaksie teen die anneksasie van die Transvaal 1877-1880 1961

***PUBLISHER:***
**University of the Witwatersrand, Johannesburg**
**©2013**

***LEGAL NOTICES:***

**Copyright Notice:** All materials on the University of the Witwatersrand, Johannesburg Library website are protected by South African copyright law and may not be distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

The University of the Witwatersrand, Johannesburg, is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the Library website.